REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Staatskoerant
Government Gazette

Verkoopprys • Selling price
(AVB uitgesluit/GST excluded)
Plaaslik **45c** Local
Buitelands **60c** Other countries
Posvry • Post free

Regulasiekoerant
Regulation Gazette
No. 3902

As 'n Nuusblad by die Poskantoor geregistreer
Registered at the Post Office as a Newspaper

Vol. 245 PRETORIA, 29 NOVEMBER 1985 No. 10026

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

DEPARTEMENT VAN VERVOER

No. R. 2652 **29 November 1985**

REGULASIES BETREFFENDE DIE BEMANNING VAN SUID-AFRIKAANSE SKEPE

Dit het die Minister van Vervoerwese behaag om, kragtens die bepalings van artikel 356 (1) van die Handelskeepsvaartwet, 1951 (Wet 57 van 1951), soos gewysig, die volgende regulasies uit te vaardig:

INHOUD

1. Titel van hierdie regulasies.
2. Uitleg.
3. Toepassing.
4. Indiensneming van gesagvoerders en seemanne.
5. Indiensneming van gesagvoerders op skepe van 25 bruto-registerton en groter.
6. Indiensneming van persone in besit van geëndosseerde dokumente.
7. Indiensneming van gediplomeerde dekoffisiere op ander laslynskepe as passasierskepe en op ander vissersbote as dié wat binne die omskrewe visvanggebied gebruik word.
8. Indiesneming van gediplomeerde dekoffisiere op passasierskepe.
9. Indiensneming van gediplomeerde vissermanne op vissersbote wat slegs binne die omskrewe visvanggebied gebruik word.
10. Indiensneming van gediplomeerde ingenieuroffisiere en/of seemasjiniste op skepe van minstens 25 bruto-registerton.
11. Indiensneming van gediplomeerde radiobeamptes.
12. Indiensneming van gediplomeerde radiotelefoniste.
13. Indiensneming van gediplomeerde seemanne op skepe van 100 bruto-registerton en groter.
14. Vrystelling ten opsigte van sekere vaartuie.
15. Gelykwaardigheid van sertifikate wat toegeken is na die inwerkingtreding van hierdie regulasies.
16. Minimumvereistes vir die voortgesette geldigheid van Bekwaamheidsertifikate.

1. TITEL

Hierdie regulasies staan bekend as die Regulasies betreffende die Bemanning van Skepe, 1985.

2. UITLEG

(1) In hierdie regulasies beteken die uitdrukking "die Wet" die Handelskeepvaartwet, 1951 (Wet 57 van 1951), en tensy die samehang anders aandui, het enige uitdrukking waaraan in die Wet 'n betekenis toegeken is, die betekenis wat aldus daaraan toegeken is en beteken—

"gediplomeerde offisier" 'n gesagvoerder of 'n skip se offisier wat die houer is van 'n Bekwaamheidsertifikaat toegeken kragtens artikel 75 (1) van die Wet;

GOVERNMENT NOTICES

DEPARTMENT OF TRANSPORT

No. R. 2652 **29 November 1985**

REGULATIONS GOVERNING THE MANNING OF SOUTH AFRICAN SHIPS

The Minister of Transport has been pleased, under the provisions of section 356 (1) of the Merchant Shipping Act, 1951 (Act 57 of 1951), as amended, to make the following regulations:

CONTENTS

1. Title of these regulations.
2. Interpretation.
3. Application.
4. Employment of masters and seamen.
5. Employment of masters on ships of 25 or more gross register tons.
6. Employment of persons in possession of endorsed certificates.
7. Employment of certificated deck officers on load line ships other than passenger ships and on fishing boats other than those operating within the Defined Fishing Zone.
8. Employment of certificated deck officers on passenger ships.
9. Employment of certificated fishermen on fishing boats whose operations are wholly within the Defined Fishing Zone.
10. Employment of certificated engineer officers and/or marine motormen on ships of twenty five or more gross register tons.
11. Employment of certificated radio officers.
12. Employment of certificated radiotelephone operators.
13. Employment of certificated ratings on ships of one hundred or more gross register tons.
14. Exemption in respect of certain vessels.
15. Equivalence of certificates granted after the coming into force of these regulations.
16. Minimum requirements for the continued validity of Certificates of Competency.

1. TITLE

These regulations shall be called the Manning of Ships Regulations, 1985.

2. INTERPRETATION

(1) In these regulations the expression "the Act" shall mean the Merchant Shipping Act, 1951 (Act 57 of 1951), and, unless the context otherwise indicates:

"certificated officer" shall mean a master or a ship's officer holding a Certificate of Competency granted in terms of section 75 (1) of the Act;

''gevaarlike vrag'' petroleum of produkte daarvan, enige vloeibare chemikalieë gelys in Hoofstuk VI van die Internasionale Maritieme Organisasie (IMO) se publikasie genaamd 'Code for the Construction and Equipment of Ships carrying Dangerous Chemicals in Bulk' en enige vloeibare gas gelys in Hoofstuk XIX van die IMO- publikasie;

''omskrewe visvanggebied'' die gebied suidwaarts van 5° suiderbreedte tot 50° suiderbreedte en ooswaarts van die Greenwich-meridiaan tot by die meridiaan van 40° oosterlengte;

''begrens'' beperk binne die seegebied aangrensend aan die Suider-Afrikaanse kus tussen die grense van Kaap Delgado in die ooste en die Kongorivier in die weste en strekkende oor 'n gebied 250 seemyl van die kus af;

''radiobeampte'' 'n persoon wat kragtens artikel 222 van die Wet as sodanig in diens geneem is;

''radiotelegraafskip'' 'n skip wat met 'n radiotelegraafinstallasie toegerus is en nie 'n radiotelefoonskip is nie;

''radiotelefoonskip'' 'n skip wat nie 'n passasierskip is nie en 'n tonnemaat van 300 ton of meer maar minder as 1 600 ton het en waarvan die eienaar die Direkteur-generaal skriftelik kennis gegee het (welke kennisgewing nie teruggetrek is nie) dat die skip ooreenkomstig die Handelskeepvaartradioregulasies met 'n radiotelefooninstallasie toegerus is;

''radiotelefoonoperateur'' 'n persoon wat kragtens artikel 222 van die Wet as sodanig in diens geneem is;

''seeman'' 'n seeman wat nie 'n skeepsoffisier is nie;

''beperk'' beperk tot omskrewe vaarte vanaf 'n genoemde hawe of plek;

''kort seegang'' beperk tot 'n gebied nie langer nie as 500 seemyl en strekkende 250 seemyl ver van die kus tussen die grense Punta Do Oro en die monding van die Kunenerivier;

''opleidingskonvensie'' die Internasionale Konvensie insake Standaarde van Opleiding, Diplomering en Waghou vir Seevaarders, 1978;

''vissersboot'' of ''vissersvaartuig'' enige vaartuig wat kommersieel gebruik word vir die vang van vis, walvisse, robbe of enige ander lewende oeste van die see;

''skip op vreemde vaart'' 'n skip wat tussen 'n hawe in een land en 'n hawe in 'n ander land vaar, en wat nie gebruik word vir beperkte reise of vaarte nie.

Opmerking.—Artikel 2 van die Wet sluit die volgende omskrywings in:

'' 'kusvaarder' 'n skip wat gebruik word op reise tussen hawens in dieselfde land, maar dit omvat nie 'n vissersboot of 'n robbe- of walvisvaarder nie'';

'' 'laslynskip' 'n skip van 14 meter of langer wat nie net vir visvang gebruik word nie en nie 'n plesierjag is nie'';

'' 'gesagvoerder', ten opsigte van 'n skip, iemand (behalwe 'n loods) wat toesig het of gesag voer oor bedoelde skip'';

'' 'eienaar' iemand aan wie 'n skip of 'n aandeel in 'n skip behoort'';

'' 'passasier' 'n persoon wat op 'n skip vervoer word, behalwe—

(a) 'n persoon wat in enige hoedanigheid aan boord van die skip in verband met die besigheid van die skip in diens is of bedrywig is;

''dangerous cargo'' shall mean petroleum or its products, any liquid chemical listed in Chapter VI of the International Maritime Organisation (IMO) publication entitled 'Code for the Construction and Equipment of Ships carrying Dangerous Chemicals in Bulk', and any liquefied gas listed in Chapter XIX of the IMO publication entitled 'Code for the Construction and Equipment of Ships carrying Liquefied Gases in Bulk';

''defined fishing zone'' shall mean the area southward from latitude 5° S to latitude 50° S and eastward from the Greenwich meridian to the meridian of longetude 40° E;

''fishing boat'' or ''fishing vessel'' shall mean any vessel used commercially for catching fish, whales, seals or any other living resources from the sea;

''foreign-going ship'' shall mean a ship plying between a port in one country and a port in another country, but shall exclude any such ship engaged in limited voyages or operations;

''limited'' shall mean restricted to within the sea area adjacent to the southern African coast between the limits of Cape Delgado in the east and the Congo River in the west and extending 250 nautical miles from the shore;

''radio officer'' shall mean a person employed in such capacity in terms of Section 222 of the Act.

''radiotelegraph ship'' shall mean a ship which is provided with a radiotelegraph installation and which is not a radiotelephone ship;

''radiotelephone operator'' shall mean a person employed in such capacity in terms of Section 222 of the Act;

''radiotelephone ship'' shall mean a ship, other than a passenger ship, of 300 tons or over but of less than 1 600 tons the owner of which has given written notice to the Director-General (which notice has not been withdrawn) to the effect that such ship is provided with a radiotelephone installation in compliance with the Merchant Shipping Radio Regulations;

''rating'' shall mean a seaman other than a ship's officer;

''restricted'' shall mean restricted to defined operations from a stated port or place;

''short sea'' shall mean restricted to an area of not more than 500 nautical miles in length and extending 250 nautical miles from the shore between the limits of Punta Do Oro and the mouth of the Kunene River;

''training convention'' shall mean the International Convention on Standards of Training, Certification and Watchkeeping for Seafarers, 1978;

and any expression to which a meaning has been assigned in the Act shall bear such meaning.

Note.—Section (2) of the Act includes the following definitions:

'' 'coasting ship' means a ship employed in plying between ports in the same country but does not include any fishing, sealing or whaling boat'';

'' 'load line ship' means a ship of 14 metres or more in length which is not engaged in fishing and is not a pleasure yacht'';

'' 'master' means in relation to a ship, any person (other than a pilot) having charge or command of such ship'';

'' 'owner' means any person to whom a ship or share in a ship belongs'';

'' 'passenger' means any person carried in a ship, except—

(a) a person employed or engaged in any capacity on board the ship on the business of the ship;

(b) 'n persoon wat aan boord die skip is òf ingevolge die verpligting wat hierdie Wet die gesagvoerder oplê om skipbreukelinge, mense in nood of ander persone te vervoer, òf vanweë enige omstandigheid wat nòg die gesagvoerder nòg die eienaar nòg die bevragter (as daar een is) kon voorkom het;

(c) 'n kind wat onder een jaar oud is'';

'' 'hawe' 'n plek, ongeag of dit as 'n openbare hawe geproklameer is al dan nie en of dit natuurlik of kunsmatig is, waarheen skepe vir skuiling kan gaan of om goedere of passasiers te laai of af te laai'';

'' 'seeman' 'n persoon (behalwe 'n gesagvoerder, loods of leerling-offisier) wat in diens is of in diens geneem is in enige hoedanigheid as lid van 'n skip se bemanning'';

'' 'skip' enige soort vaartuig wat in navigasie gebruik word en nie deur middel van roeispane voortbeweeg word nie'';

'' 'skeepsoffisier' 'n navigasie-offisier of ingenieuroffisier, gediplomeerd of ongediplomeerd, wat as sodanig aan boord van 'n skip in diens is, maar omvat nie 'n gesagvoerder nie en enige verwysing na 'n skeepsoffisier word by toepassing op 'n skip waarop 'n stuurman of seemasjinis in diens is, uitgelê asof dit 'n verwysing na 'n stuurman of seemasjinis insluit''.

'' 'Suid-Afrikaanse skip' 'n skip kragtens hierdie Wet in die Republiek geregistreer of geag aldus geregistreer te wees'';

'' 'vaartuig' ook enige skip of boot, of enige soort vaartuig wat gebruik word of ontwerp is vir gebruik in navigasie'';

(2) Vir doeleindes van hierdie regulasies het die Minister die volgende beamptes as ''bevoegde beamptes'' in die Republiek aangestel:

Te Kaapsad, Durban, Walvisbaai, Oos-Londen, Mosselbaai, Port Elizabeth, Richardsbaai en Saldanha: die Eerstebeampte van die Marine-afdeling; te Lüderitz: die Kontroleur Van Doeane; te Port Nolloth: die Resident-landdros.

3. TOEPASSING

(1) Hierdie regulasies is van toepassing op elke skip wat in die Republiek geregistreer of gelisensieer is en wat—

(i) nie 'n plesierjag is wat in handel betrokke is nie;

(ii) nie 'n skip is wat net binne die grense van 'n hawe vaar nie;

(iii) nie 'n skip is wat besit word deur die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste nie as dit in 'n noodgeval uitvaar, of ander skepe in die omgewing van hawegrense bystaan.

(2) Die bepalings van Regulasie 11 is ook van toepassing op—

(a) elke passasierskip; en

(b) elke skip van 300 bruto-registerton of meer, wat nie 'n passasierskip is wat in 'n ander land as die Republiek geregistreer is nie.

4. INDIENSNEMING VAN GESAGVOERDERS EN SEEMANNE

(1) Die eienaar en Gesagvoerder van elke skip moet, afgesien van die offisiere en ander persone wat kragtens hierdie regulasies in diens geneem moet word, 'n voldoende aantal van die regte persone in diens neem om te verseker dat sodanige skip behoorlik en doeltreffend beman is.

(2) Die eienaar van elke skip van minder as 25 brutoregisterton moet op sodanige skip in diens neem—

(a) 'n persoon in beheer daarvan wat ondervinding ter see opgedoen het en wat bekwaam is om die skip op 'n ware seemanswyse te hanteer;

(b) a person on board the ship either in pursuance of the obligation laid upon the master to carry shipwrecked, distressed or other persons or by reason of any circumstance that neither the master nor the owner nor the charterer (if any) could have prevented;

(c) a child under the age of one year'';

'' 'port' means a place, whether proclaimed a public harbour or not, and whether natural or artificial, to which ships may resort for shelter or to ship or unship goods or passengers'';

'' 'seaman' means any person (except a master, pilot or apprentice-officer) employed or engaged in any capacity as a member of the crew of a ship'';

'' 'ship' means any kind of vessel used in navigation not propelled by oars'';

'' 'ship's officer' means a navigating officer or engineer officer, whether certificated or uncertificated, employed as such on board a ship, but does not include a master, and any reference to a ship's officer shall, in its application to a ship in which a mate or marine motorman is employed, be construed as including a reference to a mate or marine motorman'';

'' 'South African ship' means a ship registered in the Republic in terms of this Act or deemed to be so registered'';

'' 'Vessel' includes any ship or boat or any description of vessel used or designed to be used in navigation''.

(2) For the purpose of these regulations the Minister has designated the following officers to be ''proper officers'' in the Republic:

At Cape Town, Durban, Walvis Bay, East London, Mossel Bay, Port Elizabeth, Richards Bay and Saldanha: the Principal Officer of the Marine Division; at Luderitz: the Controller of Customs; at Port Nolloth: the Resident Magistrate.

3. APPLICATION

(1) These regulations shall apply to every ship registered or licenced in the Republic other than—

(i) a pleasure yacht not engaged in trade;

(ii) any ship operating only within the limits of a port;

(iii) any ship owned by the South African Transport Services if it goes to sea in an emergency, or attends other ships in the proximity of port limits.

(2) The provisions of Regulation 11 shall apply, in addition, to—

(a) every passenger ship; and

(b) every ship of 300 gross register tons or over not being a passenger ship registered in a country other than the Republic.

4. EMPLOYMENT OF MASTERS AND SEAMEN

(1) The owner and master of every ship shall, in addition to the officers and other persons required to be employed in terms of these regulations, employ as crew of such ship an adequate number and description of persons to ensure that it is sufficiently and efficiently manned.

(2) The owner of every ship of less than 25 gross register tons shall employ on such ship—

(a) a person in charge thereof who has had experience at sea and who is capable of handling such ship in a seamanlike manner;

(b) indien dit met 'n masjien toegerus is, 'n persoon wat ervaring het van masjienwerk en in staat is om toesig te hou oor die masjien; en

(c) sodanige bykomende aantal van die regte persone wat nodig is om te verseker dat die skip behoorlik en doeltreffend beman is:

Met dien verstande dat daar afgesien kan word van die vereistes van paragraaf (b) as die persoon in beheer van sodanige skip oor die ondervinding en vermoë beskik soos in bedoelde paragraaf uiteengesit.

(3) Vir die doeleindes van hierdie regulasie word 'n skip as behoorlik en doeltreffend beman beskou as die skip na die mening van die bevoegde beampte 'n bemanning het van toereikend gekwalifiseerde persone om die skip in staat te stel om uit te vaar met die nodige inagneming van die vereistes van die Botsing- en Noodseinregulasies, 1977, die Regulasies betreffende Reddingsuitrusting, 1968, die Handelskeepvaartradioregulasies, 1968, en enige ander veiligheidsbepalings wat op sodanige vaartuig van toepassing mag wees.

(4) Die bevoegde beampte moet, wanneer die toereikendheid van die bemanning van enige skip vir die doel van hierdie regulasie bepaal word, die volgende in aanmerking neem:

(a) Die goedgekeurde bemanning aan boord sodanige skip op onlangse reise;

(b) die voltallige bemanning aan boord soortgelyke skepe wat op reise soortgelyk aan dié wat nou voorgestel word, gebruik word; en

(c) die aard van die diens waarvoor sodanige skip bedoel is.

5. INDIENSNEMING VAN GESAGVOERDERS OP SKEPE VAN 25 BRUTO-REGISTERTON EN MEER

Die eienaar van elke skip wat van watter hawe ook al ter see uitvaar, moet, indien sodanige skip 25 bruto-registerton of meer is, as Gesagvoerder van daardie skip in diens neem 'n persoon wat die houer is van 'n Bekwaamheidsertifikaat nie laer nie as dié van enige ander dekoffisier wat ooreenkomstig hierdie regulasies in diens geneem is.

6. INDIENSNEMING VAN PERSONE WAT HOUERS IS VAN GEËNDOSSEERDE SERTIFIKATE

(1) Die Gesagvoerder, Hoof-ingenieuroffisier, Tweede ingenieuroffisier en Dekoffisier tweede in bevel van 'n skip wat 'n gevaarlike massavrag dra wat ten volle of gedeeltelik as gevaarlike vrag omskryf word, moet in besit wees van 'n geskikte Bekwaamheidsertifikaat en moet voldoen aan sodanige bykomende vereistes as wat die Direkteur-generaal van Vervoer mag spesifiseer, en sodanige voldoening moet gestaaf word deur die toepaslike "Gevaarlike Vrag"-endossement op sodanige sertifikaat.

(2) (a) 'n Dekoffisier wat die houer is van 'n bekwaamheidsertifikaat geëndosseer "nie-handelsdiens" kan in 'n gediplomeerde hoedanigheid in diens geneem word op 'n handelskip waar die voorgeskrewe sertifikaat wat vereis word, twee klasse laer is.

(b) Die houer van 'n Klas 4- bekwaamheidsertifikaat geëndosseer "nie-handelsdiens" kan in 'n gediplomeerde hoedanigheid in diens geneem word op 'n handelskip waar die voorgeskrewe sertifikaat wat vereis word, 'n Klas 5-sertifikaat is.

(c) Die houer van 'n Klas 5-bekwaamheidsertifikaat geëndosseer "nie-handelsdiens" mag nie op 'n handelskip in enige gediplomeerde hoedanigheid in diens geneem word nie.

(b) if it is fitted with an engine, a person experienced in engine-work and capable of taking charge of the engine; and

(c) such additional number and description of persons as may be necessary to ensure that such ship is sufficiently and efficiently manned:

Provided that the requirements of paragraph (b) may be dispensed with if the person in charge of such ship has the experience and ability referred to in the said paragraph.

(3) For the purposes of this regulation, a ship shall be deemed to be sufficiently and efficiently manned if in the opinion of the proper officer it has a crew of suitably qualified persons to enable it to proceed to sea with due regard to the requirements of the Collision and Distress Signals Regulation, 1977, of the Life-Saving Equipment Regulations, 1968, of the Merchant Shipping Radio Regulations, 1968, and of any such other safety provisions as may apply to such vessel.

(4) In judging the adequacy of the crew of any ship for the purposes of this regulation, a proper officer shall take the following into consideration:

(a) The complement carried by such ship on recent voyages;

(b) The complement normally carried by similar ships when employed on voyages similar to that now proposed; and

(c) The nature of the service for which such ship is intended.

5. EMPLOYMENT OF MASTERS ON SHIPS OF 25 OR MORE GROSS REGISTER TONS

The owner of every ship going to sea from any port whatsoever shall, if such ship is of 25 or more gross register tons, employ as Master thereof a person holding a Certificate of Competency not lower than the highest class or grade of certificate required to be held by any other deck officer employed in terms of these regulations.

6. EMPLOYMENT OF PERSONS IN POSSESSION OF ENDORSED CERTIFICATES

(1) The Master, Chief Engineer Officer and Second Engineer Officer and deck officer second in command of any ship which has a bulk cargo defined in whole or in part as being a dangerous cargo shall be in possession of the appropriate Certificate of Competency and shall satisfy such additional requirements as the Director-General: Transport may specify, and such satisfaction shall be evidenced by the appropriate "dangerous cargo" endorsement of such certificate.

(2) (a) A deck officer holding a Certificate of Competency endorsed "non-trading service" may be employed in a certificated capacity on a trading ship where the prescribed certificate required to be held is two classes lower.

(b) The holder of a Class 4 Certificate of Competency endorsed "non-trading service" may be employed in a certificated capacity on a trading ship where the prescribed certificate required to be held is of Class 5.

(c) The holder of a Class 5 Certificate of Competency endorsed "non-trading service" shall not be employed in any certificated capacity on a trading ship.

7. INDIENSNEMING VAN GEDIPLOMEERDE DEKOFFISIERE OP ANDER LASLYNSKEPE AS PASSASIERSKEPE, EN OP ANDER VISSERSBOTE AS DIÉ WAT BINNE DIE OMSKREWE VISVANGGEBIED GEBRUIK WORD, VAN 25 BRUTO-REGISTERTON OF MEER

(1) Die eienaar en Gesagvoerder van elke skip wat—

(a) 'n ander laslynskip as 'n passasierskip is; of

(b) 'n ander vissersboot is as dié wat binne die omskrewe visvanggebied vaar,

en 25 bruto-registerton of meer is, moet, as sodanige skip van die tonnemaat getoon in Kolom 2 van enige item in die tabel hieronder is en as die handels- of vaargebied daarvan is soos getoon in kolom 3 van bedoelde item, verseker dat daar aan boord sodanige skip in hul geskikte werkkringe die aantal dekoffisiere, behoorlik kragtens hierdie Wet gediplomeerde of geag gediplomeerde te wees soos getoon in kolom 4 van bedoelde item aangedui word, werksaam is:

7. EMPLOYMENT OF CERTIFICATED DECK OFFICERS ON LOAD LINE SHIPS BEING OTHER THAN PASSENGER SHIPS, AND ON FISHING BOATS BEING OTHER THAN THOSE OPERATING WITHIN THE DEFINED FISHING ZONE, AND BEING OF 25 OR MORE GROSS REGISTER TONS

(1) The owner and master of every ship being—

(a) a load line ship other than a passenger ship; or

(b) a fishing boat other than a fishing boat operating wholly within the defined fishing zone

and being of 25 or more gross register tons shall, if such ship is of the tonnage shown in column 2 of any item in the table below and if the trading or operational area thereof is as shown in column 3 of the said item, ensure that there are employed on board such ship, in their appropriate capacities, such number of deck officers, duly certificated under the Act or deemed under the Act to be certificated, as is shown in column 4 of the said item:

Kolom 1	Kolom 2	Kolom 3	Kolom 4					
Item No.	Bruto-registertonnemaat van skip	Handels- of vaargebied	Minimum getal gediplomeerde dekoffisiere wat aan boord moet wees					
			Klas 1	Klas 2	Klas 3	Klas 4	Klas 5	Klas 6
1	1 600 en meer	Onbeperk	1	1	1	1	—	—
2	Minder as 1 600	Onbeperk	1	1	1	—	—	—
3	5 000 en meer	Begrens	1	1	1	1	—	—
4	1 600 en meer maar minder as 5 000	Begrens	—	1 (A)	—	1	1	—
5	Minder as 1 600	Begrens	—	—	—	2 (A)	1	—
6	Meer as 10 000	Kort seegang	1	1	1	—	—	—
7	5 000 en meer maar minder as 10 000	Kort seegang	1	—	1	1	—	—
8	1 600 en meer maar minder as 5 000	Kort seegang	—	—	—	2 (B)	1	—
9	800 en meer maar minder as 1 600	Kort seegang	—	—	—	—	3 (B)	—
10	200 en meer maar minder as 800	Kort seegang	—	—	—	—	2 (B)	—
11	Minder as 200	Kort seegang	—	—	—	—	1 (B)	—
12	Enige	Beperk	—	—	—	—	—	1

Opmerking

(1) In kolom 4 van items 4 en 5 beteken die inskrywing "(A)" dat die sertifikaat wat die Gesagvoerder besit, geëndosseer moet wees 'Gesagvoerder (Kort seegang)'.

(2) In kolom 4 van items 8, 9, 10 en 11 beteken die inskrywing "(B)" dat die sertifikaat van die Gesagvoerder geëndosseer moet wees 'Gesagvoerder (Kort seegang)'.

Column 1	Column 2	Column 3	Column 4					
Item No.	Gross register tonnage of ship	Trading or operating area	Minimum number of certificated deck officers to be carried					
			Class 1	Class 2	Class 3	Class 4	Class 5	Class 6
1	1 600 and over	Unlimited	1	1	1	1	—	—
2	Less than 1 600	Unlimited	1	1	1	—	—	—
3	5 000 and over but	Limited	1	1	1	1	—	—
4	1 600 and over but less than 5 000	Limited	—	1(A)	—	1	1	—
5	Less than 1 600	Limited	—	—	—	2(A)	1	—
6	10 000 and over	Short Sea	1	1	1	—	—	—

Column 1	Column 2	Column 3	Column 4					
Item No.	Gross register tonnage of ship	Trading or operating area	Minimum number of certificated deck officers to be carried					
			Class 1	Class 2	Class 3	Class 4	Class 5	Class 6
7	5 000 and over but less than 10 000	Short Sea.....	1	—	1	1	—	—
8	1 600 and over but less than 5 000	Short Sea.....	—	—	—	2(B)	1	—
9	800 and over but less than 1 600	Short Sea.....	—	—	—	—	3(B)	—
10	200 and over but less than 800	Short Sea.....	—	—	—	—	2(B)	—
11	Less than 200.....	Short Sea.....	—	—	—	—	1(B)	—
12	Any.....	Restricted.....	—	—	—	—	—	1

Notes

(1) In column 4 of items 4 and 5, the entry "(A)" means that the certificate held by the Master is required to carry a 'Master (Limited Trade)' endorsement.

(2) In column 4 of items 8, 9, 10 & 11 the entry "(B)" means that the certificate held by the Master is required to carry a 'Master (Short Sea)' endorsement.

(2) Vir die doeleindes van hierdie regulasie is die vereistes van kolom 4 van item 4 in bostaande tabel die vereistes vir 'n vissersboot van enige tonnemaat, wat nie uitsluitlik binne die omskrewe visvanggebied vaar nie.

8. INDIENSNEMING VAN GEDIPLOMEERDE DEKOFFISIERE OP PASSASIERSKEPE

Die eienaar en Gesagvoerder van elke—

(a) Suid-Afrikaanse passasierskip wat wegvaar van enige hawe; of

(b) passasierskip (wat nie 'n Suid-Afrikaanse passasierskip is nie) wat passasiers aan boord laat gaan by of wegvaar van enige hawe in die Republiek;

moet, as sodanige skip van die tonnemaat is soos getoon in kolom 2 van enige item in die Tabel hieronder, as die handels- of vaargebied daarvan is soos getoon in kolom 3 van bedoelde item en as die getal passasiers aan boord is soos getoon in kolom 4 van bedoelde item, sorg dat daar aan boord sodanige skip in hul toepaslike werkkringe die aantal dekoffisiere, behoorlik kragtens hierdie Wet gediplomeerd of geag gediplomeerd te wees soos in kolom 5 van bedoelde item aangedui word, werksaam is:

(2) For the purposes of this regulation, the requirements of column 4 of item 4 in the above table shall be the requirements for a fishing boat of any tonnage operating other than wholly within the defined fishing zone.

8. EMPLOYMENT OF CERTIFICATED DECK OFFICERS ON PASSENGER SHIPS

The owner and Master of every—

(a) South African passenger ship going to sea from any port whatsoever; or

(b) passenger ship (other than a South African passenger ship) embarking passengers at, and going to sea from, any port in the Republic

shall, if such ship is of the tonnage shown in column 2 of any item in the Table below, if the trading or operational area thereof is as shown in column 3 of the said item and if the number of passengers carried is as shown in column 4 of the said item, ensure that there are employed on board such ship, in their appropriate capacities, such number of deck officers, duly certificated under the Act or deemed under the Act to be certificated, as is shown in column 5 of the said item:

Kolom 1	Kolom 2	Kolom 3	Kolom 4	Kolom 5					
Item No.	Bruto-registertonnemaat van passasierskip	Handels- of vaargebied	Totale getal passasiers aan boord	Minimum getal gediplomeerde dekoffisiere wat aan boord moet wees					
				Klas 1	Klas 2	Klas 3	Klas 4	Klas 5	Klas 6
1	Meer as 25.....	Onbegrens of begrens.....	Meer as 12.....	1	1	1	1	—	—
2	2 000 en meer.....	Kort seegang	Meer as 12.....	—	1(*)	—	1	—	—
3	1 000 en meer maar minder as 2 000	Kort seegang	Meer as 12.....	—	—	1(*)	1	—	—
4	200 en meer maar minder as 1 000	Kort seegang	Meer as 12.....	—	—	—	1(*)	1	—
5	25 en meer maar minder as 200	Kort seegang	Meer as 12.....	—	—	—	—	1(*)	1
6	200 en meer	Beperk	Nie meer as 250 nie.....	—	—	—	—	—	2
7	minder as 200	Beperk	Nie meer as 250 nie	—	—	—	—	—	1

Opmerking.—In kolom 5 van item 2 tot en met item 5 beteken die inskrywing "(*)" dat die sertifikaat gehou deur die Gesagvoerder, geëndoseer moet wees 'Gesagvoerder (Kort Seegang)'.

Column 1	Column 2	Column 3	Column 4	Column 5					
Item No.	Gross register tonnage of passenger ship	Trading or operational area	Number of passengers carried	Minimum number of certificated deck officers to be carried					
				Class 1	Class 2	Class 3	Class 4	Class 5	Class 6
1	More than 25.....	Unlimited or limited.....	More than 12	1	1	1	1	—	—
2	2 000 and over.....	Short Sea.....	More than 12	—	1(*)	—	1	—	—
3	1 000 and over but less than 2 000	Short Sea.....	More than 12	—	—	1 (*)	1	—	—
4	200 and over but less than 1 000	Short Sea.....	More than 12	—	—	—	1 (*)	1	—
5	25 and over but less than 200	Short Sea.....	More than 12	—	—	—	—	1 (*)	1
6	200 and over	Restricted	Not more than 250.....	—	—	—	—	—	2
7	Less than 200	Restricted	Not more than 250.....	—	—	—	—	—	1

Note.—In column 5 of items 2 to 5 inclusive, the entry "(*)" means that the certificate held by the Master is required to carry a 'Master (Short Sea)' endorsement.

9. INDIENSNEMING VAN GEDIPLOMEERDE VISSERMANNE OP VISSERSBOTE WAT SLEGS BINNE DIE OMSKREWE VISVANGGEBIED GEBRUIK WORD

Die eienaar en Gesagvoerder van elke vissersboot wat ter see uitvaar van enige hawe binne die grense van die omskrewe visvanggebied en waarvan die vaargebied geheel en al binne bedoelde gebied is, moet, as die vissersboot 25 bruto-registerton of meer is en as sodanige vissersboot van die tonnemaat is getoon in kolom 2 van enige item in die tabel hieronder, en as die vaargebied daarvan getoon word in kolom 3 van daardie item, sorg dat daar aan boord sodanige skip in hul toepaslike werkkringe die aantal vissermanne, kragtens hierdie Wet behoorlik gediplomeerd of geag gediplomeerd te wees soos getoon in kolom 4 van bedoelde item aangedui word, werksaam is:

9. EMPLOYMENT OF CERTIFICATED FISHERMEN ON FISHING BOATS WHOSE OPERATIONS ARE WHOLLY WITHIN THE DEFINED FISHING ZONE

The owner and Master of every fishing boat going to sea from any port within the limits of the Defined Fishing Zone, having its operational area wholly within the said Zone and being of 25 or more gross register tons shall, if such fishing boat is of the tonnage shown in column 2 of any item in the table below and if the operational area thereof is as shown in column 3 of the said item, ensure that there are employed on board such ship, in their appropriate capacities, such number of fishermen, duly certificated under the Act or deemed under the Act to be certificated, as is shown in column 4 of the said item:

Kolom 1	Kolom 2	Kolom 3	Kolom 4			
Item No.	Bruto-registertonnemaat van skip	Vaargebied	Minimum getal gediplomeerde vissermanne wat aan boord moet wees			
			Graad 1	Graad 2	Graad 3	Graad 4
1	25 ton en meer maar minder as 100...	* Binne 50 myl van die kus.....	—	—	—	2
2	25 ton en meer maar minder as 100...	* Binne 200 myl van die kus.....	—	—	1	2
3	100 ton en meer maar minder as 600 ton	* Binne 200 myl van die kus	—	1	1	1
4	600 ton en meer	* Binne 200 myl van die kus	—	1	1	2
5	Enige tonnemaat	Enige gebied binne die omskrewe visvanggebied, verder as 200 myl van die kus	1	1	1	1

* Vir items 1 tot 4 is die noordelike grens van die vaargebiede 27° suiderbreedte in die ooste en 16° suiderbreedte in die weste.

Column 1	Column 2	Column 3	Column 4			
Item No.	Gross registered tonnage of ship	Operational area	Minimum number of certificated fishermen to be carried			
			Grade 1	Grade 2	Grade 3	Grade 4
1	25 tons and over but less than 100	* Within 50 miles of shore.....	—	—	—	2
2	25 tons and over but less than 100	* Within 200 miles of shore	—	—	1	2
3	100 tons and over but less than 600...	* Within 200 miles of shore	—	1	1	1
4	600 tons and over	* Within 200 miles of shore	—	1	1	2
5	Any tonnage	Any area within the defined fishing zone but beyond 200 miles from shore	1	1	1	1

* For items 1 to 4 the northern limit of the operational areas is latitude 27°S in the east and latitude 16°S in the west.

10. INDIENSNEMING VAN GEDIPLOMEERDE INGENIEURSOFFISIERE EN/OF SEEMASJINISTE OP SKEPE VAN 25 BRUTO-REGISTERTON OF MEER

Die eienaar en Gesagvoerder van elke skip wat van watter hawe ook al ter see uitvaar, hetsy dit 'n laslynskip of 'n vissersboot is, en 25 bruto-registerton of meer is, moet, as die handels- of vaargebied van sodanige skip is soos getoon in kolom 2 van enige item in die tabel hieronder, en as die geregistreerde krag daarvan is soos getoon in kolom 3 van bedoelde item, sorg dat daar aan boord sodanige skip in hul toepaslike werkkringe, die aantal ingenieuroffisiere en/of seemasjiniste, na gelang van die geval, behoorlik kragtens hierdie Wet gediplomeerd of geag gediplomeerd te wees soos aangedui in kolomme 4 en 5 van bedoelde item, na gelang van die geval, werksaam is:

10. EMPLOYMENT OF CERTIFICATED ENGINEER OFFICERS AND/OR MARINE MOTORMEN ON SHIPS OF 25 OR MORE GROSS REGISTER TONS

The owner and Master of every ship going to sea from any port whatsoever, being a load line ship or a fishing boat, as the case may be, and being of 25 or more gross register tons, shall, if the trading or operational area of such ship is as shown in column 2 of any item in the table below and if the registered power thereof is as shown in column 3 of the said item, ensure that there are employed on board such ship, in their appropriate capacities, such number of engineer officers and/or marine motormen, as the case may be, duly certificated under the Act or deemed under the Act to be certificated, as is shown in columns 4 and 5 of the said item, as the case may be:

Kolom 1	Kolom 2	Kolom 3	Kolom 4				Kolom 5		
Item No.	Handels- of vaargebied	Geregistreerde krag van skip of vissersboot (kW)	Minimum getal gediplomeerde Ingenieuroffisiere wat aan boord moet wees				Minimum getal gediplomeerde seemasjiniste wat aan boord moet wees		
			Klas 1	Klas 2	Klas 3	Klas 4	Graad 1	Graad 2	Graad 3
1	Onbegrens	3 000 en meer	1	1	—	2	—	—	—
		750 en meer maar minder as 3 000	—	1(A)	1	1	—	—	—
		350 en meer maar minder as 750	—	—	1(B)	1	—	—	—
2	Begrens of kort seegang	6 000 en meer	1	1	—	1	—	—	—
		3 000 en meer maar minder as 6 000	—	1 (A)	1	1	—	—	—
		750 en meer maar minder as 3 000	—	—	1 (B)	1	—	—	—
		350 en meer maar minder as 750	—	—	—	2 (C)	—	—	—
		minder as 350	—	—	—	—	1	—	—
3	Beperk	750 en meer	—	—	—	1 (C)	1	—	—
		350 en meer maar minder as 750	—	—	—	—	1	—	—
		minder as 350	—	—	—	—	—	1	—
4	Visvangbedrywighede	3 000 en meer	—	—	1 (B)	1	—	—	—
		1 000 en meer maar minder as 3 000	—	—	—	1 (C)	1	—	—
		350 en meer maar minder as 1 000	—	—	—	—	1	1	—
		150 en meer maar minder as 350	—	—	—	—	—	1	—
		minder as 150	—	—	—	—	—	—	1

Opmerkings

(1) In kolom 4 van items 1 en 2 beteken die inskrywing "(A)" dat die sertifikaat gehou deur die Hoofingenieuroffisier 'Klas 2-diens' geëndosseer moet wees.
(2) In kolom 4 van items 1, 2 en 4 beteken die inskrywing "(B)" dat die sertifikaat gehou deur die Hoofingenieuroffisier 'Klas 3-diens' geëndosseer moet wees.
(3) In kolom 4 van items 2, 3 en 4 beteken inskrywing "(C)" dat die sertifikaat wat deur die Hoofingenieuroffisier gehou word 'Klas 4-diens' geëndosseer moet wees.

Column 1	Column 2	Column 3	Column 4				Column 5		
Item No.	Trading or operational area	Registered power of ship or fishing boat (KW)	Minimum number of certificated Engineer Officers to be carried				Minimum number of certificated Marine Motormen to be carried		
			Class 1	Class 2	Class 3	Class 4	Grade 1	Grade 2	Grade 3
1	Unlimited	3 000 and over	1	1	—	2	—	—	—
		750 and over but less than 3 000	—	1(A)	1	1	—	—	—
		350 and over but less than 750	—	—	1(B)	1	—	—	—

Column 1	Column 2	Column 3	Column 4				Column 5		
Item No.	Trading or operational area	Registered power of ship or fishing boat (KW)	Minimum number of certificated Engineer Officers to be carried				Minimum number of certificated Marine Motormen to be carried		
			Class 1	Class 2	Class 3	Class 4	Grade 1	Grade 2	Grade 3
2	Limited or Short Sea	6 000 and over	1	1	—	1	—	—	—
		3 000 and over but less than 6 000	—	1(A)	1	1	—	—	—
		750 and over but less than 3 000	—	—	1(B)	1	—	—	—
		350 and over but less than 750	—	—	—	2(C)	—	—	—
		Less than 350	—	—	—	—	1	—	—
3	Restricted	750 and over	—	—	—	1(C)	1	—	—
		350 and over but less than 750	—	—	—	—	1	—	—
		Less than 350	—	—	—	—	—	1	—
4	Fishing operations	3 000 and over	—	—	1(B)	1	—	—	—
		1 000 and over but less than 3 000	—	—	—	1(C)	1	—	—
		350 and over but less than 1 000	—	—	—	—	1	1	—
		150 and over but less than 350	—	—	—	—	—	1	—
		Less than 150	—	—	—	—	—	—	1

Note

(1) In column 4 of items 1 and 2, the entry "(A)" means that the certificate held by the Chief Engineer Officer is required to carry a 'Class 2 Service' endorsement.

(2) In column 4 of items 1, 2 and 4, the entry "(B)" means that the certificate held by the Chief Engineer Officer is required to carry a 'Class 3 Service' endorsement.

(3) In column 4 of items 2, 3 and 4 the entry "(C)" means that the certificate held by the Chief Engineer Officer is required to carry a 'Class 4 Service' endorsement.

11. INDIENSNEMING VAN GEDIPLOMEERDE RADIOBEAMPTES

(1) Die skepe waarop hierdie regulasie van toepassing is, word in die volgende klasse ingedeel:

Klas I

'n Skip wat òf meer as 250 passasiers aan boord het òf ten opsigte waarvan daar van krag is 'n sertifikaat uitgereik deur die Nasionale Owerheid te dien effekte dat dit geskik is om meer as 250 passasiers aan boord te hê, en wat langer as 16 uur ter see is tussen twee opeenvolgende hawens.

Klas II

(a) 'n Passasierskip wat nie 'n Klas 1-skip is nie.

(b) 'n Skip van 1 600 bruto-registerton of meer, wat nie 'n passasierskip of 'n hawevaartuig van die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste is nie.

Klas III

(a) 'n Skip van 500 bruto-registerton of meer, maar kleiner as 1 600 ton, wat nie 'n passasierskip of 'n hawevaartuig van die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste is nie.

(b) 'n Hawevaartuig van die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste, van 500 bruto-registerton of meer.

Klas IV

'n Skip van 300 bruto-registerton of meer, maar minder as 500 ton, wat nie 'n passasierskip is nie.

11. EMPLOYMENT OF CERTIFICATED RADIO OFFICERS

(1) This regulation shall apply to the following classes of ships:

Class I

A ship either carrying more than 250 passengers or declared fit to carry more than 250 passengers in terms of a valid certificate issued by the National Authority, and being at sea for more than 16 hours between two consecutive ports.

Class II

(a) A passenger ship other than a ship of Class I.

(b) A ship of 1 600 gross register tons or over other than a passenger ship or a South African Transport Services harbour craft.

Class III

(a) A ship of 500 gross register tons or over but less than 1 600 tons other than a passenger ship and other than a South African Transport Services harbour craft .

(b) A South African Transport Services harbour craft of 500 gross register tons or over.

Class IV

A ship of 300 gross register tons or over but less than 500 tons other than a passenger ship.

(2) Die eienaar en Gesagvoerder van elke radiotelegraafskip wat ter see uitvaar sonder dat dit voorsien is van radiotelegraaf-outo-alarmuitrusting wat voldoen aan die vereistes gespesifiseer in Aanhangsel 6 van die Radioregulasies, 1968, moet verseker dat radiobeamptes wat behoorlik gediplomeer is of by Wet gediplomeerd geag word, soos volg op sodanige skip in diens geneem is:

Klas skip	*Getal radiobeamptes*
I	Twee
II	Een
III	Een
IV	Een

(3) (a) Behoudens artikel 222 van die Wet is niemand bevoeg om 'n radiobeampte te wees of as sodanig in diens geneem te word op 'n radiotelegraafskip nie tensy hy in besit is van 'n geldige bekwaamheid- of bevoegdheidsertifikaat in radiotelegrafie van die eerste of tweede klas, uitgereik deur die Posmeester-generaal, of die ekwivalent van 'n deur hom uitgereikte sertifikaat waaraan daar geheg moet word 'n geldige magtigingsbrief van die Posmeester-generaal om 'n radiotelegraafstasie te bedien.

(b) Ondanks die bepalings van paragraaf (a) moet bedoelde sertifikaat van die eerste klas wees in die geval van minstens een radiobeampte van elke passasierskip.

(c) Vir die doeleindes van paragraaf (a) word geen bekwaamheid- of bevoegdheidsertifikaat op enige datum as geldig beskou as sodanige sertifikaat meer as twee jaar voor sodanige datum uitgereik is en die houer se tydperke van ondervinding altesaam minstens drie maande in genoemde twee jaar is nie tensy die houer die Posmeester-generaal by hereksamen of andersins daarvan oortuig dat hy nog steeds al die kwalifikasies besit wat in sy sertifikaat genoem word: Met dien verstande dat vir die toepassing van hierdie regulasie die uitdrukking 'ondervinding' ondervinding beteken wat opgedoen is ter see as 'n radiobeampte of as 'n bediener van radiotelegraafapparaat by 'n radiotelegraafstasie wat op land deur die Posmeester-generaal of die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste vir kommunikasie met handelskepe onderhou word, of sodanige ander ondervinding wat die Posmeester-generaal bevredigend ag.

(4) In die geval van enige skip van Klas I of Klas II moet minstens een van die radiobeamptes iemand wees wat ter see as radiobeampte ondervinding opgedoen het van altesaam minstens—

(a) 2 jaar in die geval van 'n skip van Klas I;

(b) 1 jaar in die geval van 'n skip van Klas II (a);

(c) 6 maande in die geval van 'n skip van Klas II (b) van 3 000 bruto-registerton of meer; of

(d) 3 maande in die geval van 'n skip van Klas II (b) van 1 600 bruto-registerton of meer, maar minder as 3 000 bruto-registerton.

12. INDIENSNEMING VAN GEDIPLOMEERDE RADIOTELEFOONOPERATEURS

(1) Die eienaar en Gesagvoerder van elke radiotelefoonskip wat ter see uitvaar, moet verseker dat daar aan boord voorsiening gemaak word vir minstens een gekwalifiseerde radiotelefoonoperateur, wat 'n dekoffisier kan wees.

(2) Behoudens artikel 222 van die Wet is niemand bevoeg om 'n radiotelefoonoperateur te wees of om in so 'n hoedanigheid op 'n radiotelegraafskip in diens te wees nie, tensy hy die houer is van 'n geldige bekwaamheid- of bevoegdheidsertifikaat in radiotelefonie of radiotelegrafie uitgereik deur die Posmeester-generaal, of 'n sertifikaat wat deur die Posmeester-generaal erken word as die ekwivalent van sodanige sertifikaat wat deur hom uitgereik word en waaraan daar geheg moet word die Posmeester-generaal se geldige magtigingsbrief om 'n radiotelefoonstasie of radiotelegraafstasie te bedien.

(2) The owner and Master of every radiotelegraph ship which, upon proceeding to sea, is not provided with radiotelegraph auto-alarm equipment complying with the requirements specified in Annex 6 of the Radio Regulations, 1968, shall ensure that there are employed, on such ship, radio officers duly certificated under the Act or deemed under the Act to be certificated, as follows:

Class of ship	*Number of radio officers*
I	Two
II	One
III	One
IV	One

(3) (a) Subject to section 222 of the Act, no person shall be qualified to be a radio officer or to be employed in such capacity on any radiotelegraph ship, unless he holds a valid certificate of proficiency or competency in radiotelegraphy of the first or second class granted by the Postmaster-General or the equivalent of such certificate granted by him, to which certificate or equivalent shall be attached the Postmaster-General's valid letter of authority to operate a radiotelegraph station.

(b) Notwithstanding the provisions of paragraph (a), the said certificate shall be of the first class in the case of at least one radio officer of each passenger ship.

(c) For the purposes of paragraph (a), no certificate of proficiency or competency shall be deemed to be valid at any date if such certificate was granted more than two years before such date and the holder's periods of experience do not total at least three months in the said two years, unless the holder satisfies the Postmaster-General by re-examination or otherwise that he still possesses all of the qualifications described in his certificate: Provided that for the purposes of this regulation the expression 'experience' shall mean experience at sea as a radio officer or experience as an operator of a radiotelegraph apparatus at a radiotelegraph station maintained on land by the Postmaster-General or the South African Transport Services for communication with merchant ships, or such other experience as the Postmaster-General may deem satisfactory.

(4) In the case of any ship of Class I or Class II, at least one of the radio officers shall be a person who has had experience at sea as a radio officer for a total of not less than—

(a) 2 years in the case of a ship of Class I;

(b) 1 year in the case of a ship of Class II (a);

(c) 6 months in the case of a ship of Class II (b) of 3 000 gross register tons or over; or

(d) 3 months in the case of a ship of Class II (b) of 1 600 gross register tons or over but of less than 3 000 gross register tons.

12. EMPLOYMENT OF CERTIFICATED RADIO-TELEPHONE OPERATORS

(1) The owner and Master of every radiotelephone ship proceeding to sea shall ensure that there is provided on board at least one qualified radiotelephone operator, who may be a deck officer.

(2) Subject to section 222 of the Act, no person shall be qualified to be a radiotelephone operator or to be employed in such capacity on any ship being a radiotelephone ship, unless he holds a valid certificate of competency or proficiency in radiotelephony or radiotelegraphy granted by the Postmaster-General, or a certificate recognised by the Postmaster-General as the equivalent of such certificate granted by him, to which certificate or equivalent shall be attached the Postmaster-General's valid letter of authority to operate a radiotelephone or radiotelegraph station.

13. INDIENSNEMING VAN GEDIPLOMEERDE SEEMANNE OP SKEPE VAN EENHONDERD BRUTO-REGISTERTON EN MEER

Die eienaar en Gesagvoerder van elke skip wat van watter hawe ook al ter see uitvaar, synde 'n laslynskip met 'n tonnemaat van meer as eenhonderd bruto-registerton, moet, as die beskrywing daarvan, die handels- of vaargebied daarvan en die getal seemanne aan boord is soos getoon in onderskeidelik kolomme 2, 3 en 4 van enige item in onderstaande tabel, sorg dat daar aan boord sodanige skip in hul toepaslike werkkringe die aantal gekwalifiseerde seemanne behoorlik kragtens hierdie Wet gediplomeerd of geag gediplomeerd te wees soos in kolom 5 van sodanige item aangedui word, werksaam is:

13. EMPLOYMENT OF CERTIFICATED RATINGS ON SHIPS OF ONE HUNDRED OR MORE GROSS REGISTER TONS

The owner and Master of every ship going to sea from any port whatsoever, being a load line ship and being over one hundred gross register tons shall, if the description thereof, the trading or operational area thereof and the number of ratings carried are as shown in columns 2, 3 and 4 respectively of any item in the table below, ensure that there are employed on board such ship, in their appropriate capacities, such number of qualified ratings duly certificated under the Act or deemed under the Act to be certificated as is shown in column 5 of such item:

Kolom 1	Kolom 2	Kolom 3	Kolom 4	Kolom 5	Kolom 6	Kolom 7	Kolom 8
Item No.	Beskrywing van skip	Handels- of vaargebied	Totale getal seemanne aan boord	Getal seemanne wat houers is van die gepaste bevoegdheidsertifikate, wat aan boord moet wees			
				Bekwame seemanne op die dek	Bekwame seemanne in die masjienkamer	Reddingsbootbemanning	Kokke
1	Passasier	Onbegrens	Enige	4	3	Een vir elke 50 passasiers aan boord, of deel van sodanige getal	Een vir elke 50 passasiers aan boord, of deel van sodanige getal
2		Begrens	Enige	3	2		
3		Kort seegang	Enige	2	2		
4		Beperk	Enige	Een vir elke 50 passasiers aan boord, of deel van sodanige getal	1	Een vir elke 50 passasiers aan boord, of deel van sodanige getal	
5	Laslynskip wat nie 'n passasierskip is nie	Enige	Meer as 20	4	2	—	1
			16–20	3	1	—	1
			11–15	2	1	—	1
			5–10	1	1	1	—
6	Vissersboot van meer as 300 bruto ton	Enige	Getal persone aan boord	—	—	—	—
			Meer as 30	3	—	2	1
			15–30	2	—	1	—

Opmerking.—Die reddingsbootbemanning wat aan boord moet wees volgens kolom 7 is bykomend by die bekwame dekseemanne wat aan boord moet wees volgens kolom 5.

Column 1	Column 2	Column 3	Column 4	Column 5	Column 6	Column 7	Column 8
Item No.	Description of ship	Trading or operational area	Total number of ratings carried		Number of ratings holding the appropriate certificates of qualification to be carried		
				Efficient Deck Ratings	Efficient Engine Room Ratings	Lifeboatmen	Cooks
1	Passenger	Unlimited	Any	4	3	One for every 50 passengers carried, or part of such number	One for every 50 passengers carried, or part of such number
2		Limited	Any	3	2		
3		Short Sea	Any	2	2		
As die kandidaat reeds oor 'n sertifikaat beskik, moet daardie sertifikaat saam met die eksaminator se verslag aangestuur word.

7. ONBEVREDIGENDE GEDRAG AAN BOORD SKIP VOOR EKSAMENS

In die geval van 'n kandidaat wat—

1. na ondertekening van die ooreenkoms met die bemanning versuim het om by sy skip aan te sluit; of
2. van sy skip gedros het nadat hy aangesluit het; of
3. deur 'n geregshof skuldig bevind is aan 'n misdryf waarvoor hy tot gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete veroordeel is, of wat, na die mening van die eksaminator, 'n ernstige misdryf is; of
4. skuldig bevind is aan 'n misdryf ten opsigte waarvan 'n inskrywing in die amptelike skeepsjoernaal gemaak is kragtens paragraaf (b) van artikel eenhonderd drie-en-tagtig van die Wet, en wat, na die mening van die eksaminator, 'n ernstige misdryf is,

dek die getuigskrifte wat ingevolge regulasie 2.2 verlang word die tydperk van twee jaar volgende op sodanige wangedrag: Met dien verstande dat die Direkteur-generaal, nadat hy die saak ondersoek het, die tydperk op versoek van die kandidaat na goeddunke kan verkort.

8. POGING TOT OMKOPERY

Enige kandidaat wat 'n beampte van die Departement geld aanbied, word geag hom aan wangedrag skuldig te gemaak het en word nie tot die betrokke eksamen toegelaat nie. Sodanige kandidaat word nie tot enige eksamen vir enige bekwaamheidsertifikaat toegelaat voordat 'n tydperk van minstens 12 maande verloop het nie.

9. DIE UITREIK VAN SERTIFIKATE

'n Kandidaat wat in die eksamen slaag, ontvang vorm TV 5/106 van die eksaminator, wat hy moet indien wanneer hy sy sertifikaat gaan afhaal by die hawe wat op die aansoekvorm aangedui word. 'n Kandidaat wat net gedeeltelik in die eksamen geslaag het of daarin gedruip het, ontvang vorm TV5/107 van die eksaminator, waarop die eksamenuitslae verstrek word. Die kandidaat moet dié vorm hou en dit by die eksaminator indien wanneer hy weer om eksaminering aansoek doen.

10. AFSKRIFTE VAN VERLORE SERTIFIKATE

'n Aansoeker om 'n gesertifiseerde afskrif van 'n verlore sertifikaat moet by die bevoegde beampte aansoek doen en die heffing wat in regulasie 29 voorgeskryf word terselfdertyd betaal. 'n Verklaring aangaande die omstandighede waarin die sertifikaat verlore geraak het, moet deur die aansoeker voor die bevoegde beampte afgelê word, wat die vorm aan die Direkteur-generaal moet deurstuur.

5. CANDIDATES' KNOWLEDGE OF ENGLISH OR AFRIKAANS

Candidates shall have the option of undertaking the examination in either English or Afrikaans. Candidates must prove to the satisfaction of the examiners that they can speak and write English or Afrikaans sufficiently well to perform the duties required of them on board a South African ship.

6. PHYSICAL OR OTHER DISABILITIES

Notwithstanding the production of a health certificate in accordance with Regulation 2.2, the examiner shall, if he finds in the course of the examination that a candidate is afflicted with deafness, with an impediment in speech or with some other physical or mental infirmity, and upon further investigation is satisfied that the degree of infirmity is such as to render the candidate incapable of discharging adequately the ordinary sea-going duties of the holder of a certificate of competency, terminate the examination forthwith and report the matter to the Director-General.

If a candidate is the holder of an existing certificate that certificate shall be forwarded with the report.

7. UNSATISFACTORY CONDUCT ON BOARD SHIP PRIOR TO EXAMINATIONS

In the case of a candidate who—

1. after having signed the agreement with the crew has neglected to join his ship; or
2. after having joined has deserted his ship; or
3. has been convicted by a tribunal of an offence for which he has been sentenced to imprisonment without the option of a fine or which the examiner considers to be of a serious nature; or
4. has been found guilty of an offence in respect of which an entry has been made in the official logbook in terms of paragraph (b) of section one hundred and eighty-three of the Act and which the examiner considers to be of a serious nature,

the testimonials required in terms of regulation 2.2 shall cover the period of two years subsequent to such misconduct: Provided that upon the application of the candidate the Director-General, after having investigated the matter, may in his discretion reduce the period.

8. ATTEMPTED BRIBERY

Any candidate who offers a gratuity to any officer of the Department shall be regarded as having committed an act of misconduct and shall not be admitted to the examination concerned. Such a candidate shall not be admitted to any examination for any certificate of competency until a period of at least 12 months has elapsed.

9. ISSUE OF CERTIFICATES

A candidate who passes the examination shall receive from the examiner a form TV5/106 which must be produced when collecting the certificate at the port designated on the application form. A candidate who is partially successful or unsuccessful in his examination shall receive from the examiner form TV5/107, giving the results of the examination. The candidate must retain this form and produce it to the examiner when next applying for examination.

10. COPIES OF LOST CERTIFICATES

An applicant for a certified copy of a lost certificate shall apply to the proper officer, paying at the same time the fee prescribed in regulation 29. A declaration as to the circumstances in which the certificate was lost shall be made by the applicant before the proper officer who shall transmit the form of application to the Director-General.

HOOFSTUK 2

BEREKENING VAN DIENS TER SEE

11. ALGEMEEN

11.1 Die onus om aanvaarbare bewys te lewer van diens ter see rus in alle gevalle op die kandidaat wat op sodanige diens aanspraak maak.

11.2 Alle diens wat ingevolge 'n ooreenkoms met die bemanning gelewer is, word behoudens die bepalings van regulasie 7 erken. As daar geen ooreenkoms met die bemanning aangegaan is nie, word slegs diens vanaf die aanvang van 'n seereis tot by die beëindiging daarvan bereken.

11.3 Indien 'n kandidaat diens doen op 'n vaartuig wat net daaglikse ritte onderneem of vir kort tydperke in gebruik is, word sy diens bereken vanaf die tydstip waarop hy in diens geneem word as 'n gereelde lid van die bemanning van sodanige vaartuig tot die tydstip waarop sy diens beëindig word.

12. GEMENGDE DIENS

12.1 Indien 'n kandidaat sy diens in meer as een hoedanigheid verrig het, moet elke soort diens na verhouding bereken word, mits sodanige diens in ander opsigte aan die regulasies voldoen.

12.2 Indien 'n kandidaat vir dekdiens aangestel is maar hy sy dienstyd ter see hoofsaaklik in die masjienkamer as assistent van die seemasjinis deurgebring het, kan die hele dienstydperk erken word as kwalifiserende diens vir 'n Bekwaamheidsertifikaat as Seemasjinis Graad 3 of Graad 2, na gelang van die geval.

12.3 Indien 'n kandidaat vir diens in enige hoedanigheid in die masjienkamer aangestel is, in 'n vaartuig van minstens 25 bruto ton, maar hy sy dienstyd ter see hoofsaaklik as 'n visserman deurgebring het, kan die hele dienstydperk erken word as kwalifiserende diens vir 'n Bekwaamheidsertifikaat as Visserman Graad 4.

13. DIENS OP VREEMDE SKEPE

Indien 'n kandidaat aanspraak maak op diens op 'n skip wat nie in die Republiek van Suid-Afrika geregistreer is nie, moet hy bewys van sodanige diens tot tevredenheid van die eksaminator lewer. As die bewys onvoldoende of enigsins twyfelagtig blyk te wees, moet alle dokumente vir 'n beslissing na die Direkteur-generaal verwys word.

14. DIENS OP SKEPE WAT NIE VISSERSBOTE IS NIE

14.1 Diens op handelsvaartuie of vlootskepe word ten volle erken as kwalifiserende seediens vir 'n bekwaamheidsertifikaat as Visserman Graad 4 of 3 en Seemasjinis Graad 3 of 2.

14.2 Diens op vaartuie wat deels op kalm water bedrywig is, soos hawesleepbote, baggerbote en kusvoorraadbarkasse, word erken as kwalifiserende diens vir 'n Bekwaamheidsertifikaat as Visserman Graad 4 of 3 en Seemasjinis Graad 3 of 2, in die verhouding van een maand diens vir elke twee maande werklike diens op sodanige vaartuie.

14.3 Ondanks strydige bepalinge in subregulasies 1 en 2 moet elke kandidaat vir 'n Bekwaamheidsertifikaat as Visserman Graad 4 of 3 bewys lewer van minstens ses maande dekdiens op vissersvaartuie van meer as 25 bruto ton.

15. HOËR AKADEMIESE KWALIFIKASIES

Vrystelling van die verwerwing van 'n Bekwaamheidsertifikaat as Visserman Graad 4 word verleen aan diegene wat beskik oor die skooleindsertifikate wat in die tabel hieronder aangedui word. Sodanige kandidate word regstreeks tot die eksamen vir die Bekwaamheidsertifikaat as Visserman Graad 3 toegelaat nadat hulle die dienstermyn wat in die tabel hieronder gespesifiseer word, as kadette op skepe van 100 ton of meer uitgedien het en 'n goedgekeurde opleidingskursus deurloop het.

CHAPTER 2

CALCULATION OF SERVICE AT SEA

11. GENERAL

11.1 In all cases the onus of producing acceptable proof of service at sea shall rest upon the candidate claiming such service.

11.2 All service rendered in terms of an agreement with the crew shall, subject to the provisions of regulation 7, be acceptable. If no agreement with the crew has been entered into, only service from the commencement of a voyage to its termination shall be reckoned.

11.3 Where a candidate serves on a vessel which operates on daily trips or for short periods only, service shall be reckoned from the time when he is engaged as a regular member of the crew of that vessel to the time when he ceases to be so engaged.

12. MIXED SERVICE

12.1 Where a candidate has performed his service in more than one capacity, proportionate allowances shall be made for each kind of service, provided that in other respects such service complies with the regulations.

12.2 Where a candidate has been engaged for service on deck but the time spent at sea has been predominantly in the engine room as assistant to the Marine Motorman, the whole term may be accepted as qualifying for a certificate of competency—Marine Motorman Grade 3 or Grade 2, as the case may be.

12.3 Where a candidate was engaged for service in any capacity in the engine room, in a vessel of not less than 25 tons gross but the time at sea was predominantly spent on deck as a fisherman, the whole term may be accepted as qualifying time for a certificate of competency—Fisherman Grade 4.

13. SERVICE ON FOREIGN SHIPS

Where a candidate claims service in a ship not registered in the Republic of South Africa, he shall produce proof of such service to the satisfaction of the examiner. If the sufficiency of the proof given appears to be at all doubtful, all papers shall be referred to the Director-General for decision.

14. SERVICE ON NON-FISHING SHIPS

14.1 Service performed in trading vessels or in naval ships shall be accepted in full toward sea service required for a certificate of competency—Fisherman, Grade 4 or 3 and Marine Motorman, Grade 3 or 2.

14.2 Service performed in vessels operating in partially smooth water, such as harbour tugs, dredgers and off-shore supply launches, shall be accepted towards qualifying time for a certificate of competency—Fisherman, Grade 4 or 3, and Marine Motorman, Grade 3 or 2, in the proportion of one month of service for every two months actual service on such vessels.

14.3 Notwithstanding anything contained in subregulations 1 and 2, every candidate for a certificate of competency as Fisherman, Grade 4 or 3 must produce evidence of at least six months service on deck in fishing vessels over 25 tons gross.

15. HIGHER ACADEMIC QUALIFICATIONS

Persons in possession of school-leaving certificates as tabled hereunder shall be granted an exemption from the requirement to obtain a certificate of competency as Fisherman, Grade 4, and shall be admitted directly to the examination for certificate of competency as Fisherman, Grade 3, after having served for the period specified in the table below as a Cadet on ships of 100 tons or more and having followed an approved training course.

Skooleindsertifikaat	Diens ter see
Standerd 10 met Wiskunde of Natuurkunde, of enige sertifikaat wat die Direkteur-generaal as gelykwaardig beskou.	Drie jaar
Standerd 8 met Wiskunde of Natuurkunde, of enige sertifikaat wat die Direkteur-generaal as gelykwaardig beskou.	Drie jaar en ses maande

16. OPLEIDINGSINRIGTINGS

16.1 Die tyd wat bestee word aan 'n goedgekeurde kursus aan 'n goedgekeurde inrigting nadat die kandidaat 16 jaar oud geword het, kom in aanmerking as kwalifiserende diens: Met dien verstande dat die kandidaat 'n sertifikaat van die prinsipaal of ander persoon in beheer van die inrigting voorlê waarin getuig word van sy goeie gedrag en bekwaamheid tot op die datum waarop hy die inrigting verlaat het.

16.2 Die Direkteur-generaal bepaal ten opsigte van elke inrigting watter deel van die tyd wat by die inrigting bestee is, gereken moet word as diens gelykwaardig aan diens ter see.

17. ONVOLDOENDE DIENS

17.1 Indien daar bevind word dat 'n kandidaat wat in 'n eksamen geslaag het, nie oor voldoende diens beskik om hom geregtig te maak op 'n bekwaamheidsertifikaat vir die graad waarvoor hy geëksamineer is nie, word daar nie 'n sertifikaat vir daardie graad aan hom uitgereik nie.

17.2 Indien daar bevind word dat daar 'n fout ingesluip het in die berekening van die kandidaat se diens en dat dit nie te wyte is aan 'n vergissing van of opsetlike wanvoorstelling deur die kandidaat nie, word die sertifikaat uitgereik sodra die kandidaat die ontbrekende dienstyd uitgedien het.

17.3 Indien daar bevind word dat die fout vanweë 'n opsetlike wanvoorstelling van die kandidaat begaan is, word die sertifikaat eers uitgereik nadat die kandidaat die ontbrekende dienstyd uitgedien het tesame met sodanige bykomende dienstyd as wat die eksaminator na goeddunke kan bepaal.

HOOFSTUK 3

EKSAMENPROSEDURE

18. ALGEMEEN

18.1 Die eksamens begin elke dag op 'n tyd wat die eksaminator bepaal. Daar word van kandidate verwag om hulle minstens 15 minute voor die bepaalde tyd aan te meld.

18.2 'n Kandidaat wat versuim om hom op die bepaalde tyd vir enige deel van die eksamen aan te meld, kan druip weens nie-verskyning, tensy hy redelike bewys voorlê dat sy nie-verskyning onvermydelik was. As 'n kandidaat weens nie-verskyning druip, verbeur hy die eksamengeld.

18.3 Niemand word in die eksamenkamer toegelaat nie behalwe diegene wat pligmatig teenwoordig moet wees.

18.4 Algehele stilte moet vir die volle duur van 'n skriftelike eksamen gehandhaaf word.

19. GEBRUIK VAN BOEKE EN INSTRUMENTE

19.1 Alle papier, boeke, tafels en kaarte wat vir die eksamen nodig is, word deur die eksaminator verskaf. Daar word van die kandidaat verwag om sy eie pen en potlood te bring.

19.2 'n Kandidaat wat ander tafels wil gebruik as dié wat die eksaminator verskaf, mag dit doen mits hy die tafels voor die aanvang van die eksamen eers deur die eksaminator laat ondersoek en goedkeur. Daar mag geen geskrewe aantekeninge op die tafels aangebring wees nie.

School-leaving certificate	Service at sea
Standard 10 with mathematics or physical science, or any certificate considered by the Director-General to be equivalent.	3 years
Standard 8 with mathematics or physical science, or any certificate considered by the Director-General to be equivalent.	3 years 6 months

16. TRAINING ESTABLISHMENTS

16.1 Time spent on an approved course at an approved establishment after the attainment of the age of 16 years shall count towards the period of qualifying service provided that the candidate produces a certificate from the principal or other person in charge of the establishment testifying to his good conduct and proficiency up to the time of his leaving the establishment.

16.2 The Director-General shall determine in respect of each establishment what proportion of the time spent at that establishment shall count towards service equivalent to service at sea.

17. INSUFFICIENT SERVICE

17.1 If, after a candidate has passed the examination, it is discovered that his service is insufficient to entitle him to receive a certificate of the grade for which the examination has been passed, a certificate of that grade shall not be granted to him.

17.2 If it is found that an error has occurred in the calculation of the candidate's service and that it did not occur through any fault or wilful misrepresentation on the part of the candidate, the certificate shall be granted when the candidate has made up the deficiency in service.

17.3 If it is found that the error occurred through the wilful misrepresentation of the candidate, the certificate shall be granted only when the candidate has made up the deficiency in service, together with such extra service as the examiner in his discretion, may decide.

CHAPTER 3

EXAMINATION PROCEDURE

18. GENERAL

18.1 Examinations shall begin on each day at a time appointed by the examiner. Candidates are expected to present themselves at least 15 minutes prior to the appointed time.

18.2 A candidate who fails to present himself at the appointed time for any part of the examination may be failed by default, in the absence of reasonable proof that failure to attend was unavoidable. If a candidate is failed by default the examination fee shall be forfeited.

18.3 No persons other than those whose duties require them to be present shall be allowed in the examination room.

18.4 Complete silence must be maintained for the full duration of a written examination.

19. USE OF BOOKS AND INSTRUMENTS

19.1 All papers, books, tables and charts which are necessary for the examination shall be supplied by the examiner. The candidate is expected to provide pen and pencil.

19.2 A candidate who wishes to use tables other than those provided by the examiner may do so provided that he submits them to the examiner for scrutiny and approval before the commencement of the examination. These tables shall not contain any manuscript notes.

19.3 Al die instrumente wat vir die eksamen nodig is, word deur die eksaminator verskaf, maar 'n kandidaat mag sy eie teken- en rekeninstrumente na goeddunke van die eksaminator gebruik.

20. OPLOSSINGS

20.1 'n Kandidaat mag probleme oplos volgens enige metode wat hy gewoond is om te gebruik, mits sodanige metode in beginsel korrek is en akkuraat genoeg is, en mits al die werk op die antwoordstel uiteengesit word.

20.2 'n Kandidaat wat 'n rekeninstrument vir sy berekenings gebruik, moet op sy antwoordstel 'n volledige uiteensetting gee van hoe hy die antwoord verkry het. As so 'n werkuiteensetting nie verstrek word nie, word geen punte toegeken nie.

21. VERLANGDE GRAAD VAN AKKURAATHEID

21.1 Kandidate moet so akkuraat werk as wat die beskikbare gegewens en die betrokke tipe probleem toelaat. Inligting uit tafels moet so noukeurig wees as wat die inherente akkuraatheid van die tafels toelaat, en finale antwoorde hoef nie noukeuriger te wees as wat geregverdig is nie.

21.2 Wanneer hulle berekenings doen om 'n skip se posisie te bepaal, word daar van kandidate verwag om dit tot 0,1 van 'n boogminuut en tot die naaste sekonde in tyd te doen. Enige berekeningsmetode waarvolgens 'n standlyn bepaal word, behoort 'n antwoord korrek tot hoogstens 0,5 van 'n seemyl te gee.

21.3 By die berekening van kompasfoute, liggings en koerse moet die antwoord tot die naaste volle graad bereken word.

21.4 By die berekening van getye moet die antwoord binne 150 mm van die presiese antwoord wees.

22. MONDELINGE EKSAMENS

22.1 Waar 'n eksamen deels mondeling en deels skriftelik is, kan die eksaminator mondelinge vrae na aanleiding van die kandidaat se skriftelike antwoorde aan hom stel.

22.2 Van 'n kandidaat wat vanweë 'n ernstige gebrek aan praktiese kennis in die mondelinge deel van die eksamen druip, kan die eksaminator na goeddunke verwag om verdere diens ter see te verrig voordat hy hereksamineer word. Sodanige diens mag nie langer as ses maande duur nie.

23. STRAWWE

23.1 Die diensdokumente (dit is sertifikate, getuigskrifte, ens) van 'n kandidaat wat enige boek, instrument of ander eiendom van die Departement skend of andersins beskadig, word teruggehou totdat hy die skade herstel of die beskadigde artikel vervang het.

23.2 'n Kandidaat mag behoudens die bepalings van regulasie 19.2 nie tydens enige deel van 'n skriftelike eksamen enige boeke, aantekeninge, memoranda of dokumente by hom hê nie.

23.3 'n Kandidaat mag nie die eksamenkamer tydens 'n skriftelike eksamen sonder toestemming en sonder dat hy die vraestel waarmee hy besig is ingelewer het, verlaat nie.

23.4 'n Kandidaat mag onder geen omstandighede die gebou waarin die eksamen aan die gang is, verlaat met die voorneme om na die eksamenkamer terug te keer nie.

23.5 'n Kandidaat mag nie tydens enige deel van 'n skriftelike eksamen enige ongeoorloofde boek of geskrif raadpleeg of enige werk van iemand anders afskryf of aan iemand anders enige hulp verleen of inligting gee of hulp of inligting van iemand anders aanvaar of op enige manier met iemand anders as die eksaminator kommunikeer of enige deel van die vrae of antwoorde afskryf met die doel om dit uit die eksamenkamer te neem nie.

19.3 All instruments necessary for the examination shall be supplied by the examiner but a candidate may use his own drawing and calculating instruments, at the discretion of the examiner.

20. SOLUTIONS

20.1 A candidate may solve problems by any method he is accustomed to use, provided that such method is correct in principle, affords the required degree of precision and that all work is shown on the answer sheet.

20.2 A candidate who uses a calculating instrument for his calculations shall show on his answer sheet the full working statement necessary to arrive at the results. If the statement is not so shown no marks shall be awarded.

21. DEGREE OF PRECISION REQUIRED

21.1 Candidates should work to a degree of precision consistent with the data available and the type of problem in question. Information from tables should be extracted as accurately as possible consistent with the inherent accuracy of the tables, and final answers should be given to the best degree of precision which is justified, and no more.

21.2 When making calculations to obtain a ship's position, candidates are expected to work to 0,1 of a minute of arc and to the nearest second of time. Any method of calculation used to obtain a position line should be capable of giving an answer within a maximum of one half of a nautical mile.

21.3 In the calculation of compass errors, bearings and courses, the answer should be worked to the nearest whole degree.

21.4 Tidal calculations should be worked to provide an answer within 150 mm of a precise result.

22. ORAL EXAMINATIONS

22.1 In the case of examinations which consist of both written and oral sections, the examiner may ask the candidate oral questions arising from the written work produced by the candidate.

22.2 A candidate who fails the oral part of the examination through serious weakness in practical knowledge, may, at the examiner's discretion be required to perform further service at sea before being re-examined. Such service shall not exceed six months.

23. PENALTIES

23.1 The service papers (i.e. certificates, testimonials, etc.) of a candidate who defaces or otherwise damages any book, instrument or other property of the Department shall be retained until he has rectified the damage or replaced the damaged article.

23.2 Subject to the provisions of regulation 19.2 a candidate may not have in his possession during any part of a written examination any books, notes, memoranda or papers.

23.3 A candidate may not leave the examination room during a written examination without permission and without handing in the paper upon which he is engaged.

23.4 A candidate may not, under any circumstances, leave the building while the examination is in progress with the intention of returning to the examination room.

23.5 A candidate may not, during any part of a written examination refer to any unauthorised book or paper, or copy any work from another person, or afford any assistance or give any information to another person, or accept assistance or information from another person, or communicate in any way with another person other than the examiner, or copy any part of the questions or answers for the purpose of taking it out of the examination room.

23.6 'n Kandidaat wat die bepalings van subregulasies 2, 3, 4 of 5 oortree of wat met die eksaminator parmantig is of hom aan wanordelike of onbehoorlike gedrag in of by die eksamenkamer skuldig maak, word geag die hele eksamen te gedruip het en kom vir 'n tydperk van ses maande nie vir 'n hereksamen in aanmerking nie.

24. TYD WAT TUSSEN DRUIPING EN HEREKSAMINERING MOET VERLOOP

24.1 'n Kandidaat wat in enige deel van die eksamen gedruip het, kom nie voor die volgende aangegewe eksamendatum vir hereksaminering in aanmerking nie. Hierdie reëling mag na die goeddunke van die betrokke eksaminator verander word, maar die kandidaat mag onder geen omstandighede hereksamineer word voordat die week wat volg op die week waarin hy gedruip het, verstryk het nie.

24.2 Indien 'n kandidaat slaag in enige deel van 'n eksamen wat uit meer as een deel bestaan, ontvang hy krediet vir die deel waarin hy geslaag het. Sodanige krediet bly geldig vir ses maande en in dié tydperk moet die kandidaat in die oorblywende dele slaag. As hy in gebreke bly om dit te doen, word hy in die hele eksamen hereksamineer.

24.3 As 'n kandidaat 'n tweede keer in die skriftelike of mondelinge deel van 'n eksamen druip, is sy straf 'n verdere drie maande diens ter see. As hy 'n derde keer druip, is sy straf ses maande diens ter see.

25. OMVANG VAN KENNIS VERLANG

Waar die omvang van die kennis wat van die kandidaat verlang word, nie uit die voorgeskrewe leerplan blyk nie, moet dit bepaal word deur 'n werkkomitee wat uit 'n verteenwoordiger van die Departement, die visserybedryf en elke opleidingsinrigting bestaan.

26. EKSAMENROOSTER EN VOORGESKREWE PUNTETOEKENNING

23.6 A candidate who contravenes the provisions of subregulations 2, 3, 4 or 5 or who is guilty of insolence to the examiner, or of disorderly or improper conduct in or about the examination room shall be regarded as having failed the whole of the examination and shall not be accepted for re-examination for a period of six months.

24. TIME ELAPSE BETWEEN FAILURE AND RE-EXAMINATION

24.1 A candidate who has failed in any part of an examination shall not be eligible for re-examination until the following scheduled date of examination. This arrangement may be varied by the examiner concerned at his discretion, but under no circumstances shall the candidate be re-examined before the expiration of the week following the week in which he failed.

24.2 Where any part of an examination which consists of more than one part is passed the candidate shall receive credit for the part he has passed and such credit shall hold good for six months, during which time the remaining parts must be passed. Failure to comply shall result in the candidate being re-examined in the whole of the examination.

24.3 In the case of a second failure in the written or oral part of any examination the candidate shall be penalised by having to serve a further three months period at sea. In the case of a third failure, the penalty shall be six months.

25. DEPTH OF KNOWLEDGE

Where the depth of knowledge required of the candidate is not evident from the prescribed syllabus, the required depth shall be established by a Working Committee consisting of a representative from the Department, the Fishing Industry and each Training Establishment.

26. EXAMINATION TIME-TABLE AND PRESCRIBED MARKING SCHEDULE

		Tyd	Totale getal punte	Persentasie-slaagsyfer
26.1	**Visserman Graad 3**			
	Eerste dag			
	Praktiese Navigasie en Kaartwerk	3 uur	100	70
26.2	**Visserman Graad 2**			
	Eerste dag			
	Praktiese Navigasie	3 uur	200	140
	Kaartwerk	2 uur	200	140
	Tweede dag			
	Algemene Skeepskennis	3 uur	100	50
26.3	**Visserman Graad 1**			
	Eerste dag			
	Algemene Skeepskennis	3 uur	200	100
	Weerkunde	2 uur	100	50
	Tweede dag			
	Praktiese Navigasie en Kaartwerk	3 uur	200	140

		Time	Total Marks	Percentage Pass Mark
26.1	**Fisherman Grade 3**			
	First Day			
	Practical Navigation & Chartwork	3 hrs	100	70
26.2	**Fisherman Grade 2**			
	First Day			
	Practical Navigation	3 hrs	200	140
	Chartwork	2 hrs	200	140
	Second Day			
	General Ship Knowledge	3 hrs	100	50
26.3	**Fisherman Grade 1**			
	First Day			
	General Ship Knowledge	3 hrs	200	100
	Meteorology	2 hrs	100	50
	Second Day			
	Practical Navigation & Chartwork	3 hrs	200	140

26.4 Mondelinge eksamens en eksamens in seinwerk word na aflegging van die skriftelike gedeelte, as daar is, deur die eksaminator afgeneem op 'n tyd deur die eksaminator bepaal.

HOOFSTUK 4

GELDE

27. WANNEER BETAALBAAR

'n Kandidaat wat 'n eksamen vir 'n bekwaamheidsertifikaat wil aflê, moet die eksamengeld voor die eksamendatum betaal, en geen kandidaat word tot die eksamen toegelaat nie, tensy hy 'n kwitansie vir die eksamengeld aan die eksaminator toon.

28. WAAR BETAALBAAR

Die eksamengeld moet aan die naaste bevoegde beampte betaal word, wat 'n kwitansie moet uitreik met vermelding van—

(a) die naam van die kandidaat;
(b) die bedrag wat betaal is; en
(c) die graad van die eksamen.

29. TERUGBETALING VAN GELDE

As 'n kandidaat weens omstandighede buite sy beheer nie 'n eksamen kan aflê waarvoor hy gelde betaal het nie, kan hy skriftelik by die bevoegde beampte aansoek doen om die terugbetaling van die gelde. As die bevoegde beampte van mening is dat die aansoek op redelike gronde berus, stuur hy dit deur na die Direkteur-generaal wat die terugbetaling kan magtig.

30. HEFFING VIR 'N VERLORE SERTIFIKAAT

'n Heffing van R10 is betaalbaar vir 'n gesertifiseerde afskrif van 'n verlore sertifikaat: Met dien verstande dat geen heffing betaalbaar is as die sertifikaat verlore geraak het weens skipbreuk of 'n brand aan boord nie.

31. GELDETABEL

31.1 Die volgende eksamengelde is betaalbaar:

31.1 A. *Vissermanne:*

(a) Visserman Graad 4: R20.
(b) Visserman Graad 3: R30.
(c) Visserman Graad 2: R40.
(d) Visserman Graad 1: R50.

31.1.1 Bogenoemde gelde sluit dié vir die eksamen in seinwerk in as dit gelyktydig met die res van die eksamen afgelê word. As 'n kandidaat net in die skriftelike of mondelinge deel hereksamineer word, is die helfte van genoemde gelde betaalbaar, wat 'n hereksamen in seinwerk insluit as dit gelyktydig afgelê word.

31.1.2 As die kandidaat in die seinwerkdeel van die eksamen afsonderlik hereksamineer word, is 'n bedrag van R15 vir elke eksaminering betaalbaar.

31.1.3 'n Bedrag van R3 is betaalbaar vir die aflê van die gesigstoets vir kleur en vorm, maar as dié toets gelyktydig met die eksamen vir 'n bekwaamheidsertifikaat afgelê word, is geen gelde betaalbaar nie.

31.2 B. *Seemasjiniste:*

(a) Seemajinis Graad 3: R20.
(b) Seemasjinis Graad 2: R30.
(c) Seemasjinis Graad 1: R50.

HOOFSTUK 5

HERROEPING EN KORT TITEL

32. Die Regulasies in verband met die Eksamens vir Vissermanne, 1960, uitgevaardig by Goewermentskennisgewing R. 120 van die *Buitengewone Staatskoerant* van 22 Januarie 1960, word hierby herroep.

26.4 Oral and signals examinations will be conducted by the examiner, following the written part, if any, at a time to be determined by the examiner.

CHAPTER 4

FEES

27. WHEN TO PAY FEES

A candidate for examination for a certificate of competency shall pay the examination fee prior to the date of the examination and no candidate shall be allowed to sit for the examination unless he produces to the examiner the receipt for the fee paid.

28. WHERE TO PAY FEES

The fee for examination shall be paid to the nearest proper officer who shall issue a receipt stating—

(a) the name of the candidate;
(b) the amount paid; and
(c) the grade of the examination.

29. REFUND OF FEES

If, through circumstances beyond the control of a candidate, he is unable to undergo the examination for which fees have been paid he may apply in writing to the proper officer for a refund of such fees. If the proper officer considers that the application is based upon reasonable grounds he shall transmit it to the Director-General who may authorise the refund.

30. FEE FOR A LOST CERTIFICATE

A fee of R10 shall be paid for a certified copy of a lost certificate of competency, provided that no fee shall be paid if the certificate was lost through shipwreck or fire on board ship.

31. TABLE OF FEES

31.1 The fees payable for examinations are as follows:

31.1 *A. Fishermen:*

(a) Fisherman Grade 4: R20.
(b) Fisherman Grade 3: R30.
(c) Fisherman Grade 2: R40.
(d) Fisherman Grade 1: R50.

31.1.1 The above fees include the fee for the examination in signalling, if it is taken at the same time as the rest of the examination. If a candidate is re-examined in only the written part or the oral part, one half the above fee is payable, which includes a re-examination in signalling, if taken at the same time.

31.1.2 If a candidate is re-examined in the signalling part of the examination separately, a fee of R15 shall be paid for each examination.

31.1.3 A fee of R3 shall be paid to undergo the colour and form vision test, but when such test is taken at the same time as an examination for a certificate of competency, no fee shall be payable.

31.2 B. *Motormen:*

(a) Marine Motorman Grade 3: R20.
(b) Marine Motorman Grade 2: R30.
(c) Marine Motorman Grade 1: R50.

CHAPTER 5

REPEAL AND SHORT TITLE

32. The Examination Regulations for Fishermen, 1960, promulgated by Government Notice R. 120 in the *Extraordinary Government Gazette* of 22 January 1960, are hereby repealed.

33. Hierdie regulasies word die Eksamenregulasies vir Bekwaamheidsertifikate vir Vissermanne en Seemasjiniste, 1985, genoem.

AANHANGSELS

AANHANGSEL 1: Vereistes ten opsigte van ouderdom en seediens en eksamenleerplanne vir bekwaamheidsertifikate—vissermanne.

AANHANGSEL 2: Vereistes ten opsigte van ouderdom en seediens en eksamenleerplanne vir bekwaamheidsertifikate—seemasjiniste.

AANHANGSEL 3: Gesigstoetse: Die afneem van die toetse en die verlangde standaard van gesigskerpte.

AANHANGSEL 1

VEREISTES TEN OPSIGTE VAN OUDERDOM EN SEEDIENS EN LEERPLANNE VIR VISSERMANGRADE

AANHANGSEL 1

VEREISTES TEN OPSIGTE VAN OUDERDOM EN SEEDIENS EN EKSAMINLEERPLAN VIR VISSERMAN GRAAD 4

1. Minimum ouderdom—19 jaar.

2. Seediens—Minstens drie jaar dekdiens op vissersvaartuie van meer as 25 bruto ton.

LEERPLAN

1. MONDELINGE EKSAMEN IN NAVIGASIE

1.1 Die praktiese gebruik en beperkinge van elektroniese navigasiestelsels wat tans op 'n groot aantal vissersvaartuie gebruik word, bv. radar, Decca-navigator, eggopeiler, radiorigtingsoeker, satellietnavigator, elektroniese skeepsjoernale.

1.2 Die beginsel en gebruik van die magnetiese kompas en die oorsake en aanwending van variasie en deviasie, en die vergelyking van die magnetiese kompas met die girokompas.

1.3 Hoe om 'n stuurkoers en die afstand tussen twee punte op 'n kaart te kry.

1.4 Hoe om kompaspeilings om te sit in ware pailings en andersom.

1.5 Posisiebepaling deur middel van—

(i) radar- of visuele kruispeilings;

(ii) peiling en radarafstand of eggopeiler;

(iii) enige kombinasie van bogenoemde metodes.

1.6 Die vertolking van 'n kaart, veral wat betref inligting oor boeie, ligte, radiobakens, navigasiehulpmiddels, diepte- en hoogtekontoere, seestrome, gesteldheid van die seebodem, kaartregstellings en -bywerking en kruisnetkaarte.

1.7 Die gebruik en byhou van 'n dekjoernaal.

2. MONDELINGE EKSAMEN IN SEEMANSKAP

2.1 Die Internasionale Regulasies vir die Voorkoming van Botsings ter See.

2.2 Hoe om 'n skip gereed te maak om 'n hawe te verlaat en binne te vaar, veilige waghou op die brug, ter see of voor anker, en die aflos van die wag.

2.3 Kennis van die regulasies in verband met die voer van reddings- en brandblustoerusting en die versorging en gebruik van sodanige toerusting; soorte brande en soorte brandblussers.

2.4 Hoe om 'n vaartuig aan 'n kaai of hawehoof vas te maak en watter voorsorgmaatreëls teen beskadiging getref moet word.

2.5 Hoe om gereed te maak om 'n skip op sleeptou te neem en self gesleep te word, metodes om boegrigting te hou as 'n skip ontredder is, met spesiale verwysing na die beskikbaarheid van materiaal aan boord.

2.6 Die uitkenning van verskillende soorte tou wat gewoonlik op vissersvaartuie gebruik word en hul voor- en nadele.

2.7 Hoe om die gewone knope, skootsteke en slae te maak en te gebruik.

2.8 Die belangrikheid van waterdigtheidintegriteit.

2.9 Optrede as iemand oorboord geval het.

2.10 Die belangrikheid van sindelikheid op 'n skip.

2.11 'n Basiese kennis van visgerei, en die hantering daarvan.

2.12 Die IALA-boeiestelsel.

2.13 Hoe om die lettervlae vir die Internasionale Seinkode te herken; en ook die betekenis daarvan.

33. These regulations shall be called the Examination regulations for Fishermen and Marine Motormen 1985.

ANNEXURES

ANNEXURE 1: Age and sea service requirements and examination syllabuses for certificates of competency—fishermen.

ANNEXURE 2: Age and sea service requirements and examination syllabuses for certificates of competency—marine motormen.

ANNEXURE 3: Sight tests: Conduct of the tests and standard of vision required.

ANNEXURE 1

AGE AND SEA SERVICE REQUIREMENTS AND SYLLABUSES FOR FISHERMAN GRADES

ANNEXURE 1

AGE, SEA SERVICE REQUIREMENTS AND SYLLABUS FOR EXAMINATION AS FISHERMAN GRADE 4

1. Minimum age—19 years.

2. Sea service—At least three years service on deck of fishing vessels over 25 gross tons.

SYLLABUS

1. ORAL EXAMINATION IN NAVIGATION

1.1 The practical use and limitations of electronic navigation systems currently found on a large proportion of fishing vessels, e.g. radar, Decca navigator, echo sounder, radio direction finder, satellite navigator, electronic logs.

1.2 The principle and use of the magnetic compass and the causes of and application of variation and deviation, and the comparison of a magnetic compass with a gyro compass.

1.3 Finding a course to steer and the distance between two points on a chart.

1.4 Converting compass bearings to true bearings and vice-versa.

1.5 Position fixing by means of—

(i) cross bearings obtained visualy or by radar;

(ii) bearing and radar range or echo sounder;

(iii) Decca Navigator;

(iv) any combination of the above methods.

1.6 The interpretation of a chart, particularly information given about buoys, lights, radio beacons, navigational aids, depth and height contours, ocean currents, nature of the bottom, chart corrections and updating and lattice charts.

1.7 The use and upkeep of a deck logbook.

2. ORAL EXAMINATION IN SEAMANSHIP

2.1 International Regulations for Preventing Collisions at sea.

2.2 The preparation of a ship for leaving and entering port, the keeping of a safe bridge watch, at sea or at anchor, and the handing over of the watch.

2.3 A knowledge of the regulations for the carriage of lifesaving and fire-fighting equipment and the care and use of such equipment; types of fires and of extinguishers.

2.4 Securing a vessel alongside a quay or jetty and precautions to be taken to prevent damage.

2.5 Prepare for towing and being towed, methods whereby a disabled ship can be kept head to sea with particular reference to the availability of materials on board.

2.6 The recognition of different kinds of rope in common use upon fishing vessels, their advantages and disadvantages.

2.7 The ability to make and use common knots, bends and hitches.

2.8 The importance of watertight integrity.

2.9 Action to be taken in the event of man overboard.

2.10 The importance of cleanliness in a vessel.

2.11 Basic knowledge of fishing gear and the handling thereof.

2.12 IALA buoyage system.

2.13 To recognise and know the meaning of the alphabetical flags of International Code of Signals.

2.14 Noodseine wat deur skepe en vliegtuie gebruik word en die strawwe vir die misbruik daarvan.

2.15 'n Elementêre kennis van tipiese weerpatrone en van die vernaamste seestrome langs die kus van Suidelike Afrika.

2.16 Hoe om duidelik bewoorde weerberigte te ontvang en gevolgtrekkings in verband met die verwagte weerstoestande te maak.

2.17 Die gebruik van helikopters in reddingswerk; die voorsorgmaatreëls wat getref moet word wanneer personeel of goedere met die helikopterhyser verplaas word.

2.18 'n Deeglike kennis van die bedrywighede in verband met die tewaterlating en praktiese hantering van alle oorlewingsvaartuie en -toerusting aan boord, en van die beginsel van oorlewing in oorlewingsvaartuie ter see.

VEREISTES TEN OPSIGTE VAN OUDERDOM EN SEEDIENS EN EKSAMENLEERPLAN VIR VISSERMAN GRAAD 3

1. Minimum ouderdom—19 jaar.

2. Seediens:

(i) Een jaar as tweede in bevel op enige vissersvaartuig van 50 ton of meer, of

(ii) een jaar in enige offisierswagpos op 'n vissersvaartuig van 100 ton of meer,

terwyl reeds in besit van 'n Graad 4-sertifikaat, of

(iii) sodanige diens as wat regulasie 15 voorskryf.

LEERPLAN

1. SKRIFTELIKE EKSAMEN IN PRAKTIESE NAVIGASIE EN KAARTWERK (3 UUR)

Benewens die leerplan vir Visserman Graad 4—

1.1 hoe om—

(i) die uitwerking van stroom en drif op koers en spoed te bepaal,

(ii) die koers wat gestuur moet word om 'n bepaalde grondkoers te behou,

(iii) die koers en snelheid van die stroom te bepaal;

1.2 hoe om—

(i) die kompasfout te bepaal deur gebruik te maak van—

(a) oorgangspeilings,

(b) die peiling van die son te eniger tyd,

(ii) die skip se posisie te eniger tyd te bepaal deur gebruik te maak van—

(a) koppelkoerstafels of kaartuitstipping,

(b) oorbringde standlyne,

(c) die rigtingsoeker en 'n reeks dieptepeilings,

(d) standlyne, verkry van sonwaarnemings met behulp van waarnemingsherleidingstabelle as die kandidaat dit wil gebruik, gekombineer met enige metode hierbo genoem;

1.3 'n deeglike kennis van navigasiekaarte en publikasies soos vaaraanwysings, getytafels, kennisgewings aan seevaarders en navigasiewaarskuwings, en die vermoë om dit te gebruik.

2. MONDELINGE EKSAMEN IN SEEMANSKAP

Benewens die leerplan vir Visserman Graad 4—

2.1 elementêre kennis van die bepalings van Hoofstuk V van die Handelskeepvaartwet, 1951 (Veiligheid van Skepe en Menselewens ter See), soos van toepassing op skepe van minder as 100 ton;

2.2 kennis van die afmetings en treksterkte van toue en draad, die versorging daarvan en voorsorgmaatreëls by die gebruik en opberging daarvan. Die identifisering van veilige werkpraktyke ten opsigte van visgerei en visvangbedrywighede. Eenvoudige berekenings ten opsigte van die veilige werklas van toue, en die kragwins wat met behulp van takelstelle verkry word;

2.3 die gebruik, versorging en onderhoud van redding- en brandblustoerusting;

2.4 die hantering van 'n vissersboot binne en buite die hawe, ankergooi, maneuvrering in onstuimige weer, hoe 'n skip op sleeptou te neem en self gesleep te word;

2.5 optrede in noodgevalle of tydens ontreddering of stranding; oorlewings- en reddingsprosedures met inbegrip van helikopterreddingswerk;

2.6 optrede om beskadiging te beperk in geval van brand, botsing of stranding;

2.7 die praktiese gebruik van alle navigasie-instrumente aan boord van 'n skip, soos 'n sekstant, chronometer of chronograaf, barometer en elektroniese navigasiehulpmiddels;

2.8 elementêre kennis van stabiliteit, en stywe en rank vaartuie;

2.9 die belangrikheid van die behoud van waterdigtheid, afsluittoestelle, oorsyse en deurdekopenings, byvoorbeeld afvalstortgeute en fabrieksdek-spuigatkleppe;

2.14 Signals of distress used by ships or aircraft, penalties for misuse.

2.15 An elementary knowledge of typical weather patterns and of the principal ocean currents experienced in the coastal waters of Southern Africa.

2.16 To receive plain language weather reports and to draw conclusions as to expected weather.

2.17 The use of helicopters in rescue work; the precautions to be taken when transferring personnel or goods by the helicopter hoist.

2.18 A thorough knowledge of the operations connected with the launching and the practical handling of all survival craft and equipment on board, and of the principle of survival in such survival craft at sea.

AGE, SEA SERVICE REQUIREMENTS AND SYLLABUS FOR EXAMINATION AS FISHERMAN GRADE 3

1. Minimum age—19 years.

2. Sea service:

(i) One year as second in command on any fishing vessel of 50 tons or more, or

(ii) one year in any officer watchkeeping position on a fishing vessel of 100 tons or more,

whilst holding a Grade 4 certificate, or

(iii) service as required by regulation 15.

SYLLABUS

1. WRITTEN EXAMINATION IN PRACTICAL NAVIGATION AND CHARTWORK (3 HOURS).

In addition to the syllabus for Fisherman Grade 4—

1.1 to find—

(i) the effect of current and leeway on course and speed,

(ii) the course to steer to make good a certain tracking,

(iii) the set and rate of the current.

1.2 to determine—

(i) the compass error using—

(a) transit bearings,

(b) the bearing of the sun at any time,

(ii) the ship's position at any time using—

(a) traverse tables or chart plotting,

(b) transferred position lines,

(c) direction finder and a line of soundings,

(d) position lines obtained from observations of the sun with the aid of sight reduction tables if the candidate opts to use them, combined with any of the above methods.

1.3 a thorough knowledge of and the ability to use navigational charts and publications such as sailing directions, tide tables, notices to mariners and navigational warnings.

2. ORAL EXAMINATION IN SEAMANSHIP

In addition to the syllabus for Fisherman Grade 4—

2.1 elementary knowledge of the requirements of Chapter V of the Merchant Shipping Act, 1951 (Safety of Ships and Life at Sea) as applicable to ships of under 100 tons;

2.2 Knowledge of measurements and tensile strengths of ropes and wires, care and precautions during use and storage. Recognition of safe working practices in respect of fishing gear and fishing operations. Simple calculations in respect of safe working loads of ropes and power gained by purchases;

2.3 the use, care and maintenance of lifesaving and fire-fighting equipment;

2.4 the handling of a fishing boat in and out of harbour, anchoring, heavy weather manoeuvring, towing and being towed;

2.5 the action to be taken when disabled, in distress or stranded, survival and rescue procedures including helicopter rescue;

2.6 action to be taken for damage control in case of fire, collision or stranding;

2.7 practical use of all navigation instruments found on board ships such as sextant, chronometer or time piece, barometer and electronic aids to navigation;

2.8 elementary knowledge of stability, stiff and tender vessels;

2.9 importance of watertight integrity, closing devices, overside and through deck openings for example offal chutes and factory deck scupper valves;

2.10 die oorplaas van 'n beseerde of goedere met 'n boot of vlot ter see;

2.11 die praktiese gebruik van die Internasionale Seinkode vir die stuur en ontvang van boodskappe deur middel van vlae of die Morse-kode.

VEREISTES TEN OPSIGTE VAN OUDERDOM EN SEEDIENS EN EKSAMENLEERPLAN VIR VISSERMAN GRAAD 2

1. Minimum ouderdom–21 jaar.

2. Seediens:

(i) Een jaar as tweede in bevel op vaartuie van meer as 100 ton, of
(ii) een jaar in bevel op vaartuie van minder as 100 ton plus ses maande in enige offisierswagpos op vaartuie van meer as 300 ton,

terwyl in besit van 'n Graad 3-sertifikaat.

LEERPLAN

1. SKRIFTELIKE EKSAMEN IN NAVIGASIE (3 UUR)

Benewens die leerplan vir Visserman Graad 3, hoe om—

1.1 die kompasfout te bepaal deur middel van die peiling van die maan of Venus;

1.2 die skip se breedteligging te bepaal deur middel van die meridiaanshoogte van die maan of Venus;

1.3 die rigting te bepaal van die standlyn waarop die skip geleë is en 'n posisie waardeur dit gaan, deur 'n waarneming van die son of Venus naby of buite die meridiaan;

1.4 die skip se ligging te bepaal deur middel van standlyne wat met behulp van twee of meer waarnemings met of sonder 'n meetvaart verkry is.

2. SKRIFTELIKE EKSAMEN IN KAARTWERK (2 UUR)

Benewens die vereistes vir Visserman Graad 3:

2.1 Maksimum sigafstand van ligte en landmerke volgens hul hoogte bo seevlak en die gebruik van die sekstant om afstand seewaarts te bepaal.

2.2 Kandidate word mondeling getoets in verband met die kies van geskikte punte vir peilings, nadering en ankergooi en die binnevaar van smal waters. Die betroubaarheid van kaarte.

2.3 Die gebruik van getytafels om hoogwater- en laagwatertye te bereken en die tye wanneer die gety 'n bepaalde hoogte bereik.

3. SKRIFTELIKE EKSAMEN IN ALGEMENE SKEEPSKENNIS (3 UUR)

3.1 Algemene kennis van die bou van 'n vissersvaartuig met spesifieke verwysing na huidbeplating, spante, dekbeplating, waterdigte skotte, waterdigte deure, peilkokers, lugpype, lens- en ballasleidings en brandbluspompstelsels.

3.2 Veiligheidsmaatreëls aan boord van vissersvaartuie, wat insluit die optakel van valrepe, veiligheidslyne, die werking van laaibome, verhaaltoue en visgerei, meertoue en -drade, die werking van ankers en die gebruik van beskermingsklere; berekenings in verband met die kragwins met behulp van katrolle en takelstelle verkry, die veilige werklaste van toue en die maksimum laste wat met 'n tou opgehys kan word.

3.3 'n Algemene kennis van stabiliteit, wat insluit swaartepunt, drukkingspunt, metasenter en metasenterhoogte; stabiele, neutrale en onstabiele ewewig; stywe en rank skepe; lolganghoek, die oorsaak en regstelling daarvan; statiese stabiliteit, stabiliteitskrommes en stabiliteitstrek; die uitwerking wat die oplig en laat sak van gewigte en die aan boord neem en los van gewigte op die statiese stabiliteit het; die uitwerking van gewigte wat op 'n sekere hoogte hang; die uitwerking van vryboord op die stabiliteitstrek; die uitwerking van vry oppervlak op die metasenterhoogte; en kennis van die stabiliteitsinligting wat aan 'n vissersvaartuig verstrek word. Eenvoudige berekenings betreffende bogenoemde.

4. MONDELINGE EKSAMEN IN SEEMANSKAP, WEERKUNDE EN GESAGVOERDERSBESIGHEIDSPLIGTE

Benewens die vereistes vir 'n Visserman Graad 3-sertifikaat:

4.1 Skeepshantering, vaslê en losgooi, ankergooi, vasmeer en losmeer van skepe.

4.2 Hoe om in onstuimige weer boegrigting te hou as die skip ontredder is.

4.3 Optrede wanneer 'n skip beskadig of aan die brand is of gestrand het.

4.4 Die optakeling en gebruik van noodstuurgerei, die voorkoming van waterinstroming in geval van 'n botsing, en ander noodmaatreëls.

4.5 Brandbeheer en die gebruik van brandblustoestelle.

4.6 Selfontbranding met spesiale verwysing na vismeelstuwing.

4.7 Noodprosedures en veilige werkpraktyke soos vervat in die toepaslike gedeeltes van die FAO/ILO/IWO Code of Safety for Fishermen and Fishing Vessels, Part A, en in Hoofstuk VIII van die Annex to the Torremolinos International Convention for the Safety of Fishing Vessels, 1977.

2.10 transferring an injured man, or goods, at sea by means of boat or raft;

2.11 practical use of the International Code of Signals for transmitting and receiving messages by means of flags or the Morse Code.

AGE, SEA SERVICE REQUIREMENTS AND SYLLABUS FOR EXAMINATION AS FISHERMAN GRADE 2

1. Minimum age—21 years.

2. Sea service:

(i) One year second in command on vessels over 100 tons, or

(ii) one year in command on vessels under 100 tons plus six months in any officer watchkeeping position on vessels over 300 tons,

whilst holding a Grade 3 certificate.

SYLLABUS

1. WRITTEN EXAMINATION IN NAVIGATION—(3 HOURS)

In addition to the syllabus for Fisherman Grade 3 to determine—

1.1 The compass error using the bearing of the Moon or Venus;

1.2 the ship's latitude by meridian altitude of the Moon or Venus;

1.3 the direction of the position line on which the ship is situated and a position through which it passes, from an observation of the sun or Venus near or out of the meridian;

1.4 the ship's position using position lines obtained from two or more observations, with or without a run.

2. WRITTEN EXAMINATION IN CHARTWORK—(2 HOURS)

In addition to the requirements for Fisherman Grade 3:

2.1 Dipping distances of lights and distances of sighting points of land of known height, and using the sextant to find distance off.

2.2 Candidates will be examined orally on the selection of suitable points for bearings, approaching and anchorage and entering narrow waters. The reliability of charts.

2.3 Using tide tables to calculate times of high water and low water, and times at which the tide will be a given height.

3. WRITTEN EXAMINATION IN GENERAL SHIP KNOWLEDGE—(3 HOURS)

3.1 General knowledge of the construction of a fishing vessel with specific reference to shell plating, framing, deck plating, watertight bulkheads, watertight doors, sounding pipes, air pipes, bilge and ballast lines and fire pumping systems.

3.2 Safety precautions abroad fishing vessels, which shall include the rigging of gangways, safety lines, working of derricks, warps and fishing gear, mooring ropes and wires, working of anchors and the use of protective clothing; calculations involving the power gained by tackles and purchases, safe working loads of ropes and maximum loads to be lifted on a rope.

3.3 A general knowledge of stability which shall include centre of gravity, centre of buoyancy, metacentre and metacentric height; stable, neutral and unstable equilibrium; stiff and tender ships; angle of loll, its cause and correction; statical stability, stability curves and range of stability; the effect on the statical stability of raising and lowering of weights and the taking on board and the discharging of weights; the effect of weights suspended at a height; the effect of freeboard on the range of stability; the effect of free surface on the metacentric height; and a knowledge of the stability information supplied to a fishing vessel. Simple calculations on the above.

4. ORAL EXAMINATION IN SEAMANSHIP, METEOROLOGY AND SHIPMASTER'S BUSINESS.

In addition to the requirements for a Fisherman Grade 3 certificate:

4.1 Ship handling, berthing and unberthing, anchoring, mooring and unmooring.

4.2 How to keep a ship's head to sea when disabled in heavy weather.

4.3 The action to be taken when damaged, stranded or on fire.

4.4 The rigging and use of emergency steering gear, the prevention of ingress of water in the case of collision and other emergency measures.

4.5 Fire control and the use of fire fighting appliances.

4.6 Spontaneous combustion with special reference to fishmeal stowage.

4.7 Emergency procedures and safe working practices as contained in the appropriate sections of the FAO/ILO/IMO Code of Safety for Fishermen and Fishing Vessels Part A, and in chapter VIII of the Annex to the Torremolinos International Convention for the Safety of Fishing Vessels, 1977.

4.8 Gesagvoerdersbesigheidspligte. Algemene kennis van die bepalings van die Handelskeepvaartwet, 1951, en die regulasies betreffende botsings, strandings en ander ongevalle. Sertifikate en dokumente wat aan boord gevoer moet word, hoe om hulle te bekom en die tydperk van hul regsgeldigheid. Die indiensneming, ontslag en beheer van die bemanning; lone en ander besoldiging. Bemanningskale. Die amptelike skeepsjoernaal en inskrywings daarin. Dissipline en misdrywe. Akkommodasie vir bemanning, higiëne en die welsyn van die bemanning. Inspeksies en verslae. Beroking en plaagbestryding.

4.9 Kennis van die wet met betrekking tot 'n persoon se posisie as gesagvoerder van 'n skip.

4.10 Hoe om die skip gereed te maak om oorlewendes van 'n ander skip te red.

4.11 Hoe om tussen drie hooftipes wolke te onderskei, en die betekenis van elkeen wat die verwagte weer betref.

4.12 Hoe om die rigting en krag van die wind, en die rigting en hoogte van die deining te bepaal.

4.13 Hoe om die heersende en voorafgaande weer te beskryf.

4.14 Hoe om 'n duidelik bewoorde weerberig op te stel wat geskik is om oorgesend te word en so 'n boodskap in die eerste ses groepe van die weerkode vir skepe te kodeer.

4.15 Begrip vir die weerpatrone en die vernaamste seestrome langs die kus van Suidelike Afrika.

4.16 Kennis van die tipiese weer wat voor, tydens en na 'n kouefront verwag kan word.

4.17 Hoe om afleidings te maak uit 'n eenvoudige weervoorspelling of sinoptiese kaart en om aan die hand van die barometriese neiging 'n beeld te kry van die verwagte weersgesteldheid.

5. SEINE

5.1 Hoe om seine te stuur en te ontvang in (i) die Morse-kode met 'n flitslamp, tot ses woorde per minuut, en (ii) die Internasionale Seinkode.

5.2 *Prakties:* Hoe om draagbare radiotoerusting gereed te maak vir gebruik op 'n reddingsboot of reddingsvlot, die antenne op te rig en al die noodfrekwensiegeriewe van die toerusting te gebruik.

VEREISTES TEN OPSIGTE VAN OUDERDOM EN SEEDIENS EN EKSAMENLEERPLAN VIR VISSERMAN GRAAD 1

1. Minimum ouderdom—23 jaar.

2. Seediens:

(i) Een jaar in bevel op vaartuie van meer as 600 ton, of

(ii) een jaar in bevel op vaartuie van meer as 100 ton

PLUS

ses maande as tweede in bevel op vaartuie van meer as 600 ton, of

(iii) twee jaar as tweede in bevel op vaartuie van meer as 600 ton,

terwyl in die besit van 'n Graad 2-sertifikaat.

1. SKRIFTELIKE EKSAMEN IN ALGEMENE SKEEPSKENNIS—VRAESTEL 1 (3 UUR)

1.1 Algemene idees oor skeepsbou en die gebruik van planne en gegewens wat aan boord beskikbaar is; algemene omskrywings van die hoofafmetings. Die name van die vernaamste dele van 'n skip.

Die kandidaat sal deur middel van sketse moet bewys dat hy prakties met die volgende vertroud is: langsbalke en spante; dwarsbalke en dwarsbalkknieë; waterdigte skotte; luikgate en afsluittoestelle; roere; stuurgerei; huid- en dekbeplating; dubbele bodem en piektenks; kimme; sytenks en vleueltenks; skroeframe; skroewe en skroefasse; skroefaskokers; peilkokers; lugpype; algemene pompinrigting; verstywing en versterking om hyg, stamp en langspanning te weerstaan; die oorsaak en voorkoming van korrosie in 'n skeepstruktuur.

1.2 Algemene idees oor sweis, klink en vlamsnywerk en die voorsorgmaatreëls wat getref moet word as sulke werk aan boord gedoen word.

1.3 (i) Die betekenis van die terme—

blokkoëffisiënt; prismakoëffisiënt; verplasing; midskeepsgrootte-koëffisiënt; ladingsgewig; watervlakgrootte-koëffisiënt; benatte oppervlak.

(ii) Die gebruik van verplasing- en ton-per-sentimeter-indompelskale om die gewig van die vrag of ballas volgens die diepgang of vryboord te bepaal. Digtheid, relatiewe digtheid, die Archimedes-beginsel: flottasie.

Die uitwerking van die digtheid van water op diepgang en vryboord. Die skeepshidrometer en sy gebruike.

Dryfvermoë; reserwedryfvermoë; begrip van fundamentele optrede by gedeeltelike verlies van intakte dryfvermoë.

1.4 (i) Algemene begrip met omskrywings van—

swaartepunt; stabiele, onstabiele en neutrale ewewig; drukkingspunt; metasenterhoogte; regbringhefboom; regbringmoment.

(ii) Die gebruik van stabiliteit- en hidrostatiese gegewens wat aan skepe verstrek word.

Die uitwerking as gewigte bygevoeg of verwyder word.

4.8 Shipmaster's business. General knowledge of the requirements of the Merchant Shipping Act, 1951, and the regulations relating to collisions, strandings, and other casualties. Certificates and documents required to be carried on board ship, how they are obtained and the period of their legal validity. Engagement, discharge and management of the crew, wages and other remuneration. Manning scales. The official Log Book and entries therein. Discipline and offences. Crew accommodation, hygiene and crew welfare. Inspections and reports. Fumigation and pest control.

4.9 Knowledge of the law relating to a person's position as master of a ship.

4.10 Prepare ship to rescue survivors from another ship.

4.11 To distinguish three main types of clouds and what the significance is of each, as to expected weather.

4.12 To determine the direction and force of the wind and the direction and size of the sea and swell.

4.13 To describe present and past weather.

4.14 To form a plain language weather report suitable for transmission and to be able to code this message into the first six groups of the weather code for ships.

4.15 To understand the weather patterns and the principal ocean currents off the coast of Southern Africa.

4.16 To have a knowledge of the typical weather which may be expected prior to, during, and after the passage of a cold front.

4.17 To draw conclusions from simple weather forecast or synoptic chart and ability to form an opinion on expected weather from the barometric tendency.

5. SIGNALS

5.1 To send and receive signals in: (i) Morse-code by flash lamp up to six words per minute. (ii) International Code of Signals.

5.2 *Practical:* To prepare portable radio equipment for operation on a lifeboat or liferaft, erect the aerial and operate all the distress frequency facilities on the equipment provided.

AGE AND SEA SERVICE REQUIREMENTS AND SYLLABUS FOR FISHERMAN—GRADE 1

1. Minimum age—23 years.

2. Sea service:

(i) One year in command on vessels over 600 tons, or

(ii) One year in command on vessels over 100 tons

PLUS

Six months Second-in-command on vessels over 600 tons, or

(iii) Two years as Second-in-command on vessels over 600 tons,

whilst holding a Grade 2 Certificate.

1. WRITTEN EXAMINATION ON GENERAL SHIP KNOWLEDGE—PAPER 1 (3 HOURS)

1.1 General ideas on ship construction and on the use of plans and data available on board ship; general definitions of main dimensions. The names of the principal parts of a ship.

The candidate will be expected to show his practical acquaintance with the following by means of sketches: longitudinal and transverse framing; beams and beam knees; watertight bulkheads; hatchways and closing appliances; rudders; steering gear; shell and deck plating; double bottom and peak tanks; bilges; side and wing tanks; stern frames; propellers and propeller shafts; stern tubes; sounding pipes; air pipes; general pumping arrangements; the stiffening and strengthening to resist panting, pounding and longitudinal stresses; cause and prevention of corrosion in a ship's structure.

1.2 General ideas on welding, riveting and burning and the precautions to be taken when such processes are carried out aboard ship.

1.3 (i) The meaning of the terms—

Block coefficient; Prismatic coefficient; Displacement; Amidships area coefficient; Deadweight; Waterplane area coefficient; Wetted surface.

(ii) Use of displacement and tonnes per centimetre immersion scales to determine weight of cargo or ballast from draughts or freeboard. Density, relative density, principle of Archimedes: flotation.

Effect of density of water on draught and freeboard. The marine hydrometer and its uses.

Buoyancy; Reserve Buoyancy; Understanding of fundamental actions to be taken in the event of partial loss of intact buoyancy.

1.4 (i) General understanding with definitions of—

centre of gravity; stable, unstable and neutral equilibrium; centre of buoyancy; metacentric height; righting lever; righting moment.

(ii) The use of stability and hydrostatic data supplied to ships.

Die gevaar van gedeeltelik gevulde ballastenks, met spesiale verwysing na die onderverdeling daarvan.

1.5 Die optakeling van 'n skip vir die laai en aflaai van vrag en die gebruik van laaibome, wenasse en hyskrane. Die stuwing, skeiding en garnering van vragte. Oorsake van sweet en voorsorgmaatreëls wat voor, tydens en na stuwing getref moet word om beskadiging weens sweet te voorkom, veral ten opsigte van vismeel.

Ventilasiestelsels van ruime en tenks.

Voorsorgmaatreëls wat getref moet word voor vrag- en ballastenks en leë ruimtes binnegegaan word.

1.6 Die versorging en onderhoud van alle redding- en brandblustoestelle, ligte en seinapparaat.

2. SKRIFTELIKE EKSAMEN IN PRAKTIESE NAVIGASIE EN KAARTWERK—VRAESTEL 2 (3 UUR)

Hierdie vraestel sal vrae bevat wat die kandidaat se kennis van die leerplanne vir Visserman Graad 4, 3 en 2 toets en sal vrae oor navigasie en kaartwerk kombineer.

3. SKRIFTELIKE EKSAMEN IN WEERKUNDE—VRAESTEL 3 (1 UUR)

3.1 Die beginsels van drukmeting. Die gebruik van standaardstelmerk. Kennis van die aneroïed- en presisie-aneroïedbarometer en die barograaf.

3.2 Die beginsels van die termometer, maksimum- en -minimumtermometer. See- en lugtemperatuurwaarnemings en voorsorgmaatreëls wat getref moet word. Die beginsels van die higrometer; waarnemings vir die bepaling van relatiewe humiditeit. Hoe om instrumente te versorg en op te pas.

3.3 Die Beaufort-windskaal. Metodes om die rigting en krag van die wind ter see te bepaal.

3.4 Kennis van die gemiddelde verspreiding van druk. Daaglikse en seisoensveranderings in lugdruk. Heersende winde. Die plaaslike en streeksuitwerking van verwarming en afkoeling, land- en seebriese, moesonwinde. Daalwinde.

3.5 Die eienskappe van, en weer wat gepaard gaan met die vernaamste drukstelsels, bv. antisiklone, laagdrukgebiede, permanente en halfpermanente hoog- en laagdrukgebiede. Die verhouding tussen drukverspreiding en wind. Lugmassas en hul eienskappe. Die Wet van Buys Ballot.

3.6 Die gebruik van barometriese waarnemings by 'n enkele stasie saam met weertekens.

3.7 Waterdamp in die atmosfeer, verdamping, kondensasie, neerslag. Die betekenis van versadiging, relatiewe humiditeit en doupunt. 'n Elementêre kennis van atmosferiese stabiliteit en die afnametempo. Die vorming en klassifisering van wolke, mis, newel en dou. Waas.

3.8 Kennis van die tipes weerberigte wat weerkundige organisasie vir skepe versprei het. Die kodering en dekodering van weerberigte deur gebruik te maak van die handboek "Weerkode vir Skepe", wat deur die Weerburo uitgegee is. Kennis van die algemene struktuur van weerberiggewing, bv. geselekteerde skepe, weerskepe, skeepstasies.

4. MONDELINGE EKSAMEN IN SEEMANSKAP

4.1 (i) Hoe om 'n barometer, termometer en higrometer af te lees en te verstaan. Die instrumente wat deur die Weerburo verskaf word, word as die standaard beskou.

(ii) Hoe om 'n sekstant te gebruik om vertikale en horisontale hoeke te meet; hoe om 'n sekstant sowel op as buite die boog af te lees.

(iii) Hoe om 'n sekstant reg te stel waarin daar een of meer loodregtestand-, sy- of indeksfoute aangebring is.

(iv) Hoe om 'n sekstant se indeksfout te bepaal.

4.2 (i) Die optakeling van skepe, metodes om die proefspanning en veilige werklaste van toue, met inbegrip van dié van kunsvesel en staal, te bepaal. Kandidate kan ook uitgevra word ten opsigte van die kwalifiserende eksamenleerplan vir die verwerwing van 'n sertifikaat as Bevoegde Dekseeman.

(ii) Die stuwing en vaswoel van vismeel in sakke of in massa. Regulasies en aanbevelings in verband met die vervoer daarvan.

4.3 (i) Voorbereidings om te begin vaar. Wat gedoen moet word voordat die skip uitvaar, 'n hawe binnevaar, 'n dok binnevaar. Hoe om aan te lê langs kaaie, hawehoofde of ander skepe, en die skip aan boeie vas te maak.

(ii) Roerbevele. Onder stuurbevele seil. Die uitwerking van skroewe op die stuur van 'n skip. Hoe om te stop, agteruit te vaar, in die nabyheid van loodsvaartuie en ander vaartuie te maneuvreer. Hoe om 'n loods op te pik. Hoe om kortom te draai. Noodmaneuvers. Hoe om 'n skip in 'n noodgeval voor 'n enkele anker te bring. Man oorboord.

(iii) 'n Behoorlike kennis van die beginsels van navigasiewaghou ter see en voor anker soos deur die IMO voorgeskryf. Die pligte van die dekoffisier in die hawe.

(iv) Driloefeninge en monstering. Die organiseer van noodspanne.

4.4 (i) Ankers, kabels: hulle gebruik en stuwing.

(ii) Elementêre kennis van skeepsmasjinerie. Kennis van die gebruik van alle dektoestelle, met inbegrip van noodstuur gerei.

(iii) Die gebruik en versorging van noodvuurpyle en lynwerpapparaat.

The result of adding and removing weights. The danger of slack tanks, with special reference to subdivision thereof.

1.5 Rigging a ship for loading and discharging cargo, the usage of derricks, winches and cranes. The stowage, separation and dunnaging of cargoes.

Causes of sweating and precautions to be taken before, during and after stowing to prevent damage by sweat, especially in respect of fishmeal.

Ventilation systems of holds and tanks. Precautions to be taken before entering cargo and ballast tanks and void spaces.

1.6 Care and maintenance of all lifesaving and firefighting appliances, lights and signalling apparatus.

2. WRITTEN EXAMINATION ON PRACTICAL NAVIGATION AND CHARTWORK—PAPER 2 (3 HOURS)

This paper will include questions set to test the candidate's knowledge in the syllabusses for Fishermen Grades 4, 3 and 2 and will combine navigation and chartwork questions.

3. WRITTEN EXAMINATION ON METEOROLOGY—PAPER 3 (1 HOUR)

3.1 The principles of pressure measurement. The use of standard datum. Knowledge of the aneroid and precision aneroid barometer and the barograph.

3.2 The principles of the thermometer, maximum and minimum thermometers. Sea and air temperature observations and precautions to be taken. The principles of the hygrometer; observations to obtain relative humidity. Care and attention given to instruments.

3.3 The Beaufort wind scale. Methods of estimating direction and force of wind at sea.

3.4 A knowledge of the mean pressure distribution. Daily and seasonal changes in atmospheric pressure. Prevailing winds. Local and regional effects of heating and cooling, land and sea breezes, monsoons. Katabatic wind.

3.5 The characteristics of, and weather associated with the principal pressure systems eg. anti-cyclones, depressions, permanent and semi-permanent high and low pressure areas. Relationship between pressure distribution and wind. Air masses and their properties. Buys Ballot's Law.

3.6 Use of barometric observations at a single station in conjunction with weather signs.

3.7 Water vapour in the atmosphere, evaporation, condensation, precipitation. Meaning of saturation, relative humidity, dewpoint. Elementary knowledge of atmospheric stability and lapse rate. Formation and classification of clouds, fog, mist and dew. Haze.

3.8 A knowledge of the types of weather messages promulgated by Meteorological Organisations for Shipping. Coding and de-coding messages by the use of the handbook titled "Weather Code for Ships" as published by the Weather Bureau. A knowledge of the general structure of weather reporting, eg selected ships, weather ships, ship stations.

4. ORAL EXAMINATION IN SEAMANSHIP

4.1 (i) To read and understand a barometer, thermometer and hygrometer. The instruments supplied by the Weather Bureau will be taken as standard.

(ii) To use a sextant for taking vertical and horizontal angles; to read a sextant both on and off the arc.

(iii) To correct a sextant into which has been introduced one or more of perpendicularity, side or index errors.

(iv) To find the index error of a sextant.

4.2 (i) The rigging of ships, methods of ascertaining the proof strain and safe working loads of ropes including synthetic fibre and wire ropes. Candidates may also be questioned on the qualifying examination syllabus for the issue of an Efficient Deck Rating Certificate.

(ii) Stowage and securing of fishmeal in bags or bulk. Regulations and recommendations affecting their carriage.

4.3 (i) Preparations for getting under way. Duties prior to proceeding to sea, making harbour, entering a dock. Berthing alongside quays, jetties or other ships and securing to buoys.

(ii) Helm orders. Conning the ship. Effects of propellers on the steering of a ship. Stopping, going astern, manoeuvring in the vicinity of pilot vessels and other craft. Picking up a pilot. Turning short round. Emergency manoeuvres. Bring a ship to single anchor in an emergency. Man overboard.

(iii) A proper knowledge of the principles of navigational watchkeeping at sea and at anchor as laid down by IMO. Duties of the deck officer in port.

(iv) Drills and musters. Organisation of emergency parties.

4.4 (i) Anchors, cables; their use and stowage.

(ii) Elementary knowledge of ship machinery. Knowledge of the use of all deck appliances including emergency steering gear.

(iii) The use and care of distress rockets and line-throwing apparatus.

(iv) Die gebruik en onderhoud van skeepsjoernale en dieptepeilingsapparaat.

4.5 (i) Die gebruik en versorging van reddingstoestelle. Hoe om reddingsbootseile aan te slaan, te span en te verminder. Hoe om die kompressieontstekingsmasjiene van reddingsbote aan die gang te sit. Hoe om roei-, seil- en kragbote in onstuimige weer te hanteer; en hoe om bote ter see op te haal. Hoe om 'n boot te laat strand of te land. Oorlewingsprosedure in reddingsbote en op reddingsvlotte. SAVD-prosedures.

(ii) Die gebruik en versorging van brandblustoestelle, met inbegrip van rookhelms en selfstandige asemapparaat.

4.6 (i) Deeglike kennis van die inhoud en toepassing van die Regulasies vir die Voorkoming van Botsings op See en van die aanhangsels wat op veilige navigasie betrekking het. (Daar sal nie van 'n kandidaat verwag word om 'n seilboot te hanteer nie, maar wel om die ligte van so 'n vaartuig uit te ken en kennis te dra van sy moontlike maneuvers volgens die windrigting.)

(ii) Nood- en loodsseine; strawwe vir misbruik.

(iii) Kennis van die inhoud en gebruik van die Departement van Vervoer se "Handelskeepvaartkennisgewings" die Britse Admiraliteit se "Notices to Mariners" en die Suid-Afrikaanse Vloot se "Kennisgewings aan seevaarders".

4.7 Die eksaminator kan aan die kandidaat vrae stel oor die skriftelike werk indien hy dit nodig ag op grond van swak antwoorde deur die kandidaat verstrek.

SEINE

1. MORSEKODE

Hoe om seine te stuur en te ontvang in—

(i) Morse-kode met 'n flitslamp, tot ses woorde per minuut;

(ii) die Internasionale Seinkode.

2. PRAKTIES

Hoe om draagbare radiotoerusting gereed te maak vir gebruik in 'n reddingsboot of op 'n reddingsvlot, die antenne op te rig en al die noodfrekwensiegeriewe van die toerusting te gebruik.

AANHANGSEL 2

VEREISTES TEN OPSIGTE VAN

OUDERDOM EN SEEDIENS EN

EKSAMENLEERPLANNE VIR

SEEMASJINISTE

AANHANGSEL 2

Let Wel: Die eksamens vir Seemasjinis Graad 1, 2 en 3 is hoofsaaklik mondeling, maar daar kan van kandidate verwag word om hul antwoorde met diagramme en sketse toe te lig.

VEREISTES TEN OPSIGTE VAN OUDERDOM EN SEEDIENS EN EKSAMENLEERPLAN VIR SEEMASJINIS GRAAD 3

1. Minimum ouderdom—19 jaar.

2. Seediens—Bevredigende diens van minstens 18 maande in die bediening van die aandryfmasjinerie van 'n vissersboot wat die eksaminator as geskik beskou.

EKSAMEN IN MASJIENKUNDE

Daar kan van die kandidaat verwag word om die volgende te bewys:

1. Dat hy oor 'n elementêre kennis van die name en funksies van die hoofdele van die aandryfmasjinerie beskik;
2. dat hy weet hoe om klein defekte in die aandryfmasjinerie te herstel;
3. dat hy weet hoe om batterye in 'n behoorlik werkende toestand te hou;
4. dat hy bewus is van die noodsaaklikheid daarvan om die vullings leeg en skoon te hou en vertroud is met die lenspompstelsel;
5. dat hy weet watter voorsorgmaatreëls getref moet word teen brande en ontploffings weens olie of gas; dat hy weet hoe om op te tree as 'n brand sou uitbreek en dat hy weet hoe om brandblussers te herlaai; en
6. dat hy weet hoe om elektriese beskermingstoestelle en toerusting reg te gebruik.

VEREISTES TEN OPSIGTE VAN OUDERDOM EN SEEDIENS EN EKSAMENLEERPLAN VIR SEEMASJINIS GRAAD 2

1. Minimum ouderdom—19 jaar.

2. Seediens:

(a) Bevredigende diens van minstens 18 maande op vaartuie waarvan die aandryfmasjinerie 225 kW of meer lewer.

(b) Die tydperk van diens moet bestee wees aan toesig oor die aandryfmasjinerie van vaartuie wat deur die eksaminator as geskik geag word.

(iv) Use and upkeep of logs and sounding appliances.

4.5 (i) The use and care of life-saving appliances. Bending, setting and taking in lifeboat sails. Starting lifeboat compression ignition engines. Management of boats under oars, sails, and power and in heavy weather; recovering boats at sea. Beaching or landing. Survival procedure in lifeboats and life-rafts. SATS procedures.

(ii) The use and care of fire appliances including the smoke helmet and self-contained breathing apparatus.

4.6 (i) A full knowledge of the content and application of the Collision Regulations and of those annexes concerned with safe navigation. (Candidates will not be placed in the position of handling a sailing craft, but will be expected to recognise the lights carried by such a craft and to have knowledge of her possible manoeuvers according to the direction of the wind.)

(ii) Distress and pilot signals; penalties for misuse.

(iii) A knowledge of the contents and use of Department of Transport 'Merchant Shipping Notices', Admiralty 'Notices to Mariners' and South African Navy 'Notices to Mariners'.

4.7 The examiner may ask the candidate questions arising out of the written work, if it is deemed necessary on account of weakness shown by the candidate.

SIGNALS

1. MORSE

To send and receive signals in—

(i) Morse-code by flash lamp up to six words per minute;

(ii) International Code of Signals.

2. PRACTICAL

To prepare portable radio equipment for operation in a lifeboat or liferaft, erect the aerial and operate all the distress frequency facilities on the equipment provided.

ANNEXURE 2

AGE AND SEA SERVICE REQUIREMENTS

AND SYLLABUSES FOR

MARINE MOTORMAN

EXAMINATIONS

ANNEXURE 2

Note: The examinations for Motorman Grade 1, 2 and 3 are predominantly oral but candidates may be called upon to illustrate their answers by means of diagrams or sketches.

AGE AND SEA SERVICE REQUIREMENTS AND SYLLABUS FOR MARINE MOTORMAN GRADE 3

1. Minimum age—19 years.

2. Sea Service—At least 18 months satisfactory service on the propelling machinery of a fishing boat, regarded by the examiner to be suitable.

EXAMINATION IN ENGINEERING KNOWLEDGE

The candidate may be required to show:

1. That he has an elementary knowledge of the names and functions of the main parts of the propelling machinery;
2. that he knows how to deal with minor defects in the propelling machinery;
3. that he knows how to maintain batteries in proper working order;
4. that he is aware of the necessity of keeping bilges empty and clean and is familiar with the bilge pumping system;
5. that he understands the precautions to be taken against fire and explosion from oil or gas, how to deal with fire, should it break out, and how to recharge fire extinguishers; and
6. that he understands the correct use of electrical protection devices and electrical equipment.

AGE AND SEA SERVICE REQUIREMENTS AND SYLLABUS FOR MARINE MOTORMAN GRADE 2

1. Minimum age—19 years.

2. Sea Service:

(a) At least 18 months satisfactory service on vessels whose propelling machinery with an output of 225 kW or more.

(b) The periods of service shall have been spent whilst on watch on the propelling machinery of vessels regarded by the examiner as suitable.

(c) Aan 'n kandidaat wat sedert hy 16 jaar oud geword het bevredigende diens as leerling-ingenieur of -werktuigkundige of -ambagsman gelewer het ten opsigte van werk wat geskik is vir die opleiding van 'n seemasjinis, kan kwytskelding van seediens toegestaan word na gelang van die tydperk van sodanige diens behoudens 'n tydperk van hoogstens ses maande.

EKSAMEN IN MASJIENKUNDE

Die kandidaat moet bewys dat hy 'n skeepsjoernaal kan hou en—

1. 'n elementêre kennis het van elektrisiteit en elektriese distribusiestelsels, met inbegrip van die beskermingstoestelle aan boord;
2. die name en funksies van die hoofdele van die aandryf- en hulpmasjinerie ken;
3. die meganisme van die aansit- en omstelinrigtings verstaan en weet hoe om dit in bedryf te hou;
4. weet hoe om klein defekte in die aandryf- en hulpmasjinerie te herstel;
5. die name en funksies van die hoofdele van die verkoelingsmasjinerie ken;
6. 'n elementêre kennis van hidroulika en pneumatika het;
7. weet hoe om die wag af te los en wat sy pligte gedurende die wag is;
8. 'n deeglike kennis het van die werksaamhede in verband met die tewaterlating en praktiese hantering van alle oorlewingsvaartuie en -toerusting aan boord en van die beginsel van oorlewing in sodanige oorlewingsvaartuie ter see.

VEREISTES TEN OPSIGTE VAN OUDEROM EN SEEDIENS EN EKSAMENLEERPLAN VIR SEEMASJINIS GRAAD 1

1. Minimum ouderdom—21 jaar.

2. Seediens:

Minstens 12 maande bevredigende ondervinding van motoraandryfmasjinerie terwyl in besit van 'n geldige Graad 2-bekwaamheid- of -diensertifikaat wat na die Direkteur-generaal se mening beskou word as gelykwaardig met of van 'n hoër graad as Graad 2.

Die dienstydperk wat in hierdie aanhangsel gemeld word, moet bestee wees aan toesig oor die aandryfmasjinerie van 'n vaartuig wat deur die eksaminator as geskik geag word: Met dien verstande dat minstens ses maande van sodanige diens afgelê moet wees ten opsigte van die hoofaandryfmasjinerie van vaartuie met 'n lewering van meer as 350 kW per masjien.

EKSAMEN IN MASJIENKUNDE

Die kandidaat moet bewys dat hy die volgende verstaan:

1. Die lewering van elektromotoriese krag deur chemiese of magnetiese metodes en deur elektriese distribusiestelsels;
2. die beginsels en werking van motoraandryf- en hulpmasjinerie;
3. die aansit, omstel en onderhoud van motoraandryfmasjinerie;
4. die werking van die termometer, pirometer, drukmeter, voltmeter en ammeter;
5. tydelike en permanente herstelwerk in geval van 'n onklaarraking;
6. pompstelsels;
7. stuurgerei, verkoelings-, hidrouliese en druklugmasjinerie;
8. die eienskappe van die onderskeie brandstowwe en olies wat aan boord van 'n vaartuig gebruik word; en
9. die voorsorgmaatreëls wat getref moet word teen brande en ontploffings weens olie of gas en die optrede in geval van 'n brand.

Die kandidaat sal in die vakke in die leerplan vir die Graad 2-sertifikaat geëksamineer word, maar 'n hoër standaard van kennis as vir daardie eksamen word verlang.

AANHANGSEL 3

GESIGSTOETSE

1. EKSAMENDATUMS EN -PLEKKE

Die eksamendatums en -plekke moet volgens afspraak met die eksaminator by die naaste hawe gereël word.

2. DIE AFNEEM VAN DIE TOETSE

Die doel van hierdie toetse is om te verseker dat die kandidaat se gesigsvermoë skerp genoeg is om hom in staat te stel om die ligte van skepe ter see in die verte raak te sien en te identifiseer. Vir hierdie doel moet hy sekere minimum standaarde ten opsigte van sowel vorm as kleur behaal.

'n Gesigstoets bestaan uit 'n letter- en lanterntoets wat in daardie volgorde afgeneem word. Die toetse word onder die streng persoonlike toesig van 'n gesigstoetseksaminator afgeneem, wat aantekening hou van alle foute wat die kandidaat in sowel die letter- as die lanterntoets begaan.

(c) A candidate who has, since reaching the age of 16 years, served satisfactorily as apprentice engineer or mechanic or journeyman on work suitable for the training of a marine motorman, may be granted a remission of sea service depending on the time so served, subject to a maximum of six months.

EXAMINATION IN ENGINEERING KNOWLEDGE

The candidate must show that he is able to keep a logbook and—

1. that he has an elementary knowledge of electricity and of the electrical distribution systems, including protection devices on board ships;
2. that he knows the names and functions of the main parts of the propelling and auxiliary machinery;
3. that he understands the mechanism of the starting and reversing arrangements and how to maintain operation;
4. that he knows how to deal with any minor defects in the propelling and auxiliary machinery;
5. that he knows the names and functions of the main parts of refrigeration machinery;
6. that he has an elementary knowledge of hydraulics and pneumatics;
7. that he knows how to take over the watch and his duties during the watch;
8. that he has a thorough knowledge of the operations connected with the launching and the practical handling of all survival craft and equipment on board and of the principle of survival in such survival craft at sea.

AGE AND SEA SERVICE REQUIREMENTS AND SYLLABUS FOR MARINE MOTORMAN GRADE 1

1. Minimum age—21 years.

2. Sea Service:

At least 12 months satisfactory experience on motor propelling machinery whilst in possession of a valid Grade 2 Certificate of Competency or Service which, in the discretion of the Director-General, is regarded as being of an equal or higher grade than the Grade 2.

The period of service mentioned in this annexure must have been spent whilst in charge of a watch on the propelling machinery of a vessel regarded by the examiner as suitable: Provided that at least six months of such service shall have been spent on the main propelling machinery of vessels of more than 350 kW per engine.

EXAMINATION IN ENGINEERING KNOWLEDGE

The candidate must show that he understands—

1. the production of electromotive force by chemical and magnetic means and electrical distribution systems;
2. the principles and working of motor propelling and auxiliary machinery;
3. the starting, reversing and maintenance of motor propelling machinery;
4. the action of the thermometer, pyrometer, pressure gauge, voltmeter and ammeter;
5. temporary and permanent repairs in the event of a breakdown;
6. pumping systems;
7. steering gears, refrigerating, hydraulic, and pneumatic machinery;
8. properties of the various fuels and oil in use on board a vessel; and
9. precautions against fire and explosion from oil or gas and methods of dealing with an outbreak of fire.

The examination shall cover the subjects in the syllabus for Grade 2 Certificate but a higher standard of knowledge will be required than for that examination.

ANNEXURE 3

SIGHT TESTS

1. EXAMINATION DAYS AND PLACES

Examination days and places shall be by appointment as arranged with the examiner at the nearest port.

2. THE CONDUCT OF THE TESTS

The purpose of these tests shall be to ensure that the candidate's eyesight is sufficiently good to enable him to pick up and identify correctly the lights of distant ships at sea. For this purpose a person shall be required to reach certain minimum standards both of form and colour vision.

A sight test shall comprise a letter and a lantern test taken in that order. The tests shall be conducted under the strict personal supervision of a Sight Test Examiner who shall keep a record of all mistakes made by the candidate both in the letter test and in the lantern test.

Elke kandidaat wat tot 'n eksamen toegelaat wil word vir 'n eerste bekwaamheidsertifikaat as dekoffisier of visserman of 'n bevoegdheidsertifikaat as dekseeman, moet oor 'n gesigstoetssertifikaat beskik waarvolgens hy in sowel die letter- as die lanterntoets geslaag het binne die sesmaandetydperk wat die eksamendatum voorafgaan. Vir bekwaamheidsertifikate wat op die eerste een volg, word 'n gesigstoetssertifikaat verlang wat net aan die voorwaardes ten opsigte van die lettertoets voldoen.

Kandidate word gemaan om hulle nie te haas wanneer hulle die lanterntoets aflê nie. Hulle moet hulle vergewis van die kleure van die ligte voordat hulle die kleure aan die eksaminator noem. Die kandidaat se mededelings bepaal die uitslag van die toets; onoplettendheid kan die kandidaat laat druip en hom dus verhinder om sy gekose loopbaan ter see te volg. Kandidate moet die toets aflê wanneer hulle in goeie gesondheid verkeer, anders kan hul gesigskerpte aangetas wees.

Kandidate kan die gesigstoets nes hulle verkies, met of sonder hulpmiddels aflê (gewone brille of kontaklense), maar kandidate wat verkies om die letter- of lanterntoets of albei met sodanige hulpmiddels af te lê, moet 'n bykomende minimum standaard ten opsigte van elke oog sonder hulpmiddels behaal.

2.1 **Lettertoets.**

2.1.1 (a) Die lettertoets word volgens die Snellen-beginsel afgeneem deur middel van letterblaaie wat op so 'n manier onregstreeks met behulp van 'n gepoleerde spieël besigtig word dat die letters 'n virtuele afstand van ses meter van die oog af is. Elke blad het sewe reëls waarvan die derde, vierde, vyfde, sesde en sewende reël onderskeidelik met die standaarde 6/24, 6/18, 6/12, 6/9 en 6/6 ooreenstem.

(b) Elke oog van die kandidaat word afsonderlik getoets.

2.1.2 *Verlangde standaard van gesigskerpte.*

(a) 'n Kandidaat wat verkies om die toets sonder hulpmiddels af te lê moet al die reëls tot en met die sewende met sy beste oog en al die reëls tot en met die sesde met die ander oog reg aflees.

(b) 'n Kandidaat wat verkies om die toets met hulpmiddels af te lê, moet eers die toets daarsonder aflê en dan moet hy al die reëls tot en met die vyfde met sy beste oog en al die reëls tot en met die derde met die ander oog reg aflees. Daarna word hy met hulpmiddels getoets en dan moet hy al die reëls tot en met die sewende met sy beste oog en al die reëls tot en met die sesde met die ander oog reg aflees.

2.1.3 *Toetsmetode*

Die toetsblaaie en die beligtingseenheid moet voldoen aan BS 4274-1960 en moet so in 'n kabinet geplaas word dat die middel van elke blad, as dit besigtig word, op ooghoogte is van 'n gemiddelde persoon in 'n sittende houding. Wanneer die kandidaat in die regte houding sit, word een van die blaaie belig en word hy gevra om die letters van links na regs van die boonste tot die onderste reël af te lees.

As die kandidaat met hulpmiddels of daarsonder of in albei gevalle nie daarin slaag om die verlangde standaard te behaal nie, moet 'n bykomende blad vir elke oog aan hom getoon word in daardie deel of dele van die toets waarin hy gedruip het.

As daar na afloop van die lettertoets gemeen word dat die kandidaat die verlangde standaard behaal het, moet hy die lanterntoets aflê, tensy hy oor 'n bekwaamheidsertifikaat beskik waarvoor 'n lanterntoets wat deur die Direkteur-generaal erken word 'n voorwaarde vir uitreiking was.

As daar na afloop van die lettertoets gemeen word dat die kandidaat nie die verlangde standaard behaal het nie, moet die volgende alternatiewe aan hom verduidelik word:

(a) Die eksamen kan beëindig en 'n druipsertifikaat uitgereik word, en die eksamen kan na 'n tydperk van minstens een maand by betaling van 'n bykomende bedrag herhaal word.

(b) Die kandidaat kan die lanterntoets ook aflê. In so 'n geval word 'n opgawe van al die foute wat in die lettertoets begaan is en al die foute, as daar is, wat in die lanterntoets begaan is, vir sy beslissing aan die Direkteur-generaal gestuur.

'n Lettertoets word partymaal gedruip vanweë 'n gesigsgebrek wat geneesbaar is. Wanneer 'n kandidaat dus nie in 'n lettertoets slaag nie moet hy aangeraai word om 'n oogarts te spreek sodat dié kan vasstel wat die aard van die gebrek is en of dit genees kan word.

2.2 **Lanterntoets.**

2.2.1 Die toets moet afgeneem word in 'n vertrek wat so verdonker is dat dit geen daglig inlaat nie.

2.2.2 Donkerteaanpassing. 'n Kandidaat wat hom by donkerte moet aanpas, moet minstens tien minute lank in 'n kamer gehou word wat heeltemal of deels verdonker is.

2.2.3 Apparaat. Die lantern vir die toets moet so ontwerp wees dat dit drie kleure naamlik rooi, wit en groen, een-een deur 'n groot opening of twee-twee op 'n keer langs mekaar deur klein openinkies kan vertoon. Wanneer die klein openinkies gebruik word, kan enige kombinasie van twee van die drie kleure of twee van dieselfde kleur vertoon word. Die lantern moet reg voor 'n spieël staan sodat die voorkant daarvan presies 3,05 m van die spieël af is en die ligte wat in die spieël weerkaats word, duidelik waarneembaar is vanwaar die kandidaat naby die lantern sit.

Every candidate seeking admission to an examination for a first certificate of competency as a deck officer or fisherman or a certificate of qualification as efficient deck rating shall hold a sight test certificate showing that he has passed in both letter and lantern tests within the six months period preceding the date of the examination. For certificates of competency subsequent to the first, a sight test certificate fulfilling the conditions in respect of the letter test only shall be required.

Candidates are cautioned that, when taking the lantern test, they should not attempt to hurry. They should satisfy themselves as to the colours of the lights shown before reporting them to the examiner. The result of the test shall be judged by what the candidate reports; carelessness may cause failure and thus prevent the candidate from taking up a chosen career at sea. Candidates are required to take the test in good health otherwise their vision may be impaired.

Candidates may take the sight test with or without aids (conventional spectacles or contact lenses) at their option but candidates who opt to use aids for the letter or lantern test or both shall additionally reach a minimum standard in each eye without aids.

2.1 **Letter test.**

2.1.1. (a) The letter test shall be conducted on Snellen's principle by means of sheets of letters viewed indirectly through a polished mirror so as to place the letters at a virtual distance of 6 meters from the eye. Each sheet contains 7 lines, the 3rd, 4th, 5th, 6th and 7th lines corresponding to standards 6/24, 6/18, 6/12, 6/9 and 6/6 respectively.

(b) Candidates shall be tested in each eye separately.

2.1.2 *Standard of vision required.*

(a) A candidate who opts to take the test without aids shall be required to read correctly down to and including line 7 with the better eye and down to and including line 6 with the other eye.

(b) A candidate who opts to take the test using aids shall first take the test without aids when he shall be required to read correctly down to and including line 5 with the better eye and line 3 with the other eye. The candidate shall then be tested with aids and shall be required to read correctly down to and including line 7 with the better eye and down to and including line 6 with the other eye.

2.1.3 *Method of testing.*

The test sheets and the means of illuminating shall be in accordance with BS 4274-1960 and shall be contained in a cabinet placed so that the centre of each sheet as viewed shall be at the height of eye of the average person in a sitting position. When the candidate is sitting in the correct position one of the sheets shall be exposed and he shall be asked to read the letters from left to right beginning at the top and going downwards.

If with aids or without aids or in both cases the candidate fails to reach the required standard an additional sheet shall be given for each eye in that part or parts of the test in which he has failed.

If, at the conclusion of the letter test, the candidate is considered to have reached the required standard, he shall proceed to the lantern test unless he holds a certificate of competency for which a lantern test recognised by the Director-General would have been a condition for its issue.

If, at the conclusion of the letter test, the candidate is considered not to have reached the required standard, the following alternatives shall be explained:

(a) The examination may be stopped, a certificate of failure issued, and the examination may be repeated on payment of a further fee after a period of not less than one month.

(b) The candidate may proceed to the lantern test. In this case a record of all mistakes made in the letter test and all mistakes, if any, made in the lantern test shall be forwarded to the Director-General for his decision on the test.

Failure to pass the letter test may sometimes be due to a defect in vision which may be curable. Whenever, therefore, a candidate fails to pass this test he shall be advised to consult an ophthalmologist with a view to ascertaining the nature of the defect and whether it is curable.

2.2 **Lantern test.**

2.2.1 The test shall be conducted in a room so darkened as to exclude all daylight.

2.2.2 Darkness adaptation. A candidate who needs darkness adaptation shall be kept in a completely or partially darkened room for at least 10 minutes.

2.2.3 Apparatus. The lantern used for the test shall be designed to show three, colours: red, white and green, singly through a large aperture or two at a time, side by side, through small apertures. When the small apertures are used any combination of two of the three colours may be shown or they may be of the same colour. The lantern shall be positioned directly in front of a mirror so that the front part of the lantern is exactly 3,05 m from the mirror and the lights reflected in the mirror show clearly when viewed by the candidate seated close to the lantern.

2.2.4 Toetsmetode. Die toets begin met 'n reeks ligte wat deur die groot opening vertoon word, gevolg deur vier volledige kringlope en een onderbroke kringloop van ligte wat deur die klein openinkies vertoon word. Die kandidate moet die kleure van die ligte opnoem soos hulle verskyn.

3. TOETSRESULTAAT

3.1 'n Kandidaat wat geen fout in die lanterntoets begaan nie of wat, wanneer hy na die ligte in die klein openinkies kyk, groen-wit of rooi-wit nie meer as ses maal in vier volledige kringlope verwar nie, word geag in die kleurgesigstoets te geslaag het.

3.2 As die kandidaat in enige stadium van die lanterntoets rooi vir groen aansien of andersom, word hy geag nie in die kleurgesigstoets te geslaag het nie.

3.3 'n Kandidaat word op 'n toepaslike vorm verwittig of hy geslaag of gedruip het of dat sy geval vir oorweging verwys is.

3.4 'n Kandidaat wat nie in die lanterntoets by 'n bepaalde gesigstoetssentrum slaag nie, word nie by 'n ander sentrum hertoets nie, behalwe na goeddunke van die Direkteur-generaal by wie regstreeks skriftelik aansoek gedoen moet word.

No. R. 2654 **29 November 1985**

DIE REGULASIES BETREFFENDE BEVOEGDHEIDSERTIFIKATE, 1985

Die Minister van Vervoerwese het kragtens die bepalings van artikel 356 van die Handelskeepvaartwet, 1951 (Wet 57 van 1951)—

(a) die Regulasies betreffende Bevoegdheidsertifikate, 1976, afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 80 van 16 Januarie 1976 herroep; en

(b) die regulasies vervat in die Bylae hiervan uitgevaardig.

BYLAE

Indeling van regulasies.

HOOFSTUK I

ALGEMEEN

Regulasie No.

1. Kort titel.
2. Woordomskrywing.
3. Direkteur-generaal moet benoembaarheid van kandidate vasstel.
4. Plek waar eksamen afgelê word.
5. Aansoekvorm.
6. Twyfelagtige gevalle, en navrae.
7. Vereiste getuigskrifte.
8. Berekening van seediens.
9. Onvoldoende diens.
10. Afskrifte van verlore sertifikate.
11. Poging tot omkopery.

HOOFSTUK II

SERTIFIKATE, OUDERDOMSGRENSE, LEERPLANNE EN VEREISTE KWALIFIKASIES

BEKWAAMHEIDSERTIFIKAAT IN OORLEWINGSVAARTUIE

12. Kwalifiserende diens.
13. Eksamenvereistes vir bekwaamheid in oorlewingsvaartuie.
14. Eksamenleerplan vir bekwaamheid in oorlewingsvaartuie.

SERTIFIKAAT AS BEKWAME DEKSEEMAN

15. Stuursertifikaat.
16. Kwalifiserende diens.
17. Eksamenvereistes vir bekwame dekseeman.
18. Leerplan vir die eksamen van bekwame dekseeman.

SERTIFIKAAT AS BEKWAME MASJIENKAMERSEEMAN

19. Kwalifiserende diens.
20. Eksamenvereistes vir bekwame masjienkamerseeman.
21. Leerplan vir die eksamen van bekwame masjienkamerseeman.

ENDOSSEMENT VAN VEREISTE ADDISIONELE KWALIFIKASIE

22. Endossement.
23. Dokumentêre bewys.
24. Addisionele dokumente vereis vir endossement van addisionele kwalifikasie.

Coppersmith work	Full time up to a maximum of six months.
Welding	Full time up to a maximum of six months.
Work in drawing office as draughtsman or engineer engaged on arrangement detail or design	Full time up to one year. When more than one year has been spent in the drawing office only half the additional time will count. Maximum total 18 months.
Electrical shop or repair work not already covered above, excluding work of a minor nature	Full time up to one year additional at half-rate. Maximum total 18 months.
Instrument and distant control gear fitting	Full time up to a maximum of six months.

Student or technical apprenticeship

29. As an alternative to the requirements of regulation 28, the Director-General may in his discretion admit a candidate for a certificate of competency as marine Engineer-Officer Class 2 who has performed satisfactory service for not less than four years in an organised student or technical apprenticeship approved by the Director-General: Provided that the candidate has obtained at least T2 standard in three technical subjects and has devoted not less than nine months to fitting, erecting or repairing the type of machinery referred to in regulation 28 (2).

Voltydse of stapelkursusse aan technikons, tegniese kolleges of universiteite

30. (1) As verdere alternatief vir die bepalings van regulasie 28 kan die Direkteur-generaal na eie oordeel iemand as kandidaat vir 'n bekwaamheidsertifikaat as Marine-ingenieuroffisier Klas 2 toelaat wat 'n goedgekeurde voltydse of stapelkursus van minstens drie jaar in meganiese ingenieurswese aan 'n goedgekeurde technikon, tegniese kollege of universiteit op bevredigende wyse voltooi het en minstens 24 maande lank in werkwinkels opgelei is as 'n meganiese tegnikus of ingenieur: Met dien verstande dat van die 24 maande wat by hierdie regulasie vereis word, minstens ses agtereenvolgende maande bestee is aan die montering, oprigting of herstel van die tipe masjinerie waarvan in regulasie 28 (2) melding gemaak word.

(2) Werkwinkelopleiding gedurende vakansies van tegniese skole, tegniese kolleges of universiteite en tydperke van altesaam hoogstens ses maande bestee aan die werkwinkel se vakleerlingopleidingskemas vir passers en draaiers of aan dergelike opleiding in die werkwinkels van 'n technikon, tegniese kollege of universiteit maak deel uit van die 24 maande diens wat by hierdie regulasie vereis word, maar is onderworpe aan 'n gesamentlike maksimum van nege maande. Afsonderlike tydperke van opleiding mag nie korter as een maand wees nie.

Kadetopleidingskursus vir ingenieuroffisiere

31. (1) As verdere alternatief vir die bepalings van regulasie 28 kan die Direkteur-generaal na eie oordeel iemand as kandidaat vir 'n bekwaamheidsertifikaat as Marine-ingenieuroffisier Klas 2, wat 'n goedgekeurde kadetopleidingskursus voltooi het, toelaat. Hierdie kadetopleidingskursusse kan van tyd tot tyd met die goedkeuring van die Direkteur-generaal gewysig word.

(2) Aan kadette wat die opleidingskursus op bevredigende wyse voltooi en die Nasionale Diploma in Skeepsingenieurswese ontvang, kan vrystelling van alle vakke behalwe Ingenieurswese en Skeepsboukunde in die Klas 1-eksamen, en van alle vakke behalwe Ingenieurswese in die Klas 2-eksamen verleen word. Hierdie kadette sal ook van drie maande kwalifiserende seetyd slegs vir die Klas 1-sertifikaat kwytgeskeld word.

(3) Aan kadette wat nie die Nasionale Diploma in Skeepsingenieurswese kon behaal nie, maar kan toon dat 'n minimum van 40 % in alle vakke behaal is, kan vrystelling verleen word van alle vakke behalwe Ingenieurswese slegs in die Klas 2-eksamen.

(4) Kadette wat die opleidingskursus op bevredigende wyse voltooi en in aanmerking kom vir die toekenning van die Hoër Nasionale Tegniese Sertifikaat, kwalifiseer vir vrystelling van sekere vakke van die eksamens vir Klas 2 en Klas 1. Kwytskelding van drie maande kwalifiserende seediens sal verleen word slegs ten opsigte van die Klas 1-sertifikaat.

(5) Kadette wat die opleidingskursus voltooi sonder om die vereiste akademiese standaard te bereik, sal toegelaat word om die volle eksamen van die Departement te skryf.

(6) Die vrystelling verleen ingevolge subregulasies (2), (3) en (4) hierbo kan met uitsondering van die vak Ingenieurswese na eie goeddunke deur die eksaminator toegestaan word op 'n vak-vir-vakgrondslag oor die geheel van die eksamen.

Vergoedende diens

32. Waar 'n kandidaat vir 'n bekwaamheidsertifikaat as Marine-ingenieuroffisier Klas 2 werkwinkeldiens verrig het oor die tydperk voorgeskryf in regulasies 28, 29, 30 of 31, maar te kort skiet in die tipe werk voorgeskryf, moet vergoedende seediens verrig word—

(a) òf by wyse van dagwerk as Ingenieuroffisier op 'n skip van minstens 750 kW, wat kort of lang seereise onderneem;

Full-time or sandwich courses at technikons, technical colleges or universities

30. (1) As a further alternative to the requirements of regulation 28, the Director-General may in his discretion admit a candidate for a certificate of competency as Marine Engineer-Officer Class 2 who has satisfactorily completed at an approved technikon, technical college or university an approved full-time or sandwich course of study of at least three years in mechanical engineering, and has trained for not less than 24 months in workshops as a mechanical technician or engineer: Provided that of the 24 months required by this regulation at least six consecutive months shall have been devoted to fitting, erecting or repairing the type of machinery referred to in regulation 28 (2).

(2) Workshop training carried out during technical school, technical college or university vacations and periods totalling not more than six months spent in works apprentice training schemes for fitters and turners or on similar training in technikon, technical college or university workshops shall count towards the 24 months service required by this regulation up to an overall maximum of nine months. Separate periods of training shall be of not less than one month duration.

Engineer-Officer cadet training courses

31. (1) As a further alternative to the requirements of regulation 28, the Director-General may in his discretion admit a candidate for a certificate of competency as Marine Engineer-Officer Class 2 who has satisfactorily completed an approved Engineer-Officer cadet training course. These cadet training courses may be amended from time to time with the approval of the Director-General.

(2) Cadets who satisfactorily complete the training course and are awarded the National Diploma in Marine Engineering may be granted exemption from all subjects except Engineering Knowledge and Naval Architecture in the Class 1 examination, and from all subjects except Engineering Knowledge in the Class 2 examination. These cadets will also be allowed a remission of three months qualifying sea time for the Class 1 certificate only.

(3) Cadets who are not successful in obtaining the National Diploma in Marine Engineering but can show that a minimum of 40 % was obtained in all subjects may be granted exemption from all subjects except Engineering Knowledge in the Class 2 examination only.

(4) Cadets who satisfactorily complete the training course and qualify for the award of the Higher National Certificate for Technicians will qualify for exemption from certain subjects of the Class 2 and Class 1 examinations. A remission of three months of qualifying sea service will be allowed only in respect of the Class 1 certificate.

(5) Cadets who complete the training course without reaching the required academic standard will be allowed to take the Department's examinations in full.

(6) The exemptions granted under subregulations (2), (3) and (4) above may at the discretion of the examiner be granted on a subject for subject basis over the whole of the examinations with the exception of the subject Engineering Knowledge.

Compensatory service

32. Where a candidate for a certificate of competency as Marine Engineering-Officer Class 2 has completed the periods of workshop service prescribed in regulations 28, 29, 30 or 31 but is deficient in the type of work prescribed, compensatory service shall be performed either—

(a) on day-work as Engineer-Officer in a ship having a power of not less than 750 kW making short or long voyages; or

(b) òf by wyse van gereelde waghoudiens op so 'n skip.

Twee derdes van die tyd aldus deurgebring op 'n skip wat lang seereise onderneem en vier negendes van die tyd aldus deurgebring op 'n skip wat kort seereise onderneem, kan as kwalifiserende werkwinkeldiens gereken word: Met dien verstande dat sodanige werk wat voor die ouderdom van 20 jaar verrig is, nie aldus gereken mag word nie.

Seediens

Tydperk seediens vereis van 'n kandidaat vir 'n bekwaamheidsertifikaat as Marine-ingenieuroffisier Klas 2

33. 'n Kandidaat vir 'n bekwaamheidsertifikaat (stoom of motor of stoom en motor) as Marine-ingenieuroffisier Klas 2 moet na voltooiing van die werkwinkeldiens vereis by regulasie 28, gelees met regulasies 29, 30, 31 en 32, en na voltooiing van die seediens (as daar is) wat kragtens regulasie 32 in plaas van werkwinkeldiens aanvaar word, bewys lewer dat hy die volgende tydperk seediens verrig het:

(a) Indien 'n bekwaamheidsertifikaat (stoom) vereis word, 21 maande, waarvan minstens nege maande aan die ketels en hoofaandrywingsmasjinerie van 'n stoomskip bestee is. Hierdie tydperk van minstens nege maande moet minstens ses maande diens in verband met die ketels en ses maande diens in verband met die hoofaandrywingsmasjinerie insluit: Met dien verstande dat die diens in verband met die ketels en die diens in verband met die hoofaandrywingsmasjinerie gelyktydig kon wees. Die oorblywende 12 maande of deel van 12 maande kon bestee gewees het aan die ketels van 'n stoomskip of aan die hoofaandrywingsmasjinerie van 'n stoomskip of motorskip of aan die hulpmasjiene van 'n stoomskip of motorskip, of aan dagwerk;

(b) indien 'n bekwaamheidsertifikaat (motor) vereis word, 21 maande, waarvan minstens nege maande aan die hoofaandrywingsmasjinerie van 'n motorskip bestee is. Die oorblywende 12 maande of deel van 12 maande kon bestee gewees het aan die hoofaandrywingsmasjinerie van 'n stoomskip of motorskip, of aan die hulpmasjiene van 'n stoomskip of motorskip, of hoogstens ses maande daarvan kon aan die ketels van 'n stoomskip, of aan dagwerk bestee gewees het;

(c) indien 'n gekombineerde bekwaamheidsertifikaat (stoom en motor) vereis word, 21 maande, waarvan minstens—

(i) nege maande aan die ketels en hoofaandrywingsmasjinerie van 'n stoomskip bestee is. Hierdie tydperk van minstens nege maande moet minstens drie maande diens in verband met die ketels en ses maande diens in verband met die hoofaandrywingsmasjinerie insluit: Met dien verstande dat die diens in verband met die ketels en die diens in verband met die hoofaandrywingsmasjinerie gelyktydig kon wees; en

(ii) nege maande aan die hoofaandrywingsmajinerie van 'n motorskip bestee is. Die oorblywende drie maande of deel van drie maande kon aan die ketels van 'n stoomskip of aan die hoofaandrywingsmasjinerie van 'n stoomskip of motorskip, of aan geskikte hulpmasjiene van 'n stoomskip of motorskip, of aan dagwerk bestee gewees het.

Tydperk seediens vereis vir die endossering van 'n bekwaamheidsertifikaat as Marine-ingenieuroffisier Klas 2

34. 'n Kandidaat vir die endossering van 'n bekwaamheidsertifikaat (stoom of motor) as Marine-ingenieuroffisier Klas 2 moet bewys lewer dat hy die volgende tydperk seediens verrig het:

(a) Indien die motorendossement van 'n bekwaamheidsertifikaat (stoom) vereis word, minstens nege maande as senior ten volle in beheer van waghoudiens by die hoofaandrywingsmasjinerie van 'n motorskip.

(b) on regular watch in such a ship.

Two-thirds of the time so spent in a ship making long voyages and four-ninths of the time so spent in a ship making short voyages, shall be counted towards the period of qualifying workshop service: Provided that no such work performed before the age of 20 years shall be counted.

Sea Service

Period of sea service required of a candidate for a certificate of competency as Marine Engineer-Officer Class 2

33. A candidate for a certificate of competency (steam, motor or combined steam and motor) as Marine Engineer-Officer Class 2 shall, after completing the workshop service required in terms of regulation 28 read with regulations 29, 30, 31 and 32, and after completing the sea service (if any) accepted in lieu of workshop service under regulation 32, produce proof of having performed the following period of sea service:

(a) If a certificate of competency (steam) is required, 21 months, of which at least nine months shall have been spent on the boilers and main propelling machinery of a steamship. This period of at least nine months shall include at least six months service on the boilers and six months service on the main propelling machinery: Provided that the service on the boilers and the service on the main propelling machinery may have been simultaneous. The remaining 12 months, or balance of 12 months, may have been spent on the boilers of a steamship or on the main propelling machinery of a steamship or motorship, or on the auxiliaries of a steamship or motorship, or on day-work;

(b) if a certificate of competency (motor) is required, 21 months, of which at least nine months shall have been spent on the main propelling machinery of a motorship. The remaining 12 months, or balance of 12 months, may have been spent on the main propelling machinery of a steamship or motorship, or on the auxiliaries of a steamship or motorship, or to the extent of not more than six months on the boilers of a steamship, or on day-work;

(c) if a combined certificate of competency (steam and motor) is required, 21 months, of which at least—

(i) nine months shall have been spent on the boilers and main propelling machinery of a steamship. This period of at least nine months shall include at least three months service on the boilers and six months service on the main propelling machinery: Provided that the service on the boilers and the service on the main propelling machinery may have been simultaneous; and

(ii) nine months have been spent on the main propelling machinery of a motorship. The remaining three months, or balance of three months, may have been spent on the boilers of a steamship or on the main propelling machinery of a steamship or motorhsip, or on suitable auxiliaries of a steamship or motorship, or on daywork.

Period of sea service required for the endorsement of a certificate of competency as Marine Engineer-Officer Class 2

34. A candidate for the endorsement of a certificate of competency (steam or motor) as Marine Engineer-Officer Class 2 shall produce proof of having performed the following period of sea service:

(a) If the motor endorsement of a certificate of competency (steam) is required, a minimum of nine months as senior in full charge of a watch on the main propelling machinery of a motorship.

(b) Indien die stoomendossement van 'n bekwaamheidsertifikaat (motor) vereis word, minstens nege maande as senior in volle beheer van waghoudiens by die hoofaandrywingsmasjinerie van 'n moderne turbine-aangedrewe vaartuig met hoëdrukwaterpypketels.

Tipe seediens vereis van 'n kandidaat vir 'n bekwaamheidsertifikaat as Marine-ingenieuroffisier Klas 2 en endossement

35. (1) Die seediens wat by regulasies 33 en 34 vereis word van 'n kandidaat vir 'n bekwaamheidsertifikaat as Marine-ingenieuroffisier Klas 2 en endossement moet deur die kandidaat in die hoedanigheid van Ingenieuroffisier ter see op 'n skip van minstens 750 kW wat kort of lang seereise onderneem, verrig gewees het op gereelde waghoudiens van altesaam minstens agt uur uit elke 24 uur diens waarop aanspraak gemaak word. Diens op so 'n skip wat lang seereise onderneem, tel alles, maar van diens op so 'n skip wat kort seereise onderneem, tel net twee derdes.

(2) Dagwerk ter see binne die masjien- of ketelruimte van 'n skip vermeld in subregulasie (1) kan ingereken word as deel van die kwalifiserende diens op gereelde waghoudiens waarvan in daardie subregulasie melding gemaak word, en tel alles tot 'n maksimum van agt maande, dog hoogstens die helfte van enige verdere dagwerk, onderworpe aan 'n maksimum van 12 maande kan aldus ingereken word.

(3) Van diens op sleepbote, modderskuite, baggerskepe, loodsbote en vissersbote van minstens 750 kW tel 'n kwart, onderworpe aan 'n maksimum van ses maande: Met dien verstande dat sodanige diens nie as kwalifiserende diens soos vereis by regulasie 34 mag tel nie.

(4) Diens wat deur ingenieuroffisiere verrig word op skepe wat volgens 'n ander waghouroetine optree as die "4 uur op wag en 8 uur vry van wag"—roetine kan ten volle aanvaar word indien sodanige werk verrig, voorsiening maak vir 'n redelik gebalanseerde stelsel van diens.

Kwytskelding van seediens vir 'n kandidaat vir 'n bekwaamheidsertifikaat as Marine-ingenieuroffisier Klas 2

36. 'n Nie-kadetkandidaat vir 'n bekwaamheidsertifikaat as Marine-ingenieuroffisier Klas 2 kan hoogstens drie maande kwalifiserende seediens kwytgeskeld word as hy, alvorens hy met sy kwalifiserende seediens begin het, Deel A van die eksamen vir 'n bekwaamheidsertifikaat as Marine-ingenieuroffisier Klas 2 geslaag het of as hy 'n sertifikaat, diploma of graad verwerf het wat deur die Direkteur-generaal as kwalifikasie vir algehele of gedeeltelike vrystelling van enige deel van die eksamen vir 'n bekwaamheidsertifikaat as Marine-ingenieuroffisier Klas 2 erken word. 'n Lys sertifikate, diplomas, grade of gedeeltelike grade, soos deur die Direkteur-generaal erken, word in tabelvorm in Aanhangsel 7 van die Regulasies uiteengesit, met die voorbehoudsbepaling dat die lys van tyd tot tyd gewysig kan word ooreenkomstig veranderings in die sertifikaat- en diplomastruktuur deur die Departement van Nasionale Opvoeding aangebring.

B. KANDIDAAT VIR 'N BEKWAAMHEIDSERTIFIKAAT AS MARINE-INGENIEUROFFISIER KLAS 1 EN ENDOSSEMENT

Tydperk seediens vereis van 'n kandidaat vir 'n bekwaamheidsertifikaat as Marine-ingenieuroffisier Klas 1

37. 'n Kandidaat vir 'n bekwaamheidsertifikaat (stoom of motor of stoom en motor) as Marine-ingenieuroffisier Klas 1 moet, behoudens die bepalings van regulasie 41, die houer wees van 'n geldige bekwaamheidsertifikaat (stoom of motor of stoom en motor) as Marine-ingenieuroffisier Klas 2, en moet terwyl hy die houer van so 'n sertifikaat was, die tydperk toepaslike seediens voltooi het wat by regulasie 33 vereis word.

(b) If the steam endorsement of a certificate of competency (motor) is required a minimum of nine months as senior in full charge of a watch on the main propelling machinery of a modern turbine driven vessel with high pressure watertube boilers.

Type of sea service required of a candidate for a certificate of competency as Marine Engineer-Officer Class 2 and endorsement

35. (1) The sea service required in terms of regulations 33 and 34 of a candidate for a certificate of competency as Marine Engineer-Officer Class 2 and endorsement shall have been performed in a ship having a power of not less than 750 kW making short or long voyages, as an Engineer-Officer at sea on regular watch totalling at least eight hours out of every 24 hours service claimed. Service in such a ship making long voyages shall be counted at full rate whereas service in such a ship making short voyages shall be counted at two-thirds rate.

(2) Day-work at sea carried out within the engine or boiler spaces of any ship mentioned in subregulation (1) may be accepted towards the qualifying service on regular watch referred to in that subregulation, and shall be counted at full rate up to eight months and any further periods at half rate subject to a maximum allowance of 12 months.

(3) Service in tugs, hoppers, dredgers, pilot vessels and fishing vessels having a power of not less than 750 kW may be accepted at quarter rate subject to a maximum of six months: Provided that such service shall not be counted towards the qualifying service required in regulation 34.

(4) Service performed by engineer-officers employed in work practices in ships operated other than on the four and eight off watch routine may be accepted at full rate if such work practices provide a reasonably balanced system of service.

Remission of sea service for a candidate for a certificate of competency as Marine Engineer-Officer Class 2

36. A non-cadet candidate for a certificate of competency as Marine Engineer-Officer Class 2 who, before commencing his qualifying sea service, has passed Part A of the examination for a certificate of competency as Marine Engineer-Officer Class 2 or who has obtained a certificate, diploma, degree or partial degree recognised by the Director-General as conferring full or partial exemption from any part of the examination for a certificate of competency as Marine Engineer Officer Class 2 may be granted a remission of qualifying sea service not exceeding three months. A list of certificates, diplomas, degrees or partial degrees recognised by the Director-General is tabulated in Annex 7 to the Regulations, with the proviso that the list may be amended from time to time as changes are made in the certificate and diploma structure by the Department of National Education.

B. CANDIDATE FOR A CERTIFICATE OF COMPETENCY AS MARINE ENGINEER-OFFICER CLASS 1 AND ENDORSEMENT

Period of sea service required of a candidate for a certificate of competency as Marine Engineer-Officer Class 1

37. A candidate for a certificate of competency (steam, motor or combined steam and motor) as Marine Engineer-Officer Class 1 shall, subject to the provisions of regulation 41, hold a valid certificate of competency (steam, motor or combined steam and motor) as Marine Engineer-Officer Class 2, and whilst holding such a certificate, shall have completed the period of appropriate sea service required in terms of regulation 33.

Tydperk seediens vereis vir die endossering van 'n bekwaamheidsertifikaat as Marine-ingenieuroffisier Klas 1

38. 'n Kandidaat vir die endossering van 'n bekwaamheidsertifikaat as Marine-ingenieuroffisier Klas 1 moet die tydperk seediens voltooi het wat by regulasie 34 vir die endossering van 'n bekwaamheidsertifikaat (stoom of motor, na gelang van die geval) as Marine-ingenieuroffisier Klas 2 vereis word.

Tipe seediens vereis van 'n kandidaat vir 'n bekwaamheidsertifikaat as Marine-ingenieuroffisier Klas 1 en endossement

39. (1) Die seediens wat ingevolge regulasies 37 en 38 van 'n kandidaat vir 'n bekwaamheidsertifikaat as Marine-ingenieuroffisier Klas 1 en endossement vereis word, moet deur die kandidaat in die hoedanigheid van ingenieuroffisier ter see op 'n skip van minstens 3 000 kW wat lang en kort seereise onderneem, verrig gewees het op gereelde waghoudiens van minstens agt uur uit elke 24 uur diens waarop aanspraak gemaak word.

(2) Behoudens die bepalings van subregulasie (3) moet die diens waarvan in subregulasie (1) melding gemaak word, deur die kandidaat verrig gewees het as senior ingenieur met bevel oor die hele waghoudiens, of as tweede in die senioriteitsvolgorde op 'n skip aangedryf deur twee of meer stelle masjiene of op 'n groot eenskroefskip waar daar terselfdertyd drie of meer ingenieuroffisiere op gereelde waghoudiens is. Waar sodanige diens aldus verrig word op 'n skip wat lang seereise onderneem, tel alles, maar van sodanige diens op 'n skip wat kort seereise onderneem, tel net twee derdes.

(3) Die diens waarvan in subregulasie (1) melding gemaak word, kon ook in die geval van 'n skip aangedryf deur twee of meer stelle masjiene of op 'n groot eenskroefskip verrig gewees het in range laer as dié wat in subregulasie (2) vermeld word. As hierdie diens aldus verrig is op 'n skip wat lang seereise onderneem, tel net die helfte daarvan, en as dit aldus verrig is op 'n skip wat kort seereise onderneem, tel net 'n kwart daarvan.

(4) Van diens op sleepbote, modderskuite, baggerskepe, loodsbote en vissersbote van minstens 3 000 kW tel 'n kwart, onderworpe aan 'n maksimum van ses maande: Met dien verstande dat sodanige diens nie as kwalifiserende diens soos vereis by regulasie 38, gelees met regulasie 34, mag tel nie.

(5) Deeltydse diens wat deur ingenieuroffisiere by werkverrigting van masjinerie sonder toesig verrig word, kan aanvaar word indien die eksaminator daarvan oortuig is dat sodanige diens voorsiening maak vir 'n redelik gebalanseerde stelsel van diens. Diens wat deur hierdie subregulasie omvat word, sal op dieselfde wyse bereken word as bepaal ingevolge regulasie 35 (4).

Kwytskelding van seediens vir 'n kandidaat vir 'n bekwaamheidsertifikaat as Marine-ingenieuroffisier Klas 1

40. 'n Kandidaat vir 'n bekwaamheidsertifikaat as Marine-ingenieuroffisier Klas 1 kan hoogstens drie maande seediens kwytgeskeld word as hy, alvorens hy met sy kwalifiserende seediens begin het, Deel A van die eksamen vir 'n bekwaamheidsertifikaat as Marine-ingenieuroffisier Klas 1 geslaag het of as hy 'n sertifikaat, diploma, graad of gedeeltelike graad verwerf het wat deur die Direkteur-generaal as kwalifikasie vir algehele of gedeeltelike vrystelling van enige deel van die eksamen vir 'n bekwaamheidsertifikaat as Marine-ingenieuroffisier Klas I erken word. 'n Lys sertifikate, diplomas, grade of gedeeltelike grade, soos deur die Direkteur-generaal erken, word in tabelvorm in Aanhangsel 7 van die Regulasies uiteengesit, met die voorbehoudsbepaling dat die lys van tyd tot tyd gewysig kan word ooreenkomstig veranderings in die sertifikaat- en diplomastruktuur deur die Departement van Nasionale Opvoeding aangebring.

Period of sea service required for the endorsement of a certificate of competency as Marine Engineer-Officer Class 1

38. A candidate for the endorsement of a certificate of competency as Marine Engineer-Officer Class 1 shall have completed the period of sea service required in terms of regulation 34 for the endorsement of a certificate of competency (steam or motor, as the case may be) as Marine Engineer-Officer Class 2.

Type of sea service required of a candidate for a certificate of competency as Marine Engineer-Officer Class 1 and endorsement

39. (1) The sea service required in terms of regulations 37 and 38 of a candidate for a certificate of competency as Marine Engineer-Officer Class 1 and endorsement shall have been performed in a ship having a power of not less than 3 000 kW making long or short voyages, as an engineer-officer at sea on regular watch for not less than eight hours out of every 24 hours service claimed.

(2) Subject to the provisions of subregulation (3), the service referred to in subregulation (1), shall have been performed as senior engineer in charge of the entire watch, or as second in seniority in a ship propelled by two or more sets of engines or in a large single screw ship where there are three or more engineer-officers on regular watch at the same time. Such service so performed in a ship making long voyages shall be counted at full rate, whereas such service so performed in a ship making short voyages shall be counted at two-thirds rate.

(3) The service referred to in subregulation (1) may also have been performed in ranks below those mentioned in subregulation (2) in a ship propelled by two or more sets of engines or in a large single screw ship. This service so performed in a ship making long voyages shall be counted at half rate, whereas such service so performed in a ship making short voyages shall be counted at quarter rate.

(4) Service in tugs, hoppers, dredgers, pilot vessels and fishing vessels of not less than 3 000 kW may be accepted at quarter rate subject to a maximum of six months: Provided that such service shall not be counted towards the qualifying service required in regulation 38 read with regulation 34.

(5) Part-time service performed by engineer-officers in unattended machinery space operation may be accepted if the examiner is satisfied that such service provides a reasonably balanced system of service. Service falling within the scope of this subregulation will be assessed in similar manner to that laid down in regulation 35 (4).

Remission of sea service for a candidate for a certificate of competency as Marine Engineer-Officer Class 1

40. A candidate for a certificate of competency as Marine Engineer-Officer Class 1 who, before commencing his qualifying sea service, has passed Part A of the examination for a certificate of competency as Marine Engineer-Officer Class 1 or who has obtained a certificate, diploma, degree or partial degree recognised by the Director-General as conferring full or partial exemption from any part of the examination for a certificate of competency as Marine Engineer-Officer Class 1 may be granted a remission of sea service not exceeding three months. A list of certificates, diplomas, degrees or partial degrees recognised by the Director-General is tabulated in Annex 7 to the Regulations, with the proviso that the list may be amended from time to time as changes are made in the certificate and diploma structure by the Department of National Education.

Eksamen vir 'n bekwaamheidsertifikaat as Marine-ingenieuroffisier Klas 1 sonder dat 'n bekwaamheidsertifikaat as Marine-ingenieuroffisier Klas 2 voorgelê word

41. (1) 'n Kandidaat vir 'n bekwaamheidsertifikaat as Marine-ingenieuroffisier Klas 1 wat weens diens in die buiteland geen geleentheid gehad het om 'n geldige bekwaamheidsertifikaat as Marine-ingenieuroffisier Klas 2 te verwerf nie, kan behoudens die bepalings van subregulasie (2) tot die eksamen vir 'n bekwaamheidsertifikaat as Marine-ingenieuroffisier Klas 1 toegelaat word: Met dien verstande dat die Direkteur-generaal daarvan oortuig is dat die kandidaat se diens, vakleerlingskap of tegniese studies, met inbegrip van werkwinkeldiens, nie van 'n laer gehalte is as wat vir die toekenning van 'n bekwaamheidsertifikaat as Marine-ingenieuroffisier Klas 1 kragtens hierdie regulasies vereis word nie.

(2) 'n Kandidaat vermeld in subregulasie (1) moet bewys lewer dat hy minstens vier jaar op 'n stoomskip of motorskip van minstens 3 000 kW wat lang seereise onderneem, diens gedoen het, van welke tydperk hy minstens 18 maande lank beheer oor die hele waghoudiens by die ketels en hoofaandrywingsmasjinerie van 'n stoomskip of by die hoofaandrywingsmasjinerie van 'n motorskip moet gehad het, en hy moet slaag in die eksamen in Wiskunde en Tekene wat by regulasie 53 (2) (c) en (d) voorgeskryf word.

(3) Indien 'n kandidaat wat in subregulasie (1) vermeld word, nie in die eksamen vir die bekwaamheidsertifikaat as Marine-ingenieuroffisier Klas 1 slaag nie, maar toon dat hy die standaard bereik het wat vir 'n bekwaamheidsertifikaat as Marine-ingenieuroffisier Klas 2 vereis word, kan die Minister so 'n sertifikaat aan hom toeken: Met dien verstande dat geen deel van die eksamengeld aan hom terugbetaal word nie.

HOOFSTUK IV

KWALIFIKASIES VEREIS VAN 'N KANDIDAAT VIR 'N BEKWAAMHEIDSERTIFIKAAT AS HOOF-INGENIEUROFFISIER—SPESIALE GRAAD

Algemeen

42. (1) 'n Kandidaat vir 'n bekwaamheidsertifikaat as Hoof-ingenieuroffisier (Spesiale Graad) moet die houer wees van òf 'n geldige gekombineerde bekwaamheidsertifikaat (stoom en motor) as Marine-ingenieuroffisier Klas 1 òf 'n geldige bekwaamheidsertifikaat as Marine-ingenieuroffisier Klas 1 vir die een of die ander vorm van aandryfkrag.

(2) Geen seediens word van 'n kandidaat vereis benewens die diens wat hy vir sy bekwaamheidsertifikaat as Marine-ingenieuroffisier Klas 1 of Endossement verrig het nie.

(3) Kandidate wat benewens 'n geldige bekwaamheidsertifikaat as Marine-ingenieuroffisier Klas 1 vir stoom- of motorskepe, ook houers is van sertifikate, diplomas, professionele kwalifikasies of volle grade in skeeps-, meganiese of elektriese ingenieurswese gelys in die afdeling van Aanhangsel 7 van die regulasies wat oor bekwaamheidsertifikate as Hoof-ingenieuroffisier (Spesiale Graad) handel, kom ook in aanmerking vir vrystelling op 'n vak-vir-vakgrondslag van alle eksamens vir bekwaamheidsertifikate as Ingenieuroffisier, insluitende dié vir Hoof-ingenieuroffisier (Spesiale Graad).

HOOFSTUK V

ALGEMENE BEPALINGS BETREFFENDE AANVAARBAARHEID [NIE OP 'N KANDIDAAT VIR 'N BEKWAAMHEIDSERTIFIKAAT AS HOOF-INGENIEUR (SPESIALE GRAAD) VAN TOEPASSING NIE]

Algemeen

43. (1) Die las om aanvaarbare bewys van seediens te lewer, rus in alle gevalle op die kandidaat wat op sodanige diens aanspraak maak.

Examination for a certificate of competency as Marine Engineer-Officer Class 1 without production of a certificate of competency as Marine Engineer-Officer Class 2

41. (1) A candidate for a certificate of competency as Marine Engineer-Officer Class 1 who, in consequence of service abroad, has had no opportunity to obtain a valid certificate of competency as Marine Engineer-Officer Class 2 may, subject to the provisions of subregulation (2), be admitted to the examination for a certificate of competency as Marine Engineer-Officer Class 1: Provided the Director-General is satisfied that the character of the candidate's service, apprenticeship or technical studies, including workshop service, is of a standard not lower than that required for the grant under these regulations of a certificate of competency as Marine Engineer-Officer Class 1.

(2) A candidate referred to in subregulation (1) shall produce proof of having served for at least four years in a steamship or motorship having a power of not less than 3 000 kW making long voyages, of which at least 18 months shall have been spent in charge of the entire watch on the boilers and main propelling machinery of a steamship or on the main propelling machinery of motorship and shall pass the examination in Mathematics and Drawing prescribed in regulation 53 (2) (c) and (d).

(3) If a candidate referred to in subregulation (1) fails to pass the examination for a certificate of competency as Marine-Engineer Officer Class 1 but shows that he has reached the standard required for a certificate of competency as Marine Engineer-Officer Class 2 the Minister may grant him such a certificate: Provided that no part of the examination fee shall be refunded to him.

CHAPTER IV

QUALIFICATIONS REQUIRED OF A CANDIDATE FOR A CERTIFICATE OF COMPETENCY AS CHIEF ENGINEER-OFFICER—SPECIAL GRADE

General

42. (1) A candidate for a certificate of competency as Chief Engineer-Officer—(Special Grade) shall hold either a valid combined certificate of competency (steam and motor) as Marine Engineer-Officer Class 1 or a valid certficate of competency as Marine Engineer-Officer Class 1 for either motive power.

(2) Sea service additional to the service which he performed for his certificate of competency as Marine Engineer Officer Class 1 or endorsement, shall not be required of the candidate.

(3) Those candidates who, in addition to holding a valid certificate of competency as Marine Engineer-Officer Class 1 for steamships or motorships, also hold any of the certificates, diplomas, professional qualifications or full degrees in marine, mechanical or electrical engineering listed in that section of Annex 7 to the Regulations dealing with certificates of competency as Chief Engineer Officer (Special Grade) also qualify for exemption on a subject for subject basis from all the examinations for certificates of competency as Engineer-Officer including that for Chief Engineer-Officer (Special Grade).

CHAPTER V

GENERAL PROVISIONS AS TO ELIGIBILITY (NOT APPLICABLE TO A CANDIDATE FOR A CERTIFICATE OF COMPETENCY AS CHIEF ENGINEER-OFFICER—SPECIAL GRADE)

General

43. (1) In all cases the onus of producing acceptable proof of sea service shall rest upon the candidate claiming such service.

(2) As 'n kandidaat op seediens op 'n skip wat nie in die Republiek geregistreer is nie aanspraak maak en sodanige diens nie deur die Direkteur-generaal geverifieer kan word nie, moet die diens bevestig word deur 'n amptelike owerheid van die land waarin die skip waarop die kandidaat diens gedoen het, geregisteer is. As daar enigsins getwyfel word aan die afdoendheid van die gelewerde bewyse, moet alle dokumente met die oog op beslissing na die Direkteur-generaal verwys word.

(3) Slegs seediens—

(a) ingevolge 'n ooreenkoms met die bemanning verrig; of

(b) ingeskryf in 'n ontslagboek of die ekwivalent daarvan, wanneer die gesagvoerder of sy verteenwoordiger die datums van indiensneming en ontslag kontroleer is aanvaarbaar.

(4) Indien 'n deel van of al die kwalifiserende diens deur 'n kandidaat vir 'n bekwaamheidsertifikaat as Marine-ingenieuroffisier Klas 2 of Marine-ingenieuroffisier Klas 1 verrig is op 'n skip wat nie gereeld ter see is nie, moet die kandidaat 'n sertifikaat van die eienaar van die skip voorlê waarin gemeld word watter deel van die tyd werklik ter see deurgebring is. As hierdie tyd minstens twee derdes bedra van die seediens wat nodig is om vir die eksamen te kwalifiseer, kan al die diens aanvaar word, maar as die werklike diens ter see minder as sodanige deel is, moet die kandidaat die tekort aanvul deur addisionele seediens te verrig.

(5) Diens op 'n skip waar 'n waghoudende Ingenieuroffisier as deel van sy gereelde pligte stook- of ander werk moet verrig wat nie gewoonlik deur 'n Ingenieuroffisier gedoen word nie, word nie as kwalifiserende diens aanvaar nie.

(6) In die geval van diens waarvoor nie in hierdie regulasies voorsiening gemaak word nie, moet die Direkteur-generaal beslis of sodanige diens as kwalifiserende diens aanvaar kan word.

Hoe seediens bereken word

44. Die kandidaat se seediens word bereken volgens kalendermaande, d.w.s. die tyd tussen enige bepaalde dag in 'n maand en die voorafgaande dag van die volgende maand, albei inbegrepe. Die getal volle maande vanaf die begin van die tydperk wat aldus vasgestel is, word bereken en daarna word die getal los dae getel. Die dag waarop die ooreenkoms in werking tree en die dag waarop dit eindig, word albei ingesluit en al die los dae word bymekaargetel en teen 30 dae per maand bereken.

Diens by hulpmasjiene

45. (1) Behoudens die bepalings van regulasies 18 en 33 betreffende die minimum diens by ketels en hoofmasjiene tel diens by hulpmasjinerie wat saam met die hoofaandrywingsmasjinerie gebruik word (d.w.s. by hulpmasjiene wat vir die werking van die hoofaandrywingsmasjinerie of ketels noodsaaklik is) alles in mindering van die kwalifiserende tydperk seediens.

(2) Van diens by hulpmasjiene wat onafhanklik van die hoofaandrywingsmasjinerie gebruik word, tel net die helfte.

HOOFSTUK VI

EKSAMENGELDE (ALLE KANDIDATE)

Wanneer gelde betaal moet word

46. (1) 'n Kandidaat wat 'n eksamen vir 'n bekwaamheidsertifikaat wil aflê, moet minstens twee weke voor die datum van die eksamen 'n aansoekvorm in tweevoud invul. Geen kandidaat mag toegelaat word om eksamen af te lê nie, tensy hy die kwitansie vir die betaalde eksamengeld aan die eksaminator toon.

(2) Where a candidate claims sea service performed in a ship not registered in the Republic and such service cannot be verified by the Director-General, the service shall be confirmed by an official authority of the country in which the ship in which the candidate served was registered. If the sufficiency of the proof given appears to be at all doubtful, all papers shall be referred to the Director-General for decision.

(3) Only sea service—

(a) performed in terms of an agreement with the crew; or

(b) entered in a Discharge Book or its equivalent, when the dates of engagement and discharge are supervised by the Master or his representative is acceptable.

(4) When part or whole of the qualifying service has been performed by a candidate for a certificate of competency as Marine Engineer-Officer Class 2 or Marine Engineer-Officer Class 1 in a ship which is not regularly at sea, the candidate shall produce a certificate from the owner of the ship stating the proportion of time actually spent at sea. If this time amounts to not less than two-thirds of the sea service required to qualify for the examination, the service may be accepted in full, but where the actual service at sea falls below this proportion, the candidate shall be required to make up the deficiency by performing additional sea service.

(5) Service in a ship where a watchkeeping Engineer-Officer is, as part of his regular duties, required to do stoking or other work not usually performed by an Engineer-Officer, shall not be accepted as qualifying service.

(6) The acceptance as qualifying service, of service which is not provided for in these regulations, shall be decided by the Director-General.

How sea service is calculated

44. The candidate's sea service shall be reckoned by the calendar month, i.e. the time between any given day in any month and the preceding day of the following month, both inclusive. The number of complete months from the commencement of the period, ascertained in this way, shall be computed, after which the number of odd days shall be counted. The day on which the agreement commences, as well as that on which it terminates, shall both be included, and all odd days added together and reckoned at 30 days to the month.

Service on auxiliary machinery

45. (1) Time served on auxiliary machinery run in conjunction with the main propelling machinery (i.e. on auxiliaries which are essential to the running of the main propelling machinery or boilers) shall, subject to the provisions regarding the minimum service on boilers and main engines set out in regulations 18 and 33, count in full towards the qualifying period of sea service.

(2) Time served on auxiliaries run independently of the main propelling machinery shall count at half rate.

CHAPTER VI

EXAMINATION FEES (ALL CANDIDATES)

When to pay fees

46. (1) A candidate for the examination for a certificate of competency shall complete an application form in duplicate at least two weeks prior to the date of examination. No candidate shall be allowed to sit for the examination unless he produces to the examiner the receipt for the fee paid.

(2) 'n Kandidaat wat aansoek doen om vrystelling van 'n deel van die eksamen vir enige graad van 'n bekwaamheidsertifikaat, moet 'n aansoekvorm in tweevoud invul, die voorgeskrewe gelde vir dié deel van die eksamen waarvoor hy vrystelling verlang, betaal en twee afskrifte van sy vrystellingskwalifikasies voorlê. Hierdie aansoek kan te eniger tyd na voltooiing van 'n kadet- of vakleerlingskap gedoen word.

Waar gelde betaal moet word

47. Die eksamengeld moet aan die naaste bevoegde beampte betaal word en dié moet 'n kwitansie uitreik waarop vermeld word—

(a) die naam van die kandidaat;

(b) die betaalde bedrag;

(c) die graad van die eksamen.

Tabel van eksamengelde

48. Die betaalbare eksamengelde is soos volg:

(a) Eksamen vir 'n bekwaamheidsertifikaat as Marine-ingenieuroffisier Klas 4 of endossement:

(i) Die volle eksamen vir 'n sertifikaat (stoom, motor of stoom en motor): R40.

(ii) Deel van die eksamen: R20.

(iii) Eksamen vir endossement (stoom of motor): R20.

(b) Eksamen vir 'n bekwaamheidsertifikaat as Marine-ingenieuroffisier Klas 3 of endossement:

(i) Die volle eksamen vir 'n sertifikaat (stoom, motor of stoom en motor): R60.

(ii) Deel van die eksamen: R30.

(iii) Eksamen vir endossement (stoom of motor): R30.

(c) Eksamen vir 'n bekwaamheidsertifikaat as Marine-ingenieuroffisier Klas 2 of endossement:

(i) Die volle eksamen vir 'n sertifikaat (stoom, motor of stoom en motor): R80.

(ii) Deel A of Deel B of 'n gedeelte van een van hierdie dele: R40.

(iii) Eksamen vir endossement (stoom of motor): R40.

(d) Eksamen vir 'n bekwaamheidsertifikaat as Marine-ingenieuroffisier Klas 1 of endossement:

(i) Die volle eksamen vir 'n sertifikaat (stoom, motor of stoom en motor): R120.

(ii) Deel A of Deel B of 'n gedeelte van een van hierdie dele: R60.

(iii) Eksamen vir endossement (stoom of motor): R60.

(e) 'n Kandidaat wat die houer is van 'n vrystellende kwalifikasie vir Deel A van die eksamen vir Marine-ingenieuroffisier Klas 2 of die eksamen vir Marine-ingenieuroffisier Klas 1 moet die volle bedrag betaal by die eerste poging vir Deel B van sodanige eksamen en, indien hy onsuksesvol is, moet hy by hereksaminering die bedrag vir Deel B alleen betaal.

(f) Eksamen vir 'n bekwaamheidsertifikaat as Hoof-ingenieuroffisier (Spesiale Graad):

(i) Die volle eksamen vir 'n sertifikaat: R160.

(ii) Deel A of Deel B: R80.

(g) 'n Bedrag van R20 is betaalbaar vir die uitreiking van 'n dienssertifikaat.

(2) A candidate who applies for exemption from part of the examination for any grade of certificate of competency shall complete an application form in duplicate, pay the fee prescribed for that part of the examination from which he seeks exemption and submit two copies of his exempting qualifications. This application may be made at any time after completion of a cadetship or an apprenticeship.

Where to pay fees

47. The fee for examination shall be paid to the nearest proper officer who shall issue a receipt stating—

(a) the name of the candidate;

(b) the amount paid;

(c) the grade of the examination.

Table of examination fees

48. The fees payable shall be as follows:

(a) Examination for a certificate of competency as Marine Engineer-Officer Class 4 or endorsement:

(i) The full examination for a certificate (steam, motor or combined steam and motor): R40.

(ii) Part of the examination: R20.

(iii) The endorsement (steam or motor) examination: R20.

(b) Examination for a certificate of competency as Marine Engineer-Officer Class 3 or endorsement:

(i) The full examination for a certificate (steam, motor or combined steam and motor): R60.

(ii) Part of the examination: R30.

(iii) The endorsement (steam or motor) examination: R30.

(c) Examination for a certificate of competency as Marine Engineer-Officer Class 2 or endorsement:

(i) The full examination for a certificate (steam, motor or combined steam and motor): R80.

(ii) Part A or Part B or portion of either Part: R40.

(iii) The endorsement (steam or motor): R40.

(d) Examination for a certificate of competency as Marine Engineer-Officer Class 1 or endorsement:

(i) The full examination for a certificate (steam or motor or combined steam and motor): R120.

(ii) Part A or Part B or a portion of either Part: R60.

(iii) The endorsement (steam or motor) examination: R60.

(e) A candidate holding an exempting qualification for Part A of either the examination for Marine Engineer Officer Class 2 or that for Marine Engineer-Officer Class 1 shall pay the full fee at the first attempt for Part B of such examination and, if unsuccessful, on re-examination shall be required to pay the fee for Part B only.

(f) Examination for a certificate of competency as Chief Engineer-Officer-Special Grade:

(i) The full examination for a certificate: R160.

(ii) Part A or Part B: R80.

(g) A fee of R20 shall be paid for the issue of a certificate of service.

(h) 'n Bedrag van R10 is betaalbaar vir 'n gewaarmerkte afskrif van 'n verlore bekwaamheid- of dienssertifikaat: Met dien verstande dat geen bedrag betaalbaar is indien die sertifikaat as gevolg van skipbreuk of brand aan boord van die skip verlore gegaan het nie.

(i) Die gelde vir die mondelinge eksamen vir 'n diensendossement van Klas 2-, 3- en 4-sertifikate: R20.

(j) Gelde vir 'n gevaarlikevragendossement: R10.

Terugbetaling van eksamengelde

49. (1) Indien 'n kandidaat weens omstandighede buite sy beheer nie in staat is om die eksamen af te lê waarvoor hy eksamengelde betaal het nie, kan hy skriftelik by die bevoegde beampte om terugbetaling van sodanige eksamengeld aansoek doen. Indien die bevoegde beampte van mening is dat die aansoek op redelike gronde berus, moet hy die aansoek deurstuur aan die Direkteur-generaal, wat die terugbetaling kan magtig.

(2) Indien 'n kandidaat nie 'n eksamen ooreenkomstig regulasie 8 voltooi nie, kan hy skriftelik by die bevoegde beampte aansoek doen om terugbetaling van die eksamengeld wat deur hom betaal is, en sodanige geld moet aan hom terugbetaal word.

(3) Indien 'n kandidaat in enige deel van die eksamen druip, word behoudens die bepalings van subregulasie (2) geen deel van die eksamengeld aan hom terugbetaal nie.

(4) Indien die aansoek om 'n dienssertifikaat misluk, word die bedrag wat deur die applikant betaal is, aan hom terugbetaal.

HOOFSTUK VII

EKSAMENS: BEKWAAMHEIDSERTIFIKAAT AS MARINE-INGENIEUROFFISIER KLAS 4 EN ENDOSSEMENT, OF MARINE-INGENIEUROFFISIER KLAS 3 EN ENDOSSEMENT

Eksamen vir 'n bekwaamheidsertifikaat as Marine-ingenieuroffisier Klas 4 of Marine-ingenieuroffisier Klas 3

50. (1) Die leerplanne vir die eksamen vir 'n bekwaamheidsertifikaat as Marine-ingenieuroffisier Klas 4 of Marine-ingenieuroffisier Klas 3 word in Aanhangsel 2 uiteengesit.

(2) Die eksamen moet die volgende dek:

(a) Algemene Ingenieurswetenskap (een vraestel van drie uur).

(b) Hittewerktuie (een vraestel van drie uur).

(c) (i) Ingenieurswese (twee vraestelle van drie uur elk).

(ii) Mondelinge eksamen.

(3) 'n Kandidaat vir 'n bekwaamheidsertifikaat as Marine-ingenieuroffisier Klas 4 kan hom te eniger tyd tussen voltooiing van sy werkwinkeldiens en voltooiing van sy kwalifiserende seediens aanmeld om in die vakke Algemene Ingenieurswetenskap en Hittewerktuie geëksamineer te word.

(4) 'n Kandidaat vir 'n bekwaamheidsertifikaat as Marine-ingenieuroffisier Klas 3 kan hom te eniger tyd na die voltooiing van enige van die aanvanklike opleidingskemas aanmeld om in die vakke Algemene Ingenieurswetenskap en Hittewerktuie geëksamineer te word. 'n Klas 4-sertifikaat is nie 'n vereiste nie.

(5) 'n Kandidaat wat in een of twee vakke slaag, hoef nie daardie vakke weer te neem nie en kan hom behoudens die bepalings van regulasie 58 aanmeld om in die oorblywende vak of vakke hereksamineer te word.

(h) A fee of R10 shall be paid for a certified copy of a lost certificate of competency or service: Provided that no fee shall be paid if the certificate was lost through ship-wreck or fire on board ship.

(i) The fee for the oral examination for a Service Endorsement of Class 2, 3 and 4 certificates: R20.

(j) Fee for Dangerous Cargo Endorsement: R10.

Refund of examination fees

49. (1) If through circumstances beyond the control of a candidate he is unable to undergo the examination for which a fee has been paid, he may apply in writing to the proper officer for a refund of such fee. If the proper officer considers that the application is based upon reasonable grounds, he shall transmit it to the Director-General, who may authorise the refund.

(2) If a candidate does not, in terms of regulation 8 complete an examination, he may apply in writing to the proper officer for a refund of the fee paid by him, and such fee shall be refunded to him.

(3) Subject to the provisions of subregulation (2), if a candidate fails to pass any part of the examination, no part of the fee shall be refunded to him.

(4) If the application for a certificate of service is unsuccessful, the fee paid by the applicant shall be refunded to him.

CHAPTER VII

EXAMINATIONS: CERTIFICATE OF COMPETENCY AS MARINE ENGINEER-OFFICER CLASS 4 AND ENDORSEMENT, OR MARINE ENGINEER-OFFICER CLASS 3 AND ENDORSEMENT

Examination for a certificate of competency as Marine Engineer-Officer Class 4 or Marine Engineer-Officer Class 3.

50. (1) The syllabuses for the examination for a certificate of competency as Marine Engineer-Officer Class 4 or Marine Engineer-Officer Class 3 are set out in Annex 2.

(2) The examination shall cover—

(a) General Engineering Science (one paper of three hours).

(b) Heat Engines (one paper of three hours).

(c) (i) Engineering Knowledge (two papers, each of three hours).

(ii) Oral.

(3) A candidate for a certificate of competency as Marine Engineer-Officer Class 4 may present himself for examination in the subjects "General Engineering Science" and "Heat Engines" at any time between the completion of his workshop service and the completion of his qualifying sea service.

(4) A candidate for a certificate of competency as Marine Engineer-Officer Class 3 may present himself for examination in the subjects "General Engineering Science" and "Heat Engines" at any time after he has completed any one of the initial training schemes. A Class 4 certificate is not required.

(5) A candidate who passes in one or two subjects shall not be required to take those subjects again and, subject to the provisions of regulation 58, may present himself for re-examination in the remaining subject or subjects.

Eksamen vir die endossering van 'n bekwaamheidsertifikaat as Marine-ingenieuroffisier Klas 4 of Marine-ingenieuroffisier Klas 3

51. Die eksamen vir die endossering van 'n bekwaamheidsertifikaat as Marine-ingenieuroffisier Klas 4 of Marine-ingenieuroffisier Klas 3 moet uit die volgende bestaan:

(a) Een skriftelike vraestel van 3 uur in Ingenieurswese;

(b) mondelinge eksamen.

Die leerplanne vir hierdie eksamens word in Aanhangsel 2 uiteengesit.

Slaagpunt vereis

52. (1) Ten einde in die skriftelike deel van die eksamen vir 'n bekwaamheidsertifikaat as Marine-ingenieuroffisier Klas 4 en endossement en Marine-ingenieuroffisier Klas 3 en endossement te slaag, moet 'n kandidaat 'n gemiddelde van 50 % van die totale puntetal in die eksamen behaal met die voorbehoudsbepaling dat die eksaminator die kandidaat na eie goeddunke kan toelaat om te slaag indien sy swakste vak tussen 40 % en 50 % van die totale puntetal slegs vir daardie vak uitmaak. Die slaagpunt in die mondelinge eksamen is 70 %.

(2) Die uitslag van die eksamen sal deur die eksaminator aan die kandidaat meegedeel word.

HOOFSTUK VIII

EKSAMENS: BEKWAAMHEIDSERTIFIKAAT AS MARINE-INGENIEUROFFISIER KLAS 2 EN ENDOSSEMENT, OF MARINE-INGENIEUROFFISIER KLAS 1 EN ENDOSSEMENT

Eksamen vir 'n bekwaamheidsertifikaat as Marine-ingenieuroffisier Klas 2

53. (1) Die leerplanne vir die eksamen vir 'n bekwaamheidsertifikaat as Marine-ingenieuroffisier Klas 2 word in Aanhangsel 3 uiteengesit.

(2) Die eksamen word in twee dele verdeel, soos volg:

DEEL A

(a) Toegepaste Meganika (een vraestel van drie uur).

(b) Hittewerktuie (een vraestel van drie uur).

(c) Wiskunde (een vraestel van drie uur).

(d) Tekene (een vraestel van ses uur).

DEEL B

(a) Elektrotegnologie (een vraestel van drie uur).

(b) Skeepsboukunde (een vraestel van drie uur).

(c) Ingenieurswese (twee vraestelle van drie uur elk en 'n mondelinge eksamen).

(3) 'n Kandidaat kan, behoudens 'n minimum van twee vakke, vrygestel word van die hele of 'n gedeelte van Deel A en kan die eksamen in afsonderlike dele aflê, soos volg:

(a) As 'n kandidaat 'n goedgekeurde onderrigkursus wat minstens twee uit die vier vakke inbegrepe in Deel A dek, gevolg en 'n sertifikaat verwerf het of 'n verklaring wat meld hoe ver hy in die kursus gevorder het, word hy vrygestel van die vakke in Deel A indien aan die vereiste standaard soos uiteengesit in Aanhangsel 7 van hierdie regulasies voldoen is.

Ondergenoemde kwalifikasies wat onder die ou tegniese opleidingskema verwerf is, word steeds erken:

(i) Die Nasionale Tegniese Sertifikaat Deel V (voorheen bekend as G.T.S. II).

(ii) Die Nasionale Tegniese Diploma (voorheen bekend as die Nasionale Diploma in Ingenieurswese).

Examination for endorsement of a certificate of competency as Marine Engineer-Officer Class 4 or Marine Engineer-Officer Class 3

51. The examination for the endorsement of a certificate of competency as Marine Engineer-Officer Class 4 or Marine Engineer-Officer Class 3 shall consist of—

(a) one written paper of three hours in Engineering Knowledge;

(b) oral.

The syllabuses for these examinations are set out in Annex 2.

Marks required for pass

52. (1) To secure a pass in the written portion of the examination for a certificate of competency as Marine Engineer-Officer Class 4 and endorsement and Marine Engineer-Officer Class 3 and endorsement, a candidate shall be required to obtain an aggregate of 50 % of the total marks in the examination with the proviso that at the discretion of the examiner he may be allowed to pass if his weakest subject carries between 40 % and 50 % of the full marks for that subject only. In the oral examination the pass mark is 70 %.

(2) The result of the examination will be communicated to the candidate by the examiner.

CHAPTER VIII

EXAMINATIONS: CERTIFICATE OF COMPETENCY AS MARINE ENGINEER-OFFICER CLASS 2 AND ENDORSEMENT OR MARINE ENGINEER-OFFICER CLASS 1 AND ENDORSEMENT

Examination for a certificate of competency as Marine Engineer-Officer Class 2

53. (1) The syllabuses for the examination for a certificate of competency as Marine Engineer-Officer Class 2 are set out in Annex 3.

(2) The examination is divided into two parts, as follows:

PART A

(a) Applied Mechanics (one paper of three hours).

(b) Heat Engines (one paper of three hours).

(c) Mathematics (one paper of three hours).

(d) Drawing (one paper of six hours).

PART B

(a) Electrotechnology (one paper of three hours).

(b) Naval Architecture (one paper of three hours).

(c) Engineering Knowledge (two papers, each of three hours and an oral examination).

(3) A candidate may be exempted from Part A or a portion of it, subject to a minimum of two subjects, and may take the examination in seperate parts, as follows:

(a) A candidate who has attended an approved course of instruction which covers not less than two of the four subjects included in Part A and who has obtained a certificate or statement indicating what level of the course he has reached shall be granted exemption from the subject in Part A if the requisite level as tabulated in Annex 7 to the Regulations has been reached.

The undermentioned qualifications gained under the old technical training scheme will continue to be recognised:

(i) The National Technical Certificate Part V (previously known as A.T.C. II).

(ii) The National Technical Diploma (previously known as the National Engineering Diploma).

(b) 'n Kandidaat kan hom te eniger tyd na voltooiing van die nodige werkwinkeldiens òf vir die hele Deel A van die eksamen òf, indien daar kragtens paragraaf (a) gedeeltelike vrystelling aan hom verleen is, vir die oorblywende vak of vakke aanmeld.

(c) 'n Kandidaat wat nie geheel en al of gedeeltelik kragtens paragraaf (a) vrygestel is nie en wat net een vak slaag wanneer hy Deel A van die eksamen aandurf, moet by hereksaminering weer die hele Deel A aflê. As hy in twee of drie vakke slaag, hoef hy nie daardie vakke te herhaal nie en kan hy hom behoudens die bepalings van regulasie 58 vir hereksamen in die oorblywende vak of vakke aanmeld.

(d) 'n Kandidaat kan Deel B te eniger tyd na voltooiing van die nodige tydperke kwalifiserende werkwinkel- en seediens aflê: Met dien verstande dat hy ook terselfdertyd die hele Deel A van die eksamen aflê of eksamen doen in die vakke (as daar is) van daardie deel waarin hy nie reeds geslaag het of waarvan hy nie kragtens paragraaf (a) vrygestel is nie.

(e) 'n Kandidaat mag nie 'n slaagpunt in Deel B of in enige afdeling van Deel B gegee word nie tensy hy Deel A terselfdertyd as Deel B voltooi of reeds tevore voltooi het of daarvan vrygestel is.

(f) 'n Kandidaat wat Deel A voltooi en wanneer hy Deel B aflê, in afdelings (a), (b) of (c) druip, kan 'n slaagpunt vir een of twee van drie vakke gegee word en kan behoudens die bepalings van regulasie 58 'n hereksamen in die oorblywende vakke aflê.

EKSAMEN VIR 'N BEKWAAMHEIDSERTIFIKAAT AS MARINE-INGENIEUROFFISIER KLAS 1

54. (1) Die leerplanne vir die eksamen vir 'n bekwaamheidsertifikaat as Marine-ingenieuroffisier Klas 1 word in Aanhangsel 3 uiteengesit.

(2) Die eksamen word in 2 dele verdeel, soos volg:

DEEL A

(a) Toegepaste Meganika (een vraestel van drie uur).

(b) Hittewerktuie (een vraestel van drie uur).

DEEL B

(a) Elektrotegnologie (een vraestel van drie uur).

(b) Skeepsboukunde (een vraestel van drie uur).

(c) Ingenieurswese (twee vraestelle van drie uur): Met dien verstande dat daar vir kandidate wat die eksamen vir 'n gekombineerde sertifikaat (stoom en motor) aflê 'n derde vraestel van drie uur gestel word. Die skriftelike werk sal deur 'n mondelinge eksamen later in die week gevolg word.

(3) 'n Kandidaat kan van die hele of 'n gedeelte van Deel A vrygestel word en kan die eksamen in afsonderlike dele aflê, soos volg:

(a) 'n Kandidaat vir 'n bekwaamheidsertifikaat as Marine-ingenieuroffisier Klas 1 kan op 'n vak-vir-vak-grondslag vrystelling van enige deel van die eksamen verleen word indien hy enige van die kwalifikasies gelys in Aanhangsel 7 van die regulasies met betrekking tot Marine-ingenieuroffisier Klas 1 verwerf het.

Ondergenoemde kwalifikasies word steeds erken:

(i) Die Nasionale Tegniese Sertifikaat Deel V, (voorheen bekend as G.T.S. II).

(ii) Die Nasionale Tegniese Diploma (voorheen bekend as die Nasionale Diploma in Ingenieurswese).

(4) (a) 'n Kandidaat kan hom te eniger tyd na slaging in die eksamen vir die bekwaamheidsertifikaat as Marine-ingenieuroffisier Klas 2 òf vir die hele Deel A van die eksamen òf, indien kragtens subregulasie 3 (a) gedeeltelike vrystelling aan hom verleen is, vir die oorblywende vak aanmeld.

(b) A candidate may present himself either for the whole of Part A or the examination, or, if he has been granted partial exemption under paragraph (e), for the remaining subject or subjects at any time after he has completed the necessary workshop service.

(c) A candidate who has not been exempted wholly or partially under paragraph (a) and who, when attempting Part A of the examination, passes in one subject only, must take the whole of Part A again on re-examination. If he passes in two or three subjects, he shall not be required to take those subjects again and subject to the provisions of regulation 58, may present himself for re-examination in the remaining subject or subjects.

(d) A candidate may take Part B at any time after he has completed the necessary periods of qualifying workshop and sea service: Provided he also takes at the same time the whole of Part A of the examination or such subjects, if any, in that part in which he has not already passed or from which he has not been exempted under paragraph (a).

(e) A candidate shall not be given a pass in Part B or in either section of Part B unless he completes Part A at the same time as Part B or unless he has previously completed it, or has been exempted from it.

(f) A candidate who completes Part A and when taking Part B, fails in Sections (a), (b) or (c) may be given a pass in one or two of the three subjects and subject to the provisions of regulation 58 may sit for re-examination in the remaining subjects.

EXAMINATION FOR A CERTIFICATE OF COMPETENCY AS MARINE ENGINEER-OFFICER CLASS 1

54. (1) The syllabuses for the examination for a certificate of competency as Marine Engineer-Officer Class 1 are set out in Annex 3.

(2) The examination is divided into 2 parts, as follows:

PART A

(a) Applied Mechanics (one paper of three hours).

(b) Heat Engines (one paper of three hours).

PART B

(a) Electrotechnology (one paper of three hours).

(b) Naval Architecture (one paper of three hours).

(c) Engineering Knowledge (two papers each of three hours). Provided that a third paper will be set for candidates taking the examination for a combined certificate. The written work will be followed by an oral examination later in the week.

(3) A candidate may be exempted from Part A or from a Part of it and may take the examination in separate parts as follows:

(a) A candidate for a certificate of competency as Marine Engineer-Officer Class 1 may be granted exemption on a subject for subject basis from any part of the examination if he has obtained any of the qualifications listed in Annex 7 to the Regulations relating to Marine Engineer-Officer Class 1. The undermentioned qualifications will continue to be recognised:

(i) The National Technical Certificate Part V, (previously known as A.T.C. II).

(ii) The National Technical Diploma (previously known as the National Engineering Diploma).

(4) (a) A candidate may present himself either for the whole of Part A of the examination, or, if he has been granted partial exemption under subregulation 3 (a), for the remaining subject at any time after he has passed the examination for a certificate of competency as Marine Engineer-Officer Class 2.

(b) 'n Kandidaat wat nie geheel en al of gedeeltelik kragtens subregulasie 3 (a) vrygestel is nie en wat net een vak slaag wanneer hy Deel A van die eksamen aandurf, hoef nie weer die eksamen in daardie vak af te lê nie en kan hom behoudens die bepalings van regulasie 58 vir hereksamen in die oorblywende vak aanmeld.

(c) 'n Kandidaat kan Deel B te eniger tyd aflê mits hy die houer is van 'n bekwaamheidsertifikaat as Marine-ingenieuroffisier Klas 2 en die nodige tydperk kwalifiserende seediens voltooi het en mits hy ook terselfdertyd die hele Deel A van die eksamen aflê of eksamen doen in die vak (as daar is) van daardie deel waarin hy nie reeds geslaag het of waarvan hy nie kragtens subregulasie 3 (a) vrygestel is nie.

(d) 'n Kandidaat mag nie 'n slaagpunt in Deel B of in enige afdeling van Deel B gegee word nie tensy hy Deel A terselfdertyd as Deel B voltooi of reeds tevore voltooi het, of van Deel A vrygestel is.

(e) 'n Kandidaat wat Deel A voltooi en wanneer hy Deel B van die eksamen aflê, in afdelings (a), (b) of (c) druip, kan 'n slaagpunt in een of twee van die drie vakke gegee word en kan behoudens die bepalings van regulasie 58 'n hereksamen in die uitstaande vakke aflê.

EKSAMEN VIR ENDOSSERING VAN 'N BEKWAAMHEIDSERTIFIKAAT AS MARINE-INGENIEUROFFISIER KLAS 2 OF MARINE-INGENIEUROFFISIER KLAS 1

55. Die eksamen vir die endossering van 'n bekwaamheidsertifikaat as Marine-ingenieuroffisier Klas 2 en Marine-ingenieuroffisier Klas 1 bestaan uit—

(a) een skriftelike vraestel van 3 uur in Ingenieurswese;

(b) 'n mondelinge eksamen.

Die leerplanne vir hierdie eksamens word in Aanhangsel 3 uiteengesit.

Slaagpunt vereis

56. (1) Ten einde in die skriftelike deel van die eksamen vir 'n bekwaamheidsertifikaat as Marine-ingenieuroffisier Klas 2 en endossement en Marine-ingenieuroffisier Klas 1 en endossement te slaag, moet 'n kandidaat 'n gemiddelde van 50 % van die totale puntetal in elke Deel van die eksamen behaal met die voorbehoudsbepaling dat die eksaminator die kandidaat na eie goeddunke kan toelaat om te slaag indien sy swakste vak tussen 40 % en 50 % van die totale puntetal slegs vir daardie vak uitmaak. Die slaagpunt in die mondelinge eksamen is 70 %.

(2) Die uitslag van die eksamen sal deur die eksaminator aan die kandidaat meegedeel word.

HOOFSTUK IX

EKSAMEN: BEKWAAMHEIDSERTIFIKAAT AS HOOF/INGENIEUROFFISIER (SPESIALE GRAAD)

Algemeen

57. Die eksamen vir 'n bekwaamheidsertifikaat as Hoofingenieuroffisier (Spesiale Graad) dek die leerplanne vir die eksamens vir 'n bekwaamheidsertifikaat as Marine-ingenieuroffisier Klas 1 en Marine-ingenieuroffisier Klas 2 uiteengesit in Aanhangsel 3, asook die leerplanne uiteengesit in Aanhangsel 4. Drie maande kennisgewing van voorneme om geëksamineer te word, word vereis. Die eksamen word in 2 dele verdeel, soos volg:

DEEL A

(1) (a) Toegepaste Termodinamika 1 (een vraestel van drie uur).

(b) Toegepaste Termodinamika 2 (een vraestel van drie uur).

(b) A candidate who has not been exempted wholly or partially under subregulation 3 (a) and who, when attempting Part A of the examination, passes in one subject only, shall not be required to take that subject again and, subject to the provisions of regulation 58, may present himself for re-examination in the remaining subject.

(c) A candidate may take Part B at any time provided he holds a certificate of competency as Marine Engineer-Officer Class 2 and has completed the necessary period of qualifying sea service, and provided also that he takes at the same time either the whole of Part A of the examination or such subject, if any, in that Part in which he has not already passed or from which he has not been exempted under subregulation 3 (a).

(d) A candidate shall not be given a pass in Part B or in either section of Part B unless he completes Part A at the same time as Part B or unless he has previously completed it, or has been exempted from it.

(e) A candidate who completes Part A and when taking Part B, fails in sections (a), (b) or (c) may be given a pass in one or two of the three subjects and subject to the provisions of regulation 58 may sit for re-examination in outstanding subjects.

EXAMINATION FOR ENDORSEMENT OF A CERTIFICATE OF COMPETENCY AS MARINE ENGINEER-OFFICER CLASS 2 OR MARINE ENGINEER-OFFICER CLASS 1

55. The examination for the endorsement of a certificate of competency as Marine Engineer-Officer Class 2, Marine Engineer-Officer Class 1 shall consist of—

(a) one written paper of 3 hours in Engineering Knowledge;

(b) Oral.

The syllabuses for these examinations are set out in Annex 3.

Marks required for pass

56. (1) To secure a pass in the written portion of the examination for a certificate of competency as Marine Engineer-Officer Class 2 and endorsement or Marine Engineer-Officer Class 1 and endorsement, a candidate shall be required to obtain an aggregate of 50 % of the total marks in each Part of the examination with the proviso that at the discretion of the examiner he may be allowed to pass if his weakest subject carries between 40 % and 50 % of the full marks for that subject only. In the oral examination the pass mark is 70 %.

(2) The result of the examination will be communicated to the candidate by the examiner.

CHAPTER IX

EXAMINATIONS: CERTIFICATE OF COMPETENCY AS CHIEF ENGINEER-OFFICER SPECIAL GRADE

General

57. The examination for a certificate of competency as Chief Engineer-Officer-Special Grade covers the syllabuses for the examinations for a certificate of competency as Marine Engineer-Officer Class 1 and Marine Engineer-Officer Class 2 set out in Annex 3, as well as the syllabuses set out in Annex 4. Three months notice of intention to be examined is required. The examination is divided into 2 parts, as follows:

PART A

(1) (a) Applied Thermodynamics 1 (one paper of three hours).

(b) Applied Thermodynamics 2 (one paper of three hours).

(c) Sterkteleer en eienskappe van materiale (een vraestel van drie uur).

(d) Masjienleer en Hidromeganika (een vraestel van drie uur).

DEEL B

(2) (a) Elektrotegnologie (een vraestel van drie uur).

(b) Skeepsboukunde (een vraestel van drie uur).

(c) Ingenieurswese (een vraestel van drie uur).

(d) Opstel (tyd toegelaat drie uur).

(e) Masjienontwerp (Tekene) (Tyd toegelaat ses uur).

(3) Vrystellingkwalifikasies wat aanvaar word vir die verlening van vrystelling van enige van die vakke gedek deur hierdie eksamen word uiteengesit in regulasie 42 (3) en ook in Aanhangsel 7 van hierdie regulasies.

(4) Indien 'n kandidaat verkies om die hele eksamen meteens af te lê en net in Deel B slaag, kan hy by 'n verdere eksamen net Deel A aflê en word hy van verdere eksamen in Deel B vrygestel.

(5) Ten einde in Deel A of Deel B te slaag, moet 'n kandidaat minstens 60 % van die totale puntetal vir elke vak toegewys, behaal.

(6) Gedeeltelike slagings word op 'n kandidaat se bekwaamheidsertifikaat as Marine-ingenieuroffisier Klas 1 geëndosseer en gedeeltelike slagings bly voortdurend geldig.

HOOFSTUK X

DRUIPING IN EKSAMEN VIR 'N ANDER BEKWAAMHEIDSERTIFIKAAT AS DIÉ VAN HOOF-INGENIEUROFFISIER (SPESIALE GRAAD)

Algemeen

58. (1) As daar in 'n eksamen vir 'n bekwaamheidsertifikaat, uitgesonderd 'n bekwaamheidsertifikaat as Hoof-ingenieuroffisier (Spesiale Graad), gedruip word in 'n vak waarvan onkundigheid daartoe kan lei dat 'n Ingenieuroffisier in die behartiging van enige deel van 'n skip se masjinerie iets doen wat werklik onveilig is of nalaat om iets te doen wat met die oog op veiligheid noodsaaklik is (bv. druiping in vrae oor manipulasie en die aflees van die waterpeilglas, die gevaar van brand en ontploffings in stoom- en motorskepe), word dit as druiping in praktiese kennis beskou en mag 'n kandidaat wat aldus gedruip het, hom nie vir hereksaminering aanmeld alvorens hy bewys van verdere seediens in 'n kwalifiserende hoedanigheid lewer nie.

(2) 'n Kandidaat wat weens onkunde omtrent grondbeginsels of weens algemene gebrek aan kennis in die eksamen druip, mag hom vir 'n tydperk wat deur die eksaminator bepaal moet word maar wat nie drie maande te bowe gaan nie, nie vir hereksaminering aanmeld nie: Met dien verstande dat die Direkteur-generaal behoudens die bepalings van subregulasie (5) na eie oordeel 'n langer tydperk as drie maande kan bepaal.

(3) 'n Kandidaat wat in 'n eksamen druip onder ander omstandighede as wat in subregulasies (1) en (2) uiteengesit word, kan hom te eniger tyd na verstryking van een maand sedert sy jongste poging vir eksamen aanmeld, maar as hy binne 'n tydperk van drie maande drie maal in Deel A of drie maal in Deel B druip, mag hy vir 'n tydperk wat deur die eksaminator bepaal moet word maar wat nie drie maande te bowe gaan nie, nie weer geëksamineer word nie: Met dien verstande dat die Direkteur-generaal behoudens die bepalings van subregulasie (5) na eie oordeel 'n tydperk van langer as drie maande kan bepaal.

(4) Die tydperk verdere seediens wat by subregulasie (1) vereis word, moet deur die eksaminator bepaal word en mag nie drie maande te bowe gaan nie tensy die voorafgaande goedkeuring van die Direkteur-generaal verkry is in 'n geval waar die eksaminator van mening is dat langer diens as drie maande geregverdig is.

(c) Strength and Properties of Materials (one paper of three hours).

(d) Theory of Machines and Mechanics of Fluids (one paper of three hours).

PART B

(2) (a) Electrotechnology (one paper of three hours).

(b) Naval Architecture (one paper of three hours).

(c) Engineering Knowledge (one paper of three hours).

(d) Essay (time allowed three hours).

(e) Machine Design (Drawing) (time allowed six hours).

(3) Exempting qualifications acceptable for the grant of exemption from any of the subjects covered by this examination are outlined in regulation 42 (3) and also in Annex 7 to these regulations.

(4) If a candidate who chooses to take the whole examination at one time passes only in Part B, he shall be eligible to sit for Part A at any further examination and shall be exempt from further examination in Part B.

(5) In order to attain a pass in either Part A or Part B, a candidate shall obtain not less than 60 % of the total marks allocated for each subject.

(6) Partial passes will be endorsed on the candidates certificate of competency as Marine Engineer Officer Class 1 and partial passes shall remain valid for all time.

CHAPTER X

FAILURE IN EXAMINATION FOR A CERTIFICATE OF COMPETENCY OTHER THAN AS CHIEF ENGINEER-OFFICER-SPECIAL GRADE

General

58. (1) Failure in a subject in an examination for a certificate of competency other than as Chief Engineer-Officer-Special Grade, ignorance of which may lead an Engineer-Officer to do something really unsafe in the management of any part of a ship's machinery or to fail to do something essential in the interests of safety (e.g. failure in questions on manipulation and reading of the watergauge, the danger of fire and explosion in steamships or motorships), shall be regarded as failure in practical knowledge, and a candidate so failing shall not present himself for re-examination until he produces proof of further sea service in a qualifying capacity.

(2) A candidate who fails in an examination through ignorance of fundamental principles or on account of general defectiveness shall not present himself for re-examination for a period of up to three months, to be determined by the examiner: Provided that the Director-General in his discretion may, subject to the provisions of subregulation (5), fix a period in excess of three months.

(3) A candidate who fails in an examination in circumstances other than those set out in subregulation (1) and (2) may present himself for examination at any time after one month has elapsed since his previous attempt, but if he fails three times in Part A or three times in Part B within a period of three months he shall not be examined for a period of up to three months, to be determined by the examiner: Provided that the Director-General in his descretion may, subject to the provisions of subregulation (5), fix a period in excess of three months.

(4) The period of further sea service required in terms of subregulation (1) shall be determined by the examiner and shall not exceed three months, unless, in a case where the examiner is of the opinion that a period of service in excess of three months is warranted, the prior approval of the Director-General has been obtained.

(5) Die tydperk wat moet verstryk alvorens 'n kandidaat hom weer vir 'n eksamen mag aanmeld en wat ooreenkomstig subregulasie (2) of (3) deur die Direkteur-generaal bepaal word, of die tydperk verdere seediens wat by subregulasie (4) vereis word, mag in geen geval ses maande te bowe gaan nie.

HOOFSTUK XI

AFNEEM VAN EKSAMENS (ALLE KANDIDATE)

Die Reëls wat nagekom moet word gedurende die eksamen van Marine-ingenieuroffisiere word in Aanhangsel 9 van hierdie regulasies omskryf en daar word van kandidate verwag om hulself met hierdie reëls vertroud te maak.

Straf vir afskryf, ens.

59. 'n Kandidaat wat gedurende die eksamen 'n ongeoorloofde boek of papier raadpleeg of van iemand anders afskryf of aan iemand anders hulp verleen of inligting verstrek of op enige wyse met iemand anders in verbinding tree, of wat enige deel van die probleme afskryf met die doel om hulle uit die eksamenkamer te neem, word geag in die eksamen te gedruip het en mag ses maande lank nie vir hereksaminering aangeneem word nie. 'n Kandidaat wat aan 'n tweede oortreding skuldig bevind word, mag nie toegelaat word om binne 12 maande na sodanige tweede oortreding eksamen te doen nie. Elke oortreding moet deur die eksaminator by die Direkteur-generaal aangemeld word.

Kandidate mag van eie metodes gebruik maak

60. 'n Kandidaat kan die verskillende probleme uitwerk volgens enige metode waaraan hy gewoond is, mits die beginsel van sodanige metode reg is. Vir duidelike stellings, beredenering en berekening in die oplossing van die probleme sal gepaste erkenning verleen word.

Straf vir oortreding van regulasies

61. Indien 'n kandidaat 'n ander regulasie oortree as een vir die oortreding waarvan 'n ander straf by hierdie regulasies voorgeskryf word, of indien 'n kandidaat astrant is teenoor 'n eksaminator of hom in of by die eksamenkamer onordelik of onbehoorlik gedra, kan die eksaminator met hom handel asof hy in die eksamen gedruip het, en indien daar aldus met hom gehandel word, mag hy drie maande lank nie as kandidaat vir hereksamen aanvaar word nie.

HOOFSTUK XII

UITREIKING VAN SERTIFIKATE

Eksamenuitslae

62. Die uitslag van die eksamen vir 'n bekwaamheidsertifikaat moet op die goedgekeurde vorm deur die eksaminator aan die kandidaat meegedeel word.

Vorm van bekwaamheidsertifikaat en dienssertifikaat

63. Behoudens die bepalings van regulasie 65 moet elke bekwaamheidsertifikaat in een van die toepaslike vorms wees soos in Aanhangsel 5 uiteengesit, en moet elke diensertifikaat in die vorm wees soos in Aanhangsel 6 uiteengesit.

Uitreiking van bekwaamheidsertifikaat as Marine-ingenieuroffisier Klas 4, Marine-ingenieuroffisier Klas 3, Marine-ingenieuroffisier Klas 2 of Marine-ingenieuroffisier Klas 1

64. As 'n kandidaat vir 'n bekwaamheidsertifikaat as Marine-ingenieuroffisier Klas 4, Klas 3, Klas 2 of Klas 1 die ervaring opgedoen, die toepaslike werkwinkel- en seediens verrig en in die toepaslike eksamen voorgeskryf by hierdie regulasies geslaag het, moet die sertifikaat behoudens die bepalings van hierdie regulasies aan hom uitgereik word: Met dien verstande dat hy enige vorige sertifikaat aan die eksaminator moet afgee.

(5) The period of time which must elapse before a candidate may again present himself for examination and which is fixed by the Director-General in terms of subregulation (2) or (3), or the period of further sea service required in terms of subregulation (4), shall in no case exceed six months.

CHAPTER XI

CONDUCT OF EXAMINATIONS (ALL CANDIDATES)

The Rules to be observed during the examination of Marine Engineer Officers are defined in Annex 9 of these Regulations and candidates are expected to make themselves familiar with these Rules.

Penalty for copying, etc

59. A candidate who refers to an unauthorised book or paper, or copies from another or affords any assistance or gives any information to another, or communicates in any way with another during the time of examination, or copies any part of the problems for the purpose of taking them out of the examination room, shall be regarded as having failed the examination, and shall not be accepted for re-examination for a period of six months. A candidate guilty of a second offence shall not be allowed to be examined until 12 months have elapsed after such second offence. Each offence shall be reported to the Director-General by the examiner.

Candidates may use own method

60. A candidate may work out the various problems according to any method he has been accustomed to use, provided such method is correct in principle. Suitable recognition will be given for clear statements, reasoning and calculation in solving the problems.

Penalty for breach of regulations

61. If a candidate contravenes any of these regulations other than a regulation for the contravention of which another penalty is by these regulations prescribed, or is insolent to an examiner or conducts himself in a disorderly or improper manner in or about the examination room, the examiner may treat him as having failed the examination, and if he is so treated he shall not be accepted for re-examination for a period of three months.

CHAPTER XII

ISSUE OF CERTIFICATES

Result of examination

62. The result of the examination for a certificate of competency shall be conveyed by the examiner to the candidate on the form approved.

Form of certificate of competency and certificate of service

63. Subject to the provisions of regulation 65, every certificate of competency shall be in one of the appropriate forms set out in Annex 5 and every certificate of service shall be in the form set out in Annex 6.

Issue of certificate of competency as Marine Engineer-Officer Class 4, Marine Engineer-Officer Class 3, Marine Engineer-Officer Class 2 or Marine Engineer-Officer Class 1

64. If a candidate for a certificate of competency as Marine Engineer-Officer Class 4, Class 3, Class 2 or Class 1 has gained the experience and performed the appropriate workshop and sea service and has passed the appropriate examination prescribed by these regulations, the certificate shall, subject to the provisions of these regulations, be issued to him: Provided that any previous certificate shall be surrendered to the examiner.

Endossering van bekwaamheidsertifikaat

65. (1) Indien 'n kandidaat die houer is van 'n bekwaamheidsertifikaat wat hom die reg gee om in 'n bepaalde graad of hoedanigheid op te tree op 'n skip wat met 'n sekere soort aandrywingsmasjinerie (stoom of motor) toegerus is, en indien sodanige kandidaat op grond van die verrigting van die voorgeskrewe seediens en slaging in die voorgeskrewe eksamen kwalifiseer vir 'n bekwaamheidsertifikaat wat hom die reg gee om in 'n bepaalde graad of hoedanigheid op te tree op 'n skip wat met 'n ander soort aandrywingsmasjinerie (motor of stoom) toegerus is, kan laasgnoemde sertifikaat waarvoor hy aldus gekwalifiseer het, die vorm aanneem van 'n endossement op die sertifikaat waarvan hy reeds die houer is, welke endossement die graad of hoedanigheid waarin sy verdere kwalifikasie hom die reg gee om op te tree, asook die soort aandrywingsmasjinerie van die skip moet meld.

(2) Indien 'n kandidaat die houer is van 'n bekwaamheidsertifikaat (stoom of motor) wat hom die reg gee om in 'n bepaalde graad of hoedanigheid op te tree en hy kwalifiseer vir 'n bekwaamheidsertifikaat (stoom of motor) wat hom die reg gee om in 'n hoër graad of hoedanigheid op te tree, kan op laasgenoemde sertifikaat waarvoor hy aldus gekwalifiseer het, 'n verdere sertifikaat geëndosseer word waarin verklaar word dat hy geregtig is om ook op 'n skip toegerus met stoom- en motoraandryfmasjinerie, na gelang van die geval, op te tree in die graad of hoedanigheid vermeld in eersgenoemde sertifikaat.

(3) Indien 'n kandidaat die houer is van 'n bekwaamheidsertifikaat wat hom die reg gee om in 'n bepaalde graad of hoedanigheid op 'n skip op 'n vreemde vaart op te tree en hy kwalifiseer vir 'n diensendossering wat hom die reg gee om in 'n bepaalde graad of hoedanigheid op 'n kleiner skip op te tree, kan laasgenoemde sertifikaat waarvoor hy aldus gekwalifiseer het, die vorm aanneem van 'n endossement op die sertifikaat waarvan hy reeds die houer is en sodanige endossement moet die graad of hoedanigheid op die kleiner skip meld waarin sy verdere kwalifikasie hom die reg gee om op te tree.

(4) 'n Persoon wat die houer is van 'n bekwaamheidsertifikaat as Marine-ingenieuroffisier Klas 1 op 'n skip op vreemde vaart, is geregtig op diens as Hoof-ingenieuroffisier op alle ander soorte skepe.

Uitreiking van bekwaamheidsertifikaat as Hoof-ingenieuroffisier (Spesiale Graad)

66. 'n Bekwaamheidsertifikaat as Hoof-ingenieuroffisier (Spesiale Graad) moet uitgereik word aan 'n kandidaat wat kragtens die bepalings van die Wet daartoe geregtig is of behoudens die bepalings van hierdie regulasies in die voorgeskrewe eksamen geslaag het: Met dien verstande dat 'n kandidaat wat in die voorgeskrewe eksamen geslaag het, sy bekwaamheidsertifikaat waarvan in regulasie 37 of 38 melding gemaak word, aan die eksaminator moet afgee.

HOOFSTUK XIII

DIENSSERTIFIKATE: ALGEMEEN

Aansoek om 'n dienssertifikaat as Marine-ingenieuroffisier Klas 4

67. (1) Waghou-ingenieurs wat binne die drie jaar voor die uitvaardiging van hierdie regulasies vir 'n aaneenlopende tydperk van minstens een jaar diens gedoen het in 'n hoedanigheid waar 'n Klas 4-sertifikaat nou vereis word, kan aansoek doen om 'n dienssertifikaat as Marine-ingenieuroffisier Klas 4.

(2) Aansoekers moet die voorgeskrewe gelde betaal en deur 'n eksaminator ondervra word.

Endorsement of a certificate of competency

65. (1) If a candidate holds a certificate of competency which entitles him to act in a particular grade or capacity in a ship fitted with a certain kind of propelling machinery (steam or motor), and by having performed the prescribed sea service and having passed the prescribed examination, qualifies for a certificate of competency entitling him to act in a particular grade or capacity in a ship fitted with another kind of propelling machinery (motor or steam), the latter certificate for which he has so qualified may be in the form of an endorsement on the certificate which he already holds stating the grade or capacity in which his further qualification entitles him to act, as well as the kind of propelling machinery of the ship.

(2) If a candidate holds a certificate of competency (steam or motor) which entitles him to act in a particular grade or capacity, and qualifies for a certificate of competency (steam or motor) which will entitle him to act in a higher grade or capacity, the latter certificate for which he has so qualified may be endorsed with a further certificate stating that he is also entitled to act in the grade or capacity specified in the former certificate in a ship fitted with steam-driven or motor propelled machinery, as the case may be.

(3) If a candidate holds a certificate of competency which entitles him to act in a particular grade or capacity in a foreign-going ship and qualifies for a service endorsement entitling him to act in a particular grade or capacity in a smaller ship, the latter certificate for which he has so qualified may be in the form of an endorsement on the certificate which he already holds stating the grade or capacity in the smaller ship in which his further qualification entitles him to act.

(4) A person who holds a certificate of competency as Marine Engineer-Officer Class 1 in a foreign-going ship, is entitled to service as Chief Engineer Officer in all other types of ship.

Issue of certificate of competency as Chief Engineer-Officer-Special Grade

66. A certificate of competency as Chief Engineer-Officer-Special Grade shall be issued to a candidate who is entitled thereto in accordance with the provisions of the Act, or, subject to the provisions of these regulations, who has passed the prescribed examination: Provided that a candidate who has passed the prescribed examination shall surrender his certificate of competency referred to in regulation 37 or 38 to the examiner.

CHAPTER XIII

CERTIFICATES OF SERVICE: GENERAL

Applications for certificates of service as Marine Engineer-Officer Class 4

67. (1) Watchkeeping engineers who have served for a continuous period of not less then one year within three years prior to the promulgation of these regulations in a capacity where a Class 4 certificate is now required may apply for a certificate of service as Marine Engineer-Officer Class 4.

(2) Applicants shall pay the prescribed fee and be interviewed by an examiner.

68. (1) Vlootaansoekers kragtens artikel 80 van die Wet moet die rang van Vlootingenieuroffisier of Vloot Tegniese Offisier of Adjudant-offisier Klas 1 verkry het en moet minstens 6 maande seediens verrig het as 'n Vlootwaghouoffisier op 'n stoomskip of motorskip, afhangende van die tipe dienssertifikaat wat vereis word, sedert die datum waarop aan hom 'n toepaslike Vlootwaghousertifikaat toegeken is.

(2) Elke vlootaansoek om 'n dienssertifikaat moet skriftelik deur die Hoof van die Vloot of 'n offisier aan wie hy die taak gedelegeer het, ondersteun word.

AANHANGSEL 1

(1) VOORBEELD VAN VORM VAN GETUIGSKRIF OOR WERKWINKELDIENS

Naam en adres van ingenieurswerkwinkel.....

Ek sertifiseer dat die volgende 'n volledige en juiste opgawe is van die werkwinkeldiens wat deur ..... onder my toesig by bovermelde werkwinkel verrig is.

Dienstydperk: Datums		Totale tydperk	Aard van pligte (kyk hieronder vir gepaste beskrywing)	Besonderhede van tydperke wat vakleerling weekliks vry gehad het om aan tegniese studie te bestee
Van	Tot			

Verslag oor bekwaamheid .....

Verslag oor gedrag.....

Opmerkings (as daar is) .....

Handtekening van werkgewer of sy verteenwoordiger .....

Beskrywing van pligte

I. Monteer- en/of oprigtingswerk in die vervaardiging en/of onderhoud van groot masjinerie (bv. masjiene met 'n hoofas dikker as 153 millimeter).

II. Ander monteerwerk as dié in verband met groot masjinerie.

III. Metaaldraaiwerk (goeie swaar werk).

IV. Masjienwerk (uitgesonderd draaibankwerk).

V. Werk in tekenkantoor as tekenaar of ingenieur.

VI. Ander werk waarvan die aard gespesifiseer moet word.

Behalwe in die geval van VI is dit voldoende om die toepaslike syfer te gebruik.

(2) VOORBEELD VAN VORM VAN GETUIGSKRIF VIR KADETSKAP

Naam en adres van skeepseienaar.....

Naam en adres van tegniese instituut.....

Ons sertifiseer dat die volgende 'n volledige en juiste opgawe is van die ingenieurkadetskap wat deur mnr..... onder ons toesig verrig is.

Die kadetskap het begin op .....

Die kadetskap is suksesvol voltooi op.....

Tyd deurgebring aan 'n goedgekeurde tegniese instituut of technikon .....

Tyd deurgebring ter see as 'n ingenieurkadet .....

Tyd bestee aan goedgekeurde industriële opleiding.....

Kwalifikasie verwerf .....

Handtekening van skeepseienaar se verteenwoordiger .....

Handtekening van technikonverteenwoordiger.....

(3) VOORBEELD VAN VORM VAN GETUIGSKRIF VIR SEEDIENS

Naam en adres van skeepseienaar of maatskappy .....

Ek sertifiseer dat die volgende 'n volledige en juiste opgawe is van die seediens deur mnr..... verrig onder my toesig aan boord van die..... amptelike nommer .....

68. (1) Naval applicants under section 80 of the Act shall have attained the status of Naval Engineer-Officer or Naval Technical Officer or Warrant Officer Class 1 and shall have performed at least 6 months sea service as a Naval Watchkeeping Officer on a steamship or motorship, depending upon the type of certificate of service required, since the date on which he was awarded an appropriate Naval Watchkeeping Certificate.

(2) Every Naval application for a certificate of service shall be supported in writing by the Chief of the Navy or an officer to whom he delegates the duty.

ANNEX 1

(1) SPECIMEN FORM OF TESTIMONIAL FOR WORKSHOP SERVICE

Name and address of engineering works.....

I certify that the following is a full and true statement of the workshop service performed by ..... under my supervision at the above works.

Period of service: Dates		Total period	Nature of duties (for appropriate description see below)	Particulars of weekly release periods to permit apprentice to pursue technical studies
From	To			

Report as to ability .....

Report as to conduct .....

Remarks (if any) .....

Signature of employer or his representative .....

Description of duties

I. Fitting and/or erecting in the manufacture and/or maintenance of substantial machinery (e.g. machinery with main shaft exceeding 153 millimetres in diameter).

II. Fitting other than on substantial machinery.

III. Metal turning (good heavy work).

IV. Machine work (other than lathe).

V. Work in drawing office, as draughtsman or engineer.

VI. Other work, the nature of which should be specified.

The use of the appropriate numerals is sufficient except in the case of VI.

(2) SPECIMEN FORM OF TESTIMONIAL FOR CADETSHIP

Name and address of shipowner .....

Name and address of technical institute.....

We certify that the following is a full and true statement of the engineering cadetship performed by Mr ..... under our supervision.

The cadetship commenced on .....

The cadetship was successfully completed on .....

Time spent at an approved technical institute or technikon.....

Time spent at sea as an engineer cadet .....

Time spent on approved industrial training.....

Qualification gained .....

Signature of Shipowner's representative.....

Signature of Technikon representative.....

(3) SPECIMEN FORM OF TESTIMONIAL FOR SEA SERVICE

Name and address of shipowner or company.....

I certify that the following is a full and true statement of the sea service performed by Mr ..... under my supervision on board the ..... O.N.....

Tydperk van diens (Datums)		Rang van offisier en werklike senioriteit op waghoudiens	Tipe hoofmasjiene en ketels (een of twee skroewe)	Aard van pligte (kyk hieronder vir toepaslike beskrywing)
Van	Tot			

Gedurende die hele tydperk hierbo gemeld, is aan mnr.....

(a) geen verlof tot afwesigheid toegestaan nie;

(b) .....dae verlof tot afwesigheid toegestaan terwyl hy steeds besig was met leertyd.

Verslag oor bekwaamheid .....

Verslag oor gedrag.....

Verslag oor soberheid .....

.....
Handtekening van Hoof-ingenieuroffisier

Opmerkings (as daar is) .....

.....
Ingenieursuperintendent
of
Gesagvoerder of ander verteenwoordiger van eienaars

Stempel

.....

Beskrywing van pligte

I. Monteerwerk hetsy bedags of op gereelde waghoudiens†:

(a) Binne hoofmasjien- en ketelruimte.

(b) Buite hoofmasjien- en ketelruimte.

II. (a) Koel- of ander masjiene wat nie vir die aandrywing van die vaartuig noodsaaklik is nie.

(b) Hulpmasjiene geskei van hoofaandrywingseenhede maar saam met sulke eenhede gebruik.

III. Gereelde waghoudiens† by die hoofmasjiene as:

(a) Senior in volle beheer.

(b) Eerste Assistent.

(c) Tweede Assistent.

IV. Gereelde waghoudiens† by hoofketels:

(a) In beheer van alle stookruime.

(b) In beheer van net 'n afdeling of van een stookruim.

(c) As ketelruimassistent.

V. Gereelde waghoudiens† gelyktydig by hoofmasjiene en ketels:

(a) Senior in volle beheer.

(b) Eerste Assistent.

(c) Tweede Assistent.

Op skepe waar waghoudiens anders as volgens die tradisionele stelsel van minstens agt uit elke 24 uur gehou word, moet 'n kort beskrywing van die duur en frekwensie van die waghoudiens gegee word. Melding moet gemaak word van dagwerktydperke of van paswerk tydens 'n wagskof. Dit is veral van toepassing op vaartuie—

1. wat 'n sentrale beheerkamer het;
2. wat ten volle of gedeeltelik geoutomatiseer is;
3. waarvan die enjinkamer vir 'n gedeelte van die 24 uur onbeman is.

N.B.—Daar word aanbeveel dat hierdie vorm gebruik word wanneer daar oor die ingenieur verslag gedoen word, of wanneer die Hoofingenieur die skip verlaat.

---

* Stoom- of motorskip. Naam van skip en amptelike nommer.

† Op gereelde waghoudiens beteken agt uur uit elke 24 uur.

AANHANGSEL 2

LEERPLANNE VIR DIE EKSAMENS VAN MARINE-INGENIEUR-OFFISIER KLAS 4 EN MARINE-INGENIEUROFFISIER KLAS 3

Opmerkings

(1) Die probleme sal van so 'n aard wees dat hulle met 'n kennis van elementêre algebra, meetkunde en vlakdriehoeksmeting opgelos kan word.

(2) Kennis van die gebruik van logaritmes sal vereis word.

(3) Waar die oplossing van 'n probleem meer gevorderde wiskunde of konstantes vereis, sal formules verstrek word.

Period of service (Dates)		Rank of Officer and actual seniority on watch	Type of main engines and boilers (Single or twin-screw)	Nature of duties (For appropriate description see below)
From	To			

During the whole period stated above, Mr.....

(a) was granted no leave of absence

(b) was granted ..... days leave of absence whilst still on articles.

Report as to ability .....

Report as to conduct .....

Report as to sobriety .....

.....
Signature of Chief Engineer-Officer

Remarks (if any) .....

.....
Engineer Superintendent
or
Master or other representative of owners

Stamp

.....

Description of duties

I. On fitters' work either by day or regular watch†:

(a) Within main engine and boiler spaces.
(b) Outside main engine and boiler spaces.

II. (a) On refrigerating or other machinery not essential to the propulsion of the vessel.
(b) On auxiliary engines separated from main propelling units but worked in conjunction therewith.

III. On regular watch† on main engines as:

(a) Senior in full charge.
(b) First Assistant.
(c) Second Assistant.

IV. On regular watch† on main boilers:

(a) In charge of all stokeholds.
(b) In charge of a section or one stokehold only.
(c) As Boiler Room Assistant.

V. On regular watch† on main engines and boilers simultaneously:

(a) Senior in full charge.
(b) First Assistant.
(c) Second Assistant.

In ships where watches are kept on other than the traditional system of not less than eight out of each 24 hours, a brief description of the duration and frequency of the watches should be given. Mention of periods on day work or on fitters' work by watch should be made. This is particularly applicable to vessels that—

12. Kandidate mag nie gedurende die eksamen met mekaar kommunikeer nie. Hulle mag nie aantekeninge maak of hulle antwoorde op eksamenvrae afskryf met die doel om dit uit die lokaal te neem nie. Vraestelle mag onder geen omstandighede weggeneem of geskend word nie.

13. 'n Kandidaat wat skuldig is aan die oortreding van hierdie reëls is onderhewig aan al die strawwe vir druiping en kan van verdere eksaminering uitgesluit word vir 'n tydperk soos deur die eksaminator bepaal.

AANHANGSEL 10

STRAWWE VIR ONBEHOORLIKE INGENIEUROFFISIERBEMANNING VAN SKEPE

1. Elke ingenieuroffisier in bevel van 'n ingenieurwaghoudiens op skepe met 'n geregistreerde kraglewering van 750 kW of meer moet die houer wees van 'n toepaslike Klas 4-bekwaamheidsertifikaat of -dienssertifikaat (stoom of motor).

2. Nòg die Gesagvoerder nòg die Hoof-ingenieuroffisier mag 'n ingenieuroffisier toelaat om in bevel van 'n ingenieurwaghoudiens te wees op 'n skip met 'n geregistreerde kraglewering van 750 kW of meer tensy hy die houer is van 'n bekwaamheidsertifikaat of 'n dienssertifikaat as Marine-ingenieuroffisier Klas 4 (stoom of motor).

3. 'n Eienaar mag nie 'n ingenieuroffisier aanwys om in 'n hoedanigheid op te tree waarvoor hy nie ooreenkomstig hierdie regulasies behoorlik gediplomeer is nie.

4. 'n Gesagvorder of Hoof-ingenieuroffisier wat deel (ii) van die aantekeninge by hierdie aanhangsel oortree, is skuldig aan 'n misdryf en is by summiere skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R2 000.

5. 'n Eienaar wat deel (iii) van die aantekeninge by hierdie aanhangsel oortree, is skuldig aan 'n misdryf en is by summiere skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R2 000.

6. 'n Bekwaamheid- of dienssertifikaat bly geldig vir seediens net so lank as wat die houer voldoen aan die standaarde en voorwaardes ten opsigte van mediese geskiktheid en bekwaamheid om in die toepaslike hoedanigheid op te tree soos deur die Direkteur-generaal gespesifiseer.

ANNEX 9

RULES TO BE OBSERVED DURING THE EXAMINATION OF MARINE ENGINEER-OFFICERS

1. Candidates must not have with them any books, notes, memoranda or paper other than that supplied for use at the examination. If any candidate has brought any such notes etc., with him he must hand them to the examiner before beginning his work.

2. Candidates will be allowed to use mathematical tables, Tables of Properties of Fluids and also Enthalpy-Entropy charts provided by the examiner.

3. Drawing boards and T-squares will be provided when required but candidates must bring to the examination the drawing instruments they require.

4. Silence must be observed during the examination.

5. A candidate shall not, without the consent of the examiner, leave his seat or the examination room. If he leaves the room he shall not, without the consent of the examiner, go on with any paper or problem on which he was engaged.

6. Candidates are advised to read the questions carefully and to confine their attention to the problems as presented without dealing with extraneous matter. This advice is applicable to all parts of the examination but especially to the Drawing.

7. The question papers and mathematical tables, which are the property of the Marine Division, must not be written upon or defaced in any way. Soft pencils should be used on Ethalpy-Entropy charts.

8. Questions must be worked only on the loose paper provided and only one side of the paper is to be written on, each sheet must be signed. All work other than sketching and drawing must be done in ink. Start all questions on a new sheet. The number of the question must appear on each sheet. All work must be shown and no scrap paper is allowed.

9. English or Afrikaans composition and legible handwriting will be taken into account. Bad grammar, faulty spelling and errors of punctuation will be discredited. Suitable recognition will be given for clear statements, reasoning and calculations in solving problems.

10. Additional paper, if required, will be provided by the examiner. The particulars required should also be given on the loose folder and each sheet or drawing or graph paper used must be signed by the candidate.

11. Candidates may, if they wish, use slide rules or non programmable calculators for their calculations but in each case the full working statement necessary for arriving at the result must be shown in ink, otherwise no significance will be attached to the answer. Calculating machines are not allowed in the mathematics examination.

12. Candidates must not communicate with each other during the examination. They must not take notes or write down their answers to examination questions in order to take them from the room. On no account must question papers be taken away or defaced.

13. A candidate guilty of any breach of these rules will be subjected to all the penalties of failure and may be excluded from further examination for such a period as the examiner may decide.

ANNEX 10

PENALTIES FOR IMPROPER ENGINEER-OFFICER MANNING OF SHIPS

1. Every engineer officer in charge of an engineering Watch in ships of 750 kilowatt registered power or more shall hold an appropriate (steam or motor) Class 4 certificate of competency or certificate of service.

2. Neither the Master nor the Chief Engineer-Officer shall permit any Engineer-Officer to be in charge of an engineering Watch in a ship of 750 kilowatt registered power or more unless he holds a certificate of competency or a certificate of service as Marine Engineer-Officer Class 4 (Steam or Motor).

3. An owner shall not appoint any Engineer-Officer to act in a capacity for which he is not duly certificated in accordance with these Regulations.

4. Any Master or Chief Engineer-Officer who contravenes part (ii) of the notes to this Annex shall be guilty of an offence and liable on summary conviction to a fine not exceeding R2 000.

5. Any owner who contravenes part (iii) of the notes to this Annex shall be guilty of an offence and be liable on summary conviction to a fine not exceeding R2 000.

6. A certificate of competency or service shall remain valid for seagoing service only so long as the holder can comply with the standards and conditions as to medical fitness and competency to act in the appropriate capacity as specified by the Director-General.

AANHANGSEL 11

AANTEKENINGE OOR DIE VEILIGE OFFISIERBEMANNING VAN SKEPE EN DIE BEPERKING VAN KONSESSIES

(1) 'n Skip mag met slegs een gediplomeerde ingenieuroffisier minder vaar as wat statutêr vereis word: Met dien verstande dat die rede vir die tekort toegeskryf kan word aan siekte of onbevoegdheid van die offisier of aan ander onvoorsiene omstandighede wat die betrokke offisier raak. Alle redelike stappe moet egter gedoen gewees het om die offisier te vervang en die maksimum tydperk wat die skip met een offisier te min mag vaar, mag nie minder wees nie as—

(a) 28 dae in die geval van 'n skip wat op vreemdevaartdiens ter see uitvaar;

(b) 14 dae in die geval van 'n skip wat op kusdiens ter see uitvaar;

(c) sewe dae in die geval van hawediensvaartuie.

(2) Om vir die vergunning in aanmerking te kom, moet alle redelike stappe gedoen gewees het om die offisier te vervang, en die gesagvoerder moet, wanneer hy van die betrokke plek af ter see uitvaar 'n bevoegde beampte in kennis stel van sy voorneme om die betrokke gekwalifiseerde offisier nie aan boord te hê nie en hy moet 'n inskrywing van daardie inkennisstelling in die skip se amptelike logboek maak.

(3) Een tydperk van 7, 14 of 28 dae, soos toepaslik, mag nie onmiddellik gevolg word deur 'n verdere tydperk waartydens die skip met 'n gekwalifiseerde ingenieuroffisier te min vaar nie.

(4) 'n Bevoegde beampte beteken 'n konsulêre beampte deur die Suid-Afrikaanse Regering aangewys met betrekking tot 'n hawe buite Suid-Afrika. In die geval van 'n hawe in Suid-Afrika is die bevoegde beampte gewoonlik 'n Hoofbeampte deur die Departement van Vervoer aangewys.

(5) Indien 'n persoon 'n pos aanvaar waarvoor hy nie gekwalifiseer is nie en ter see gaan sonder die goedkeuring van 'n bevoegde beampte soos voorheen omskryf, is hy by summiere skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R200.

AANHANGSEL 12

DIENSENDOSSEMENTE

Klasse 2, 3 en 4

Die eksamen vir 'n diensendossement word slegs mondeling afgeneem en sal gebaseer wees op die werking, onderhoud en bestuur van skeepsmasjinerie waarop die klas sertifikaat van toepassing is, veral die herken van onreëlmatighede in die werkverrigting van sodanige masjinerie en die ontleding en interpretering van inligting van moniteertoerusting verkry.

Dit sal ook kennis vereis van die toepaslike statute van belang vir marine-ingenieuroffisiere en van die administratiewe pligte van 'n Hoof-ingenieuroffisier, d.w.s. die organiseer en oplei van personeel vir normale sowel as noodpligte, met inbegrip van die gebruik van veiligheidstoerusting, en die organiseer van herstelwerk en opnames en daarmee gepaardgaande verslae.

'n Diensendossement mag nie aan 'n vreemdeling toegestaan word sonder die vooraf verkreë goedkeuring van die Direkteur-generaal nie.

In die geval van wangedrag, dronkenskap, onbevoegdheid, ens. kan 'n ondersoeker ná 'n volledige ondersoek aanbeveel dat die diensendossement gekanselleer moet word sonder dat geregtelike stappe gedoen word soos wat nodig sou wees indien die basiese sertifikaat betrokke was.

AANHANGSEL 13

ENDOSSERINGS IN VERBAND MET DIE VERVOER VAN GEVAARLIKE VRAGTE (ADDISIONELE OPLEIDING)

Gevaarlikevragendossement.—Die Marine-ingenieuroffisierregulasies bepaal dat 'n skip waarop hierdie regulasie van toepassing is wat 'n massavrag het wat in sy geheel of gedeeltelik as gevaarlik gespesifiseer is van die datum van uitvaardiging van hierdie regulasies as Hoof-ingenieuroffisier en as Tweede Ingenieuroffisier onderskeidelik ingenieuroffisiere wat ingevolge hierdie regulasies gekwalifiseer is aan boord moet hê wie se bekwaamheid/of dienssertifikate geëndosseer is om te toon dat hulle aan die vereistes ten opsigte van opleiding en diens soos deur die Direkteur-generaal voorgeskryf, voldoen het. Indien 'n ander ingenieuroffisier as 'n Hoof-ingenieuroffisier en Tweede ingenieuroffisier as vragoffisier optree en regstreekse verantwoordelikheid het vir die laai, lossing en versorging in transito, of die hantering van vrag, moet sodanige ingenieuroffisier die houer wees van 'n bekwaamheid- of 'n diensertifikaat wat desgelyks geëndosseer is.

Gevaarlike vrag.—Die gevaarlike vrag aldus gespesifiseer, bestaan uit enige ru vloeibare petroleum of petroleumproduk soos omskryf in die Regulasies, en enige vloeibare chemiese stof gelys in Hoofstuk VI van die International Maritime Organisation (IMO)-publikasie getiteld *"Code for the Construction and Equipment of Ships carrying Dangerous Chemicals in Bulk"* en die byvoegsels daarvan en enige vloeibare gas gelys in Hoofstuk XIX van die IMO-publikasie getiteld *"Code for the Construction and Equipment of Ships carrying Liquified Gases in Bulk"* en die byvoegsels daarvan. Hierdie IMO-publikasies kan verkry word van die publikasiekantoor van die Inter-Governmental Maritime Consultative Organisation, Picadilly 101–104, London W1V OAE.

ANNEX 11

NOTES ON THE SAFE OFFICER MANNING OF SHIPS AND THE LIMITATION OF CONCESSIONS

(1) A ship may sail with *one but only one* certificated engineer officer short of statutory requirements: Provided the cause of sailing short is the illness, incapacity or other unforeseen circumstances affecting the officer concerned. However all reasonable steps must have been taken to replace the officer and the maximum period for which a ship shall sail with one officer short shall not exceed—

(a) 28 days in the case of a ship going to sea on Foreign-Going Service;

(b) 14 days in the case of a ship going to sea on Coastal Service;

(c) seven days in the case of Harbour Service Craft.

(2) For the concession to apply all reasonable steps must have been taken to replace the officer, and the master, when going to sea from the place in question must notify a proper officer of his intention not to carry the qualified officer in question and make an entry of that notification in the ship's official log.

(3) One period of 7, 14 or 28 days as appropriate must not be followed immediately by any further period during which the ship sails short of a qualified engineer officer.

(4) A proper officer means a consular officer appointed by the South African Government in relation to a Port in the country outside South Africa. For a port in South Africa the proper officer is usually a Principal Officer appointed by the Department of Transport.

(5) If a person accepts a post for which he is not qualified and proceeds to sea without the sanction of a proper officer as previously defined, he shall be liable on summary conviction to a fine not exceeding R200.

ANNEX 12

SERVICE ENDORSEMENTS

Classes 2, 3 and 4

The examination for a Service Endorsement will be oral only, and will be based on the operation, maintenance and management of marine machinery appropriate to the Class of Certificate, particularly the recognition of irregularity in the performance of that machinery and the analysis and interpretation of information gained from monitoring equipment.

It will also require knowledge of the appropriate statutes of concern to marine Engineer-Officers and of the administrative duties of a Chief Engineer-Officer i.e. the organisation and training of staff for both normal and emergency duties including use of safety equipment, and the organisation of repairs and surveys and associated reports.

No alien may be granted a Service Endorsement without the prior approval of the Director-General.

In the event of a misdemeanour, drunkenness, inefficiency, etc., an examiner may after a full investigation recommend that the Service Endorsement be cancelled without recourse to legal proceedings as would be required if the basic certificate was involved.

ANNEX 13

ENDORSEMENTS RELATING TO THE CARRIAGE OF DANGEROUS CARGOES (ADDITIONAL TRAINING)

Dangerous cargo endorsement.—The Marine Engineer-Officer Regulations provide that a ship to which these regulations apply which has a bulk cargo specified in whole or in part as being a dangerous cargo, shall as from the date of promulgation of these Regulations carry as Chief Engineer-Officer and as Second Engineer-Officer respectively, engineer-officers qualified under these Regulations whose Certificates of Competency or Certificates of Service have been endorsed to show that they have satisfied conditions as to training and service as may be specified by the Director-General. If an engineer-officer other than the Chief Engineer-Officer and Second Engineer-Officer is acting as cargo officer and has immediate responsibility for loading, discharging and care in transit or handling of cargo, that engineer-officer shall hold a Certificate of Competency or a Certificate of Service similarly endorsed.

Dangerous cargo.—The dangerous cargo so specified consists of any crude liquid petroleum or petroleum product as difined in the Regulations, and any liquid chemical listed in Chapter VI of the International Maritime Organisation (IMO) publication entitled "Code for the Construction and Equipment of Ships carrying Dangerous Chemicals in Bulk" and any supplement thereto, and any liquefied gas listed in Chapter XIX of the IMO publication entitled "Code for the Construction and Equipment of Ships carrying Liquefied Gases in Bulk" and Supplement thereto. These IMO publications may be obtained from the publications office of the Inter-Governmental Maritime Consultative Organisation, 101–104 Piccadilly, London W1V OAE.

Kwalifikasie en opleiding.—Sekere senior ingenieuroffisiere kan kwalifiseer op grond van vroeëre diens maar alle ander gediplomeerde ingenieuroffisiere moet spesialisopleiding aan land voltooi het tesame met 'n tydperk van skeepsboordopleiding en/of toepaslike seediens. Die addisionele kwalifikasies vereis ten opsigte waarvan die Departement 'n gevaarlikevragendossement (petroleum), 'n gevaarlikevragendossement (vloeibare chemiese stowwe) en 'n gevaarlikevragendossement (vloeibare gas) uitreik, is soos volg:

1. Voltooiing van ses maande bevredigende diens as Hoof-ingenieuroffisier of as Tweede Ingenieuroffisier op skepe wat die betrokke gevaarlike vrag vervoer binne die sesjaartydperk onmiddellik voor die aansoekdatum en voltooi voor die uitvaardiging van hierdie regulasies.

2. Alternatiewelik die voltooiing, in elke geval binne die sesjaartydperk voor die aansoekdatum van sowel 'n opleidingskursus in verband met die vervoer van die betrokke gevaarlike vrag as 'n gespesifiseerde tydperk van skeepsboordopleiding of -diens.

Die opleidingskursus moet òf deur die Departement goedgekeur gewees het, òf aangebied gewees het by 'n sentrum wat deur die Direkteur-generaal goedgekeur is.

Die skeepsboordopleiding of -diens kan uit enigeen van die volgende bestaan:

(a) Veertien dae skeepsboordopleiding tesame met drie maande gekrediteerde skeepsboorddiens,

(b) ses maande gekrediteerde skeepsboorddiens,

(c) 28 dae intensiewe skeepsboordopleiding goedgekeur deur die Direkteur-generaal.

Skeepsboordopleiding en -diens

3. Skeepsboordopleiding moet in botallige hoedanigheid wees op skepe wat vragte vervoer van die tipe waarvoor die endossement verlang word of op ballasdeurvaarte tussen die vervoer van sulke vragte.

4. Gekrediteerde skeepsboorddiens beteken diens op skepe wat die drie tipes vrag vervoer wat 'n endossering vereis, maar as die vrag nie van die tipe is waarvoor die endossering verlang word nie, tel sodanige diens slegs die helfte tot 'n maksimum van die helfte van die hoeveelheid van sodanige diens gespesifiseer in paragraaf 2.

5. *Aansoek.*—Aansoek om 'n gevaarlikevragendossement kan by 'n bevoegde beampte gedoen word. 'n Aansoeker wat na behore gekwalifiseer is, hoef net een aansoek om meer as een endossement in te dien.

Elke aansoek moet gesteun word deur getuigskrifte wat skeepsboordopleiding en -diens dek, tesame met kollegesertifikate wat getuig van die bevredigende voltooiing van enige kollegeopleidingskursus bygewoon.

Qualification and training.—Certain senior engineer-officers may qualify on the strength of past service but all others certificated engineer-officers must have completed specialist training ashore, together with a period of shipboard training and/or appropriate sea service. The additional qualifications required in respect of which the Department will issue a Dangerous Cargo Endorsement (Petroleum), a Dangerous Cargo Endorsement (Liquid Chemicals) and a Dangerous Cargo Endorsement (Liquefied Gas) are as follows:

1. Completion of six months satisfactory service as Chief Engineer-Officer or Second Engineer-Officer in ships carrying the relevant dangerous cargo within the six years period immediately preceding the date of application and completed before the promulgation of these Regulations.

2. Alternatively, the completion, in each case within the six year period prior to the date of application, of both a training course on the carriage of the relevant dangerous cargo and a specified period of shipboard training or service.

The training course must have been either approved by the Department or conducted at a centre approved by the Director-General.

The shipboard training or service may consist of any one of the following arrangements:

(a) Fourteen days shipboard training together with three months credited shipboard service,

(b) six months credited shipboard service,

(c) 28 days intensive shipboard training approved by the Director-General.

Shipboard training and service

3. Shipboard training must be in supernumerary capacity in ships carrying cargoes of the type for which the endorsement is sought, or on ballast passages between carrying such cargoes.

4. Credited shipboard service means service in ships carrying the three types of cargo requiring an endorsement, but if the cargo is not of the type for which the endorsement is sought, such service will count only at half rate up to a maximum of half the amount of such service specified in paragraph 2.

5. *Application.*—Application for a Dangerous Cargo Endorsement may be made to any Proper Officer. An applicant who is suitably qualified need only make one application for more than one endorsement.

Each applicant must be supported by testimonials covering shipboard training and service, together with college certificates attesting satisfactory completion of any college training course attended.

VEREISTES WAARAAN KANDIDATE VIR EKSAMINERING AS INGENIEURSOFFISIERE MOET VOLDOEN

Klas 4	Klas 3	Klas 2	Klas 1
Vergoedende seediens vir tekort aan werkwinkeldiens: *Tipe diens* (a) Kort of lang seereise (b) Modderskuit, baggerskip of sleepboot (c) Vissersvaartuig van meer as 350 kW (a) Tel voltyds (b) en (c) tel $^2/_3$ van die volle tyd *Dienstydperktekort* (a) Lang seereise (b) Kort seereise as stoker, olieman, hulpmasjinis, magasynman, masjinis of ingenieur (a) tel $^2/_3$ van die tyd plus vaktoets (b) tel $^1/_2$ van die tyd plus vaktoets	*Vergoedende diens vir tekort aan tipe werkwinkeldiens:* Lang of kort seereise op skepe van minstens 1 000 kW $^2/_3$ van die tyd vir lang seereise $^1/_2$ van die tyd vir kort seereise Geen vergoeding toegelaat vir tekort aan tyd nie maar kandidate wat Klas 4-sertifikate ontvang, moet toegelaat word om seetyd te begin vir Klas 3 of Klas 2 na bv. ses maande		
Seediens (meer as 350 kW) Stoom of motor—6 maande Gekombineerd—8 maande Endossement—2 maande Diensendossement—6 maande Terwyl in besit van 'n Klas 4-bekwaamheidsertifikaat. (a) Lang of kort seereise—volle diens (b) Modderskuit, baggerskip of sleepboot—$^2/_3$ van die diens (c) Vissersvaartuig: 350 kW tot 1 000 kW—$^2/_3$ van die diens (d) Vissersvaartuig van meer as 1 000 kW—volle diens *Let wel: Masjiniste kwalifiseer nadat hulle hulle Graad 1- of Graad 2-sertifikaat as masjinis ontvang het.*	*Seediens (meer as 750 kW)* Stoom of motor—21 maande Endossement—9 maande Diensendossement — 12 maande terwyl in besit van 'n Klas 3-bekwaamheidsertifikaat (a) volle diens (b) $^2/_3$ van die diens soos vir Klas 4 (c) $^2/_3$ van die diens soos vir Klas 4 (d) volle diens	*Seediens (meer as 1 000 kW)* Stoom of motor—21 maande Endossement—9 maande Diensendossement — 12 maande terwyl in besit van 'n Klas 2-bekwaamheidsertifikaat Tipe: Lang seereise—voltyds Kort seereise—$^2/_3$ van die tyd Dagwerk: 8 maande voltyds plus $^1/_2$ van die tyd tot maks. van 12 maande Sleepbote, modderskuite, baggerskepe, loodsbote en vissersvaartuie van meer as 1 000 kW—$^1/_4$ van die tyd tot maks. van 6 maande	*Seediens (meer as 3 000 kW)* Stoom of motor—21 maande Endossement—9 maande (na Klas 2 verkry is) Tipe: Lang seereise—voltyds Kort seereise—$^2/_3$ van die tyd Sleepbote, modderskuite, loodsbote, baggerskepe of vissersvaartuie—$^1/_4$ van die tyd tot maks. van 6 maande

Let wel: Geen vreemdeling mag vir 'n Diensendossement kwalifiseer wat hom toelaat om as Hoof-ingenieursoffisier op te tree sonder die spesiale verlof van die Direkteur-generaal nie.

ELIGIBILITY OF CANDIDATES FOR EXAMINATION OF ENGINEERING OFFICERS

Class 4	Class 3	Class 2	Class 1
Compensating sea service for deficiency of Workshop Service: *Type of Service* (a) Long or short voyages (b) Hopper, dredger or tug (c) Fishing vessel over 350 kW (a) Counts full time (b) and (c) counts $^2/_3$ full time. *Deficiency of period of service* (a) Long voyages (b) Short voyages as fireman, oiler, donkeyman storekeeper, motorman or engineer (a) counts $^2/_3$ time plus trade test (b) counts $^1/_2$ time plus trade test	*Compensatory service for shortage of type of Workshop Service:* Long or short voyages with a minimum of 1 000 kW $^2/_3$ time for long voyages $^1/_2$ time for short voyages No compensation allowed for deficiency of time but candidates obtaining Class 4 certificates should be allowed to commence sea time for Class 3 or Class 2 after say 6 months		
Sea service (over 350 kW) S. or M.—6 months Combined—8 months Endorsement—2 months Service Endorsement—6 months Whilst holding a Class 4 Certificate of Competency (a) Long or short voyages—full rate (b) Hopper, dredger or tug—$^2/_3$ rate (c) Fishing 350 kW to 1 000 kW—$^2/_3$ rate (d) Fishing over 1 000 kW—full rate *Note: Motormen to qualify after obtaining their Grade 1 or Grade 2 Certificates as Motormen.*	*Sea Service (over 750 kW)* S. or M.—21 months Endorsement—9 months Service Endorsement—12 months whilst holding a Class 3 Certificate of Competency (a) full rate (b) $^2/_3$ rate as per Class 4 (c) $^2/_3$ rate as per Class 4 (d) full rate	*Sea Service (over 1 000 kW)* S. or M.—21 months Endorsement—9 months Service Endorsement—12 months whilst holding a Class 2 Certificate of Competency Type: Long Voyages—full time Short Voyages—$^2/_3$ time Daywork: 8 months full time plus $^1/_2$ time to max. 12 months Tugs, hoppers, dredgers, pilot vessels and fishing boats over 1 000 kW—$^1/_4$ time to 6 months maximum	*Sea Service (over 3 000 kW)* S. or M.—21 months Endorsement—9 months (after obtaining Class 2) Type: Long voyages—full time Short Voyages—$^2/_3$ time Tugs, hoppers, pilot boats, dredgers or fishing vessels—$^1/_4$ rate up to 6 months maximum

Note: No Alien may qualify for a Service Endorsement thereby permitting him to act as Chief Engineer-Officer without the special permission of the Director-General.

No. R. 2656 **29 November 1985**

EKSAMENREGULASIES VIR BEKWAAMHEIDSERTIFIKATE VIR DEKOFFISIERE, 1985

Die Minister van Vervoerwese het, kragtens artikel 356 (1) van die Handelskeepvaartwet, 1951 (Wet 57 van 1951), soos gewysig, die Eksamenregulasies vir Gesagvoerders en Navigasie-offisiere, 1975, afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 2041, gedateer 31 Oktober 1975, herroep, en het kragtens genoemde artikel die regulasies in die Bylae hiervan uitgevaardig.

BYLAE

Ordening van regulasies.

HOOFSTUK 1

Regulasie No.

1.1 Inleiding.
1.2 Woordomskrywings en -betekenis.
1.3 Klasse van sertifikate.
1.4 Vrywillige eksamens vir Gesagvoerder (Spesiale Graad).
1.5 Sertifikate "Nie-handelsdiens" geëndosseer.
1.6 Sertifikate deur ander administrasies uitgereik.
1.7 Sertifikate "Gevaarlike vrag" geëndosseer.
1.8 Sertifikate voor die inwerkingtreding van hierdie regulasies uitgereik.

HOOFSTUK 2

2.1 Bewys van nasionaliteit.
2.2 Eksamendatums en plekke waar eksamens afgeneem word.
2.3 Hoe om aansoek te doen.
2.4 Hoe om in spesiale gevalle aansoek te doen.
2.5 Poging tot omkopery.
2.6 Getuigskrifte verlang.
2.7 Onbevredigende gedrag.
2.8 Doofheid en ander liggaams- en geestesgebreke.
2.9 Kandidaat se kennis van Engels of Afrikaans.
2.10 Uitreiking van sertifikate.
2.11 Onvoldoende diens.
2.12 Dienssertifikate ingevolge die Handelskeepvaartwet, ten opsigte van Suid-Afrikaanse Vlootpersoneel.
2.13 Diens in vlootvaartuie.

HOOFSTUK 3

KLASSE VAN SERTIFIKATE

3.1 Klas 6-sertifikaat.
3.2 Klas 3-, 4- en 5-sertifikaat.
3.3 Klas 2-sertifikaat.
3.4 Klas 1-sertifikaat
3.5 Sertifikaat as Gesagvoerder (Spesiale Graad).
3.6 Bevelvoeringsendossemente.
3.7 Bykomende kwalifikasies moet verstrek word.
3.8 Gesigtoetssertifikaat.
3.9 Sertifikaat in elektroniese navigasiestelsels.
3.10 Navigasiebeheerkursussertifikaat.
3.11 Sertifikaat in noodhulp ter see.
3.12 Skeepskaptein se sertifikaat in mediese opleiding.
3.13 Sertifikaat van bywoning van 'n brandbestrydingskursus.
3.14 Beperkte bekwaamheidsertifikaat in radiotelefonie.
3.15 Skriftelike eksamens.
3.16 Vrystelling van skriftelike eksamens.
3.17 Geldigheid van bevelvoeringsendossement.
3.18 Endossering van sertifikaat.
3.19 Afskrif van verlore sertifikaat.

HOOFSTUK 4

DIE BEREKENING VAN DIENS TER SEE

4.1 Algemeen.
4.2 Bewys van diens in ander skepe as Suid-Afrikaanse skepe.
4.3 Nie-handelskeepvaartdiens.
4.4 Seedienskorting.
4.5 Seevaartkolleges.
4.6 Diens in Vlootopleidingskolleges.
4.7 Kadetopleidingskepe.
4.8 Persone in besit van hoër akademiese kwalifikasies.

HOOFSTUK 5

OPLEIDINGSKEMAS

5.1 Inleiding.
5.2 Standaardopleidingskema.
5.3 Beplande opleiding gedurende seetydperke.
5.4 Voortgesette studies ter see.

No. R. 2656 **29 November 1985**

EXAMINATION REGULATIONS FOR CERTIFICATES OF COMPETENCY FOR DECK OFFICERS, 1985

The Minister of Transport has, in terms of section 356 (1) of the Merchant Shipping Act, 1951 (Act 57 of 1951), as amended, repealed the Examination Regulations for Masters and Navigating Officers, 1975, promulgated under Government Notice R. 2041, dated 31 October 1975, and has, in terms of the said section, made the regulations set forth in the Schedule hereto.

SCHEDULE

Arrangement of regulations.

CHAPTER 1

Regulation No.

1.1 Introduction.
1.2 Definitions and Interpretations.
1.3 Classes of Certificates.
1.4 Voluntary Examinations for Master Special Grade.
1.5 Certificates endorsed "Non-Trading Service".
1.6 Certificates issued by other administrations.
1.7 Hazardous Cargo endorsement.
1.8 Certificates issued prior to the coming into effect of these regulations.

CHAPTER 2

2.1 Proof of Nationality.
2.2 Days and Places of Examinations.
2.3 How to apply.
2.4 How to apply in special cases.
2.5 Attempted bribery.
2.6 Testimonials required.
2.7 Unsatisfactory conduct.
2.8 Deafness and other physical and mental disabilities.
2.9 Candidates' knowledge of English or Afrikaans.
2.10 Issue of certificates.
2.11 Insufficient service.
2.12 Certificates of Service under the Merchant Shipping Act in respect of South African Navy personnel.
2.13 Service performed in naval ships.

CHAPTER 3

CLASSES OF CERTIFICATES

3.1 Class 6 certificate.
3.2 Classes 3, 4 and 5 certificates.
3.3 Class 2 certificate.
3.4 Class 1 certificate.
3.5 Master Special Grade certificate.
3.6 Command Endorsements.
3.7 Additional qualifications to be produced.
3.8 Sight Test certificate.
3.9 Electronic Navigation Systems certificate.
3.10 Navigation Control Course certificate.
3.11 First Aid at Sea certificate.
3.12 Ship Captain's Medical Training certificate.
3.13 Fire-Fighting Course attendance certificate.
3.14 Restricted certificate of competency in Radiotelephony.
3.15 Written Examinations.
3.16 Exemptions from written examinations.
3.17 Validity of Command Endorsements.
3.18 Endorsement of certificate.
3.19 Copy of lost certificate.

CHAPTER 4

ESTIMATING SEA SERVICE

4.1 General.
4.2 Evidence as to service in ships other than South African ships.
4.3 Non-Trading service.
4.4 Remission of sea service.
4.5 Colleges for Nautical Training.
4.6 Service in Naval Training Colleges.
4.7 Cadet training ships.
4.8 Persons holding higher academic qualifications.

CHAPTER 5

TRAINING SCHEMES

5.1 Introduction.
5.2 Standard Scheme of training.
5.3 Planned training during sea periods.
5.4 Continued studies at sea.

HOOFSTUK 6

EKSAMENPROSEDURE

6.1 Algemeen.
6.2 Gebruik van boeke en tafels tydens die eksamen.
6.3 Gebruik van instrumente.
6.4 Ongeoorloofde boeke en papiere streng verbode.
6.5 Verlangde graad van akkuraatheid.
6.6 Geldigheid van gedeeltelike slagings.
6.7 Uitstelverlening.
6.8 Mondelinge eksamens.

HOOFSTUK 7

7.1 Vervoer van gevaarlike goedere.
7.2 Bykomende kwalifikasies vir uitreiking van gevaarlike vragendossement.

HOOFSTUK 8

EKSAMENGELDE

8.1 Wanneer eksamengelde betaal moet word.
8.2 Waar eksamengelde betaal moet word.
8.3 Tabel van eksamengelde.
8.4 Terugbetaling van eksamengelde.

BYLAES

Aanhangsel A: Vergelyking van Bekwaamheidsertifikate.
Aanhangsel B: Voorbeeld van 'n Waghoudienssertifikaat.
Aanhangsel C: Gesigtoets.
Aanhangsel D: Verduidelikende opmerking by leerplanne.
Aanhangsel E: Klas 6-bekwaamheidsertifikaat; leerplan.
Aanhangsel F: Klas 5-bekaamheidsertifikaat; leerplan.
Aanhangsel G: Klas 4-bekwaamheidsertifikaat; leerplan.
Aanhangsel H: Klas 3-bekwaamheidsertifikaat; leerplan.
Aanhangsel I: Klas 2-bekwaamheidsertifikaat; leerplan.
Aanhangsel J: Klas 1-bekwaamheidsertifikaat, Bevare Seekaptein; leerplan.
Aanhangsel K: Endossement as Gesagvoerder (Beperkte Handel), en endossement as Gesagvoerder (Kortseehandel); leerplan.
Aanhangsel L: Voorgeskrewe merk van skip.
Aanhangsel M: Simbole en afkortings.
Aanhangsel N: Gesagvoerder (Spesiale Graad); doelwitte en leerplan.
Aanhangsel O: Kursus in elektroniese navigasiestelsels.
Aanhangsel P: Kursus in navigasiebeheer.

HOOFSTUK 1

1.1 INLEIDING

Hierdie regulasies spesifiseer die bekwaamheidstandaarde en die voorwaardes waaraan voldoen moet word voordat 'n bekwaamheidsertifikaat uitgereik word. Hierdie regulasies verstrek besonderhede van die inskrywingsvoorwaardes vir en die afneem van eksamens deur die Departement van Vervoer vir Bekwaamheidsertifikate in 'n dekhoedanigheid vir diens op geregistreerde handel- en ander skepe.

1.2 WOORDOMSKRYWINGS EN BETEKENIS

In hierdie regulasies beteken die uitdrukking "die Wet" die Handelskeepvaartwet, 1951 (Wet 57 van 1951), en tensy die samehang anders aandui, het enige uitdrukking wat in hierdie regulasies gebruik word en waaraan daar in die Wet 'n betekenis geheg is, dié betekenis aldus daaraan geheg.

"Direkteur-generaal" beteken die Direkteur-generaal: Vervoer.

"Eksaminator" beteken die persoon wat kragtens artikel 77 (4) van die Wet aangestel is.

"Beperkte Handel" beteken beperk tot binne die seegebied aangrensend aan die Suider-Afrikaanse kus tussen die grense van Kaap Delgado in die ooste en die Kongorivier in die weste en strek 250 seemyl van die kus af.

"Minister" beteken die Minister van Vervoerwese.

"Seemyl" beteken 1 852 meter.

"Kortseehandel" beteken beperk tot 'n gebied met 'n lengte van hoogstens 500 seemyl en strek 250 seemyl van die kus af tussen die grense van Ponto Do Ouro en die monding van die Kunenerivier.

CHAPTER 6

EXAMINATION PROCEDURE

6.1 General.
6.2 Use of books and tables at the examination.
6.3 Use of instruments.
6.4 Unauthorised books and papers strictly forbidden.
6.5 Degree of precision required.
6.6 Validity of partial passes.
6.7 Referrals.
6.8 Oral examinations.

CHAPTER 7

7.1 Carriage of dangerous cargo.
7.2 Additional qualifications for issue of dangerous cargo endorsement.

CHAPTER 8

FEES

8.1 When to pay fees.
8.2 Where to pay fees.
8.3 Table of fees.
8.4 Refund of fees.

ANNEXURES

Annexure A: Comparison of Certificates of Competency.
Annexure B: Specimen of a Watch-keeping Certificate.
Annexure C: Sight Test.
Annexure D: Explanatory Note to syllabuses.
Annexure E: Class 6 Certificate of Competency; syllabus.
Annexure F: Class 5 Certificate of Competency; syllabus.
Annexure G: Class 4 Certificate of Competency; syllabus.
Annexure H: Class 3 Certificate of Competency; syllabus.
Annexure I: Class 2 Certificate of Competency; syllabus.
Annexure J: Class 1 Certificate of Competency, Master Mariner; syllabus.
Annexure K: Master (Limited Trade) Endorsement, and Master (Short Sea Trade) Endorsement; syllabus.
Annexure L: Prescribed Marking.
Annexure M: Symbols and Abbreviations.
Annexure N: Master Special Grade; Objectives and syllabus.
Annexure O: Electronic Navigation Systems Course.
Annexure P: Navigation Control Course.

CHAPTER 1

1.1 INTRODUCTION

These regulations specify the standards of competency and the conditions to be satisfied before a Certificate of Competency shall be issued. These regulations give particulars of the conditions for entry to, and the conduct of the examinations held by the Department of Transport for Certificates of Competency in a deck capacity for service in registered trading and other ships.

1.2 DEFINITIONS AND INTERPRETATIONS

In these regulations the expression "the Act" means the Merchant Shipping Act, 1951 (Act 57 of 1951), and unless the context otherwise indicates, any expression used in these regulations to which a meaning has been assigned in the Act, bears the meaning so assigned.

"Director-General" means the Director-General: Transport.

"examiner" means the person appointed in terms of section 77 (4) of the Act.

"Limited Trade" means restricted to within the sea area adjacent to the southern African coast between the limits of Cape Delgado in the East and the Congo river in the West and extending 250 nautical miles from the shore.

"Minister" means Minister of Transport Affairs.

"nautical mile" means 1852 metres.

"Short Sea Trade" means restricted to an area of not more than 500 nautical miles in length and extending 250 nautical miles from the shore between the limits of Punta Do Oro and the mouth of the Kunene River.

"SODW-konvensie" beteken die Internasionale Konvensie insake die Standaarde van Opleiding, Diplomering en Waghou vir Seevaarders, 1978.

1.3 KLASSE VAN SERTIFIKATE

Hierdie regulasies maak voorsiening vir die volgende klasse van sertifikate:

Bekwaamheidsertifikaat (Dekoffisier) Bevare Seekaptein Klas 1;

Bekwaamheidsertifikaat (Dekoffisier) Klas 2;

Bekwaamheidsertifikaat (Dekoffisier) Klas 3;

Bekwaamheidsertifikaat (Dekoffisier) Klas 4;

Bekwaamheidsertifikaat (Dekoffisier) Klas 5;

Bekwaamheidsertifikaat (Dekoffisier) Klas 6.

1.3.1 Hierbenewens bestaan daar twee bevelvoeringsendossemente wat verwerf kan word deur afsonderlike eksamens, een van toepassing op bevelvoerders in die beperkte handelsgebied, bekend as die endossement as Bevelvoerder (Beperkte Handel) en een van toepassing op Bevelvoerders in die Kortseehandelsgebied, bekend as die endossement as Bevelvoerder (Kortseehandel).

1.4 VRYWILLIGE EKSAMENS VIR GESAGVOERDER (SPESIALE GRAAD)

Die Departement van Vervoer neem vrywillige eksamens af vir Bevelvoerder (Spesiale Graad) in ooreenstemming met die bepalings van Bylae N wat by hierdie regulasies aangeheg is.

1.5 SERTIFIKATE "NIE-HANDELSDIENS" [GEËNDOSSEER]

Offisiere wat minder diens gelewer het as die vereiste minimum diens op handelsvaartuie vir 'n sekere klas sertifikaat ooreenkomstig die regulasies, Bekwaamheidsertifikate verwerf wat beperk is tot indiensneming in niehandelskepe. Sodanige sertifikate word "Niehandelsdiens" geëndosseer. Hierdie endossement word verwyder by voltooiing van sodanige gespesifiseerde tydperke in handelskepe, soos deur die Direkteur-generaal vereis.

1.6 SERTIFIKATE DEUR ANDER ADMINISTRASIES UITGEREIK

Bekwaamheidsertifikate uitgereik deur die Regering van 'n land wat tot die SODW-konvensie toegetree het, word aanvaar as ekwivalent aan die toepaslike sertifikaat wat kragtens die Wet en hierdie regulasies uitgereik word.

1.7 SERTIFIKATE "GEVAARLIKE VRAG" GEËNDOSSEER

Enige skip met 'n massavrag wat in sy geheel of gedeeltelik as gevaarlike vrag gespesifiseer word, moet as bevelvoerende offisier en as tweede-in-bevel onderskeidelik, dekoffisiere aan boord hê wat, benewens die kwalifikasies wat gewoonlik by hierdie regulasies van hulle vereis word, aan sodanige bykomende vereistes voldoen as wat die Direkteur-generaal mag verlang, en hierdie bykomende vereistes moet op hulle bekwaamheidsertifikate geëndosseer word.

1.8 SERTIFIKATE VOOR DIE INWERKINGTREDING VAN HIERDIE REGULASIES UITGEREIK

Sertifikate ingevolge die Wet uitgereik voor die inwerkingtreding van hierdie regulasies word beskou as ekwivalent aan die onderskeie klasse van sertifikate beoog in hierdie regulasies, ooreenkomstig Bylae A hiervan.

"STCW Convention" means the International Convention on the Standards of Training, Certification and Watchkeeping for Seafarers, 1978.

1.3 CLASSES OF CERTIFICATES

These regulations provide for the following classes of certificates:

Certificate of Competency (Deck Officer) Class 1 Master Mariner;

Certificate of Competency (Deck Officer) Class 2;

Certificate of Competency (Deck Officer) Class 3;

Certificate of Competency (Deck Officer) Class 4;

Certificate of Competency (Deck Officer) Class 5;

Certificate of Competency (Deck Officer) Class 6.

1.3.1 In addition, there are two command endorsements, obtainable by separate examinations, one appropriate for masters in the Limited Trade area known as the Master (Limited Trade) endorsement and one appropriate for Masters in the Short Sea Trade area known as the Master (Short Sea Trade) endorsement.

1.4 VOLUNTARY EXAMINATIONS FOR MASTER SPECIAL GRADE

The Department of Transport shall conduct voluntary examinations for Master Special Grade in accordance with the provisions of Annexure N attached to these regulations.

1.5 CERTIFICATES ENDORSED "NON-TRADING SERVICE"

Officers who have performed less than the required minimum service on trading vessels for a certain class of certificate in accordance with the regulations, shall be able to obtain Certificates of Competency limited to employment in non-trading ships. Such certificates shall be endorsed "Non-Trading Service". This endorsement shall be removed upon completion of such specified periods in trading ships as may be required by the Director-General.

1.6 CERTIFICATES ISSUED BY OTHER ADMINISTRATIONS

Certificates of Competency issued by the government of a country which has acceded to the STCW Convention shall be accepted as equivalent to the appropriate certificate issued in terms of the Act and these regulations.

1.7 HAZARDOUS CARGO ENDORSEMENT

Any ship which has a bulk cargo specified in whole or part as being a dangerous cargo, shall carry as officer in command and as second in command respectively, deck officers who, in addition to holding the qualifications required generally of them under these regulations, shall satisfy such additional requirements as may be required by the Director-General, and these additional requirements shall be endorsed on their Certificates of Comptency.

1.8 CERTIFICATES ISSUED PRIOR TO THE COMING INTO EFFECT OF THESE REGULATIONS

Certificates issued under the Act prior to the coming into effect of these regulations shall be deemed to be equivalent to the various classes of certificates contemplated in these regulations, in accordance with Annexure A appended hereto.

HOOFSTUK 2

2.1 BEWYS VAN NASIONALITEIT

2.1.1 Van elke kandidaat vir 'n sertifikaat van enige graad word vereis om bewys te lewer van Suid-Afrikaanse nasionaliteit of van permanente verblyf in Suid-Afrika.

2.1.2 Die bewys wat by subregulasie 2.1.1 verlang word, behels gewoonlik die voorlê van 'n identiteitsdokument of paspoort, of 'n sertifikaat van naturalisasie of 'n permanente verblyfspermit na gelang van die geval.

2.2 EKSAMENDATUMS EN PLEKKE WAAR EKSAMENS AFGENEEM WORD

Die eksamendatums en plekke waar eksamens afgeneem word, word elke jaar deur die Direkteur-generaal in vlootkennisgewings aan seeliede gepubliseer.

2.3 HOE OM AANSOEK TE DOEN

2.3.1 Kandidate vir die hele of slegs 'n gedeelte van 'n eksamen moet 'n aansoekvorm, goedgekeur deur die Direkteur-generaal, invul. Die ingevulde vorm, tesame met die toepaslike geld (sien Hoofstuk 8), en die getuigskrifte, ontslagsertifikate, bewys van nasionaliteit, bekwaamheidsertifikaat of dienssertifikaat, as daar is, en waghoudienssertifikaat of enige ander sertifikate, soos vereis, moet minstens twee weke voor die dag van die eksamen ingelewer word by die senior eksaminator by die hawe waar die eksamen afgeneem gaan word.

Kandidate moet enige onderbrekings in hulle diens tot tevredenheid van die eksaminator verduidelik. Die aansoekvorm moet noukeurig en volledig ingevul word.

2.3.2 'n Kandidaat wat enige deel of gedeeltes van die eksamen voltooi het en verlang om by 'n daaropvolgende eksamen in die ander deel of gedeeltes geëksamineer te word vir daardie klas sertifikaat, moet twee weke kennis van sy voorneme gee. Kandidate wat van hierdie reëling gebruik wil maak, moet aparte aansoekvorms vir elke deel van die eksamen invul.

2.3.3 Kandidate wat by hul tweede of daaropvolgende poging in die skriftelike deel van die eksamen druip, kom nie in aanmerking vir 'n verdere poging nie tot die datum bepaal vir die eksamen wat volg op die volgende vir daardie klas sertifikaat of bevelvoeringsendossement. Hierdie beperking is nie van toepassing op kandidate aan wie in een vak in die skriftelike deel uitstel verleen is of wat in die mondelinge of seingedeelte van die eksamen druip nie. Twee agtereenvolgende pogings om 'n skriftelike eksamen af te lê, berus by die eksaminator.

2.4 HOE OM IN SPESIALE GEVALLE AANSOEK TE DOEN

2.4.1 In gevalle waar kandidate twyfel of hul diens aan die vereistes van die regulasies voldoen en verlang om hulle saak vir spesiale oorweging voor te lê, moet hulle al hul sertifikate, ontslagsertifikate, getuigskrifte en waghoudienssertifikate, soos verlang, tesame met die volledig ingevulde aansoekvorm aan die eksaminator voorlê.

2.4.2 Voorleggings van kandidate oorsee kan aan 'n eksaminator gepos word. In hierdie geval moet oorspronklike dokumente nie gestuur word nie maar volle besonderhede oor die geval wat, indien nodig, gesteun word deur gewaarmerkte fotokopieë van dokumente, moet ingesluit word.

2.5 POGING TOT OMKOPERY

Enige kandidaat wat 'n beampte van die Departement van Vervoer geld aanbied, word geag hom aan wangedrag skuldig te gemaak het en sal weggewys word. Sodanige kandidaat sal nie weer tot 'n eksamen toegelaat word voordat 'n tydperk van minstens 12 maande verloop het nie.

CHAPTER 2

2.1 PROOF OF NATIONALITY

2.1.1 Every candidate for a certificate of any grade shall be required to produce proof of South African nationality or of permanent residence in South Africa.

2.1.2 The proof required in subregulation 2.1.1 shall in general involve the production of an identity document or passport, or certificate of naturalisation or a permanent residency permit as the case may be.

2.2 DAYS AND PLACES OF EXAMINATIONS

The days on which, and places where examinations are to be held shall be published annually by the Director-General in Marine Notices.

2.3 HOW TO APPLY

2.3.1 Candidates for the whole or part of an examination shall complete a form of application as approved by the Director-General. The completed form, together with the appropriate fee (see Chapter 8), and testimonials, discharge certificates, proof of nationality, certificate of competency or service, if any, and watch-keeping or any other certificates, as required, should be lodged with the senior examiner at the port where the examination is going to be conducted, at least two weeks before the day of the examination.

Candidates shall be required to explain to the satisfaction of the examiner any gaps in their service. The form of application shall be accurately and fully completed.

2.3.2 A candidate who has completed any part or parts of the examination and wishes to be examined in the other part or parts at a subsequent examination for that class of certificate, shall be required to give two week's notice of his intention. Candidates who wish to take advantage of these arrangements shall be required to complete separate application forms for each part of the examination.

2.3.3 Candidates who fail in the written part of an examination at their second or subsequent attempt shall not be considered eligible for a further attempt until the date set for the examination following upon the next for that class of certificate or command endorsement. This restriction shall not apply to candidates who are deferred in one subject in the written part or who fail in the oral or signals part of the examination. Two successive attempts at a written examination shall be at the discretion of the examiner.

2.4 HOW TO APPLY IN SPECIAL CASES

2.4.1 In cases where candidates are in doubt as to whether their service complies with the requirements of the regulations and wish to submit their cases for special consideration, all certificates, discharges, testimonials and watch-keeping certificates as required, together with the form of application duly completed, shall be submitted to an examiner.

2.4.2 Submissions from candidates abroad may be made by post to an examiner. In this case original documents shall not be forwarded but full details of the case, which shall be supported if necessary by certified photo-copies of documents, shall be included.

2.5 ATTEMPTED BRIBERY

Any candidate who offers a gratuity to any officer of the Department of Transport shall be regarded as having committed an act of misconduct and shall be rejected. Such a candidate shall not be allowed to be examined again until a period of at least 12 months has elapsed.

2.6 GETUIGSKRIFTE VERLANG

Getuigskrifte aangaande karakter, met inbegrip van soberheid, en ondervinding en bekwaamheid aan boord 'n skip vir minstens die laaste 12 maande seediens wat die datum van aansoek om eksaminering voorafgaan; en aangaande goeie gedrag ter see vir dieselfde tydperk, word van alle kandidate vereis. Sodanige getuigskrifte moet, behalwe in spesiale omstandighede, deur die Gesagvoerder geteken word. (Sien Bylae B.)

2.7 ONBEVREDIGENDE GEDRAG

4.4.4 Elke kadet of leerling-offisier wat beskou wil word as iemand wat 'n verminderde tydperk kadetskap ingevolge regulasie 3.2.2 gevolg het, moet 'n brief toon van die eienaars, of van die Gesagvoerder of Gesagvoerders onder wie hy diens verrig het, wat meld dat al sy diens tydens sy tydperk aan boord op 'n bevredigende wyse verrig is en dat hoogstens twee maande van daardie diens deurgebring is aan boord van skepe wat in 'n droogdok enjinherstelwerk ondergaan het of andersins stilgelê het. Hoogstens die helfte van hierdie toegewing mag deurgebring gewees het as bystandsdiens gedurende die finale konstruksiestadiums van 'n nuwe vaartuig.

4.5 *Kolleges vir Seevaartopleiding*

4.5.1 'n Gedeelte van dieselfde diens wat na die ouderdom van 16 verrig is by 'n kollege vir seevaartopleiding op land, kan as kwytskeld van seediens toegelaat word mits—

(a) die kollege deur die Direkteur-generaal erken word;

(b) na 'n inspeksie deur een van sy vakkundige beamptes, die Direkteur-generaal oortuig is dat die kollege opleiding verskaf wat die tyd daar deurgebring regverdig en wat beskou word as deel van die vereiste tydperk kwalifiserende diens vir 'n bekwaamheidsertifikaat; en

(c) die kandidaat 'n sertifikaat betreffende bevredigende bywoning voorlê van die owerhede wanneer hy die kollege verlaat.

4.5.2 Hierdie reëlings is van toepassing op vier soorte kolleges—

(i) kolleges waar 'n persoon inwoon en 'n aantal jare lank opleiding ontvang, of kursusse wat minstens een akademiese jaar lank duur in navigasie en seemanskap volg. Die maksimum vrystelling van seediens wat toegelaat word ten opsigte van bywoning van so 'n kollege, word tydens goedkeuring vasgestel, maar mag nie 12 maande te bowe gaan nie;

(ii) tegniese kolleges of soortgelyke nie-residensiële inrigtings waar persone kadetkursusse in navigasie en seemanskap bywoon voordat hulle ter see gaan. Die maksimum vrystelling van seediens in hierdie gevalle word tydens goedkeuring vasgestel, maar mag nie 12 maande te bowe gaan nie;

(iii) residensiële tegniese kolleges waar kadette en leerlingnavigasie-offisiere 'n stapelkursus bywoon wat bestaan uit 'n tydperk van voor-seeopleiding gevolg deur twee verdere opleidingstydperke by dieselfde kollege, teen ongeveer die middel en aan die einde van hulle tydperk van kwalifiserende diens wat verminder word deur vrystelling van seediens. Die maksimum vrystelling van seediens wat toegelaat word ten opsigte van sodanige

4.4 *Remission of Sea Service*

4.4.1 The specified periods of sea service for Classes 3, 4 and 5 certificates may be reduced by remissions granted in respect of attendance at approved courses of training, and, in the case of Classes 4 and 5 certificates, in recognition of certain higher academic qualifications.

4.4.2 Candidates may qualify for remission under more than one heading, but in no case shall the total remission granted exceed 12 months.

4.4.3 No remission of sea service shall be allowed in respect of the qualifying service required for Classes 1 and 2 certificates or for Command Endorsement, nor in respect of the period of at least six months required to be spent on duties associated with bridge watchkeeping during the final 12 months sea service for a Class 3, 4 or 5 certificate.

4.4.4 Every cadet or trainee deck officer wishing to be considered as having followed a reduced period cadetship under regulation 3.2.2 shall produce a letter from the owners, or from the Master or Masters under whom he has served, stating that all his service while on board ship was performed in a satisfactory manner, and that not more than two months of that service was spent on board ships in drydock undergoing engine repairs or otherwise laid up. Not more than half of this allowance shall be spent standing by a new vessel during the final stages of construction.

4.5 *Colleges for Nautical training*

4.5.1 A proportion of the same time spent after the age of 16 at a college for nautical training conducted on premises ashore, may be allowed as a remission of sea service provided that—

(a) the college is recognised by the Director-General;

(b) after an inspection by one of his professional officers, the Director-General is satisfied that the college gives a training that justifies time spent there, being reckoned as part of the necessary qualifying time for a certificate of competency; and

(c) the candidate produces a certificate as regards satisfactory attendance from the authorities of the college on leaving.

4.5.2 The colleges to which these arrangements shall apply are of four kinds—

(i) colleges at which a person resides and receives training for a period of years, or courses for not less than one academic year, in navigation and seamanship. The maximum remission of sea service that shall be allowed in respect of attendance at such a college shall be fixed at the time of approval, but shall not exceed 12 months;

(ii) technical colleges or similar non-residential institutions where persons attend cadet courses in navigation and seamanship before going to sea. The maximum remission of sea service in these cases shall be fixed at the time of approval, but shall not exceed 12 months;

(iii) residential technical colleges where cadets and trainee navigating officers attend a sandwich course consisting of a period of pre-sea training followed by two further periods of training at the same college, at approximately the middle and at the end of their period of qualifying service reduced by remissions of sea service. The

skemas word tydens goedkeuring vasgestel, maar mag nie 12 maande te bowe gaan nie. Bywoning van die voorseeopleidinggedeelte van die stapelkursus op sigself laat kadette en leerling-navigasie-offisiere nie vir vrystelling van seediens kwalifiseer nie;

(iv) tegniese kolleges of soortgelyke nie-residensiële inrigtings waar kandidate senior kursusse in navigasie bywoon na voltooiing van ongeveer die helfte van die kwalifiserende diens vir sertifikate van Klasse 3, 4 of 5. Die maksimum vrystelling van seediens in hierdie gevalle word tydens goedkeuring vasgestel, maar mag nie 12 maande te bowe gaan nie. In die geval van kolleges van klasse (i) en (ii) moet die sertifikaat aandui of die kandidaat die kursus voltooi het. In die geval van kolleges van klasse (ii), (iii) en (iv) moet die sertifikaat of sertifikate wat die kandidaat ooreenkomstig regulasie 4.5 (1) (c) voorlê, boonop getuig van die kandidaat se voortgesette en gereelde bywoning van al die goedgekeurde klasse.

4.5.3 'n Kandidaat wat by verskillende geleenthede twee of meer kolleges bygewoon het, en aan wie goedkeuring vir vrystelling van seediens toegeken is, kan vrystelling van seediens ontvang ten opsigte van die bywoning van elk van sodanige kolleges, behoudens die voorwaarde dat die totale toegelate vrystelling van seediens nooit 12 maande te bowe mag gaan nie.

4.5.4 'n Lys van goedgekeurde kolleges vir seevaartopleiding word van tyd tot tyd deur die Direkteur-generaal afgekondig.

4.6 *Diens in Vlootopleidingskolleges*

Die helfte van die tyd deurgebring aan 'n Suid-Afrikaanse Vlootkollege kan as vrystelling van seediens tel, en 'n soortgelyke toegewing word gemaak ten opsigte van tyd bestee aan kursusse by inrigtings op land na bevordering tot Waarnemende Onderluitenant, behoudens die voorwaarde dat die totale vrystelling van seediens ten opsigte van alle tyd bestee aan opleiding op land, nie ses maande te bowe gaan nie.

4.7 *Kadetopleidingskepe*

4.7.1 Vrystelling van seediens word verleen aan kadette en leerlingdekoffisiere wat vir 'n minimum tydperk diens doen op kadet-opleidingskepe wat spesiaal deur die Departement van Vervoer goedgekeur is. Die maksimum vrystelling van seediens wat toegelaat word ten opsigte van kadet-opleidingskeepsdiens word tydens goedkeuring vasgestel.

4.7.2 Elke kadet of leerlingdekoffisier wat vrystelling verlang vir kadetopleidingskeepsdiens moet 'n sertifikaat, geteken deur die Gesagvoerder, voorlê waarin gemeld word dat sy gedrag en bekwaamheid bevredigend was.

4.8 *Persone met hoër akademiese kwalifikasies*

As 'n kandidaat vir 'n bekwaamheidsertifikaat, Klas 4 en Klas 5, die houer is van 'n hoër akademiese kwalifikasie soos in regulasie 3.2.3 vermeld, word uit hoofde van sodanige kwalifikasie aan hom vrystelling van seediens verleen van hoogstens nege maande van die drie of vier jaar kwalifiserende diens in regulasie 3.2.1 voorgeskryf. Sodanige vrystelling geld bo en behalwe enige vrystelling kragtens regulasie 4.5.2, maar die totale vrystelling is onderworpe aan 'n maksimum van 12 maande.

HOOFSTUK 5

OPLEIDINGSKEMAS

5.1 *Inleiding*

Kadette of leerlingdekoffisiere kan na bevredigende voltooiing van die gespesifiseerde minimum opleidingstydperk kwalifiseer vir 'n eerste bekwaamheidsertifikaat hetsy op

maximum remission of sea service that shall be allowed in respect of such schemes shall be fixed at the time of approval, but shall not exceed 12 months. Attendance at the pre-sea part of the sandwich caurse shall not by itself qualify for remission of sea service;

(iv) technical colleges or similar non-residential institutions where candidates attend senior courses in navigation after completing approximately half the qualifying service for a Class 3, 4 or 5 certificate. The maximum remission of sea service in these cases shall be fixed at the time of approval, but shall not exceed 12 months. In the case of colleges of classes (i) and (ii) the certificate shall show whether he has completed the course. In the case of colleges of classes (ii), (iii) and (iv) the certificate or certificates which the candidate produces in accordance with regulation 4.5 (1) (c), shall in addition testify to the candidate's continuous and regular attendance at all the approved classes.

4.5.3 A candidate who, at different times, has attended two or more colleges to which approval for remission of sea service has been granted, may be allowed a remission of sea service in respect of attendance at each of them, subject always to the condition that the total remission of sea service allowed shall not exceed 12 months.

4.5.4 A list of approved colleges of nautical training shall be promulgated from time to time by the Director-General.

4.6 *Service in Naval Training Colleges*

Half the time spent at a South African Naval College, shall be allowed to count as a remission of sea service, and a similar allowance shall be made in respect of time spent on courses at shore establishments after promotion to Acting Sub-Lieutenant, subject to the condition that the total remission of sea service in respect of all time spent in training ashore shall not exceed 6 months.

4.7 *Cadet training ships*

4.7.1 Remissions of sea service shall be granted to cadets and trainee deck officers who serve a minimum period in cadet training ships specially approved by the Department of Transport. The maximum remission of sea service that shall be allowed in respect of cadet training ship service shall be fixed at the time of approval.

4.7.2 Every cadet or trainee deck officer seeking remission for cadet training ship service shall be required to produce a certificate signed by the Master stating that his conduct and proficiency were satisfactory.

4.8 *Persons holding higher academic qualifications*

A candidate for a certificate of competency, Class 4 and Class 5 who holds a higher academic qualification as specified in regulation 3.2.3, shall in respect of such qualification be allowed a remission of sea service not exceeding nine months of the 3 or 4 years qualifying service prescribed in regulation 3.2.1. Such remission shall be in addition to any remission granted under regulation 4.5.2 subject to an overall maximum of 12 months.

CHAPTER 5

TRAINING SCHEMES

5.1 *Introduction*

Cadets or trainee deck officers may qualify for a first certificate of competency at either Class 3, 4 or level upon satisfactory completion of the minimum training period

die Klas 3-, 4- of 5-vlak, mits hulle gedurende die hele opleidingstydperk 'n opleidingsprogram deurloop wat deur die Departement van Vervoer erken word. Opleidingsprogramme wat op hierdie manier deur die Departement van Vervoer erken word, bestaan uit stapelkursusse waartydens studente afwisselende opleidingstydperke ter see, waar die klem op praktiese opleiding val, en dan weer by 'n vlootkollege, waar die klem op teoretiese studies val, deurbring.

5.2 *Standaardopleidingskemas*

Die standaardopleidingskema maak voorsiening vir vier fases:

Fase I—Aanvanklike seetydperk.

Fase II—Eerste Kollegefase.

Fase III—Intermediêre Seetydperk.

Fase IV—Finale Kollegefase.

Die aanvanklike seetydperk duur normaalweg ongeveer 12 maande. Kadette moet minstens 24 maande lank diens op 'n skip verrig het voordat hulle toegelaat word tot Fase IV (Finale Kollegefase) en moet die vorige fases bevredigend voltooi het. Kollegefases maak studente geregtig op vrystelling van seetyd tot die toelaatbare maksimum, mits hulle skriftelike bewys kan lewer van volle en bevredigende bywoning soos aangeteken in die bywoningsregister.

5.3 *Beplande opleiding gedurende seetydperke*

5.3.1 Dit is 'n wesentlike kenmerk van die standaardopleidingskema dat studente 'n tydperk van minstens 24 maande beplande opleiding ter see moes voltooi het. Bewys van beplande opleiding ter see neem normaalweg die vorm aan van 'n dekkadet se rekordboek, behoorlik ingevul deur die Gesagvoerders en offisiere van die skepe waarop seediens verrig word.

5.3.2 Versuim om bevredigende bewys te lewer van beplande opleiding ter see wanneer by voltooiing van die kursus aansoek gedoen word om toelating tot die eksamen vir 'n bekwaamheidsertifikaat sal meebring dat 'n bykomende tydperk bevredigende seediens soos gespesifiseer deur die Direkteur-generaal verrig moet word voordat toelating tot die eksamen verleen word.

5.3.3 Dit is die kadet of leerlingoffisier se verantwoordelikheid om te verseker dat sy dekkadetrekordboek behoorlik bygehou en geëndosseer word; en dit is die Gesagvoerder en die betrokke senior offisiere se verantwoordelikheid om die toepaslike gedeeltes in te vul wanneer hul tevrede is dat die take behoorlik uitgevoer is.

5.4 *Voortgesette studie ter see*

'n Kandidaat wat die kursus bevredigend voltooi het, kan die Klas 4-eksamen aflê mits sodanige kandidaat voldoen het aan al die voorwaardes wat gestel word aan kandidate wat aansoek doen om toelating tot die Departement van Vervoer se eksamen.

HOOFSTUK 6

EKSAMENPROSEDURE

6.1 *Algemeen*

6.1.1 Die eksamen begin elke dag op 'n tyd deur die eksaminator bepaal. Daar is elke dag 'n etenspouse. Kandidate moet sover moontlik vroegtydig kennis kry van die dag en tyd van hulle mondelinge eksamen en, indien toepaslik, van hul eksamen in seinwerk.

6.1.2 Afgesien van iemand wie se pligte dit van hom vereis om aanwesig te wees, word niemand in die eksamenkamer toegelaat nie.

6.1.3 Algehele stilte moet in die eksamenkamer gehandhaaf word terwyl 'n skriftelike eksamen aan die gang is.

specified, provided that during the whole of that training period they undergo a programme of training recognised by the Department of Transport. Programmes of training which shall be recognised by the Department of Transport in this way consist of sandwich-type courses where students spend alternate periods under training at sea, where emphasis is upon practical training, and at a nautical college, where the emphasis is upon theoretical studies.

5.2 *Standard Scheme of training*

The standard scheme of training shall provide for four phases:

Phase I—Initial Sea Period.

Phase II—First College Phase.

Phase III—Intermediate Sea Period.

Phase IV—Final College Phase.

The Initial Sea Period shall normally be of about 12 months. Cadets shall have served on board ship for not less than 24 months before they shall be admitted to the Phase IV (Final College Phase) and have satisfactorily completed the earlier Phases. College Phases shall entitle students to remission of seatime up to the allowed maximum, provided students can produce written evidence of full and satisfactory attendance as recorded in the attendance register.

5.3 *Planned training during sea periods*

5.3.1 It is an essential feature of the Standard Scheme of training that students shall have completed a period of planned training at sea of not less than 24 months. Proof of planned training at sea shall normally take the form of a Deck Cadet's Record Book duly completed by the Masters and officers of the ships in which sea service is performed.

5.3.2 Failure to produce satisfactory evidence of planned training at sea when making application for admission to the examination for a certificate of competency upon completion of the course, shall entail the performance of such additional period of satisfactory sea service as the Director-General may specify, before admission to the examination is granted.

5.3.3 It shall be the responsibility of the cadet or trainee officer to ensure that his Deck Cadet's Record Book is properly maintained and endorsed; and the responsibility of the Master and appropriate senior officers to complete the relevant sections when they are satisfied that the tasks have been properly carried out.

5.4 *Continued studies at sea*

A candidate who has satisfactorily completed the course may sit for the Class 4 examination provided all conditions required of candidates applying for admission to the Department of Transport's examination have been met by such candidate.

CHAPTER 6

EXAMINATION PROCEDURE

6.1 *General*

6.1.1 The examination shall begin each day at a time appointed by the examiner. A luncheon interval shall be given each day. As far as possible, candidates shall be given ample notice of the day and time of their oral and, if appropriate, signals examination.

6.1.2 No person other person other than those whose duties require them to be present shall be allowed in the examination room.

6.1.3 Complete silence must be maintained in the examination room while a written examination is in progress.

6.2 *Gebruik van boeke en tafels in die eksamen*

6.2.1 Die volgende tafels en boeke kan deur die eksaminator in die eksamenkamer verskaf word: "Nautical Almanac"; "Burton's Nautical Tables"; "Norie's Tables"; Getytafels van die Admiraliteit, Vol. 1 en Vol. 2.

6.2.2 'n Kandidaat wat ander tafels wil gebruik as dié wat hierbo genoem is, kan sodanige tafels in die eksamenkamer inbring op voorwaarde dat hy hulle voor die aanvang van die eksamen met die oog op besigtiging en goedkeuring aan die eksaminator toon. Hierdie tafels mag geen aantekeninge in manuskrip bevat nie. Behoudens die eksaminator se goedkeuring word geen beperking op die gebruik van enige tafels geplaas nie, maar 'n kandidaat moet die teorie begryp waarop die tafels gebaseer is en sodanige tafels moet in staat wees om 'n antwoord binne die vereiste noukeurigheidsperke te verskaf. Wanneer daar by die beantwoording van 'n vraag gebruik gemaak word van ander tafels as dié wat deur die eksaminator verskaf word, moet die naam van die tafels en 'n aanduiding van wat werklik uit hulle verkry is, op die kandidaat se eksamenskrif verstrek word.

6.3 *Gebruik van instrumente*

6.3.1 Alle instrumente wat vir gebruik in die eksamen nodig is, sal deur die eksaminator verskaf word, maar 'n kandidaat kan toegelaat word om sy eie tekeninstrumente en rekenliniale te gebruik mits die eksaminator se goedkeuring voor die aanvang van die eksamen verkry word. As 'n rekenliniaal gebruik word, moet 'n aantekening te dien effekte op die kandidaat se eksamenskrifte aangebring word.

6.3.2 'n Kandidaat wat gebruik maak van 'n rekenliniaal of 'n rekentoestel vir sy berekenings, moet die volledige stappe wat nodig is om die resultate te verkry, in ink in die eksamenskrif uiteensit. Indien die stappe nie uiteengesit is nie, word geen punte ten opsigte van die betrokke resultate toegeken nie.

6.3.3 Die gebruik van rekenliniale en rekentoestelle is onderworpe aan die goedkeuring van die eksaminator wat hom daarvan moet gewis dat inligting op rekenliniale nie oormatig is nie en dat rekentoestelle nie geprogrammeer kan word nie. Die eksaminator moet ook die gebruik van rekentoestelle verbied in eksamens in suiwer en toegepaste wiskunde waar die basiese wiskundige beginsels bewys moet word.

6.4 *Ongeoorloofde boeke en papiere streng verbode*

6.4.1 Behoudens die bepalings van regulasie 6.2 (2) mag 'n kandidaat nie ander boeke, aantekeninge, memorandums of papiere by hom hê as wat vir gebruik in die eksamen verskaf is nie en indien 'n kandidaat wel boeke, aantekeninge, memorandums of papiere met hom saamgebring het, moet hy hulle aan die eksaminator oorhandig voordat hy met die eksamen begin.

As hierdie regulasie oortree word, word die oortreder geag in die eksamen te gedruip het en mag hy ses maande lank nie vir hereksaminering aangeneem word nie.

6.4.2 Kandidate wat 'n boek, instrument of ander eiendom van die Departement van Vervoer skend of andersins beskadig, se diensdokumente (d.w.s. sertifikate, getuigskrifte, ens.) sal teruggehou word totdat hulle die beskadigde boek of instrument vervang het.

6.4.3 Geen kandidaat mag die eksamenkamer sonder toestemming verlaat nie, en as hy die kamer verlaat, moet hy die eksamenskrif waarmee hy besig is, inlewer. 'n Kandidaat mag onder geen omstandighede toegelaat word om die gebou te verlaat terwyl die eksamen aan die gang is nie. 'n Kandidaat wat hierdie regulasie oortree, word geag die eksamen te gedruip het.

6.2 *Use of books and tables at the examination*

6.2.1 The following tables and books may be supplied by the examiner in the examination room. Nautical Almanac; Burton's Nautical Tables; Norie's Tables; Admiralty Tide Tables Vol. I and Vol. 2.

6.2.2 A candidate who wishes to use tables other than the above may bring such tables into the examination room, on condition that he submits them to the examiner for scrutiny and approval before the examination begins. These tables shall not contain any manuscript notes. Subject to the examiner's approval, no restriction shall be placed on the use of any tables, but a candidate must understand the theory on which the tables are based, and such tables must be capable of giving an answer withing the required limits of accuracy. When tables other than those supplied by the examiner are used in answering a question, the name of the tables and a note of what is actually obtained from them shall be stated on the candidate's paper.

6.3 *Use of instruments*

6.3.1 All instruments necessary for use in the examination will be supplied by the examiner, but a candidate may be allowed to use his own drawing instruments, slide rule and calculating instrument, provided that the examiner's approval is obtained before the examination begins. If a slide rule or calculating instrument is used, a note to this effect shall be entered on the candidate's answer papers.

6.3.2 A candidate who uses a slide rule or a calculating instrument for his calculations shall show in ink on the answer paper the full working statement necessary for arriving at the results. If the statement is not so shown, no marks shall be given in respect of the results concerned.

6.3.3 The use of slide rules and calculating instruments is subject to the approval of the examiner who shall satisfy himself that information on slide rules is not excessive and that calculating instruments cannot be programmed. The examiner shall also prohibit the use of calculating instruments in examinations in pure and applied mathematics in which basic mathematical principles have to the demonstrated.

6.4 *Unauthorised books and papers strictly forbidden*

6.4.1 Subject to the provisions of regulation 6.2 (2), a candidate shall not have with him any books, notes, memoranda or papers other than those supplied for use at the examination, and if a candidate has brought any books, notes, memoranda or papers with him, he shall hand them to the examiner before commencing the examination.

If this regulation is contravened the offender shall be regarded as having failed the examination and shall not be accepted for re-examination for a period of six months.

6.4.2 Candidates who deface or otherwise damage any book instrument or other property of the Department of Transport, shall have their service papers (i.e. certificates, testimonials, etc.) retained until they have replaced the damaged book or instrument.

6.4.3 No candidate shall leave the examination room without permission and without handing in the paper upon which he is engaged. In no circumstances shall a candidate be allowed to leave the building while the examination is in progress. A candidate who contravenes this regulation shall be regarded as having failed the examination.

6.4.4 Alle werk moet getoon word en geen kandidaat mag toegelaat word om probleme op skeurpapier uit te werk of om op die vloeipapier wat vir gebruik in die eksamen verskaf word, te skryf nie. Kladwerk moet aan die einde van elke eksamen ingelewer word.

6.4.5 'n Kandidaat wat gedurende die eksamen 'n ongeoorloofde boek of papier raadpleeg of van iemand anders afskryf of aan iemand anders hulp verleen of inligting verstrek of wat hulp of inligting van iemand anders ontvang, of op enige wyse met 'n ander persoon as die eksaminator in verbinding tree, of wat enige deel van die antwoorde afskryf met die doel om hulle uit die eksamenkamer te neem, word geag in die eksamen te gedruip het en mag vir 'n tydperk van tot 12 maande nie vir hereksamen aangeneem word nie.

6.4.6 Kandidate wat enige van die bepalings van hierdie regulasie oortree of wat parmantig is teenoor die eksaminator of wat hul skuldig maak aan onordelike of onbehoorlike gedrag in of by die eksamenkamer, word geag die eksamen te gedruip het en mag nie vir sodanige tydperk as wat die Direkteur-generaal bepaal vir hereksamen aangeneem word nie.

6.4.7 Kandidate kan probleme oplos volgens enige metode waaraan hulle gewoond is, mits die beginsel reg is en mits sodanige metode die vereiste juistheidsgraad verleen en op die vraestel aangetoon word.

6.5 *Verlangde graad van akkuraatheid*

6.5.1 Kandidate moet so akkuraat werk as wat die beskikbare gegewens en die betrokke tipe probleem toelaat. Inligting uit tafels moet so noukeurig wees as wat die inherente akkuraatheid van die tafels toelaat en finale antwoorde hoef nie noukeuriger te wees as wat geregverdig is nie.

6.5.2 Wanneer hulle berekenings doen om 'n skip se posisie te bepaal, word daar van kandidate verwag om dit tot 0,1 van 'n boogminuut en tot die naaste sekonde in tyd te doen.

Enige berekeningsmetode waarvolgens 'n standlyn bepaal word, moet 'n antwoord korrek tot hoogstens 'n halwe seemyl gee.

By die berekening van kompasfoute, liggings en koerse moet die antwoord korrek tot 0,5 van 'n graad bereken word.

By die berekening van getye moet die antwoord binne 15 cm van die presiese antwoord wees.

6.6 *Geldigheid van gedeeltelike slagings*

Slaging in die hele skriftelike deel van die eksamen vir 'n Klas1-Bekwaamheidsertifikaat of vir 'n bevelvoeringsendossement is geldig vir 'n tydperk van vyf jaar, maar slaging in die skriftelike deel van die eksamen vir ander klasse sertifikate en in die mondelinge en seingedeelte is slegs geldig vir 'n tydperk van 12 maande. Die mondelinge Klas 5-eksamen in Weerkunde en Skeepsake en Wet word beskou as deel van hulle onderskeie skriftelike eksamens.

Slaging in Gedeelte A of Gedeelte B van die gesagvoerder (Spesiale Graad)-eksamen bly vir altyd geldig.

6.7 *Uitstelverlening*

Kandidate vir bekwaamheidsertifikate, wat in hoogstens een vak in die skriftelike eksamen druip, kan, mits hulle die vereiste slaagpunt behaal, indien daardie skriftelike eksamen uit minstens vier vraestelle bestaan, net in daardie vak hereksamineer word binne ses maande vanaf die aanvangsdatum van die skriftelike gedeelte van die eksamen as geheel. 'n Kandidaat wat dan in daardie vak slaag, word geag in die skriftelike gedeelte van die eksamen as geheel te

6.4.4 All work shall be shown and no candidate shall be allowed to work out problems on waste paper or to write on the blotting paper supplied for use in the examination. Rough working shall be handed in at the end of each examination.

6.4.5 Any candidate who, during the time of the examination, is discovered referring to any aunauthorised book or paper, or copying from another person, or affording any assistance or giving any information to another person, or accepting assistance or information from another person, or communicating in any way with another person other than the examiner or copying any part of the answers for the purpose of taking them out of the examination room, shall be regarded as having failed the examination and shall not be accepted for re-examination for a period of up to 12 months.

6.4.6 Candidates who contravene any of the provisions of this regulation, or who are guilty of insolence to the examiner, or of disorderly or improper conduct in or about the examination room, shall be regarded as having failed the examination and shall not be accepted for re-examination for such period as the Director-General may determine.

6.4.7 Candidates may solve problems by any method they are accustomed to use, provided that such method is correct in principle, affords the required degree of precision, and it is shown on the paper.

6.5 *Degree of precision required*

6.5.1 Candidates shall work to a degree of precision consistent with the data available and the type of problem in question. Information from tables shall be extracted as accurately as possible consistent with the inherent accuracy of the tables, and final answers shall be given to the best degree of precision which is justified, and no more.

6.5.2 When making calculations to obtain a ship's position, candidates are expected to work to 0,1 of a minute of arc and to the nearest second of time.

Any method of calculation used to obtain a position line shall be capable of giving an answer to within a maximum of one half of a nautical mile.

In the calculation of compass errors, bearings and courses, the answers shall be worked to within 0,5 of a degree.

Tidal calculations shall be worked to provide an answer within 15 cm of a precise result.

6.6 *Validity of partial passes*

A pass in the whole of the written part of the examination for a Class 1 Certificate of Competency or for a Command Endorsement, shall be valid for a period of five years, but a pass in the written part of the examination for other classes of certificates and in the orals and signals parts shall be valid for a period of 12 months only. The Class 5 Meteorology and Short Sea Business and Law oral examinations shall be considered part of their respective written examination. A pass at Part A or Part B of the Master's Special Grade examination shall hold good for all time.

6.7 *Referrals*

Candidates for certificates of competency who fail in not more than one subject in the written examination may, provided that they have attained the required aggregate for a pass, if that written examination consists of not less than four papers, be re-examined in that subject only, within six months from the date of commencement of the written part of the examination taken as a whole. A candidate who then passes in that subject shall be deemed to have passed in the

geslaag het, maar as hy versuim om binne die voorgeskrewe tydperk van ses maande aansoek te doen om hereksaminering of as hy by sodanige hereksaminering in die uitgestelde vak druip, word hy geag in die skriftelike gedeelte van die eksamen as geheel te gedruip het.

As 'n kandidaat daarna in 'n uitgestelde vak slaag, is die datum waarop hy in die skriftelike eksamen geslaag het ook die datum waarop hy in die uitgestelde vak geslaag het.

6.8 *Mondelinge eksamens*

6.8.1 Die mondelinge eksamen is bedoel om die kandidaat se bekwaamheid in die praktiese aspekte van 'n offisier se plig vas te stel.

6.8.2 Besondere aandag word gedurende mondelinge eksamens aan die kandidaat se kennis van die sekstant geskenk. Kandidate moet die vertikale sowel as horisontale hoeke kan meet, en hulle word prakties geëksamineer oor hul kennis van die verstellings en die gebruik van die stelskroewe. Hulle moet sowel op as buite die boog korrek kan aflees en moet die syfout en indeksfout kan bepaal deur van die horison, die son of 'n ster gebruik te maak.

6.8.3 Gedurende die mondelinge eksamen moet die eksaminator die kandidate se kennis toets betreffende die strekking en betekenis van die Regulasies ter Voorkoming van Botsings ter See. Die vermoë om die Regulasies bloot woord vir woord te herhaal is nie voldoende om te verseker dat 'n kandidaat die eksamen slaag nie, maar dit sal ook nie noodwendig meebring dat die kandidaat druip nie: Met dien verstande dat die eksaminator oortuig is dat die kandidaat die volle betekenis, inhoud en praktiese toepassing van die regulasies begryp. Eksaminators moet die kandidaat nie in die posisie stel om 'n seilskip te hanteer nie, maar moet die kandidaat se vermoë toets om 'n seilskip se ligte uit te ken en die kandidaat se kennis van 'n seilskip se moontlike maneuvers na gelang van die windrigting toets.

6.8.4 Die eksaminator kan aan die kandidaat vrae stel wat voortspruit uit die skriftelike werk wat deur die kandidaat gelewer is.

6.8.5 'n Kandidaat wat weens 'n ernstige gebrek aan praktiese kennis in die mondelinge deel van die eksamen vir enige bekwaamheid sertifikaat druip kan na goeddunke van die eksaminator aangesê word om verdere seediens te verrig voordat hy hereksamineer word. Sondanige seediens mag nie ses maande te bowe gaan nie en kan in enige hoedanigheid op die dek van enige seevarende skip verrig word.

6.8.6 'n Kandidaat wat nie op die bepaalde tyd vir enige skriftelike of mondelinge eksamen opdaag nie, kan by gebrek aan redelike bewys dat die afwesigheid onvermydelik was, druip. Die eksamengeld word verbeur.

HOOFSTUK 7

7.1 *Vervoer van gevaarlike vrag*

'n Skip wat 'n massavrag het wat in sy geheel of gedeeltelik as gevaarlike vrag gespesifiseer is, moet as offisier-in-bevel en as tweede-in-bevel onderskeidelik, dekoffisiere aan boord hê, wat, benewens die feit dat hulle houers is van die kwalifkasies wat algemeen van hulle vereis word, ook aan bykomende vereistes voldoen soos wat deur die Direkteur-generaal gespesifiseer mag word.

7.2 *Bykomende kwalifikasies vir uitreiking van gevaarlike vragendossement*

Die vereiste bykomende kwalifikasies ten opsigte waarvan die Direkteur-generaal 'n Gevaarlikevragendossement (Vloeibare gas), 'n Gevaarlikevragendossement (Vloeibare chemikalieë) en 'n Gevaarlikevragendossement (Petroleum) uitreik, is soos volg:

Die persone aangestel as Gesagvoerder en tweede-in-bevel van 'n skip wat gevaarlike vrag vervoer, moet òf—

(a) voorheen 6 maande lank bevredigende diens voltooi het as Gesagvoerder of tweede-in-bevel van 'n skip wat die betrokke gevaarlike vrag vervoer, nie langer as

written part of the examination as a whole; but failure to make application for re-examination within the prescribed period of six months, or failure in the referred subject at such re-examination, shall result in failure in the written part of the examination as a whole.

Where a candidate subsequently passes a referred subject, the date of passing the written examination shall be the date on which he passed the referred subject.

6.8 *Oral examinations*

6.8.1 The oral examination shall be intended to ascertain a candidate's competency in the practical aspects of an officer's duty.

6.8.2 Particular attention shall be paid to candidates' knowledge of the sextant during oral examinations. Candidates shall be required to measure both vertical and horizontal angles, and shall be examined practically on their knowledge of the adjustments and the use of the adjusting screws. They shall be required to read correctly both on and off the arc and find the side error and index error using the horizon, the sun or a star.

6.8.3 During the course of the oral examination the examiner shall test candidates' knowledge of the sense and intention of the Regulations for Preventing Collision At Sea. Mere ability to repeat the Regulations word for word shall not suffice to ensure a candidate passing the examination nor shall the lack of it necessarily entail failure, provided that the examiner is satisfied that the candidate grasps the full significance, content and practical application of the Regulations. Examiners shall not place a candidate in the position of handling a sailing ship, but shall test the candidate's ability to recognise a sailing ship's lights and the candidate's knowledge of a sailing ship's possible manoeuvres according to the direction of the wind.

6.8.4 The examiner may ask the candidate questions arising from the written work produced by the candidate.

6.8.5 A candidate failing in the oral part of the examination for any certificate of competency through serious weakness in practical knowledge may, at the examiner's discretion, be required to perform further sea service before being re-examined. Such sea service shall not exceed six months and may be performed in any capacity on deck in any seagoing ship.

6.8.6 A candidate who fails to appear for any written or oral examination at the appointed time may be failed by default in absence of reasonable proof that failure to attend was unavoidable. The examination fee shall be forfeited.

CHAPTER 7

7.1 *Carriage of dangerous cargo*

A ship which has a bulk cargo specified in whole or in part as being a dangerous cargo shall carry as officer in command and as second in command respectively, deck officers who, in addition to holding the qualifications required generally of them, shall satisfy such additional requirements as the Director-General may specify.

7.2 *Additional qualifications for issue of dangerous cargo endorsement*

The additional qualifications required in respect of which the Director-General shall issue a Dangerous Cargo Endorsement (Liquefied Gas), Dangerous Cargo Endorsement (Liquid Chemicals) and a Dangerous Cargo Endorsement (Petroleum) shall be as follows:

The persons appointed as master and second in command of a ship carrying dangerous cargo shall have either—

(a) previously completed 6 month's satisfactory service as master or second in command of a ship carrying the appropriate dangerous cargo not more than 36 months

36 maande voor die datum waarop hierdie regulasies in werking getree het nie en moet 'n getuigskrif van sy werkgewer te dien effekte kan toon; òf

(b) 'n opleidingskursus voltooi het in die vervoer van die betrokke gevaarlike vrag, goedgekeur deur die Direkteur-generaal en òf—

(i) in 'n bo-tallige hoedanigheid 14 dae lank aan boord van 'n skip opleiding ontvang het gerig op die verskaffing van 'n algehele besef van die operasies in verband met die betrokke gevaarlike vrag en die gepaardgaande gevare en moet 3 maande gekrediteerde diens in 'n ondergeskikte hoedanigheid aan boord van 'n skip voltooi het; òf

(ii) 6 maande gekrediteerde diens in 'n ondergeskikte hoedangheid aan boord van 'n skip voltooi het en moet, na die mening van die Gesagvoerder van die skip waarop sodanige diens voltooi is, 'n persoon wees wat bekwaam is om vraghanteringspligte veilig te vervul; òf

(iii) in bo-tallige hoedanigheid 28 dae lank aan boord van 'n skip intensiewe opleiding ontvang het, goedgekeur deur die Direkteur-generaal, gerig op die skep van 'n algehele besef van die betrokke operasies in verband met gevaarlike vrag en die gepaardgaande gevare. Die diens aan boord van 'n skip verrig wat in hierdie regulasie vermeld word, word ten volle gekrediteer indien dit verrig word aan boord van 'n skip wat die betrokke gevaarlike vrag vervoer. Hierdie diens word met die helfte gekrediteer indien dit verrig word op 'n skip wat enige ander gevaarlike vrag vervoer.

HOOFSTUK 8

EKSAMENGELDE

8.1 *Wanneer om eksamengelde te betaal*

'n Kandidaat wat die eksamen vir 'n bekwaamheidsertifikaat of endossement wil aflê, moet die eksamengeld voor die datum van die eksamen betaal, en geen kandidaat mag toegelaat word om die eksamen af te lê nie tensy hy die kwitansie vir die eksamengeld aan die eksaminator toon.

8.2 *Waar die eksamengeld betaal moet word*

Die eksamengeld moet aan die bevoegde beampte betaal word en dié moet 'n kwitansie uitreik waarop vermeld word—

(a) die naam van die kandidaat;

(b) die betaalde bedrag; en

(c) die graad van die eksamen of endossement.

8.3 *Tabel van eksamengelde*

8.3.1 Die betaalbare eksamengelde is soos volg:

(a) Klas 6: (Mondelinge eksamen): R30.

(b) Klas 5: Die hele eksamen: R40.

(c) Klas 4: Die hele eksamen: R50.

(d) Klas 3: Die hele eksamen: R60.

(e) Klas 2: Die hele eksamen: R70.

(f) Klas 1: Die hele eksamen: R80.

(g) Gesagvoerder (Beperkte Handel) — Endossement: R40.

(h) Gesagvoerder(Kortseehandel)—Endossement: R30.

(i) Gesagvoerder Spesiale Graad: Deel A en Deel B: R100 elk.

(j) Eksamengeld vir kredietvakke, vir hereksaminering in die mondelinge eksamen, of vir eksamen in 'n uitgestelde vak: 50 % van die betrokke eksamengeld.

before the date that these regulations have come into force and shall be able to produce a testimonial from his employer to that effect; or

(b) completed a training course for the carrying of the appropriate dangerous cargo approved by the Director-General and either—

(i) received in a supernumerary capacity 14 days' shipboard training designed to give an overall appreciation of the appropriate dangerous cargo operations and associated hazards and completed 3 months' credited shipboard service in a subordinate capacity; or

(ii) completed 6 months' credited shipboard service in a subordinate capacity and be, in the opinion of the master of the ship in which such service is completed, a person competent to carry out safely cargo handling duties; or

(iii) received in a supernumerary capacity 28 days' intensive shipboard training approved by the Director-General designed to give an overall appreciation of the appropriate dangerous cargo operations and associated hazards. The shipboard service referred to in this regulation shall be credited in full if performed on a ship carrying the appropriate dangerous cargo. It shall be credited at half-rate if served in a ship carrying any other dangerous cargo.

CHAPTER 8

FEES

8.1 *When to pay fees*

A candidate for examination for a certificate of competency or endorsement shall pay the examination fee prior to the date of the examination, and no candidate shall be allowed to sit for the examination unless he produces to the examiner the receipt for the fee paid.

8.2 *Where to pay fees*

The prescribed fee shall be paid to the proper officer who shall issue a receipt stating—

(a) the name of the candidate;

(b) the amount paid, and

(c) the grade of examination or endorsement.

8.3 *Table of fees*

8.3.1 The fees payable for examination shall be as follows:

(a) Class 6: (Oral examination): R30.

(b) Class 5: The whole examination: R40.

(c) Class 4: The whole examination: R50.

(d) Class 3: The whole examination: R60.

(e) Class 2: The whole examination: R70.

(f) Class 1: The whole examination: R80.

(g) Master (Limited Trade) Endorsement: R40.

(h) Master (Short Sea Trade) Endorsement: R30.

(i) Master Special Grade: Part A and Part B: R100 each.

(j) Fee for examination for credit subjects, for re-examination in the oral examination, or for examination in a referred subject: 50 % of the appropriate fee.

(k) Eksamengeld vir 'n kandidaat wat eksamen aflê volgens regulasie 3.15.1: Die volle eksamengeld vir die betrokke eksamen plus twee derdes van die eksamengeld vir die hoër graad eksamen.

(l) Eksamengeld vir 'n kandidaat wat eksamen aflê volgens regulasie 3.15.2: Een derde van die eksamengeld vir die betrokke eksamen.

8.3.2 'n Bedrag van R3 is betaalbaar vir die gesigtoetse vir kleur en vorm: Met dien verstande dat as sodanige toetse en die eksamen vir 'n bekwaamheidsertifikaat of endossement terselfdertyd plaasvind, geen afsonderlike bedrag vir sodanige toetse betaalbaar is nie.

8.3.3 'n Bedrag van R20 is betaalbaar vir die uitreiking van 'n dienssertifikaat ongeag die klas daarvan.

8.3.4 'n Bedrag van R10 is betaalbaar vir die uitreiking van 'n gewaarmerkte afskrif van 'n verlore bekwaamheidsertifikaat of verlore dienssertifikaat: Met dien verstande dat geen bedrag betaalbaar is indien die sertifikaat as gevolg van skipbreuk of brand aan boord van 'n skip verlore gegaan het nie.

8.3.5 Die bedrag in subregulasie 8.3.1 (b) (c) (d) (e) en (f) sluit die bedrag vir die seinwerkeksamen in as dié eksamen en die eksamen vir 'n bekwaamheidsertifikaat terselfdertyd afgelê word. As kandidate die eksamen in seinwerk afsonderlik van een of albei dele van die eksamen vir 'n bekwaamheidsertifikaat aflê, is 'n spesiale bedrag van R15 vir elke eksamen betaalbaar.

8.4 *Terugbetaling van eksamengelde*

8.4.1 Indien 'n kandidaat weens omstandighede buite sy beheer nie in staat is om die eksamen af te lê waarvoor hy eksamengeld betaal het nie, kan hy skriftelik by die bevoegde beampte om terugbetaling van sodanige eksamengeld aansoek doen. Indien die bevoegde beampte van mening is dat die aansoek op 'n redelike grond berus, moet hy die aansoek deurstuur aan die Direkteur-Generaal wat die terugbetaling kan magtig.

8.4.2 Indien 'n kandidaat nie 'n eksamen ooreenkomstig regulasie 2.8.1 voltooi nie, kan hy skriftelik by die bevoegde beampte aansoek doen om terugbetaling van die eksamengeld wat deur hom betaal is en sodanige geld moet aan hom terugbetaal word.

8.4.3 Indien 'n kandidaat wat die gelde soos by regulasie 8.3.1 voorgeskryf vir 'n eksamen vir 'n bekwaamheidsertifikaat of endossement betaal het, in een of albei dele van die gesigtoetse vir kleur en vorm druip en verkies om die res van die eksamen nie te voltooi nie, kan hy skriftelik by die bevoegde beampte aansoek doen om terugbetaling van die eksamengeld wat deur hom betaal is en sodanige geld, min R3, moet aan hom terugbetaal word.

8.4.4 Indien 'n kandidaat in geen deel van die eksamen slaag nie, word, behoudens die bepalings van hierdie regulasie, geen deel van die eksamengeld aan hom terugbetaal nie.

8.4.5 Indien die aansoek om 'n dienssertifikaat nie slaag nie, moet die geld wat deur die applikant betaal is aan hom terugbetaal word.

Klas bekwaamheidsertifikaat, uitgereik kragtens die Handelskeepvaartwet, 1951	Ekwivalente klas bekwaamheidsertifikaat uitgereik kragtens hierdie Regulasies
Gesagvoerder (Vreemde vaart)	Klas 1 (Bevare seekaptein)
Hoofnavigasie-offisier	Klas 2
Tweede Navigasie-offisier	Klas 3
Gesagvoerder (Kusvaart)	Klas 4 plus Gesagvoerder (Kortseehandel) Bevelvoeringsendossement
Navigasie-offisier (Kusvaart)	Klas 5

(k) Fee for a candidate sitting for the examination as in regulation 3.15.1: Full fee for appropriate examination plus two thirds of the fee for the higher grade examination.

(l) Fee for a candidate as in regulation 3.15.2: One third of the fee for the appropriate examination.

8.3.2 A fee of R3 shall be paid to undergo the colour and form vision tests: Provided that when such tests are undertaken at the same time as the examination for a certificate of competency or endorsement, no separate fee shall be paid for such test.

8.3.3 A fee of R20 shall be paid for the issue of a certificate of service irrespective of class.

8.3.4 A fee of R10 shall be paid for the issue of a certified copy of a lost certificate of competency or lost certificate of service: Provided that no fee shall be paid if the certificate was lost through ship-wreck or fire on board ship.

8.3.5 The fee in subregulation 8.3.1 (b), (c), (d), (e) and (f) shall include the fee for the examination in signalling if taken at the same time as the examination for a certificate of competency. Where candidates take the examination in signalling separately from one or both parts of the examination for a certificate of competency, a special fee of R15 shall be paid for each examination.

8.4 *Refund of fees*

8.4.1 If through circumstances beyond the control of a candidate he is unable to undergo the examination for which a fee has been paid by him he may apply, in writing, to the proper officer for a refund of such fee. If the proper officer considers that the application is based upon reasonable grounds, he shall transmit it to the Director-General, who may authorise the refund.

8.4.2 If a candidate does not, in terms of regulation 2.8.1 complete an examination, he may apply, in writing, to the proper officer for a refund of the fee paid by him, and such fee shall be refunded to him.

8.4.3 If a candidate who has paid the fee prescribed in regulation 8.3.1 for an examination for a certificate of competency or endorsement fails to pass in either or both parts of the colour and form vision tests and elects not to complete the rest of the examination, he may apply in writing to the proper officer for a refund of the fee paid by him, and such fee less R3 shall be refunded to him.

8.4.4 Subject to the provisions of this regulation, if a candidate fails to pass any part of the examination, no part of the fee shall be refunded to him.

8.4.5 If the application for a certificate of service is unsuccessful, the fee paid by the applicant shall be refunded to him.

ANNEXURE A

COMPARISON OF CERTIFICATES OF COMPETENCY

Class of Merchant Shipping Act, 1951, certificate of competency	Equivalent class of certificate of competency issued under these regulations
Master Foreign Going	Class 1 (Master Mariner).
Chief Navigating Officer	Class 2.
Second Navigating Officer	Class 3.
Master Coasting	Class 4 plus Master (Short Sea Trade) Command Endorsement.
Navigating Officer Coasting	Class 5.

AANHANGSEL B

VOORBEELD VAN WAGHOU-DIENSSERTIFIKAAT VIR 'N KLAS 1- OF KLAS 2-SERTIFIKAAT EN VIR 'N BEVELVOERINGS-ENDOSSEMENT

DEEL 1

Hierby word gesertifiseer dat m. ..... op ss./ms. ..... van ..... tot ..... in die hoedanigheid van (1ste) (2de) (3de) (4de) waghou-offisier onder my bevel diens gedoen het. Gedurende hierdie tydperk was bogenoemde offisier in volle bevel van 'n wag van minstens ..... uur uit elke 24 uur terwyl die vaartuig ter see was op onbeperkte*/beperkte*/kort-*/seereise.

Daarbenewens het hy gereeld ander pligte in verband met die roetine en onderhoud van die skip vervul.

Brugwaghoudienste was gedurende die volgende tydperke en op geen ander tye verdubbel nie. .....

.....

Gedurende hierdie tydperke het bogenoemde offisier as die *senior/junior van twee brugwaghou-diensoffisiere gedien. Gedurende die tydperk diens soos hierbo uiteengesit, is aan bogenoemde offisier—

*(a) geen verlof tot afwesigheid toegestaan nie;

(b) verlof tot afwesigheid soos volg toegestaan:

.....

welke tydperk/tydperke* afgetrek is van die totale verlof waarop hy geregtig is.

.....

Handtekening van Gesagvoerder

.....

Datum

DEEL 2

Gedurende die tydperk ..... was die vaartuig in die finale stadiums van konstruksie en bogenoemde offisier het aan boord gedien.

Handtekening van* Maatskappy se Skeepsuperintendent

.....

Gesagvoerder

.....

Datum

Skrap indien nie van toepassing nie

*Skrap soos toepaslik

(Agterkant van Waghou-dienssertifikaat)

M ..... het vir gemelde tydperk as ..... in ss./ms. ..... onder my bevel gedien.

Sy gedrag gedurende die tydperk ommesyde genoem, was .....

Sy vermoë was .....

Sy soberheid was .....

.....

Gesagvoerder

.....

Datum

AANHANGSEL C (SIEN AANHANGSEL 3.7)

OOGTOETSE

Die eksamendatums en -plekke moet volgens afspraak met die eksaminator by die naaste hawe gereël word.

Die afneem van die toetse

Die doel van hierdie toetse is om te verseker dat die kandidaat se gesigsvermoë skerp genoeg is om hom in staat te stel om die ligte van skepe ter see in die verte raak te sien en te identifiseer. Vir hierdie doel moet hy in die gesigtoetse, beide vir vorm en kleur, sekere minimum standaarde behaal.

'n Gesigtoets bestaan uit 'n lettertoets en 'n lanterntoets wat in daardie volgorde afgeneem word. Die toetse word onder strenge toesig van 'n gesigtoetseksaminator afgeneem, wat aantekening hou van alle foute wat deur die kandidaat in sowel die lettertoets as in die lanterntoets begaan word.

Elke kandidaat wat toegelaat wil word tot 'n eksamen vir 'n eerste bekwaamheidsertifikaat as dekoffisier of visserman moet die houer wees van 'n gesigtoetssertifikaat wat toon dat hy binne die sesmaandetydperk wat die eksamendatum voorafgegaan het in sowel die letter as die lanterntoets geslaag het.

ANNEXURE B

SPECIMEN CERTIFICATE OF WATCH-KEEPING SERVICE FOR A CLASS 1 OR CLASS 2 CERTIFICATE AND FOR A COMMAND ENDORSEMENT

PART 1

This is to certify that M. ..... has served on S.S./M.V. ..... from ..... to ..... in the capacity of (1st) (2nd) (3rd) (4th) watch-keeping officer under my command. During this period the above-named officer was in full charge of a watch for not less than ..... hours out of every 24 hours whilst the vessel was at sea on *Unlimited/*Limited/*Short Sea/voyages.

In addition he has regularly carried out other duties in connection with the routine and maintenance of the ship. Bridge watches were doubled during the following periods and at no other times .....

.....

During those periods the above-named officer served as the *Senior/Junior of two bridge-keeping officers. During the period of engagement stated above the above-names officer—

*(a) was granted no leave of absence.

(b) was granted leave of absence as follows:

.....

which period(s) *was/were deducted from his total leave entitlement.

.....

Signature of Master

.....

Date

PART 2

During the period ..... the vessel was in the final stages of construction and the above-named officer served on board.

Signature of *Company Marine Superintendent

.....

Master

.....

Date

Delete if not applicable.

* Delete as appropriate.

(Reverse of Certificate of Watch-keeping Service)

M ..... has served as ..... on SS/MV ..... under my command for the periods stated.

His conduct during the period stated overleaf has been .....

.....

His ability has been .....

His sobriety has been .....

.....

Master

.....

Date

ANNEXURE C (SEE ANNEXURE 3.7)

SIGHT TESTS

Examination days and places shall be by appointment as arranged with the examiner at the nearest port.

The conduct of the tests

The purpose of these tests shall be to ensure that the candidate's eyesight is sufficiently good to enable him to pick up and identify correctly the lights of distant ships at sea. For this purpose a person shall be required to reach certain minimum standards both of form and colour vision.

A sight test shall comprise of a letter and a lantern test taken in that order. The tests shall be conducted under the strict personal supervision of a Sight Test Examiner who shall keep a record of all mistakes made by the candidate both in the letter test and in the lantern test.

Every candidate seeking admission to an examination for a first certificate of competency as a deck officer or fisherman shall hold a sight test certificate showing that he has passed in both letter and lantern tests within the six months period preceding the date of the examination. For certificates of competency subsequent to the first, a sight test certificate fulfilling the conditions in respect of the letter test only shall be required.

Vir bekwaamheidsertifikate wat op die eerste een volg, word 'n gesigtoetssertifikaat vereis wat net aan die voorwaardes ten opsigte van die lettertoets voldoen.

Kandidate moet hulle nie haas wanneer hulle die lanterntoets aflê nie. Hulle moet hulle vergewis van die kleure van die ligte voordat hulle die kleure aan die eksaminator noem. Die kandidaat se mededelings bepaal die uitslag van die toets; onoplettendheid kan die kandidaat laat druip en hom dus verhinder om sy gekose loopbaan ter see te volg.

Daar word van kandidate verwag om die toets af te lê wanneer hulle in goeie gesondheid verkeer, anders kan hulle gesigskerpte aangetas wees. Kandidate kan die gesigtoets nes hulle verkies met of sonder hulpmiddels aflê ('n gewone bril of kontaklense) maar kandidate wat verkies om die letter- of lanterntoets of albei met sodanige hulpmiddels af te lê, moet 'n bykomende minimum standaard ten opsigte van elke oog sonder hulpmiddels behaal.

A. LETTERTOETS

1. (a) Die lettertoets word volgens die 'Snellen-beginsel afgelê deur middel van letterblaaie wat op so 'n manier onregstreeks met behulp van 'n gepoleerde spieël besigtig word dat die letters 'n virtuele afstand van ses meter van die oog af is. Elke blad het sewe reëls waarvan die derde, vierde, vyfde, sesde en sewende reël onderskeidelik met die standaarde 6/24, 6/18, 6/12, 6/9 en 6/6 ooreenstem.

(b) Elke oog van die kandidaat word afsonderlik getoets.

2. *Verlangde standaard van gesigskerpte*

(a) 'n Kandidaat wat verkies om die toets sonder hulpmiddels af te lê moet al die reëls tot en met die sewende met sy beste oog en al die reëls tot en met die sesde met die ander oog reg aflees.

(b) 'n Kandidaat wat verkies om die toets met hulpmiddels af te lê, moet eers die toets daarsonder aflê en dan moet hy al die reëls tot en met die vyfde met sy beste oog en al die reëls tot en met die derde met die ander oog reg aflees. Daarna word hy met hulpmiddels getoets en dan moet hy al die reëls tot en met die sewende met sy beste oog en al die reëls tot en met die sesde met die ander oog reg aflees.

3. *Toetsmetode*

Die toetsblaaie en die beligtingseenheid moet voldoen aan BS 4274-1960 en moet op so 'n manier in 'n kabinet geplaas word dat die middel van elke blad, as dit besigtig word, op ooghoogte is van 'n gemiddelde persoon in 'n sittende houding. Wanneer die kandidaat in die regte houding sit, word een van die blaaie belig en word hy gevra om die letters van links na regs van die boonste tot die onderste reël af te lees.

As die kandidaat met hulpmiddels of daarsonder of in albei gevalle nie daarin slaag om die verlangde standaard te behaal nie, moet 'n bykomende blad vir elke oog aan hom getoon word in daardie deel of dele van die toets waarin hy gedruip het.

As daar na afloop van die lettertoets gemeen word dat die kandidaat die verlangde standaard behaal het, moet hy die lanterntoets aflê, tensy hy oor 'n bekwaamheidsertifikaat beskik waarvoor 'n lanterntoets wat deur die Direkteur-generaal erken word 'n voorwaarde vir uitreiking was.

As daar na afloop van die lettertoets gemeen word dat die kandidaat nie die verlangde standaard behaal het nie, moet die volgende alternatiewe aan hom verduidelik word:

(a) Die eksamen kan beëindig en 'n druipsertifikaat uitgereik word, en die eksamen kan na 'n tydperk van minstens een maand by betaling van 'n verdere bedrag herhaal word.

(b) Die kandidaat kan die lanterntoets ook aflê. In so 'n geval word 'n opgawe van al die foute wat in die lettertoets begaan is en al die foute, as daar is, wat in die lanterntoets begaan is, vir sy beslissing aan die Direkteur-generaal gestuur. 'n Lettertoets word partymaal gedruip vanweë 'n gesigsgebrek wat geneesbaar is. Wanneer 'n kandidaat dus nie in 'n lettertoets slaag nie, moet hy aangeraai word om 'n oogarts te spreek sodat dié kan vasstel wat die aard van die gebrek is en of dit genees kan word.

B. LANTERNTOETS

4. Die toets moet afgeneem word in 'n vertrek wat so verdonker is dat dit geen daglig inlaat nie.

5. Donkerteaanpassing. 'n Kandidaat wat hom by donkerte moet aanpas, moet minstens tien minute lank in 'n kamer gehou word wat heeltemal of deels verdonker is.

6. Apparaat. Die lantern vir die toets moet so ontwerp wees dat dit drie kleure naamlik rooi, wit en groen, een-een deur 'n groot opening of twee-twee op 'n keer langs mekaar deur klein openinkies kan vertoon. Wanneer klein openinkies gebruik word, kan enige kombinasie van die drie kleure of van dieselfde kleur vertoon word. Die lantern moet reg voor 'n spieël staan sodat die voorkant daarvan presies 3,05 m van die spieël af is en die ligte wat in die spieël weerkaats word, duidelik waarneembaar is van waar die kandidaat naby die lantern sit.

7. Toetsmetode. Die toets begin met 'n reeks ligte wat deur die groot opening vertoon word, gevolg deur vier volledige kringlope en een onderbroke kringloop van ligte wat deur die klein openinkies vertoon word. Die kandidaat moet die kleure van die ligte opnoem wanneer hulle verskyn.

Candidates are required, when taking the lantern test, not to attempt to hurry. They are required to satisfy themselves as to the colours of the lights shown before reporting them to the examiner. The result of the test shall be judged by what the candidate reports; carelessness may cause failure and thus prevent the candidate from taking up a chosen career at sea.

Candidates are required to take the test when in good health otherwise their vision may be impaired. Candidates may take the sight test with or without aid (conventional spectacles or contact lenses) at their option but candidates who opt to use aids for the letter or lantern test or both shall additionally reach a minimum standard in each eye without aids.

A. LETTER TEST

1. (a) The letter test shall be conducted on Snellen's principle by means of sheets of letters viewed indirectly through a polished mirror so as to place the letters at a virtual distance of 6 metres from the eye. Each sheet contains 7 lines, the 3rd, 4th, 5th, 6th and 7th lines corresponding to standards 6/24, 6/18, 6/12, 6/9 and 6/6 respectively.

(b) Candidates shall be tested in each eye separately.

(2) *Standard of vision required.*

(a) A candidate who opts to take the test without aids shall be required to read correctly down to and including line 7 with the better eye and down to and including line 6 with the other eye.

(b) A candidate who opts to take the test using aids shall first take the test without aids when he shall be required to read correctly down to and including line 5 with the better eye and line 3 with the other eye. The candidate shall then be tested with aids and shall be required to read correctly down to and including line 7 with the better eye and down to and including line 6 with the other eye.

3. *Method of testing.*

The test sheets and means of illumination shall be in accordance with BS 4274-1960 and shall be contained in a cabinet placed so that the centre of each sheet as viewed shall be at the height of eye of the average person in a sitting position. When the candidate is sitting in the correct position one of the sheets shall be exposed and he shall be asked to read the letters from left to right beginning at the top and going downwards.

If with aids or without aids or in both cases the candidate fails to reach the required standard an additional sheet shall be given for each eye in that part or parts of the test in which he has failed.

If at the conclusion of the letter test the candidate is considered to have reached the required standard, he shall then proceed to the lantern test unless he holds a certificate of competency for which a lantern test recognised by the Director-General would have been a condition for its issue.

If at the conclusion of the letter test the candidate is considered not to have reached the required standard, the following alternatives shall be explained:

(a) The examination may be stopped, a certificate of failure issued, and the examination may be repeated on payment of a further fee after a period of not less than one month.

(b) The candidate may proceed to the lantern test. In this case a record of all mistakes made in the letter test and all mistakes, if any, made in the lantern test shall be forwarded to the Director-General for his decision on the test.

Failure to pass the letter test may sometimes be due to a defect in vision which may be curable. Whenever, therefore, a candidate fails to pass this test he shall be advised to consult an ophthalmologist with a view to ascertaining the nature of the defect and whether it is curable.

B. LANTERN TEST

4. The test shall be conducted in a room so darkened as to exclude all daylight.

5. Darkness adaptation. A candidate who needs darkness adaption shall be kept in a completely or partially darkened room for at least 10 minutes.

6. Apparatus. The lantern used for the test shall be designed to show three coloures: Red, white and green, singly through a large aperture or two at a time, side by side, through small apertures. When the small apertures are used any combination of the three colours may be shown or they may be of the same colour. The lantern shall be positioned directly in front of a mirror so that the front part of the lantern is exactly 3,05 m from the mirror and the lights reflected in the mirror show clearly when viewed by the candidate seated close to the lantern.

7. Method of testing. The test shall commence with a series of lights shown through the large aperture followed by four complete circuits and one broken circuit of lights shown through the small apertures. The candidate shall be required to name the colours of the lights as they appear.

C. TOETSRESULTAAT

8. (a) 'n Kandidaat wat geen fout in die laterntoets begaan nie of wat, wanneer hy na die ligte in die klein openinkies kyk, groen-wit of rooi-wit nie meer as ses maal in vier volledige kringlope verwar nie, word geag in die kleurgesigstoets te geslaag het.

(b) As die kandidaat in enige stadium van die laterntoets rooi vir groen aansien of andersom, word hy geag nie in die kleurgesigstoets te geslaag het nie.

(c) 'n Kandidaat word op 'n toepaslike vorm verwittig dat hy geslaag of gedruip het of dat sy geval vir oorweging verwys is.

(d) 'n Kandidaat wat nie plaaslik in die lanterntoets slaag nie, word nie hertoets nie behalwe na goeddunke van die Direkteur-generaal by wie regstreeks skriftelik aansoek gedoen moet word.

AANHANGSEL D

VERKLARENDE OPMERKING BY LEERPLANNE

Tydens die eksamens moet van die SI-stelsel gebruik gemaak word.

Die leerplanne moet van graad tot graad progressief wees. Daar word altyd aanvaar dat die leerplan vir 'n hoër graad in sowel die skriftelike as die mondelinge eksamens die leerplan vir die ooreenstemmende vak, as daar is, vir sertifikate van 'n laer graad insluit. In die eksamen kan vrae gestel word wat twee of meer van die paragrawe in die leerplan kombineer.

Waar die omvang van die kennis wat van die kandidaat verlang word nie uit die voorgeskrewe leerplan blyk nie, moet dit bepaal word deur 'n werkkomitee wat uit 'n verteenwoordiger van elk van die betrokke opleidingsinrigtings, die Departement van Vervoer en die Nywerheid bestaan.

Alhoewel Engels of Afrikaans nie as 'n aparte vak by hierdie leerplanne ingesluit is nie, word daar van kandidate verwag om goeie gehalte Engels of Afrikaans in hulle beskrywende antwoorde te gebruik en sal die punte wat behaal word, tot op sekere hoogte hulle vaardigheid in die gebruik van Engels of Afrikaans weerspieël.

Hoogstens 20 % van die totale getal punte vir elke vak toegeken, kan afgetrek word vir swak uiteensetting, swak grammatika en foutiewe spelling.

Opmerking.—In die leerplanne word daar melding gemaak van kennis van die Botsingsregulasies. Hiermee word bedoel die Internasionale Regulasies vir die Voorkoming van Botsings ter See, 1977.

Hierdie Regulasies is onderworpe aan wysiging ooreenkomstig die vereistes van Internasionale Konvensies bekragtig deur die Regering van die Republiek van Suid-Afrika.

AANHANGSEL E

KLAS 6—BEKWAAMHEIDSERTIFIKAAT: LEERPLAN

Leerplan vir die mondelinge eksamen

Algemeen

(a) Die leerplan moet so ontwerp wees dat kandidate by wyse van 'n praktiese toets geëksamineer kan word aan boord van die vaartuig waarop die aansoeker dien, hoewel enige sodanige eksamen in die reël by die Departement se eksamensentrums afgelê word.

(b) Van 'n kandidaat word daar verwag om bekwaamheid in die gebruik van navigasiemiddele, brandbestrydingstoerusting en reddingstoerusting wat geïnstalleer is in die klas vaartuig waarop hy dien, en in praktiese noodhulp, te toon.

(c) Van 'n kandidaat word daar verwag om te toon dat hy 'n redelike kennis het van die navigasieverordeninge wat op die betrokke omskrewe waters van toepassing is.

AFDELING 1

Praktiese navigasie, kaartwerk en loodskuns

(a) 'n Basiese kennis van getye, seestrome, vaar- en seisoensweerpatrone binne die gebied.

(b) 'n Praktiese demonstrasie van kaartwerk binne die konteks van die toerusting aan boord van die vaartuig, soos volg:

Om, indien die variasie en die deviasie van die magnetiese kompas verstrek word, die ware koerse tot kompaskoerse te herlei, en omgekeerd.

Om die kompaskoers tussen twee posisies te bepaal. Die uitwerking van stroom op spoed. Toelating vir drif.

Om, indien die kompaskoers waarin gestuur word, die spoed van die skip en die rigting en snelheid van die stroom verstrek word, die behoue ware koers te bepaal.

Om 'n posisie op 'n kaart te bepaal deur middel van peilings en afstand.

Om die koers te bepaal waarin met inagneming van 'n stroom gestuur moet word.

Om, indien die koers waarin gestuur word en die afgelegde afstand verstrek word, die rigting en snelheid van die stroom tussen twee posisies te bepaal.

Om 'n posisie op 'n kaart te bepaal deur middel van gelyktydige kruispeilings.

C. TEST RESULTS

8. (a) A candidate who makes no mistakes in the test conducted by means of the lantern or who, when reading the small aperture lights confuses green-white or red-white not more than six times in four complete circuits shall be deemed to have passed the colour vision test.

(b) If at any stage of the test conducted by means of the lantern, the candidate mistakes red for green or vice versa, he shall be deemed to have failed the colour vision test.

(c) Candidates shall be notified on an appropriate form of their success or failure, or that their case has been referred for consideration.

(d) A candidate who fails the lantern test locally shall not be re-tested except at the discretion of the Director-General, to whom direct application shall be made in writing.

ANNEXURE D

EXPLANATORY NOTE TO SYLLABUSES

The examinations shall use the SI system of units.

The syllabuses shall be progressive from grade to grade. The syllabus for a higher grade in both written and oral examinations shall always be regarded as including the syllabus for the corresponding subject, if any, for certificates of a lower grade. Questions in the examination may be set combining more than one of the paragraphs in the syllabus.

The depth of knowledge required of the candidate shall, where it is not clear from the prescribed syllabus, be established by a Working Committee consisting of a representative of each appropriate training institution, the Department of Transport and the Industry.

Although English or Afrikaans is not included in these syllabuses as a separate subject, candidates are required to show a good standard of English or Afrikaans in their descriptive answers and the marks obtained shall to some extent be a reflection of their skill in the use of English or Afrikaans.

Marks shall be lost for poor composition, bad grammar and incorrect spelling, up to a maximum of 20 % of the total marks awarded for each subject.

Note.—Reference is made in the syllabuses to a knowledge of the Collision Regulations. These are The Substitution for the International Regulations for Preventing Collision at Sea, 1977.

These Regulations shall be subject to amendment in accordance with the requirements of International Conventions ratified by the Government of the Republic of South Africa.

ANNEXURE E

CLASS 6—CERTIFICATE OF COMPETENCY; SYLLABUS

Oral Syllabus

General

(a) The syllabus shall be designed to allow candidates to be examined by means of a practical test on board the vessel in which the applicant serves, although any such examination shall as a rule be conducted at the Department's examination centres.

(b) A candidate shall be required to show proficiency in the use of navigational aids, fire-fighting equipment and life-saving equipment installed in the class of vessel in which he serves, and in practical first aid.

(c) A candidate shall be required to show that he has a reasonable knowledge of the navigation bye-laws which apply to the relevant defined waters.

SECTION 1

Practical navigation, chart work and pilotage

(a) A working knowledge of tides, currents, operational and seasonal weather patterns within the area.

(b) A practical demonstration of chart work within the context of the equipment on board the vessel, as follows:

Given variation and the deviation of the magnetic compass, to convert true courses into compass courses and vice versa.

To find the compass course between two postions.

The effect of current on speed.

Allowance for leeway.

Given compass course steered, the speed of the ship and direction and rate of the current, to find the true course made good.

To fix a position on a chart by bearing and range.

To find the course to steer allowing for a current.

Given the course steered and distance run, to determine the set and rate of the current experienced between two positions.

To fix a position on a chart by simultaneous cross bearings.

(c) 'n Eksamen oor inligting op 'n kaart verstrek.

Verwysing:

Boeie.

Ligte.

Radiobakens.

Navigasiehulpmiddels.

Dieptes en gesteldheid van die seebodem en die gebruik van lodings.

Diepte- en hoogtekontoere.

Getystrome, verkeersbane en skeidingsones.

Herkenning van die kus.

Kaartkorreksie.

(d) Kandidate moet eksamen aflê oor die keuse van geskikte ankerplekke, die nadering van 'n ankerplek en die binnevaar van smal waters; aan wal gaan in dik en helder weer.

(e) Die praktiese gebruik van elektroniese navigasiehulpmiddels waarmee 'n vaartuig toegerus is.

AFDELING 2

Praktiese seemanskap en seine

(a) Die vermoë om 'n kompaspeiling of -peilings te neem.

Die vermoë om kompaspeilings deur middel van oorgangspeilings na te gaan.

Hoe om 'n barometer en termometer af te lees en te verstaan.

Die versorging en onderhoud van vloeistofkompasse.

Hoe om elektriese en magnetiese steurings te vermy.

(b) Touwerk en optakeling. Knope, steke en touverbindings wat gewoonlik gebruik word.

Bindsels, oorkruisbindsels, toue en kettingstoppers.

Kort- en oogsplitsing van driestringtou.

(c) Voorbereiding om te begin vaar. Pligte voordat die skip uitvaar; 'n hawe aandoen; 'n dok binnegaan. Langs kaaie, hawehoofde of ander skepe vasmeer en aan boeie vasmaak. Roerbevele. Stuurbevele aan stuurman. Uitwerking van skroewe op die stuur van 'n skip. Die uitwerking van strome, wind, vlak water, en diepgang op maneuvrering. Hoe om te stop, agteruit te beweeg en te manuevreer. Kort draai met 'n skip. Noodmaneuvers. Hoe om 'n skip in 'n noodgeval voor 'n enkele anker te bring. Man oorboord. Anker sleep. Die merk en gebruik van 'n gewone loodlyn.

(d) Ankers, kabels, hulle gebruik en stuwing. Kennis van die gebruik van alle dektoestelle met inbegrip van noodstuurgerei.

(e) Volledige kennis van die inhoud en toepassing van die Botsingsregulasies en daardie aanhangsels wat betrekking het op veilige navigasie, soos van toepassing op die handel of operasies waarby die kandidaat betrokke is.

Noodseine; strawwe vir misbruik.

Kennis van die inhoud en gebruik van die Suid-Afrikaanse Handelskeepvaartkennisgewings en die Suid-Afrikaanse Vlootkennisgewing aan Seeliede. Plaaslike boeistelsels; stelsel vir die merk van wrakke.

(f) (i) Hantering van skepe in stormweer.

Hantering van 'n ontredderde skip.

Ekstra voorsorg wat getref moet word voordat stormweer intree.

(ii) Die sleep en op sleeptou neem van 'n skip.

(g) Die optakeling van 'n loodsleer.

(h) Pligte van die persoon in beheer van die skp ter see, voor anker en in die hawe.

(i) Soek-en-reddingswerk.

Hulp aan 'n skip of vliegtuig in nood.

Redding van die passasiers en bemanning van 'n ontredderde skip, of van 'n vliegtuig wat 'n noodlanding op see gemaak het.

Ophaal van bote ter see.

Stappe wat gedoen moet word wanneer 'n skip ontredderd is en in nood verkeer.

Verlating van skip; oorlewingsprosedure.

Kommunikasie met die land. 'n Boot op die strand laat loop of land.

Die gebruik van vuurpyle en vuurpylapparate, soos van toepassing op die vaartuig.

Beveiliging van passasiers en bemanning in geval van skipbreuk.

Hoe om in reddingsbote en reddingsvlotte aan die lewe te bly.

'n Kennis in breë trekke van die regulasies betreffende reddings- en brandblustoestelle, hul versorging en gebruik.

Maatreëls wat getref moet word wanneer 'n skip per ongeluk beskadig word, met inbegrip van botsings, stranding, beskadiging tydens stormweer en lekkasies, en die belangrikheid van die korrekte gebruik van waterdigte deure.

'n Skip op die strand stuur. Metodes om 'n brand aan boord van 'n skip te hanteer. Voorkoming van brand ter see en in die hawe.

(c) An examination on information given on a chart.

Reference:

Buoys.

Lights.

Radio beacons.

Navigational aids.

Depths and nature of bottom and use of soundings.

Depth and height contours.

Tidal streams, traffic lanes and separation zones.

Recognition of the coast.

Chart correction.

(d) Candidates shall be examined on the selection of suitable anchorages, approaching anchorage and entering narrow waters; landfalls in thick and clear weather.

(e) The practical use of electronic aids to navigation fitted in the vessel.

SECTION 2

Practical seamanship and signals

(a) Ability to take a compass bearing or bearings.

Ability to check compass bearings by transit.

To read and understand a barometer and thermometer.

The care and maintenance of liquid compasses.

The avoidance of electrical and magnetic interference.

(b) Rope work and rigging. Knots, hitches and bends in common use.

Seizing, rackings, rope and chain stoppers.

Short and eye splicing of three-strand rope.

(c) Preparations for getting under way. Duties prior to proceeding to sea; and making harbour; entering a dock. Berthing alongside quay, jetties, or other ships and securing to buoys. Helm orders. Conning the ship. Effects of propellers on the steering of a ship. The effect of current, wind, shallows, and draught on manoeuvrings. Stopping, going astern, manoeuvring. Turning a ship short-round. Emergency manoeuvres. Bringing a ship to single anchor in an emergency. Use of two anchors. Man overboard. Dragging anchor. Markings and use of ordinary leadline.

(d) Anchors, cables, their use and stowage. Knowledge of the use of all deck appliances including emergency steering gear.

(e) A full knowledge of the content and application of the Collision Regulations and those Annexures concerned with safe navigation, as applicable to the trade or operations in which the candidate is employed.

Distress signals; penalties for misuse.

A knowledge of the contents and use of the South African Merchant Shipping Notices and South African Navy Notice to Mariners. Local systems of buoyage; wreck marking.

(f) (i) Management of ships in heavy weather.

Handling a disabled ship.

Extra precautions to be taken before the onset of heavy weather.

(ii) Towing and being towed.

(g) Rigging of a pilot ladder.

(h) Duties of the person in charge of the ship at sea, at anchor and in port.

(i) Search and rescue.

Assisting a ship or aircraft in distress.

Rescuing the passengers and crew of a disabled ship or ditched aircraft.

Recovering boats at sea.

Action to be taken when disabled and in distress.

Abandoning ship; survival procedures.

Communications with shore. Beaching and landing.

The use of rockets and rocket apparatus, as applicable to the vessel.

Preservation of crew and passangers in the event of wreck.

Survival in lifeboats and liferafts.

An outline knowledge of the regulations concerning lifesaving and fire-fighting appliances, their care and use.

Measures to be taken following accidental damage, including collision, grounding, heavy weather damage and leaks, and the importance of the correct use of watertight doors.

Beaching a ship.

Methods of dealing with fire on board ship.

Prevention of fire at sea and in port.

(j) Maatreëls wat getref moet word om die uitstort te voorkom van olie gedurende die inneem van bunkerolie of olievragwerk.

(k) Internasionale Seinboek.

(l) Die vermoë om tot ses woorde per minuut deur middel van Morsekode uit te stuur en te ontvang.

AFDELING 3

Algemene skeepskennis

(a) Die name en funksies van die vernaamste dele van 'n skip.

Algemene definisies van hoofafmetings. 'n Praktiese begrip van algemene pompinrigting vir vulling en die inlaai van ballas, soos van toepassing op die betrokke vaartuig.

(b) Die betekenis van die uitdrukkings *dryfvermoë* en *ladingsgewig*.

(c) 'n Praktiese kennis van die beginsels van stabiliteit en trim en faktore wat dit beïnvloed. Die gevaar van gedeeltelik gevulde tenks.

(d) Algemene beginsels betrokke by die stuwing en hantering van vrag. 'n Algemene kennis van die vervoer van gevaarlike goedere, waar dit van toepassing is in die handel of operasie. Gebruik van verplasing- en ton-per-sentimeterskale. Korreksie vir varswatertoelating.

(e) Inskrywings moet in die dekjoernaal gemaak word, met inbegrip van verslae in die geval van die besering of dood van bemanningslede en ander personeellede aan boord van die skip.

(f) Wetlike verpligtinge in die geval van strandings, botsings en ander ongevalle.

(g) Laslynmerke. Inskrywings en verslae ten opsigte van vryboord, diepgang en toelatings.

(h) Sertifikate, met inbegrip van Registrasiesertifikate, wat op kusvaarders moet wees.

(i) Die wet betreffende die aanmelding van gevare vir navigasie.

(k) Voorkoming van besoedeling van die see deur olie. Die hou van rekords ingevolge die Wet op die voorkoming en Bestryding van Besoedeling van die See deur Olie, waar van toepassing op die vaartuig.

(l) Die Beaufort-windskaal.

Kennis van basiese weerkunde ten einde in staat te wees om die moontlike veranderinge in die weer weens die beweging van 'n laagdrukstelsel te voorspel en die toestande wat aanleiding tot mis kan gee te identifiseer. Slegs genoeg kennis word vereis om intelligent gebruik te kan maak van die SAUK se televisie- en radiovoorspellings en van die weervoorspellingskaart van koerante en kaarte wat deur die Weerburo vir kuswaters uitgereik word.

AANHANGSEL F

KLAS 5—BEKWAAMHEIDSERTIFIKAAT: LEERPLAN

Kaartwerk en praktiese navigasie

Vraestel 1 (drie uur prakties en skriftelik)

Kaartwerk

(a) Om, waar die variasie en die deviasie van die magnetiese kompas of die girofout verstrek word, die ware koerse te herlei tot kompaskoerse, en omgekeerd.

Om, waar 'n monsterdeviasietafel verstrek word, die deviasie te bepaal en op grond daarvan die ware koerse tot magnetiese en kompaskoerse te herlei.

Om die kompaskoers tussen twee posisies te bepaal.

Die uitwerking van stroom op snelheid.

Toelating vir drif.

Om, waar die kompaskoers waarin gestuur word, die snelheid van die skip en die rigting en snelheid van die stroom verstrek word, die behoue ware koers te bepaal.

Om die koers te bepaal waarin met inagneming van 'n stroom gestuur moet word.

Om, waar die koers waarin gestuur word en die afgelegde afstand verstrek word, die rigting en snelheid van die stroom tussen twee posisies te bepaal.

(b) Om 'n posisie op 'n kaart te bepaal deur middel van gelyktydige kruispeilings, peilings en afstand, of deur middel van posisionele inligting met radionavigasiehulpmiddels verkry, of deur middel van enige kombinasie, met die aanbring van die nodige korreksies. Die gebruik van kruisnetkaarte.

(c) Om die posisie deur peilings van een of meer voorwerpe met 'n meetvaart tussen hulle en met inagneming van 'n stroom vas te stel en om te bepaal hoe ver die skip by 'n gegewe punt sal verbyvaar. Die gebruik van standlyne volgens enige metode verkry, met inbegrip van aardstandlyne en -sirkels. Die gebruik van oorgangspeilings.

(d) Elementêre kennis van deurvaartbeplanning en uitvoering. Landings in dik en helder weer. Die uitkies van geskikte ankerplekke, nadering van 'n ankerplek en die binnevaar van smal waters. Die gebruik van vermymerke en horisontale en vertikale gevaarhoeke. Die afstand van ligte wat gesien kan word.

(j) Measures to be taken to prevent the spillage of oil during bunkering or oil cargo work.

(k) International Code of Signals.

(l) Ability to transmit and receive signals by morse code up to six words per minute.

SECTION 3

General ship knowledge

(a) The names and functions of the principal parts of a ship. General definitions of main dimensions. A practical understanding of general pumping arrangements for bilges and ballasting, as applicable to the vessel concerned.

(b) The meaning of the terms "Buoyancy" and "Deadweight".

(c) A practical knowledge of the principles of stability and trim and factors affecting same. The danger of slack tanks.

(d) General principles of cargo stowage and handling. A general knowledge of the carriage of Dangerous Goods, where applicable in the trade or operation. Use of displacement and tonne per centimetre scales. Correction to apply for freshwater allowance.

(e) Entries to be made in the Deck Log Book including reports to be made in the event of injury to or death of crew or other personnel on board ship.

(f) Legal duties in the case of strandings, collisions and other accidents.

(g) Load Line marks. Entries and reports in respect of freeboard, draught and allowances.

(h) Certificates required to be carried by coastal ships, including Certificates of Registry.

(i) The law relating to the reporting of dangers to navigation.

(k) Avoidance of pollution of the sea by oil. The keeping of records under the Oil Pollution Act where applicable to the vessel.

(l) The Beaufort wind scale.

A knowledge of basic meteorology so as to be able to forecast the probable changes in the weather due to the passage of a depression and to know the conditions that might give rise to fog.

The knowledge required shall not be more than is necessary to make intelligent use of SABC television and radio forecasts and of forecasts with weather maps given in newspapers and maps issued by the Weather Bureau for coastal waters.

ANNEXURE F

CLASS 5—CERTIFICATE OF COMPETENCY: SYLLABUS

Chartwork and practical navigation

Paper 1 (three hours practical and written)

Chartwork

(a) Given variation and the deviation of the magnetic compass, or gyro error, to convert true courses into compass courses and vice versa. Given a sample table of deviations to extract the deviation, thence to convert true courses into magnetic and compass courses. To find the compass course between two positions.

The effect of current on speed.

Allowance for leeway.

Given compass course steered, the speed of the ship and direction and rate of the current, to find the true course made good.

To find the course to steer allowing for a current. Given the course steered and distance run, to determine the set and rate of the current experienced between two positions.

(b) To fix a position on a chart by simultaneous cross bearings, by bearing and range, by positional information from radio aids to navigation or by any combination, applying the necessary corrections. The use of lattice charts.

(c) To fix the position by bearings of one or more objects with a run between, allowing for a current, and to find the distance at which the ship will pass off a given point. The use of position lines obtained by any method, including terrestrial position lines and position circles. The use of transit bearings.

(d) Elementary knowledge of passage planning and execution. Landfalls in thick and clear weather. The selection of suitable anchorages, approaching anchorage and entering narrow waters. The use of clearing marks and horizontal and vertical danger angles. Distance of sighting lights.

(e) Om die tyd en hoogte van hoog- en laagwater by 'n standaard- en sekondêre hawe deur middel van getyverskille te bepaal, met gebruikmaking van die getytafels van die Britse Admiraliteit, Vol. 2; die gebruik van getykrommes soos deur die Britse Admiraliteit gepubliseer.

(f) Die vertolking van 'n kaart of plan; veral die inligting oor ligte, boeie, radiobakens en ander navigasiehulpmiddels; diepte- en hoogtekontoere; getystrome; verkeersbane en skeidingsones.

Herkenning van die kus en radarantwoordbakens.

Kaartkorreksie.

Dieptes en gesteldheid van die seebodem. Die gebruik van lodings.

Opmerkings.—In hierdie vraestel kan vrae gestel word wat beskrywende antwoorde sowel as werk op die kaart wat voorsien word, vereis.

Mondelinge vrae, wat betrekking het op enige deel van die leerplan, kan ook gevra word. Kandidate word spesifiek geëksamineer oor hul kennis van die standaardkaartsimbole en -afkortings.

Praktiese navigasie

(a) Praktiese vrae oor platkaart- en Mercatornavigasie.

(b) Die gebruik van koppelkoerstafels om die skip se posisie op 'n gegewe tydstip te bepaal indien die kompaskoerse, variasies, deviasie en die meetvaart soos deur die log aangegee of volgens tyd en geskatte snelheid bereken, verstrek word en daar met die moontlike uitwerking van wind en stroom rekening gehou word.

(c) Bepaling van kompasfout deur waarneming van hemelliggame en, vir 'n magnetiese kompas, die deviasie vir die boegrigting.

(d) Bepaling van die breedtegraad deur middel van die meridiaanshoogte van die son, maan of 'n ster.

KLAS 5—BEKWAAMHEIDSERTIFIKAAT

Algemene skeepskennis

Vraestel 2 (twee uur skriftelik)

(a) Algemene begrippe van skeepsbou en planne en gegewens wat aan boord van 'n skip beskikbaar is.

Algemene pompinrigting.

Algemene definisies van hoofafmetings. Die name van die vernaamste dele van 'n skip.

(b) Algemene begrip van:

Verplasing;

ladingsgewig;

dryfvermoë; reserwedryfvermoë; begrip van die basiese optrede in die geval van gedeeltelike verlies van intakte dryfvermoë.

Gebruik van verplasings- en ton-per-cm-dompelskale om massa van vrag of ballas volgens diepgang of vryboord te bepaal.

Laslynmerke.

Die uitwerking van die relatiewe digtheid van water op diepgang en vryboord.

Toelating vir varswater.

(c) (i) Algemene begrip van—

swaartepunt;
dryfpunt;
metasenterhoogte;
oprighefkrag;
oprigmoment.

(ii) Die gebruik van stabiliteit- en hidrostatiese gegewens aan skepe verskaf, met inbegrip van stabiliteitgegewens in vereenvoudigde vorm. Die uitwerking van die byvoeging en verwydering van gewigte. Die gevaar van gedeeltelik gevulde tenks, met verwysing na die onderverdeling daarvan.

(iii) Die optuiging van 'n skip vir die laai en aflaai van vrag, die gebruik van laaibome, windasse en krane. Die instel van pyplyne op olieprodukte-vervoerders. Die stuwing en bevestiging van vrag, met inbegrip van stortvrag.

Kennis van die veiligheidsmaatreëls tydens die laai en aflaai van olie, chemikalieë en ander gevaarlike kommoditeite by die grootmaat. Ventilasiestelsels van ruime en tenks.

KLAS 5—BEKWAAMHEIDSERTIFIKAAT

Weerkunde

(Mondeling)

(a) Hoe om 'n barometer (aneroïed en presisie-aneroïed), termometer, hidrometer en higrometer af te lees en te verstaan. Die instrumente wat deur die Weerburo verskaf word, sal as standaard gebruik word.

(b) Barometerdruk; gebruik van barometriese waarnemings saam met weertekens.

(c) Die Beaufort-windskaal. Metodes vir die skatting van die rigting en die krag van die wind ter see.

(e) To find the time and height of high and low water at Standard ports and at Secondary ports by tidal differences using Admiralty Tide Tables, Vol. 2; the use of tide curves as published in the Admiralty Tide Tables.

(f) The interpretation of a chart or plan; particularly the information given about lights, buoys, radio beacons and other navigational aids; Depths and height contours; Tidal streams; Traffic lanes and separation zones. Recognition of the coast and radar responsive targets.

Chart correction.

Depths and nature of bottom. Use of soundings.

Note.—Questions may be set in this paper requiring descriptive answers as well as work on the chart provided. Oral questions, which may relate to any part of the syllabus, may also be asked. Candidates shall be specifically examined as to their knowledge of the standard chart symbols and abbreviations.

Practical navigation

(a) Practical questions on plane and Mercator sailing.

(b) The use of the traverse tables to obtain the position of the ship at any time, given compass courses, variation, deviation and the run recorded by log or calculated by time and estimated speed, allowing for the effects of wind and current.

(c) To find compass error by observation of heavenly bodies and, for a magnetic compass, the deviation for the direction of the ship's head.

(d) To find the Latitude by Meridian altitude of the sun, moon or a star.

CLASS 5—CERTIFICATE OF COMPETENCY

General ship knowledge

Paper 2 (two hours written)

(a) General ideas on ship construction and on plans and data available on board ship.

General pumping arrangements.

General definition of main dimensions.

The names of the principal parts of a ship.

(b) General understanding of:

Displacement;

Deadweight;

Buoyancy; Reserve buoyancy; understanding of fundamental actions to be taken in the event of partial loss of intact buoyancy.

Use of displacement and tonne per centimetre immersion scales to determine mass of cargo or ballast from draughts or freeboard.

Load line marks.

Effects of relative density of water on draught and freeboard.

Fresh water allowance.

(c) (i) General understanding of—

centre of gravity;
centre of buoyancy;
metacentric height;
righting lever;
righting moment.

(ii) The use of stability and hydrostatic data supplied to ships, including stability data in simplified form. The effect of adding and removing weights. The danger of slack tanks, with reference to subdivision thereof.

(iii) Rigging a ship for loading and discharging cargo, the use of derricks, winches and cranes.

"Lining up" pipelines on oil products carriers.

The stowage and securing of cargoes including bulk cargoes.

A knowledge of the safety precautions to be taken during the loading and discharging of bulk oil, chemicals and other dangerous commodities. Ventilation systems of holds and tanks.

CLASS 5—CERTIFICATE OF COMPETENCY

Meteorology

(Oral)

(a) To read and understand a barometer (aneroid and precision aneroid), thermometer, hydrometer and hygrometer. The instruments supplied by the Weather Bureau shall be taken as standard.

(b) Barometric pressure; use of barometric observations in conjunction with weather signs.

(c) The Beaufort wind scale. Methods of estimating direction and force of wind at sea.

(d) Die kenmerke van, en die weer wat gepaard gaan met die vernaamste drukstelsels, bv. antisiklone, laedrukstelsels. Verhouding tussen drukverspreiding en wind. Die Wet van Buys Ballot.

(e) Kennis van die weerinligting wat beskikbaar is vir skeepvaart in die kusgebied tussen die Kuneneriviermonding en Punto Do Ouro.

(f) Kennis van die weerberiggewingprosedures vir skepe.

(g) Kennis van plaaslike—

(a) strome;

(b) seisoensweerpatrone;

(c) voorkoms van abnormale golwe.

KLAS 5—BEKWAAMHEIDSERTIFIKAAT

Mondeling en prakties

(a) (i) Hoe om 'n asimutspieël, pelorus of ander instrument te gebruik vir die neem van peilings.

(ii) Hoe om 'n mikrometersekstant te gebruik vir die meet van vertikale en horisontale hoeke; hoe om 'n sekstant op sowel as buite die boog af te lees.

(iii) Gebruik, versorging en beperkings van die magnetiese en tolkompas en verwante toerusting, met inbegrip van die stuuroutomaat.

(b) (i) Die optakeling van skepe, metodes om die sterktegraad en veilige werklas van toue te bepaal, met inbegrip van sintetiesevesel- en draadtoue.

(ii) Stuwing en bevestiging van vragte. Regulasies en aanbevelings betreffende die vervoer daarvan.

(c) (i) Voorbereiding om te begin vaar. Pligte voordat skip uitvaar, 'n hawe aandoen, 'n dok binnegaan. Langs kaaie, hawehoofde of ander skepe vasmeer en aan boeie vasmaak.

(ii) Roerbevele. Stuurbevele aan stuurman. Uitwerking van skroewe op die stuur van 'n skip. Stop, tru, maneuvreer in die omgewing van loodsvaartuie en ander vaartuie. Opneem van die loods. Kort draai. Noodmaneuvers. Hoe om 'n skip in 'n noodgeval voor 'n enkele anker te bring. Man oorboord.

(iii) 'n Behoorlike kennis van die beginsels van navigasiewaghou ter see en voor anker soos neergelê deur die IMO. Pligte van die dekoffisiere in die hawe.

(d) (i) Ankers, kabels; hulle gebruik en stuwing.

(ii) Elementêre kennis van skeepsmasjinerie. Kennis van die gebruik van alle dektoestelle, met inbegrip van noodstuurgerei.

(iii) Die gebruik en versorging van vuurpyl- en lyngooiapparaat.

(e) (i) Die gebruik en versorging van reddingstoerusting. Die hantering van bote en oorlewingsvaaartuie; die ophaal van bote ter see. 'n Boot op die strand laat loop of land. Hoe om in reddingsbote en oorlewingsvaartuie aan die lewe te bly. Soek- en reddingsprosedures.

(ii) Die gebruik en versorging van brandblustoestelle, met inbegrip van die rookhelm en selfstandige asemhaalapparaat.

(iii) Driloefeninge en inspeksies. Organisasie van noodspanne.

(f) (i) Volledige kennis van die inhoud en toepassing van die regulasies betreffende die voorkoming van botsings ter see, en van die Aanhangsels wat op veilige navigasie betrekking het. (Kandidate sal nie in die posisie gestel word om 'n seilskip te hanteer nie, maar daar sal van hulle verwag word om sodanige seilskip se ligte uit te ken en kennis te dra van so 'n skip se moontlike maneuvers na gelang van die rigting van die wind.)

(ii) Nood- en loodsseine; strawwe vir misbruik.

(iii) Kennis van die inhoud van die Departement van Vervoer se Handelskeepvaartkennisgewings en die gebruik van die Britse Admiraliteit se "Notices to Mariners" en die Suid-Afrikaanse Vlootkennisgewings aan Seeliede.

(iv) IALA-boeistelsels; wrakmerkstelsel.

(v) Herkenning van soorte skepe, met inbegrip van seilvaartuie.

(g) Die eksaminator kan aan die kandidaat vrae stel wat uit die skriftelike werk voortspruit, as dit vanweë swak prestasie deur die kandidaat nodig geag word.

KLAS 5—BEKWAAMHEIDSERTIFIKAAT

Seine

(a) Uitstuur en ontvang van seine—

(i) in Morse-kode met flitslamp, tot ses woorde per minuut; en

(ii) deur die "Internasionale Seinkode" te gebruik.

(b) *Prakties*

Hoe om draradiotoerusting voor te berei vir gebruik in reddingsbote en reddingsvlotte, antennes op te rig en al die noodfasiliteite wat saam met die toerusting verskaf word, te bedien.

(d) The characteristics of, and weather associated with, the principal pressure systems, e.g. anti-cyclones, depressions. Relationship between pressure distribution and wind. Buys Ballot's Law.

(e) A knowledge of the weather information available to shipping in the coastal area between the Kunene Rivier mouth and Punta Da Oro.

(f) A knowledge of procedures for the reporting of weather by ships.

(g) A knowledge of local—

(a) currents;

(b) seasonal weather patterns;

(c) occurrence of abnormal waves.

CLASS 5—CERTIFICATE OF COMPETENCY

Oral and practical

(a) (i) To use an azimuth mirror, pelorus or other instrument for taking bearings.

(ii) To use a micrometer sextant for taking vertical and horizontal angles; to read a sextant both on and off the arc.

(iii) Use, care and limitations of the magnetic and gyro compass and associated equipment, including automatic pilot.

(b) (i) The rigging of ship, methods of ascertaining the proof and safe working loads of ropes including synthetic fibre and wire ropes.

(ii) Stowage and securing of cargoes. Regulations and recommendations affecting their carriage.

(c) (i) Preparations for getting under way. Duties prior to proceeding to sea, making harbour, entering a dock. Berthing alongside quays, jetties, or other ships and securing to buoys.

(ii) Helm orders. Conning the ship. Effects of propellers on the steering of a ship. Stopping, going astern, manoeuvring in the vicinity of pilot vessels and other craft. Picking up the pilot. Turning short round. Emergency manoeuvres. Bringing a ship to single anchor in an emergency. Man overboard.

(iii) A proper knowledge of the principles of navigational watch-keeping at sea and at anchor as laid down by IMO. Duties of the deck officers in port.

(d) (i) Anchors, cables; their use and stowage.

(ii) Elementary knowledge of ships' machinery. Knowledge of the use of all deck appliances including emergency steering gear.

(iii) The use and care of rocket line-throwing apparatus.

(e) (i) The use and care of life-saving equipment. Management of boats and survival craft; recovering boats at sea. Beaching or landing. Survival procedure in boats and survival craft. Search and rescue procedures.

(ii) The use and care of fire appliances including the smoke helmet and self-contained breathing apparatus.

(iii) Drills and musters. Organisation of emergency parties.

(f) (i) A full knowledge of the content and application of the Collision Regulations and of those annexes concerned with safe navigation. (Candidates shall not be placed in the position of handling a sailing craft, but shall be expected to recognise the lights carried by such a craft and to have a knowledge of her possible manoeuvres according to the direction of the wind.)

(ii) Distress and pilot signals; penalties for misuse.

(iii) A knowledge of the contents and use of Department of Transport Merchant Shipping Notices, Admiralty Notices to Mariners and the South African Navy Notices to Mariners.

(iv) IALA systems of buoyage; wreck marking system.

(v) Recognition of ship types, including sailing vessels.

(g) The examiner may ask the candidate questions arising out of the written work, if it is deemed necessary on account of weakness shown by the candidate.

CLASS 5—CERTIFICATE OF COMPETENCY

Signals

(a) To send and receive signals—

(i) in Morse-code by flash lamp up to six words per minute; and

(ii) using the International Code of Signals.

(b) *Practical.*

To prepare portable radio equipment for operation in lifeboat or liferaft, erect aerial and operate all the distress facilities on the equipment provided.

AANHANGSEL G

KLAS 4—BEKWAAMHEIDSERTIFIKAAT: LEERPLAN

Algemene skeepskennis

Vraestel 1 (drie uur skriftelik)

(a) Algemene begrippe van skeepsbou en van die gebruik van planne en gegewens wat aan boord van 'n skip beskikbaar is. Algemene definisies van hoofafmetings. Die name van die vernaamste dele van 'n skip.

Van die kandidaat word verwag om sy praktiese vertroudheid te toon met—

langs- en dwarsspante;
balke en balkknieë
waterdigte skotte;
luikopeninge en afsluittoestelle;
roere;
stuurgerei;
huid- en dekbeplating;
dubbele bome en piektenks;
kimme;
sy- en vleueltenks;
skroefraam;
skroewe en skroefasse;
skroefaskokers;
peilkokers;
lugpype;
algemene pompinrigtings.

Verstewiging en versterking om hyging, stamp en langsspanning te weerstaan. Die oorsaak en voorkoming van korrosie in 'n skip se bouwerk.

(b) Algemene begrippe van sweiswerk, klinkwerk en vlamsnywerk en die voorsorgmaatreëls wanneer sulke werksaamhede aan boord van die skip aan die gang is.

(c) (i) Die betekenis van die uitdrukkings—

blokkoëffisiënt; prismakoëffisiënt; verplasing; midskeepsgroottekoëffisiënt; ladingsgewig; watervlakgroottekoëffisiënt; nat vlak.

(ii) Gebruik van verplasings- en ton-per-cm-dompelskale om gewig van vrag of ballas volgens diepgang of vryboord te bepaal.

Laslynmerke.

Digtheid, relatiewe digtheid, beginsel van Archimedes; flottasie.

Uitwerking van digtheid van water op diepgang en vryboord.

Toelating vir varswater. Die seehidrometer en sy aanwending. Dryfvermoë; reserwedryfvermoë; begrip van die fundamentele optrede in die geval van die gedeeltelike verlies van ongeskonde dryfvermoë.

(d) (i) Algemene begrip, met definisies, van—

swaartepunt; stabiele, onstabiele en neutrale ewewig;
dryfpunt;
metasenterhoogte;
oprighefkrag;
oprigmoment;

(ii) Die gebruik van stabiliteit- en hidrostatiese gegewens aan skepe verskaf. Die uitwerking van die byvoeging en verwydering van gewigte. Die gevaar van gedeeltelik gevulde tenks, met spesiale verwysing na die onderverdeling daarvan.

(e) Optuiging van 'n skip vir die laai en aflaai van vrag, die gebruik van laaibome, windasse en krane. Die instel van pyplyne op olieproduktevervoerders.

Die stuwing, skeiding en garnering van vragte. Oorsake van sweet en voorsorgmaatreëls voor, tydens en na stuwing ter voorkoming van skade weens sweet. Kennis van die veiligheidsmaatreëls tydens die laai en aflaai van olie, chemikalieë en ander gevaarlike kommoditeite by die grootmaat. Berekening van ruimte deur deelvrag in beslag geneem, en van oorblywende ruimte. Herleiding van massamaat van vrag tot ruimtemaat, en omgekeerd. Die opstel en gebruik van vragplanne. Ventilasiestelsels van ruime en tenks. Voorsorgmaatreëls by die binnegaan van vragruime, balastenks en onbesette ruime.

(f) Versorging en onderhoud van alle reddings- en brandbestrydingstoerusting, reddingsboot- en reddingsvlottoerusting, lig- en geluidseintoestelle.

KLAS 4—BEKWAAMHEIDSERTIFIKAAT

Kaartwerk

Vraestel 2 (twee uur, mondelinge vrae uitgesluit)

(a) Om, waar die variasie en die deviasie van die magnetiese kompas of die girofout verstrek word, die ware koerse te herlei tot kompaskoerse, en omgekeerd.

ANNEXURE G

CLASS 4—CERTIFICATE OF COMPETENCY: SYLLABUS

General ship knowledge

Paper 1 (three hours written)

(a) General ideas on ship construction and on the use of plans and data available on board ship. General definitions of main dimensions. The names of the principal parts of a ship.

The candidate shall be expected to show his practical acquaintance with—

longitudinal and transverse framing;
beams and beam knees;
watertight bulkheads;
hatchways and closing appliances;
rudders;
steering gear;
shell and deck plating;
double bottoms and peak tanks;
bilges;
side and wing tanks;
stern frames;
propellers and propeller shafts;
stern tubes;
sounding pipes;
air pipes;
general pumping arrangements;

The stiffening and strengthening to resist panting, pounding and longitudinal stresses; cause and prevention of corrosion in a ship's structure.

(b) General ideas on welding, riveting and burning and the precautions to be taken when such processes are carried out abroad ship.

(c) (i) The meaning of the terms—

block coefficient; prismatic coefficient; displacement; amidships area coefficient; deadweight; waterplane area coefficient; wetted surface.

(ii) Use of displacement and tonne per centimetre immersion scales to determine weight of cargo or ballast from draughts or freeboard.

Load line marks.

Density, relative density, principle of Archimedes; flotation.

Effect of density of water on draught and freeboard. Fresh water allowance. The marine hydrometer and its uses.

Buoyancy; Reserve buoyancy; understanding of fundamental actions to be taken in the event of partial loss of intact buoyancy.

(d) (i) General understanding, with definitions of—

centre of gravity; stable, unstable and neutral equilibrium;
centre of buoyancy;
metacentric height;
righting lever;
righting moment.

(ii) The use of stability and hydrostatic data supplied to ships. The effect of adding and removing weights. The danger of slack tanks, with special reference to subdivision thereof.

(e) Rigging a ship for loading and discharging cargo, the use of derricks, winches, and cranes. 'Lining up' pipelines on oil products carriers. The stowage, separation and dunnaging of cargoes.

Causes of sweating and precautions to be taken before, during and after stowing to prevent damage by sweat. A knowledge of the safety precautions to be taken during the loading and discharging of bulk oil, chemicals and other dangerous commodities.

Calculation of capacities taken up by part cargoes and of space remaining. Conversion of mass measurement of cargo into space measurement and vice versa. The making and use of cargo plans. Ventilation systems of holds and tanks. Precautions to be taken before entering cargo and ballast tanks and void spaces.

(f) Care and maintenance of all life-saving and fire-fighting appliances, light and sound signalling apparatus.

CLASS 4—CERTIFICATE OF COMPETENCY

Chartwork

Paper 2 (two hours excluding Oral questions)

(a) Given variation and the deviation of the magnetic compass or gyro error, to convert true courses into compass courses and vice versa.

Om, waar 'n monsterdeviasielys verstrek word, die deviasie te bepaal en op grond daarvan die ware koerse tot magnetiese en kompaskoerse te herlei.

Om die kompaskoers tussen twee posisies te bepaal.

Die uitwerking van stroom op snelheid.

Toelating vir drif.

Om, waar die kompaskoers waarin gestuur word, die snelheid van die skip en die rigting en snelheid van die stroom verstrek word, die behoue ware koers te bepaal.

Om die koers te bepaal waarin met inagneming van 'n stroom gestuur moet word.

Om, waar die koers waarin gestuur word en die afgelegde afstand verstrek word, die rigting en snelheid van die stroom tussen twee posisies te bepaal.

(b) Om 'n posisie op 'n kaart te bepaal deur middel van gelyktydige kruispeilings, peilings en afstand, of deur middel van posisionele inligting met radionavigasiehulpmiddels verkry, of deur middel van enige kombinasie, met die aanbring van die nodige korreksies.

Die gebruik van kruisnetkaarte. Die gebruik van 'n reaksiegradeboog.

(c) Om die posisie deur peilings van een of meer voorwerpe met die meetvaart tussen hulle en met inagneming van 'n stroom, vas te stel en om te bepaal hoe ver die skip by 'n gegewe punt sal verbyvaar. Die gebruik van standlyne volgens enige metode vasgestel, met inbegrip van aardstandlyne, standsirkels, en 'n enkele standlyn. Die gebruik van oorgangspeilings.

(d) Elementêre kennis van deurvaartbeplanning en uitvoering. Landings in dik en helder weer. Die uitkies van geskikte ankerplekke, nadering van 'n ankerplek en die binnevaar van smal waters. Die gebruik van vermymerke en horisontale en vertikale gevaarhoeke. Die afstand van ligte wat gesien kan word.

(e) Om die tyd en hoogte van hoog- en laagwater by 'n standaard- en sekondêre hawe deur middel van getyverskille te bepaal, met gebruikmaking van die tafels van die Britse Admiraliteit, Volume I en II.

Die gebruik van tafels en getykrommes om die tyd wanneer die gety 'n gegewe hoogte bereik of die hoogte van die gety op 'n gegewe tyd te bepaal, en dan op grond daarvan die benaderde korreksie wat aangebring word aan lodings of aan seekaarthoogtes van kusvoorwerpe.

(f) Die vertolking van 'n kaart of plan, veral die gegewe inligting oor boeie, ligte, radiobakens en ander navigasiehulpmiddels; diepte- en hoogtekontoere; getystrome; verkeersbane en skeidingsones. Herkenning van die kus en radarantwoordbakens.

Kaartkorreksie.

Dieptes en gesteldheid van die seebodem. Die gebruik van lodings.

Die gebruik van gnomoniese kaarte.

Opmerking.—In hierdie vraestel kan vrae gestel word wat beskrywende antwoorde sowel as werk op die kaart wat voorsien word, vereis. Mondelinge vrae, wat op enige deel van die leerplan betrekking kan hê, kan ook gevra word. Die kandidaat word mondeling geëksamineer oor sy kennis van die standaardkaartsimbole en -afkortings.

KLAS 4—BEKWAAMHEIDSERTIFIKAAT

Praktiese navigasie

Vraestel 3 (twee uur skriftelik)

(a) Praktiese probleme in verband met platkaart- en Mercatornavigasie.

(b) Die gebruik van koppelkoerstafels om die skip se posisie op 'n gegewe tyd te bepaal indien die kompaskoerse, variasies, deviasie en die meetvaart soos deur die log aangegee of volgens tyd of geskatte snelheid bereken, verstrek word en daar met die moontlike uitwerking van wind en stroom rekening gehou word.

(c) Bepaling van die breedtegraad deur middel van die meridiaanshoogte van 'n hemelliggaam, bokant of onderkant die Pool.

(d) Om deur middel van waarneming van 'n hemelliggaam naby of buite die meridiaan die rigting van die standlyn en 'n punt waardeur dit loop, te bepaal.

(e) Bepaling van 'n posisie deur gebruikmaking van standlyne verkry uit twee of meer waarnemings met of sonder meetvaart.

(f) Bepaling van die ware peiling van 'n hemelliggaam, die kompasfout en aan die hand daarvan die deviasie van die magnetiese kompas vir die boegrigting.

(g) Berekening van die benaderde tyd (tot die naaste minuut) van die meridiaansgang van 'n hemelliggaam; berekening van 'n benaderde hoogte vir die instel van die sekstant om die meridiaanshoogte van 'n hemelliggaam vas te stel.

KLAS 4—BEKWAAMHEIDSERTIFIKAAT

Weerkunde

Vraestel 4 (twee uur skriftelik)

(a) Die beginsels van drukmeting. Die gebruik van standaardstelmerk.

Kennis van die aneroïed- en presisie-aneroïedbarometer en die barograaf.

Given a sample list of deviations, to extract the deviation thence to convert true courses into magnetic and compass courses.

To find the compass course between two positions.

The effect of current on speed.

Allowance for leeway.

Given compass course steered, the speed of the ship and direction and rate of the current, to find the true course made good.

To find the course to steer allowing for a current.

Given the course steered and distance run, to determine the set and rate of the current experienced between two positions.

(b) To fix a position on a chart by simultaneous cross bearings, by bearing and range, by positional information from radio aids to navigation or by any combination, applying the necessary corrections. The use of lattice charts. The use of a station pointer.

(c) To fix the position by bearings of one or more objects with the run between, allowing for a current and to find the distance at which the ship will pass off a given point. The use of position lines obtained by any method, including terrestrial position lines, position circles, and a line of soundings. Use of transit bearings.

(d) Elementary knowledge of passage planning and execution. Landfalls in thick and clear weather. The selection of suitable anchorages, approaching anchorage and entering narrow waters. The use of clearing marks, also horizontal and vertical danger angles. Distance of sighting lights.

(e) To find the time and height of high and low water at Standard ports and at Secondary ports by tidal differences, using Admiralty Tide Tables, Vols 1. and II. The use of tables and tide curves to find the time at which the tide reaches a specified height or the height of the tide at a given time and thence the approximate correction to be applied to soundings or to charted heights of shore objects.

(f) The interpretation of a chart or plan; particularly the information given about Buoys, Lights, Radio beacons and other navigational aids; Depth and height contours; Tidal streams; Traffic lanes and Separation zones.

Recognition of the coast and radar responsive targets. Chart correction.

Depths and nature of bottom. Use of soundings. The use of gnomonic charts.

Note.—Questions may be set in this paper requiring descriptive answers as well as work on the chart provided. Oral questions, which may relate to any part of the syllabus, may also be asked. The candidate shall be orally examined as to his knowledge of the standard chart symbols and abbreviations.

CLASS 4—CERTIFICATE OF COMPETENCY

Practical navigation

Paper 3 (two hours written)

(a) Practical problems on Plane and Mercator sailing.

(b) The use of the traverse tables to obtain the position of the ship at any time, given compass courses, variation, deviation and the run recorded by log or calculated by time and estimated speed, allowing for the effects of wind and current, if any.

(c) To find the latitude by meridian altitude of a heavenly body, above or below the Pole.

(d) From an observation of any heavenly body near or out of the meridian, to find the direction of the position line and a position through which it passes.

(e) To obtain a position by the use of position lines obtained from two or more observations with or without run.

(f) To find the true bearing of a heavenly body, the compass error and thence the deviation of the magnetic compass for the direction of the ship's head.

(g) To calculate the approximate time (to the nearest minute) of the meridian passage of a heavenly body; to calculate an approximate altitude for setting on the sextant to obtain the meridian altitude of a heavenly body.

CLASS 4—CERTIFICATE OF COMPETENCY

Meteorology

Paper 4 (two hours written)

(a) The principles of pressure measurement. The use of standard datum.

Knowledge of the aneroid and precision aneroid barometer and the barograph.

(b) Die beginsels van die termometer, maksimum en minimum termometers.

See- en lugtemperatuurwaarnemings en voorsorgmaatreëls wat getref moet word.

Die beginsel van die higrometer, waarnemings wat gedoen moet word om 'n relatiewe vogtigheid te verkry. Versorging van en aandag aan instrumente.

(c) Die Beaufort-windskaal. Metodes vir die skatting van die rigting en die krag van die wind ter see.

(d) Kennis van die verspreiding van gemiddelde druk.

Daaglikse en seisoensveranderings in atmosferiese druk. Heersende winde. Plaaslike en streekuitwerking van verwarming en afkoeling, land- en seebriese, moesons. Katabatiese winde.

(e) Die kenmerke van, en die weer wat gepaard gaan met die vernaamste drukstelsels, bv. antisiklone, laedrukstelsels, permanente en halfpermanente hoë- en laedrukgebiede. Verhouding tussen drukverspreiding en wind. Lugmassas en hulle eienskappe. Die Wet van Buys Ballot.

(f) Gebruik van barometriese waarnemings by 'n enkele stasie saam met weertekens.

(g) Waterdamp in die atmosfeer, verdamping, kondensasie, presipitasie; betekenis van versadiging, relatiewe vogtigheid, doupunt; elementêre kennis van atmosferiese stabiliteit en vervaltempo; formasie en klassifikasie van wolke, mis, newel en dou. Dynserigheid.

(h) Kennis van die tipes weerberigte wat deur meteorologiese organisasies vir skeepvaart beskikbaar gestel word. Die kodering en dekodering van berigte deur gebruik van die Weerburo se handleiding getitel "Weerkode vir Skepe". Kennis van die algemene struktuur van weerberiggewing, bv. die keuse van skepe, weerskepe, skeepstasies.

KLAS 4—BEKWAAMHEIDSERTIFIKAAT

Mondeling

(a) (i) Hoe om 'n barometer, termometer, hidrometer en higrometer af te lees en te verstaan. Die instrumente wat deur die Weerburo verskaf word, word as standaard gebruik.

(ii) Hoe om 'n asimutspieël, pelorus en ander instrument te gebruik om peilings te neem.

(iii) Hoe om 'n sekstant te gebruik om vertikale en horisontale hoeke te meet; hoe om 'n sekstant sowel op as buite die boog af te lees.

(iv) Hoe om 'n sekstant waarin een of meer regstandigheids-, sy- of indeksfoute teweeggebring is, reg te stel.

(v) Hoe om die indeksfout van 'n sekstant te vind.

(vi) Hoe om die chronometerfout vas te stel.

(vii) Gebruik, versorging en beperkings van die magnetiese en tolkompas en verwante toerusting, met inbegrip van die stuuroutomaat.

(b) (i) Die optakeling van skepe, metodes om die sterktegraad en veilige werklas van toue te bepaal, met inbegrip van sintetieseveselen draadtoue. Daar kan ook aan kandidate vrae gestel word oor die kwalifiserende eksamenleerplan vir die uitreiking van 'n sertifikaat as Bekwame Dekseeman.

(ii) Stuwing en bevestigings van vragte. Regulasies en aanbevelings betreffende die vervoer daarvan.

(c) (i) Voorbereiding om te begin vaar. Pligte voordat skip uitvaar, 'n hawe aandoen, 'n dok binnegaan. Langs kaaie, hawehoofde of ander skepe vasmeer en aan boeie vasmaak.

(ii) Roerbevele. Stuurbevele aan stuurman. Uitwerking van skroewe op die stuur van 'n skip. Stop, tru, maneuvreer in die omgewing van loodsvaartuie en ander vaartuie. Opneem van 'n loods. Kort draai. Noodmaneuvers. Hoe om 'n skip in 'n noodgeval voor 'n enkele anker te bring. Man oorboord.

(iii) 'n Behoorlike kennis van die beginsels van navigasiewaghou ter see en anker soos neergelê deur die IMO. Pligte van die dekoffisiere in die hawe.

(iv) Driloefeninge en inspeksies. Organisasie van noodspanne.

(d) (i) Ankers, kabels, hulle gebruik en stuwing.

(ii) Elementêre kennis van skeepsmasjinerie.

Kennis van die gebruik van alle dektoestelle, met inbegrip van noodstuurgerei.

(iii) Die gebruik en versorging van vuurpyl- en lyngooiapparaat.

(iv) Die gebruik en instandhouding van logge en lodingsapparaat.

(e) (i) Die gebruik en versorging van reddingstoestelle. Die aanslaan, span en mindering van reddingsbootseile. Reddingsbootenjins van die kompressieontstekingstipe aan die gang sit. Hantering van bote wat geroei word of wat onder seil en onder krag vaar en in onstuimige weer bote ter see ophaal. 'n Boot op die strand laat loop of land. Hoe om in reddingsbote en reddingsvlotte aan die lewe te bly. Soek- en reddingsprosedures.

(ii) Die gebruik en versorging van brandblustoestelle, met inbegrip van die rookhelm en selfstandige asemhaalapparaat.

(b) The principles of the thermometer, maximum and minimum thermometers.

Sea and air temperature observations and precautions to be taken.

The principle of the hygrometer, observations to obtain relative humidity. Care and attention given to instruments.

(c) The Beaufort wind scale. Methods of estimating direction and force of wind at sea.

(d) A knowledge of the mean pressure distribution. Daily and seasonal changes in atmospheric pressure. Prevailing winds. Local and regional effects of heating and cooling, land and sea breezes, monsoons. Katabatic winds.

(e) The characteristics of, and weather associated with, the principal pressure systems, e.g. anti-cyclones, depressions, permanent and semi-permanent high and low pressure areas. Relationship between pressure distribution and wind. Air masses and their properties. Buys Ballot's law.

(f) Use of barometric observations at a single station in conjunction with weather signs.

(g) Water vapour in the atmosphere, evaporation, condensation, precipitation; meaning of saturation, relative humidity, dewpoint; elementary knowledge of atmospheric stability and lapse rate; formation and classification of clouds, fog, mist and dew. Haze.

(h) A knowledge of the types of weather messages promulgated by Meteorological Organisations for shipping. Coding and de-coding messages by the use of the hand book titled "Weather Code for Ships" as published by the Weather Bureau. A knowledge of the general structure of weather reporting, e.g. selected ships, weatherships, ship stations.

CLASS 4—CERTIFICATE OF COMPETENCY

Oral

(a) (i) To read and understand a barometer, thermometer, hydrometer and hygrometer. The instruments supplied by the Weather Bureau shall be taken as standard.

(ii) To use an azimuth mirror, pelorus or other instrument for taking bearings.

(iii) To use a sextant for taking vertical and horizontal angles; to read a sextant both on and off the arc.

(iv) To correct a sextant into which has been introduced one or more of perpendicularity, side or index errors.

(v) To find the index error of a sextant.

(vi) To ascertain the chronometer error.

(vii) Use, care and limitations of the magnetic and gyrocompass and associated equipment, including automatic pilot.

(b) (i) The rigging of ships, methods of ascertaining the proof and safe working loads of ropes including synthetic fibre and wire ropes. Candidates may also be questioned on the qualifying examination syllabus for the issue of an Efficient Deck Hand certificate.

(ii) Stowage and securing of cargoes. Regulations and recommendations affecting their carriage.

(c) (i) Preparations for getting under way. Duties prior to proceeding to sea, making harbour, entering a dock. Berthing alongside quays, jetties or other ships and securing to buoys.

(ii) Helm orders. Conning the ship. Effects of propellers on the steering of a ship. Stopping, going astern, manoeuvring in the vicinity of pilot vessels and other craft. Picking up a pilot. Turning short round. Emergency manoeuvres. Bringing a ship to single anchor in an emergency. Man overboard.

(iii) A proper knowledge of the principles of navigational watch-keeping at sea and at anchor as laid down by IMO. Duties of the deck officers in port.

(iv) Drills and musters. Organisation of emergency parties.

(d) (i) Anchors, cables; their use and stowage.

(ii) Elementary knowledge of ship machinery.

Knowledge of the use of all deck appliances including emergency steering gear.

(iii) The use and care of rocket and line-throwing apparatus.

(iv) Use and upkeep of logs and sounding appliances.

(e) (i) The use and care of life-saving appliances. Bending, setting and taking in lifeboat sails. Starting lifeboat compression-ignition engines. Management of boats under oars, sails, and power and in heavy weather; recovering boats at sea. Beaching or landing. Survival procedure in lifeboats and liferafts. Search and Rescue procedures.

(ii) The use and care of fire appliances including the smoke helmet and self-contained breathing apparatus.

(f) (i) Volledige kennis van die inhoud en toepassing van die Botsingsregulasies en van die aanhangsels wat op veilige navigasie betrekking het. (Van kandidate sal nie verwag word om 'n seilvaartuig te hanteer nie, maar van hulle sal verwag word om die ligte op sodanige vaartuig te herken en om kennis te hê van die moontlike maneuvrering volgens die rigting van die wind.)

(ii) Nood- en loodsseine; strawwe vir misbruik.

(iii) Kennis van die inhoud en gebruik van die Departement van Vervoer se "Handelskeepvaartkennisgewings", die Britse Admiraliteit "Notices to Mariners" en die "Suid-Afrikaanse" Vlootkennisgewings aan Seeliede.

(iv) IALA-boeistelsels; wrakmerkstelsel.

(g) Die eksaminator kan aan die kandidaat vrae stel wat uit die skriftelike werk voortspruit, indien dit vanweë swak prestasie deur die kandidaat nodig geag word.

KLAS 4—BEKWAAMHEIDSERTIFIKAAT

Seine

(a) Die stuur en ontvang van seine in—

(i) Morse-kode met flitslamp, tot ses woorde per minuut; en

(ii) Internasionale Seinboek.

(b) *Prakties*

Hoe om draradiotoerusting voor te berei vir gebruik in reddingsbote en reddingsvlotte, antennes op te rig en al die noodfrekwensiefasiliteite wat saam met die toerusting verskaf word, te bedien.

AANHANGSEL H

KLAS 3—BEKWAAMHEIDSERTIFIKAAT: LEERPLAN

Algemene skeepskennis

Vraestel 1 (drie uur skriftelik)

(Leerplan soos vir Klas 4, Vraestel 1)

Kaartwerk

Vraestel 2 (twee uur, uitgesonderd mondelinge vrae)

(Leerplan soos vir Klas 4, Vraestel 2)

Praktiese navigasie

Vraestel 3 (twee uur skriftelik)

(Leerplan soos vir Klas 4, Vraestel 3)

Weerkunde

Vraestel 4 (twee uur skriftelik)

(Leerplan soos vir Klas 4, Vraestel 4)

KLAS 3—BEKWAAMHEIDSERTIFIKAAT

Toegepaste wetenskap

Vraestel 5 (drie uur skriftelik)

Van kandidate sal verwag word om hulle begrip van fisiese beginsels te toon deur vrae wat berekening sonder bewys behels en deur vrae oor die praktiese toepassing van daardie beginsels, veral ten opsigte van instrumente of stelsels ter see gebruik.

Van kandidate sal verwag word om eerder begrip van en insig in fisiese beginsels te toon as om formele, gememoriseerde beskrywings of stellings van wette en reëls te verstrek.

(a) *Warmte*

(i) Meting van temperatuur; termometers, termokoppels. Oordrag van warmte; geleiding, konveksie, uitstraling.

(ii) Uitsetting van vaste stowwe en vloeistowwe, uitsettingskoëffisiënte, spesifieke warmte, latente warmte.

(iii) Eienskappe van gasse: Boyle se Wet, Charles se Wet. 'n Eenvoudige behandeling van isotermiese en adiabatiese uitsetting en kompressie van gasse; beginsels van verkoeling.

(b) *Lig*

(i) Wette van weerkaatsing; vlakspieël, draaispieël, sferiese spieël.

(ii) Wette van straalbreking; indeks van straalbreking, totale interne weerkaatsing. Prismas, dun lense; 'n grafiese behandeling van die vorming van beelde deur lense.

(c) *Golfteorie*

(i) Eenvoudige harmoniese beweging; golfbeweging, die rolbeweging van skepe; superposisie.

(ii) Radioteorie.

(iii) Getye.

(f) (i) A full knowledge of the content and application of the Collision Regulations and of those annexes concerned with safe navigation. (Candidates shall not be placed in the position of handling a sailing craft, but shall be expected to recognise the lights carried by such a carft and to have knowledge of her possible manoeuvres according to the direction of the wind).

(ii) Distress and pilot signals; penalties for misuse.

(iii) A knowledge of the contents and use of Department of Transport 'Merchant Shipping Notices', 'Admiralty Notices to Mariners' and 'South African Navy Notices to Mariners.

(iv) IALA systems of buoyage; wreck marking system.

(g) The examiner may ask the candidate questions arising out of the written work, if it is deemed necessary on account of weakness shown by the candidate.

CLASS 4—CERTIFICATE OF COMPETENCY

Signals

(a) To send and receive signals in—

(i) Morse-code by flash lamp up to six words per minute; and

(ii) International Code of Signals.

(b) *Practical.*

To prepare portable radio equipment for operation in lifeboat or liferaft, erect the aerial and operate all the distress frequency facilities on the equipment provided.

ANNEXURE H

CLASS 3—CERTIFICATE OF COMPETENCY: SYLLABUS

General ship knowledge

Paper 1 (three hours written)

(Syllabus as for Class 4, Paper 1)

Chartwork

Paper 2 (two hours excluding Oral questions)

(Syllabus as for Class 4, Paper 2)

Practical navigation

Paper 3 (two hours, written)

(Syllabus as for Class 4, Paper 3)

Meteorology

Paper 4 (two hours written)

(Syllabus as for Class 4, Paper 4)

CLASS 3—CERTIFICATE OF COMPETENCY

Applied Science

Paper 5 (three hours written)

Candidates may be asked to demonstrate their understanding of physical principles by questions involving calculation without proof and by questions on the practical application of those principles, particularly in instruments or systems in use at sea.

Candidates shall be expected to show understanding and appreciation of physical principles rather than to produce formal, memorised descriptions or statements of laws and rules.

(a) *Heat.*

(i) Measurement of temperature; thermometers, thermocouples. Transference of heat; conduction, convection, radiation.

(ii) Expansion of solids and liquids, co-efficients of expansion, specific heat, latent heat.

(iii) Properties of gases: Boyle's Law, Charles' Law. A simple treatment of isothermal and adiabatic expansion and compression of gases; principles of refrigeration.

(b) *Light.*

(i) Laws of reflection; plane mirror, rotating mirror, spherical mirror.

(ii) Laws of refraction; index of refraction, total internal reflection. Prisms, thin lenses; a graphical treatment of the formation of images by lenses.

(c) *Wave theory.*

(i) Simple harmonic motion; wave motion, rolling of ships; superposition.

(ii) Radio theory.

(iii) Tides.

(iv) Gedempte en gedwonge ossillasie.

(v) Klank: Voortbrenging, voortplanting, weerkaatsing. Uitwerking van wind.

Faktore wat snelheid beïnvloed. Doppler-effek.

(d) *Magnetisme*

(i) Teorie van magnetisme. Wette van magnetisme. Intensiteit van magnetisering, permeabiliteit, retentiwiteit, histeresekrommes vir ferromagnetiese materiaal.

(ii) Poolsterkte, veldsterkte, magnetiese moment en koppel; defleksie van 'n gemagnetiseerde naald.

(iii) Aardmagnetisme en magnetiese elemente. Variasie.

(e) *Elektrisiteit*

(i) Die aard van 'n elektriese stroom. EMK, stroom, weerstand, hul uitwerking en onderlinge verhouding, elektriese potensiaal. Isolators en isolering, elektriese en magnetiese velde geassosieer met elektriese potensiale en strome. Kapasitansie.

(ii) Die verwarmingseffek van 'n stroom; krag en die verhouding daarvan tot stroom en weerstand. Die magnetiese veld deur 'n stroom veroorsaak en die uitwerking daarvan. Die uitwerking van 'n stroomdraende geleier in 'n magnetiese veld.

Chemiese effekte; die effek van die deursending van stroom deur 'n geleioplossing.

(iii) Primêre en sekondêre selle; batterye.

(iv) Wisselspannings en -strome in breë trekke; frekwensie- en faseverwantskap, kruin-, oombliks- en w.g.k.-waardes. Reaktansie, impedansie, kragdissipasie. Resonansie. Gelykrigting.

(v) Eenvoudige WS- en GS-kringe. Sekerings en stroombreektoestelle. Die uitwerking van oop kringe, kortsluitings en lekkasie; die uitwerking van vullis en vog. Beginsels van elektriese generators en motore. Skeepsboordkragvoorsiening in breë trekke. Noodkragbronne. Veiligheidsmaatreëls wat nagekom moet word wanneer elektriese toerusting hanteer word, met inbegrip van reserwedele wat aan boord gevoer word.

(f) *Radiobeginsels*

Die begrip van elektromagnetiese straling en die nodigheid van 'n hoëfrekwensiedraergolf. Voortplanting, polarisasie en die verhouding tussen die lengte en frekwensie van 'n golf. Bodemgolwe en ruimtegolwe. Funksies van tipiese seekommunikasies, senders en ontvangers. Tipiese antennestelsels, met inbegrip van hulle vertikale en horisontale stralingspatrone.

(g) *Toegepaste chemie.*

(i) Korrosie; inwerking van ongelyksoortige metale op mekaar.

(ii) Ontbranding, geïnduseerde en spontane ontbranding. Flits- en ontstekingstemperature.

Plofmengsels, chemiese verandering toe te skryf aan oorverhitting.

(iii) Brandblussing; poeier, skuim, gasgedrewe water, trae gasse.

KLAS 3—BEKWAAMHEIDSERTIFIKAAT

Beginsels van Navigasie

Vraestel 6 (twee uur skriftelik)

(a) Die fatsoen van die aarde. Pole, ewenaar, meridiane, breedtesirkels. Posisie volgens breedte- en lengtegraad. Rigting, peilings, afstand, meeteenhede. Breedteverskil, lengteverskil, afwyking, middelbare breedte, die verskil en die verband tussen die meridiaandele. Grootsirkels, grootsirkelkoers en -afstand, kleinsirkels op 'n bol.

(b) Die hemelruim; definisies in verband met die hemelruim; skynbare beweging in die hemelsfeer. Deklinasie. Asimut. Sterre-uurhoek. Die posisie van 'n liggaam op die hemelsfeer; Asimut met hoogte of deklinasie met sterre- of plaaslike uurhoek. Die opkoms, hoogtepunt en ondergang van hemelliggame. Die gebruik van poolstertafels.

(c) Die sonnestelsel, aarde-maan-stelsel. Die beweging van die planete. Die aarde se omwenteling en beweging in sy baan, middelbare son, die sonneweg, eerste punt van die Ram. Sonsopkoms, sonsondergang, skemer tydens nagewening en sonstilstand.

(d) Tyd; Greenwich- en ander standaardtye, sonetyd, middelbare tyd, skynbare tyd, sterretyd, tydsvereffening, verband tussen lengtegraad en tyd.

(e) Plaaslike uurhoek van 'n hemelliggaam in tyd en in 'n boog. Greenwich-uurhoek van die son, maan, planete en die Ram.

(f) Korreksie van sekstanthoogtes; duiking, straalbreking, horisontale parallaks, hoogteparallaks, halwe middellyn en vergroting.

(g) Geografiese posisie van 'n hemelliggaam. 'n Posisiesirkel en die praktiese toepassing daarvan, dit wil sê standlyn. Hoogteverskil. Praktiese navigasieprosedures. [Van kandidate sal daar verwag word om te kan bepaal wat die gunstigste tyd is om 'n astronomiese waarneming te maak met betrekking tot (a) hoogteverskil en (b) rigting van die standlyn. Kandidate moet die faktore ken wat in ag geneem moet word wanneer hemelliggame gekies word vir waarneming gedurende skemer.]

(iv) Damped and forced oscillation.

(v) Sound:—Production, propagation, reflection. Effect of wind. Factors effecting velocity. Doppler effect.

(d) *Magnetism.*

(i) Theory of magnetism. Laws of magnetism. Intensity of magnetisation, permeability, retentivity, hysteresis curves for ferro-magnetic material.

(ii) Pole strength, field strength, magnetic moment and couple; deflection of a magnetised needle.

(iii) Terrestrial magnetism and magnetic elements. Variation.

(e) *Electricity.*

(i) The nature of an electric current; e.m.f., current, resistance, their effects and relationships, electrical potential. Insulators and insulation, electric and magnetic fields associated with electric potentials and currents. Capacitance.

(ii) Heating effect of a current; power and its relationship with current and resistance. The magnetic field caused by a current and the resulting effects.

The effect on a current-carrying conductor in a magnetic field.

Chemical effects; passage of current through a conducting solution.

(iii) Primary and secondary cells; batteries.

(iv) Alternating voltages and currents in outline; frequency phase relationship, peak, instantaneous and r.m.s. values. Reactance, impedance, power dissipation. Resonance. Rectification.

(v) Simple a.c. and d.c. circuits. Fuses and circuit breaker devices. The effect of open circuits, short circuits and leakage; the effects of dirt and moisture. Principles of electric generators and motors. Outline of shipboard power supplies. Emergency sources. Safety precautions to be observed when handling electrical equipment, including spares carried on board.

(f) *Principles of radio.*

Concept of electromagnetic radiation and the need for a high frequency carrier wave. Propagation, polarisation and wave length/frequency relationship. Ground and sky waves. Functions of typical marine communications, transmitters and receivers. Typical aerial systems, including their vertical and horizontal radiation patterns.

(g) *Applied Chemistry.*

(i) Corrosion; action between dissimilar metals.

(ii) Combustion, induced and spontaneous. Flash and ignition temperatures. Explosive mixtures, chemical change due to overheating.

(iii) Fire extinguishing; powder, foam, gas-powered water, inert gases.

CLASS 3—CERTIFICATE OF COMPETENCY

Principles of navigation

Paper 6 (two hours written)

(a) The shape of the earth. Poles, equator, meridians, parallels of latitude. Position by latitude and longitude. Direction, bearings, distance, units of measurement. Difference of latitude, difference of longitude, departure, mean latitude, difference of meridional parts and the relationship between them. Great circles, great circle course and distance, small circles on a sphere.

(b) The celestial sphere; definitions on the celestial sphere; apparent motion on the celestial sphere. Declination. Azimuth. Sidereal hour angle. The position of a body on the celestial sphere; azimuth with altitude or declination with sidereal or local hour angle. The rising, culmination and setting of heavenly bodies. The use of pole star tables.

(c) Solar system, earth-moon system, planetary motion. Earth's rotation and movement in orbit, mean sun, ecliptic, first point of Aries. Equinox and solstice, sunrise, sunset, twilight.

(d) Time; Greenwich and other standard time, zone time, mean time, apparent time, sidereal time, equation of time, relationship between longitude and time.

(e) Local hour angle of a heavenly body in time and arc. Greenwich hour angle of Sun, Moon, planets and Aries.

(f) Correction of sextant altitudes; dip, refraction, horizontal parallax, parallax in altitude, semi-diameter and augmentation.

(g) Geographical position of a heavenly body. A circle of position and its practical application, i.e. position line. Intercept. Practical navigational procedures. [Candidates shall be expected to be able to determine the most favourable time to make a celestial observation with regard to (a) intercept and (b) direction of the position line. Candidates shall be expected to know the factors to be taken into account when selecting heavenly bodies for observation during twilight.]

(h) Eenvoudige kenmerke van Mercator- en gnomoniese kaart. Lengte- en breedteskale; die meting van afstand, loksodrome. Grootsirkels en saamgestelde grondkoerse.

(i) Die verband tussen die getye en die maangestaltes.

(j) Die beginsel van posisiebepaling deur die afstandsverskil vanaf twee of meer vaste punte te meet. Die hiperboliese kruisnet op 'n navigasiekaart.

(k) Die eienskappe van die vrytollende giroskoop. Die verwantskap tussen toegepaste krag en presessie. Dryf en oorhelling. Die breë beginsel van die ontwikkeling van 'n noordsoekende instrument deur gravitasiebeheer.

(l) Basiese beginsels van posisiebepaling met behulp van 'n satelliet.

KLAS 3—BEKWAAMHEIDSERTIFIKAAT

Wiskunde (suiwer en toegepas)

Vraestel 7 (twee-en-'n-halfuur skriftelik)

(a) *Algebra*

Definisies en prosesse. Teorie van indekse. Eenvoudige vergelykings, probleme wat tot eenvoudige vergelykings lei. Ontwikkeling van formules, transposisie en evaluering. Breuke. Faktore. Gelyktydige vergelykings van die eerste orde waarby twee of drie onbekendes betrokke is, probleme wat tot gelyktydige vergelykings lei. Oplossing van die vierkantsvergelyking, probleme wat tot vierkantsvergelykings lei. Grafieke. Referensieasse. Reghoekige en poolkoördinate. Die konstruksie en vertolking van statistiese grafieke en diagramme. Grafieke van funksie, lineêr, algebraïes en triogonometries 0°–360°, gradiënt, veranderingstempo, maksimum en mini mum punte. Verhouding, eweredigheid en variasie; eenvoudige probleme.

(b) *Gewone logaritmes.*

Die aanwending van logaritmes tot enige grondtal. Berekenings waarby vermenigvuldiging en deling deur middel van logaritmes, magte en wortels betrokke is. Eksponensiale vergelykings.

(c) *Oppervlakte- en volumeberekening.*

Oppervlaktes en omtrekke van die reghoek, driehoek en sirkel. Volume en oppervlakte van wig, piramide silinder, sfeer keël en prismatiese blok en probleme in verband daarmee.

(d) *Meetkunde*

Die konstruksie van vlakdriehoeke. Kongruensie van driehoeke; gelykvormigheid van driehoek. Die reghoekige driehoek. Eienskappe van som van hoeke van driehoeke en poligone. Buitehoekeienskap. Ewewydige lyne en transversale. Eienskappe van sirkels, koorde en raaklyne. Hoek in 'n halfsirkel; hoeke deur enige koord van 'n sirkel onderspan. Kragte, resulterende kragte en hul komponente. Die gebruik van vektors om grootheid en rigting aan te dui; Vektoraddisie, gebruik van die vektordriehoek. Eienskappe van die ellips en hiperbool van seevaartkundige belang.

(e) *Driehoeksmeting.*

Meting van hoeke. Boogmaat. Driehoeksmetingverhoudings tot en met een omwenteling. Haversinus. Verband tussen verhoudings. Komplementêre en supplementêre hoeke en hul verhoudings. Eenvoudige identiteite en driehoeksmetingvergelykings. Oplossing van reghoekige en skeefhoekige vlakdriehoeke, met inbegrip van praktiese probleme van seevaartkundige belang.

(f) *Boldriehoeksmeting.*

Eienskappe van boldriehoeke. Oplossing van skeefhoekige, reghoekige en kwadrantboldriehoeke.

(g) *Statika.*

Samestelling en ontbinding van kragte. Beginsel van momente. Spanning, vervorming, skuifkragte en buigmomente van eenvoudiggestutte balke met en sonder laste. Eenvoudige masjiene; hefboom, skroefdomkrag, katrolstelsels; meganiese voordeel, snelheidsverhouding, doeltreffendheid. Druk in vloeistowwe; druk op 'n diepte, stukrag.

(h) *Dinamika.*

Samestelling en ontbinding van snelhede en versnellings. 'n Begrip van Newton se bewegingswette, beweging onder swaartekrag, arbeid, krag, kinetiese en potensiaalenergie, momentum, wrywing en wrywingskoëffisiënt, met inbegrip van eenvoudige illustrerende berekenings, Rotasie.

KLAS 3—BEKWAAMHEIDSERTIFIKAAT

Mondeling

(Die leerplan is dieselfde as dié vir die Klas 4 Mondelinge Eksamen)

Seine

(Die vraestel is dieselfe as dié vir die Klas 4-seineksamen)

(h) Simple properties of Mercator and gnomonic charts. Latitude and Longitude scales; measurement of distance, Rhumb lines. Great circles and composite tracks.

(i) The relationship between the tides and the phases of the moon.

(j) Principle of position fixing by measurement of difference of distance from two or more fixed points. The hyperbolic lattice on navigational charts.

(k) Properties of the free gyroscope. Relationship between applied force and precession. Drift and tilt. Outline principle of developing a North seeking instrument by gravity control.

(l) Basic principles of position fixing by satellite.

CLASS 3—CERTIFICATE OF COMPETENCY

Mathematics (pure and applied)

Paper 7 (two and a half hours written)

(a) *Algebra:*

Definitions and processes. Theory of indices. Simple equations, problems leading to simple equations. Developments of formulae, trans-position and evaluation. Fractions. Factors. Simultaneous equations of the first order involving two or three unknowns, problems leading to simultaneous equations. The solution of the quadratic equation, problems leading to quadratic equations. Graphs. Aces of reference. Rectangular and polar co-ordinates. Construction and reading of statistical graphs and diagrams. Graphs of function, linear, algebraic and trigonometric 0°–360°, gradient, rate of change, maximum and minimum points. Ratio, proportion and variation; simple problems.

(b) *Common logarithms.*

The use of logarithms to any base. Calculations involving multiplication and division by logarithms, powers and roots. Exponential equation.

(c) *Mensuration.*

Areas and perimeters of rectangle, triangle and circle, volume and surface area of wedge, pyramid, cylinder, sphere, cone and prismatic block and problems thereon.

(d) *Geometry.*

The construction of plane triangles. Congruence of triangles; similarity of triangles. The right-angled triangle. Angle-sum properties of triangles and polygons. Exterior angle property. Parallel lines and transversal. Properties of circles, chords and tangents. Angle in a semi-circle; angles subtended by any chord of a circle. Forces, resultant forces and their components. The use of vectors to indicate magnitude and direction; vector addition, use of the vector triangle. Properties of the ellipse and hyperbola of navigational importance.

(e) *Trigonometry.*

Measurement of angles. Circular measure. Trigonometrical ratios up to one revolution. Haversine. Relationship between ratios. Complementary, supplementary angles and their ratios. Simple identities and trigonometrical equations. Solution of right-angled and oblique plane triangles including practical problems of navigational significance.

(f) *Spherical trigonometry.*

Properties of spherical triangles. Solution of oblique, right-angled and quadrantal spherical triangles.

(g) *Statics.*

Composition and resolution of forces. Principle of moments. Stress, strain, shear forces and bending moments of simply supported beams with and without load.

Simple machines; lever, screwjack, pulley systems; mechanical advantage, velocity ratio, efficiency. Pressure in liquids; pressure at a depth, thrust.

(h) *Dynamics.*

Composition and resolution of velocities and accelerations. An understanding of Newton's laws of motion, motion under gravity, work, power, kinetic and potential energy, momentum, friction, and co-efficient of friction including simple illustrative calculations. Rotation.

CLASS 3—CERTIFICATE OF COMPETENCY

Oral

(The syllabus is the same as that for the Class 4 Oral examination)

Signals

(The syllabus is the same as that for the Class 4 Signals examination)

AANHANGSEL 1

KLAS 2—BEKWAAMHEIDSERTIFIKAAT: LEERPLAN

Kusnavigasie

Vraestel 1 (twee-en-'n-halfuur, uitgesonderd mondelinge vrae)

Bo en behalwe die leerplan vir Klas 4, Kaartwerk

(a) Wanneer die kus in enige omstandighede genader word.

(b) Die beplanning van 'n kusvaart of die binnegaan van 'n hawe. Bevestiging van posisie. Die uitkies van geskikte ankerplekke.

(c) Uitvoering van 'n deurvaart. Monitering van vordering. Die uitwerking van beperkings soos weer en gety, verkeer, en die toestand van die skip se toerusting.

(d) Die gebruik van vaarvoorskrifte en ander publikasies wat betrekking het op kusnavigasie, wat op Suid-Afrikaanse Handelskepe gevoer moet word, met inbegrip van die Admiraliteitsgetytafels, Volumes 1 en 2.

(e) Die gebruik van navigasiehulpmiddels, met inbegrip van radar, die eggolood en visuele hulpmiddels, by kusnavigasie en -loodsing, met inbegrip van die gebruik van radar ter voorkoming van botsings.

Opmerking:

(1) In hierdie vraestel sal vrae gestel word wat beskrywende antwoorde sowel as werk op die kaart wat voorsien word, vereis. Mondelinge vrae, wat op enige deel van die leerplan betrekking het, kan ook gevra word.

(2) Radaruitstipping kan in hierdie vraestel ingesluit word.

KLAS 2—BEKWAAMHEIDSERTIFIKAAT

Oseaan- en aflandige navigasie

Vraestel 2 (twee-en-'n-halfuur skriftelik)

(1) Astronomiese Navigasie soos in paragrawe (c) tot (g) van Praktiese Navigasie, Klas 4.

(b) Probleme van grootsirkel- en saamgestelde koersvaart.

(c) Posisiebepaling, vaste en veranderlike foute, waarskynlikheidsgebied. Hoe om 'n skip se posisie te bepaal deur twee of meer waarnemings van enige tipe, met of sonder meetvaart.

(d) Die gebruik en begrip van navigasiehulpmiddels, met inbegrip van al daardie radio- en elektroniese hulpmiddels waarmee die meerderheid handelskepe toegerus is. Die doel met die vrae is om te bepaal of die kandidate 'n behoorlike begrip het van die basiese beginsels en van die werking van hierdie hulpmiddels, en of hulle ten volle daarvan kan gebruik maak terwyl hulle die beperkings daarvan besef.

KLAS 2—BEKWAAMHEIDSERTIFIKAAT

Weerkunde

Vraestel 3 (twee-en-'n-halfuur skriftelik)

(a) Lugmassas; algemene begrippe van oorsprongstreke, klassifikasie en eienskappe. Struktuur van laagdrukgebiede, algemene verspreiding van die weer in 'n laedrukgebied. Fronte; die frontteorie van die formasie van laedrukgebiede, okklusies, geokkludeerde laedrukgebiede, sekondêre laedrukgebiede, laedrukgebiedfamilies.

(b) Adiabatiese veranderings in die atmosfeer. Droë versadigde en omgewingsvervaltempo's. Stabiliteit, onstabiliteit en voorwaardelike onstabiliteit. Die ontwikkeling van donderstorms.

(c) Volledige kennis van die ontwikkeling en afname van tropiese werwelstorms, hul lokaliteite, name, seisoene, bane en daarmee gepaardgaande weer, voorspelling van waarskynlike beweging. Navigasie in die omgewing van, en die reël vir die ontwyking van tropiese storms. Verslae wat kragtens internasionale konvensies opgestel moet word.

(d) Kennis van die inligting beskikbaar in die Suid-Afrikaanse Weerburo se handleiding getiteld "Weerkode vir Skepe". Gebruik van 'n sinoptiese kaart om die weer op bepaalde punte af te lei en om die waarskynlike veranderings oor seegebiede te voorspel. Faksimileeweerkaarte en die nut daarvan.

(e) Die vernaamste oseaanstrome; hul name en eienskappe. Oorsake van oseaanstrome, algemene oppervlaksirkulerings van die oseaan, direkte en indirekte uitwerking van heersende winde, gradiëntstrome, seisoensveranderings in die algemene sirkulasie. Opwelling en die gevolge daarvan.

(f) Die vernaamste tipes dryfys en hulle oorsprong. Algemene grense van ys in albei halfronde, seisoensontwikkeling en terugsmelting, beweging van ysberge. Navigasie in die nabyheid van ys. Verslae wat kragtens internasionale konvensies opgestel moet word.

(g) Seereisbeplanning; keuse van oseaanroetes. Algemene beginsels van weerroetebepaling, met gebruikmaking van voorspellingsoppervlakweer- en golfkaarte. Die gebruik van die jongste atlasse en ander kaarte en navigasiepublikasies wat op oseaannavigasie betrekking het.

KLAS 2—BEKWAAMHEIDSERTIFIKAAT

Operasies aan boord van 'n skip

Vraestel 4 (twee-en-'n-halfuur skriftelik)

(a) Organisering en opleiding van bemanning vir sowel roetine- as noodpligte. Skadebeheer- en brandbestrydingsplanne; Noodstasielyste.

ANNEXURE I

CLASS 2—CERTIFICATE OF COMPETENCY: SYLLABUS

Coastal navigation

Paper 1 (two and a half hours excluding oral questions)

In addition to the syllabus for Class 4, Chartwork.

(a) Approaching the coast under any circumstances.

(b) Planning a coastal passage or entry into harbour. Verification of position. Selection of suitable anchorages.

(c) Execution of a passage. Monitoring progress. Effect of constraints such as weather and tide, traffic, and state of ship's equipment.

(d) The use of sailing directions and other publications relevant to coastal navigation which are required to be carried by South African Merchant ships, including Admiralty Tide Tables, Volumes 1 and 2.

(e) The use of aids to navigation, including radar, echo sounder and visual aids, in coastal navigation and pilotage, including the use of radar in collision avoidance.

Notes:

(1) Questions shall be set in this paper requiring descriptive answers as well as work on the chart provided. Oral questions, which may relate to any part of the syllabus, may also be asked.

(2) A radar plot may be set in this paper.

CLASS 2—CERTIFICATE OF COMPETENCY

Ocean and offshore navigation

Paper 2 (two and a half hours written)

(a) Astronomical Navigation as in paragraphs (c) to (g) of Practical Navigation, Class 4.

(b) Problems on great circle and composite sailing.

(c) Position fixing, fixed and variable errors, area of probability. Obtaining a position from two or more observations of any type, with or without run.

(d) The use and understanding of aids to navigation, including all those radio and electronic aids which are installed in the majority of merchant ships. Questions shall be directed towards ensuring that candidates have a proper understanding of the essential principles and operation of these aids and can make full use of their capabilities whilst appreciating their limitations.

CLASS 2—CERTIFICATE OF COMPETENCY

Meteorology

Paper 3 (two and a half hours written)

(a) Air masses; general ideas on source regions; classification and properties. Structure of depressions, general distribution of weather in a depression. Fronts; the frontal theory of the formation of depressions, occlusions, occluded depressions, secondary depressions, families of depressions.

(b) Adiabatic changes in the atmosphere. Dry, saturated and environmental lapse rates. Stability, instability and conditional instability. The development of thunder-storms.

(c) A full knowledge of the development and decay of tropical revolving storms, their localities, names, seasons, tracks and associated weather; forecasting the probable movement. Navigation in the vicinity of and the rules for avoiding tropical storms. Reports to be made under international conventions.

(d) A knowledge of the information available in the ["Weather codes for Ships" published by the South African Weather Bureau.] use of a synoptic chart to deduce the weather at specified points and to forecast the probable changes over sea areas. Facsimile weather charts and their uses.

(e) Principal ocean currents; their names and characteristics. Causes of ocean currents, general surface circulation of the oceans, direct and indirect effect of prevailing winds, gradient currents, seasonal changes in the general circulation. Upwelling and the consequences thereof.

(f) The main types of floating ice and their origins. General limits of ice in both hemispheres, seasonal development and recessions, movement of icebergs. Navigation in the vicinity of ice. Reports to be made under international conventions.

(g) Voyage planning; the selection of ocean routes. Principles of weather routeing, use of prognostic surfaee weather and wave charts. Use of current atlases and other charts and navigational publications relevant to ocean navigation.

CLASS 2—CERTIFICATE OF COMPETENCY

Ship-board operations

Paper 4 (two and half hours written)

(a) Organisation and training of crew both for routine and emergency duties. Damage control and fire-fighting plans; Emergency Station lists.

(b) Inspeksie en onderhoud van die skip en sy toerusting, met inbegrip van die doel, gebruik en werking van 'n beplande onderhoudstelsel. Algemene herstelwerk, voorbereiding van herstelwerklyste. Droogdokroetine. Eienskappe en gebruike van verwe, harse en ander beskermende bedekkings.

(c) Algemene beginsels van die stuwing en hantering van alle tipes vrag, breedvoeriger as wat vir die laer grade vereis word, met inbegrip van voorbereidings vir die vervoer en versorging daarvan in oorvaart. Berekenings met betrekking tot stuwing (droë sowel as vloeibare vrag) en die gebruik van vraghanteergerei.

(d) Ballaslading. Die skoonmaak en ontgassing van tenks Kim- en ballaslynstelsels. Pypaanlegte in vervoerders wat onverpakte olie vervoer.

(e) Kennis van die regulasies wat betrekking het op die vervoer en hantering van vrag, met inbegrip van 'n algemene kennis van gevaarlike vragte, internasionale gebruikskodes.

(f) Kennis van die Laslynreëls soos van toepassing op die werking van die skip; die belangrikheid van die onderskeie sones en seisoensgebiede; voorbereiding vir jaarlikse opname.

Die vermoë om 'n berekening te maak van die maksimum hoeveelheid vrag wat gelaai moet word, hetsy volgens massa of volume.

(g) Voorbereiding vir veiligheidstoerusting-, veiligheidskonstuksie-, laslyn- en klassifikasieopnames; kennis van die betekenis van die uitgereikte sertifikate.

KLAS 2—BEKWAAMHEIDSERTIFIKAAT

Skeepskonstruksie en -stabiliteit

Vraestel 5 (drie uur skriftelik)

(a) 'n Volledige kennis van die beginsels van skeepsbou as wat vir Klas 4, Algemene Skeepskennis, vereis word. Midskeepse deursnee van eendek- en tussendekskepe, met inbegrip van skepe vir die vervoer van onverpakte vrag, houerskepe en vervoerders van gespesialiseerde produkte. Funksies, konstruksie en verstewiging van waterdigte skotte, met inbegrip van botsingskotte. Agterstewestruktuur. Konstruksie, verstewiging en sluitinrigtings van luikopeninge en bobou, tenkopeninge, waterdigte deure en rompdeure. Skroefaskokers.

(b) Algemene begrippe van sweisprosesse in konstruksie- en herstelwerk, soorte sweiswerk, gewone foute, sweiswerk met die oog op ondersoek. Die toets van tenks en ander waterdigte dele. Korrosiebeheermetodes.

(c) Skuifkragte en buigmomente. Spannings teweeggebring deur skuiwing en buiging. Hoe om eenvoudige vrag-, skuifkrag- en buigmomentkrommes te verkry. Moderne metodes om die uitwerking van verskillende toestande by die inlaai van vrag en ballas op die skip se struktuur te bepaal. Metodes om te kompenseer vir Sterktediskontinuïteit, lokale en spesiale versterking.

(d) Die gebruik van Simpson se reëls vir die berekening van oppervlaktes, volumes en sentroïede.

(e) Bepaling van die posisie van die swaartepunt van 'n skip vir verskillende laai- en ballastingstoestande. Die uitwerking op die posisie van die swaartepunt wanneer gewigte bygevoeg, verwyder, verskuif of gehang word. Om die virtuele styging te bereken in die posisie van die swaartepunt weens tenks wat nie vol is nie. Dwars- en langsmetasenters, metasenterhoogte. Aanvangstabiliteit en die beperking daarvan tot klein hellingshoeke. Veranderings in stabiliteit gedurende 'n seereis. Uitwerking van 'n verskuiwing van vrag of soliede ballas. Stywe en rank skepe.

(f) Veranderings van trim en diepgang weens die laai, aflaai en verskuiwing van gewigte. Die uitwerking van slagsy en trim op stabiliteit. Stabiliteit en trim by droogdokking.

(g) Die gebruik van stabiliteit-, hidrostatiese en spanningsgegewens wat aan skepe verskaf word. Begrip van die faktore wat die fatsoen van die kromme van statiese stabiliteit beïnvloed en die betekenis van die oppervlakte onder die kromme, met inbegrip van die berekening daarvan. Die gebruik van stabiliteitsgegewens. Graanverskuiwingsmomente.

KLAS 2—BEKWAAMHEIDSERTIFIKAAT

Skeepsake en Wet

Vraestel 6 (twee uur skriftelik)

Hierdie vraestel dek aspekte van 'n Hoofoffisier se handelspligte wat nie elders geëksamineer word nie, en behels ook voldoende bekendstelling met die Gesagvoerder se Skeepsake en Maritieme Reg ten einde die Hoofoffisier in staat te stel om tydelik bevel oor te neem van die vaartuig in die geval van die Gesagvoerder se ongesteldheid of dood:

(a) 'n Praktiese kennis van—

(i) die stappe wat gedoen moet word by bevelsaanvaarding;

(ii) die Registrasiesertifikaat en die wetlike betekenis daarvan;

(iii) sertifikate en ander dokumente wat ingevolge Suid-Afrikaanse wetgewing of internasionale konvensies op 'n skip moet wees;

(iv) die amptelike skeepsjoernaal en inskrywings wat daarin gemaak moet word;

(b) Inspection and maintenance of the ship and her equipment, including the purpose, use and operation of a Planned Maintenance System. General repairs, preparation of repair lists. Dry-docking routine. Properties and uses of paints, resins and other protective coverings.

(c) General principles of the stowage and handling of all types of cargo, in greater depth than is required at the lower grades, including preparations for their carriage and care in transit. Calculations relating to stowage (both of dry and liquid cargoes) and to the use of cargo gear.

(d) Ballasting. Tank cleaning and gas-freeing. Bilge and ballast line systems. Piping arrangements in bulk liquid carriers.

(e) Knowledge of the regulations relating to the carriage and handling of cargo including a general knowledge of dangerous cargoes, International Codes of Practice.

(f) A knowledge of the requirements of the Load Line Rules as they affect the working of the ship; the significance of the various zones and seasonal areas; preparation for annual survey.

The ability to calculate the maximum amount of cargo to be loaded, either by mass or volume.

(g) Preparation for Safety Equipment, Safety Construction, Load Line and Classification surveys; a knowledge of the significance of the certificates issued.

CLASS 2—CERTIFICATE OF COMPETENCY

Ship construction and stability

Paper 5 (three hours written)

(a) A fuller knowledge of the fundamentals of ship construction than is required in Class 4, General Ship Knowledge. Midship sections of single deck and 'tween deck ships, including bulk carriers, container ships and specialised carriers. Functions, construction and stiffening of watertight bulkheads, including collision bulkheads. Structure at the stern. Construction, stiffening and closing arrangements of hatchways and superstructures, tank openings, watertight and hull doors. Stern tubes.

(b) General ideas on welding processes in construction and repair work, types of weld, common faults, visual examination of welded work. Testing of tanks and other watertight work. Methods of corrosion control.

(c) Shear forces and bending moments. Stresses produced by shear and bending. To produce simple curves of load, shear force and bending moments. Modern methods of determining the effect of different conditions of loading and ballasting on the ship's structure. Methods of compensating for discontinuity of strength, local and special stiffening.

(d) The use of Simpson's rules in the computation of areas, volumes and centroids.

(e) Determination of the position of the centre of gravity of a ship for different conditions of loading and ballasting. The effect on the position of the centre of gravity of adding, removing, shifting or suspending weights. To determine the virtual rise in the position of the centre of gravity due to slack tanks. Transverse and longitudinal metacentres, metacentric height. Initial stability and its limitation to small angles of inclination. Changes in stability during a voyage. Effect of a shift of cargo or solid ballast. Stiff and tender ships.

(f) Changes of trim and draught due to loading, discharging and shifting weights. Effect of list and trim on stability. Stability and trim when dry-docking.

(g) Use of stability, hydrostatic and stress data supplied to ships. An understanding of the factors affecting the shape of a curve of statical stability and the significance of the area under the curve, including its calculation. Use of stability data. Grain shift moments.

CLASS 2—CERTIFICATE OF COMPETENCY

Business and Law

Paper 6 (two hours written)

This paper covers aspects of a Chief Officer's commercial duties not examined elsewhere, and also includes sufficient introduction to shipmaster's Business and Maritime Law to enable the Chief Officer to take temporary command of the vessel in the event of the Master's incapacity or death.

(a) A working knowledge of—

(i) the action to be taken on assuming command;

(ii) the Certificate of Registry and its legal significance;

(iii) certificates and other documents required to be carried on board by South African legislation or by international conventions;

(iv) the official Log Book and entries to be made therein;

(v) huidige wetgewing betreffende die daaglikse bedryf van handelskepe, ten opsigte van die veiligheid van die bemanning, en dissipline.

(b) Dokumentasie van vrag, met inbegrip van stuurmanskwitansies, seevragbriewe, lyste van gevaarlike goedere, geleibriewe en vragplanne.

(c) Die gesagvoerder se pligte en verpligtinge ten opsigte van:

(i) stranding, botsing of ander ongevalle;

(ii) die aanmelding van gevare vir navigasie;

(iii) verkeersverdelingskemas;

(iv) navigasie in hawegebiede.

(d) Akkommodasie vir die bemanning. Skeepshigiëne en die welsyn van die bemanning. Inspeksies en verslae: Prosedures in geval van ongesteldheid of 'n ongeluk. Die aard en bron van mediese bystand ter beskikking van 'n skip ter see. Beroking en plaagbestryding. Suid-Afrikaanse en internasionale gesondheidsregulasies.

(e) Die voorkoming van besoedeling en die hou van rekords.

(f) Die vermoë om duidelike en volledige verslae te skryf aangaande—

(i) skade aan skip of vrag;

(ii) onderhoud van skip en toerusting; en

(iii) rekwisisies en rekenskap van voorrade.

KLAS 2—BEKWAAMHEIDSERTIFIKAAT

Mondeling

(a) (i) Die hantering van swaar gewigte met spesiale verwysing na die tipe en sterkte van gerei wat gebruik word.

(ii) Die gebruik en versorging van alle dek- en bodektoestelle en -toebehore, met inbegrip van wenasse, kaapstanders, windasse, davits, touleiers, noodstuurgerei en toebehore wat tussen die anker en die kettingbak gebruik word.

(b) Ankers: Verskillende tipes ankers en die voor- en nadele van elk.

Kabels en die versorging daarvan. Voorbereidsels vir ankering. Ankering met 'n enkele anker, en gebruik van 'n tweede anker. Klaring van 'n onklaar anker en kluis. Ankering in 'n stroomstreek en in beperkte vaarwater. Vasmeer. 'n Anker laat hang. Kabels wat breek en glip. Om te begin vaar. Hoe om 'n anker met bote uit te neem.

(c) (i) Uitwerking van strome, wind, watervlak en diepgang op maneuvrering. In riviere en hawens maneuvreer. Met of sonder die gebruik van sleepbote langs kaaie en olie-eindpunte aanlê of daarvandaan vertrek.

(ii) Hantering van skepe in stormweer. Metodes om 'n skip wat ontredder of buite beheer is, uit die golfdal te hou en om die lywaartse dryf te verminder. Die hantering van 'n ontredderde skip. Bykomende voorsorg wat getref moet word voordat stormweer intree.

(d) (i) Kennis van die regulasies betreffende reddings- en brandbestrydingstoestelle.

(ii) Maatreëls wat getref moet word wanneer 'n skip per ongeluk beskadig word, met inbegrip van botsings, stranding, beskadiging tydens stormweer en lekkasies. Metodes van brandbestryding aan boord van 'n skip. Die organisasie van, en die uitreik van bevele aan spanne om brande te bestry en om reddingsbote en -vlotte in gereedheid te bring.

(iii) 'n Deeglike kennis van soek-en-reddingsprosedures.

(iv) Voorbereidings vir inbring in droogdok en ontdokking. Gebruik van stutte, kimblokke en kimstutte.

(v) Maatreëls wat getref moet word om die uitstort te voorkom van olie gedurende vragwerk, die inneem van bunkerolie of die oorbring van olie.

(e) Botsingsregulasies en ander items gespesifiseer in paragraaf (f) (i) tot (v) van die mondelinge leerplan vir Klas 4.

(f) Metodes vir die laai en stuwing van vragitems wat spesiale reëlings vir hantering vereis. Die gebruik van twee laaibome, klimtolgewys. Die optakeling van swaailaaibome. Die vaswoel en bevestiging van vrag, met inbegrip van dekvrag. Die voorsiening van veilige toegang. Loopbrûe oor dekvrag. Kennis van die Handelskeepvaartregulasies in verband met die Inneem van Steenkool en die Laai en Aflaai van Skepe, met inbegrip van die periodieke toets van vraghanteringstoerusting. Die masjinerieregister.

(g) Die praktiese gebruik van die planne, tekeninge en gegewens wat aan 'n skip voorsien word, bv. die tuigplan, algemene inrigting, verplasingsplan, veiligheidsplan en hidrostatiese gegewens.

(h) Die eksaminator kan aan die kandidaat vrae stel wat uit die skriftelike werk voortspruit, indien dit nodig geag word vanweë swak prestasie deur die kandidaat.

KLAS 2—BEKWAAMHEIDSERTIFIKAAT

Seine

(a) Uitstuur en ontvang van seine in—

(i) Morse-kode met flitslamp, tot ses woorde per minuut;

(ii) Internasionale Seinboek.

(v) current legislation as it affects the day-to-day running of Merchant ships, in respect of safety of crew and discipline.

(b) Documentation of cargo, including mate's receipts, bills of lading, dangerous goods list, waybills and cargo plans.

(c) The Master's duties and obligations with respect to—

(i) stranding, collision or other casualty;

(ii) the reporting of dangers to navigation;

(iii) traffic separation schemes;

(iv) navigation in port areas.

(d) Crew accommodation. Hygiene of the ship and welfare of the crew. Inspection and reports. Procedures in cases of illness or accident. The nature and source of medical assistance available to a ship at sea. Fumigation and pest control. South African and International Health Regulations.

(e) The prevention of pollution and the keeping of records.

(f) The ability to write clear and concise reports with regard to—

(i) damage to ship or cargo;

(ii) maintenance of ship and equipment;

(iii) requisition and accounting for stores.

CLASS 2—CERTIFICATE OF COMPETENCY

Oral

(a) (i) The handling of heavy weights with special reference to type and strength of gear used.

(ii) The use and care of all deck and above-deck appliances and fittings including winches, capstans, windlasses, davits, fairleads, emergency steering gear and fittings used between anchor and cable locker.

(b) Anchors; different types of anchors and their advantages and disadvantages.

Cables and their care.

Preparation for anchoring.

Operation of anchoring with a single anchor and use of a second anchor.

Clearing a foul anchor and hawse.

Anchoring in a tideway and in confined water.

Mooring.

Hanging off an anchor.

Breaking and slipping cables.

Getting under way.

To carry out an anchor with boats.

(c) (i) Effect of current, wind, shallows and draught on manoeuvring. Manoeuvring in rivers and harbours. Berthing alongside and leaving quays and oil terminals with or without the use of tugs.

(ii) Management of ships in heavy weather. Means to employ to keep a disabled or unmanageable ship out of the trough of the see and to lessen the lee drift. Handling a disabled ship. Extra precautions to be taken before the onset of heavy weather.

(d) (i) Knowledge of the regulations concerning life-saving and fire-fighting appliances.

(ii) Measures to be taken following accidental damage including collision, grounding, heavy weather damage and leaks.

Methods of dealing with fire on board ship. The organisation and direction of fire-fighting, lifeboat and liferaft preparations parties.

(iii) A thorough knowledge of search and rescue procedures.

(iv) Preparation for drydocking and undocking. Use of shores, bilge blocks and bilge shores.

(v) Measures to be taken to prevent the spillage of oil during cargo work, bunkering or oil transfer.

(e) Collision Regulations and other items specified in paragraph (f) (i) to (v) of the oral syllabus for Class 4.

(f) Methods of loading and stowing items of cargo requiring special handling arrangements. The use of yo-yo gear. Rigging swinging derricks. Lashing and securing of cargo including deck cargo. Provision of safe access. Gangways across deck cargo. A knowledge of the Merchant Shipping Loading, Unloading and Coaling Regulations including the periodic testing of cargo handling equipment. Machinery register.

(g) The practical use of the plans, drawings and data supplied to a ship, e.g. rigging plan, General Arrangement, Displacement plan, Safety plan and hydrostatic data.

(h) The examiner may ask the candidate questions arising out of the written work, if it is deemed necessary on account of weakness shown by the candidate.

CLASS 2—CERTIFICATE OF COMPETENCY

Signals

(a) To send and receive signals in—

(i) morse code by flash lamp up to six words per minute;

(ii) International Code of Signals.

(b) Die praktiese gebruik van handbediende of outomatiese skeepsradio-rigtingsoekers, kennis van die funksies, kenmerke en metodes vir die gebruik van spesiale tipes radiobakens wat voorkom in die Admiraliteit se Radioseinlys, Vol. II, bv. draaibakens en rigbakens.

(c) Prosedures vir noodseinwerk deur middel van radiotelegrafie.

AANHANGSEL J

KLAS 1—BEKWAAMHEIDSERTIFIKAAT—BEVARE SEEKAPTEIN: LEERPLAN

Skeepsake en Wet

Vraestel 1 (drie uur skriftelik)

Die regskennis wat vereis word, word beperk tot 'n begrip van die wette en *Staatskoerante* wat op skeepvaart van toepassing is, en op die handelswette wat 'n Gesagvoerder moet ken ten einde die sake van 'n skip te behartig.

(a) Registrasie van skepe. Die registrasiesertifikaat en die wetlike betekenis daarvan.

(b) Sertifikate en ander dokumente wat op 'n skip moet wees; hul gebruik, hoe hulle verkry word en (indien van toepassing) hoe lank hulle geldig is.

(c) Indiensneming en ontslag van, en beheer oor bemannings, bemanningsvereistes en sertifikate. Indiensnemingskontrakte, lone en ander besoldiging, toewysings, poswissels, betalings in bankrekenings, pensioenfondse, werkloosheidversekering, inkomstebelasting. Gestorwe seelui, indiensneming van plaasvervangers, repatriasie.

(d) Die amptelike Skeepsjoernaal en die wet betreffende inskrywings. Oortredings met betrekking tot wangedrag waardeur die skip in gevaar gestel word en teen persone aan boord. Dissipline en optrede in die geval van dissiplinêre oortredings. Siviele aanspreeklikheid vir sekere oortredings.

(e) Doeanekantoorprosedure vir in- en uitklaring van skip. Die funksie van skeepsagente.

(f) Laslynmerke; berekenings by die gebruik daarvan. Inskrywings en verslae ten opsigte van vryboord, diepgang en toelatings.

(g) Die veiligheid van die skip, bemanning en passasiers. Hulp aan skepe in nood. Pligte in die geval van stranding, botsing of 'n ander ongeval. Sleepvaart en berging.

(h) Die wet met betrekking tot navigasie, met inbegrip van die voorkoming van botsing, die aanmeld van gevare vir navigasie, en ongevalle ter see. Verpligte en nie-verpligte loodsing. Die samestelling en magte van howe van marine-ondersoek, en van opnemingshowe.

(i) 'n Algemene kennis van skeepvaartpraktyk en -dokumente, veral huurkontrakte, seevragbriewe en geleibriewe, 'n Begrip van die hoofklousules in 'n bevragtingskontrak. Lêdae, oorlêgeld en versending (met inbegrip van berekenings). Die wet betreffende die vervoer van vrag en die skeepseienaar se aanspreeklikheid en verantwoordelikhede. Proteste, vragopnames, seewaardigheidsertifikate.

(j) 'n Oorsigtelike kennis van die uitdruklike en stilswyende voorwaardes en statutêre bepalings wat in 'n seeversekeringskontrak vervat is. Partikuliere awery, algemene awery. Prosedure by 'n vlughawe. Lloyd se agente. Beskermings- en vrywaringsklubs.

(k) Agtergrondkennis van Suid-Afrikaanse en internasionale organisasies wat met skeepvaart te doen het. Veiligheidskonvensies en nasionale wetgewing.

(l) Die skryf van sakebriewe en verslae.

KLAS 1—BEKWAAMHEIDSERTIFIKAAT: BEVARE SEEKAPTEIN

Navigasie

Vraestel 2 (twee-en-'-halfuur skriftelik)

Vrae kan gestel word oor enige aspek van navigasie wat in die laer grade behandel word, met inbegrip van aangeleenthede wat pertinent met navigasie te doen het en in ander vakke gedek word. Van kandidate word daar verwag om volle begrip te hê van die betrokke tegnieke en hulle moet in staat wees om die onderskeie aspekte met mekaar in verband te bring, en hulle vermoë te toon om ten volle gebruik te maak van al die navigasie- en meteorologiese inligting wat tot 'n skip se Gesagvoerder se beskikking is, met inbegrip van sy eie waarnemings. Die vorm van die vraestel sal van eksamen tot eksamen wissel. Dit kan byvoorbeeld uit slegs een vraag bestaan, soos gedetailleerde vaartbeplanning as 'n uitgebreide oefening, of uit een sodanige vraag, effens minder uitgebreid, en 'n korter vraag, soos 'n radaruitstipping, of 'n oefening in posisiebepaling; of uit verskeie vrae wat verskillende aspekte van navigasie en verwante onderwerpe dek. Die volgende leerplan moet in die lig van hierdie riglyne beskou word;

1. (a) Seereisbeplanning. Die keuse van oseaanroetes. Landbasisroetebepaling volgens die weer en eie roetebepaling.

(b) Beplanning en uitvoering van 'n kusvaart. Nadering van die kus. Nadering en binnevaar van 'n hawe.

(c) Navigasie in loodsvaarwaters, hetsy met of sonder 'n loods aan boord.

(b) The practical use of shipborne radio direction finders operated in the manual and automatic modes, knowledge of the functions, characteristics and methods of using special types of radio beacons which are listed in Admiralty List of Radio Signals Vol. II for example; rotating beacons and directional beacons.

(c) Procedures for emergency signalling by wireless telegraphy.

ANNEXURE J

CLASS 1—CERTIFICATE OF COMPETENCY—MASTER MARINER: SYLLABUS

Business and Law

Paper 1 (three hours written)

The legel knowledge required shall not go beyond an understanding of the Acts and *Government Gazettes* applicable to shipping and the mercantile law which a shipmaster must know in order to conduct the business of a ship.

(a) Registration of ships. The certificate of registry and its legal significance.

(b) Certificates and other documents or publications required to be carried aboard ship; their use, how they are obtained, and (if appropriate) the period of their validity.

(c) Engagement, discharge and management of crews, manning requirements and certificates. Contracts of employment, wages and other remunerations, allotments, money orders, payments into bank accounts, pension funds, unemployment insurance, income tax. Deceased seamen, engagement of substitutes, repatriation.

(d) The official Log Book and the law relating to entries. Offences relating to misconduct, to endangering ship and against persons on board. Discipline, and treatment of disciplinary offences. Civil liability for certain offences.

(e) Customs house procedure for entering and clearing ship. Function of ships' agents.

(f) Load line marks; calculations involving their use. Entries and reports in respect of freeboard, draught and allowances.

(g) The safety of the ship, crew and passengers. Assistance of vessels in distress. Duties in the case of stranding, collision or other casualty. Towage and salvage.

(h) The law relating to navigation, including the prevention of collision, the reporting of dangers to navigation, and marine casualties. Compulsory and non-compulsory pilotage. Constitution and powers of courts of marine enquiry, and of courts of survey.

(i) A general knowledge of shipping practice and documents with particular reference to charter parties, bills of lading, and waybills. An understanding of the clauses in a contract of affreightment. Lay-days, demurrage and despatch (including calculations). The law relating to the carriage of cargo, and the shipowner's liabilities and responsibilities. Protests, cargo surveys, certificates of seaworthiness.

(j) An outline knowledge of the expressed and implied conditions and statutory terms contained in a contract of marine insurance. Particular average, general average. Procedure at a port of refuge. Lloyd's agents. Protection and indemnity clubs.

(k) A background knowledge of South African and international organisations concerned with shipping. Safety conventions and national legislation.

(l) The writing of business letters and reports.

CLASS 1—CERTIFICATE OF COMPETENCY-MASTER MARINER

Navigation

Paper 2 (two and a half hours written)

Questions may be asked on any aspect of navigation covered in the lower grades, including matters pertinent to navigation covered in other subjects.

Candidates shall be required to show a full understanding of the techniques involved and must be fully able to relate the various aspects one to another, and to show their ability to make full use of all the navigational and meteorological information which is available to a ship's Master, including his own observations. The form of the paper shall vary from examination to examination. As examples, it may consist of one question only, such as a detailed and extensive exercise in passage planning; one such question, slightly less extensive, and a shorter question such as a radar plot or an exercise in position finding; several questions covering different aspects of navigation and related subjects. The following syllabus is to be read in the light of this guidance;

1. (a) Voyage planning. The selection of ocean routes. Shore-based weather routeing and self-routeing.

(b) Planning and executing a coastal passage. Approaching the coast. Approaching and entering harbour.

(c) Navigation in pilotage waters, whether with or without a pilot on board.

(d) Die nadering en deurvaar deur verkeersverdelingskemas en aangrensende gebiede.

2. (a) Die optimum koers en spoed vir twee skepe wat wil rendezvous hou.

(b) Soek-en-reddingsprosedures.

(c) Navigasieprosedures wanneer see-installasies genader word en wanneer met helikopters of klein vaartuie gewerk word.

(d) Navigasie in uiterste weerstoestande.

3. Brugprosedures ter see, in die hawe, en terwyl daar aangelê en geanker word.

4. (a) Die vertolking en gebruik van Navigasie- en Weerkundige inligting.

(b) Die vertolking en gebruik van inligting met behulp van navigasiehulpmiddels verkry, met inbegrip van die gebruik van radar ter voorkoming van botsings.

(c) Die uitwerking van stelselmatige en ewekansige foute by posisiebepaling volgens enige metode.

(d) Voordele en nadele van verskeie navigasiestelsels en -metodes; oorwegings wat die keuse van navigasiestelsels vir verskillende bedrywe en geografiese gebiede ten grondslag lê.

KLAS 1—BEKWAAMHEIDSERTIFIKAAT: BEVARE SEEKAPTEIN

Skeepskonstruksie en stabiliteit

Vraestel 3 (drie uur skriftelik)

(a) Soorte skepe. Algemene begrippe van sterkte en bou met betrekking tot die besondere doel waarvoor hulle gebruik word, met inbegrip van gespesialiseerde vervoerders. Die gebruik van spesiale soorte staal, aluminium en brandbestande materiale in skeepsbou. Beginsels van skadebeheer. Reëlings om die verspreiding van brand in die bobou te beperk.

(b) 'n Praktiese kennis van—

Klassifikasie van skepe;

Periodieke opnames vir behoud van klas;

Tonnemaatsertifikate en hulle doel;

Vereistes van die laslynreëls, tydperk en voorwaardes van geldigheid van sertifikaat, 'n begrip van daardie aspekte van die toewysingsvoorwaardes wat 'n invloed het op die stabiliteit en seewaardigheid van 'n skip. Die Regulasies in verband met die konstruksie van vragskepe, en die opnames wat kragtens hierdie regulasies vereis word.

(c) Permeabiliteit van 'n kompartement. Die uitwerking van 'n lek onderin en oorstroming (ent- of midskeepse kompartemente, op of van die middellyn af).

(d) 'n Omvattender kennis van stabiliteit as wat vir Klas 2 vereis word en daarbenewens stabiliteit by matige en groot slagsyhoeke; die bepaling van dinamiese stabiliteit met behulp van S-O-kromme; lolhoek; die verskuiwing of toevoeging van gewigte met SM nul; die uitwerking van wind en golwe.

(e) Skeepstabiliteit ter see.

Gevare vir 'n skip met 'n groot slagsy. Voorsorgmaatreëls by oprigting. Dekvragte, eensoortige vrag en vrag wat kan skuif. Inlaai van ballas met die oog op stabiliteit. Die uitwerking van rompbreedte en vryboord op stabiliteit.

(f) Die hellingsproef. Omvattende kennis van die hidrostatiese, stabiliteits- en spanningsgegewens wat aan skepe verskaf word.

(g) Vlakwatereffek. Interaksie tussen skip en skip en tussen skip en land. Draaikring. Slagsyhoek tydens die draaiproses; die uitwerking op stabiliteit.

(h) Breedvoeriger kennis as wat vir Klas 2 vereis word van buigspanning in die ballas en gelaaide toestande ter see. Wringspanning.

KLAS 1—BEKWAAMHEIDSERTIFIKAAT: BEVARE SEEKAPTEIN

Ingenieurswese en beheerstelsels

Vraestel 4 (twee-en-'n-halfuur skriftelik)

(a) (i) Die betekenis van skeepsingenieurswesetterme in algemene gebruik.

(ii) Algemene kennis van diesel- en turbinemasjinerie, skeepsketels, ontwikkelaars, pompe, kondensators en verdampers. Transmissie van hoofmasjienkrag. Stuurstelsels. Maneuvreerprosedures.

(iii) Brandstofverbruik en ekonomiese snelhede; die verband tussen krag, snelheid, verplasing en verbruik; beraamde verbruik om 'n deurvaart te voltooi. Probleme met betrekking tot heibeweging en skeepshelling. Vaste las.

(b) Begrip van die toepassing ter see van die eienskappe van gasse. Stelsels vir die vervoer van bevrore vragte en van vloeibare gasse.

(d) Approaching and passing through traffic separation schemes and adjacent areas.

2. (a) The optimum course and speed for two ships wishing to rendezvous for any purpose.

(b) Search and rescue procedures.

(c) Navigational procedures when approaching off-shore installations, and when working with helicopters or small craft.

(d) Navigation in extreme weather conditions.

3. Bridge procedures at sea, in harbour, and whilst berthing or anchoring.

4. (a) The interpretation and use of navigational and meteorological information.

(b) The interpretation and use of information from navigational aids, including the use of radar in collision avoidance.

(c) The effects of systematic and random errors in position fixing by any method.

(d) Advantages and disadvantages of various navigation systems and methods; considerations underlying the choice of navigational systems for differing trades and geographical regions.

CLASS 1—CERTIFICATE OF COMPETENCY MASTER MARINER

Ship construction and stability

Paper 3 (three hours written)

(a) Types of ships. General ideas on strenght and construction in relation to particular trades, including specialised carriers. The use of special steels, aluminium and fire resistant materials in ship construction. Principles of damage control. Arrangements for restricting the spread of fire in super-structures.

(b) A working knowledge of—

Classification of ships;
periodic surveys for retention of class;
tonnage certificates and their purpose;

requirements of the Load Line Rules, period and conditions of validity of certificate, an understanding of those aspects of the conditions of assignment which affect the stability and seaworthiness of a ship. The Cargo Ship Construction Regulations and surveys required under these regulations.

(c) Permeability of a compartment. The effect of bilging and flooding (end or midships compartment, on or off the centre-line).

(d) A more comprehensive knowledge of stability than is required for Class 2 and in addition: Stability to moderate and large angles of heel; assessment of dynamical stability from GZ curve; angle of loll; shifting or adding weights with zero GM; effect of wind and wave excitation.

(e) Ship stability at sea.

Dangers to a ship with a heavy list. Precautions when righting. Deck cargoes, homogeneous cargo and cargo liable to shift. Ballasting for stability consideration. The effect of beam and freeboard on stability.

(f) The inclining experiment. A comprehensive knowledge of the hydrostatic, stability and stress data supplied to ships.

(g) Shallow water effect. Ship to ship and ship to shore interaction. The turning circle. Angle of heel when turning; effect on stability.

(h) A more detailed knowledge than is required for Class 2 of bending stresses in the ballast and loaded conditions at sea. Torsional stress.

CLASS 1—CERTIFICATE OF COMPETENCY MASTER MARINER

Engineering and Control Systems

Paper 4 (two and a half hours written)

(a) (i) The meaning of marine engineering terms in common use.

(ii) A general knowledge of diesel and turbine machinery, marine boilers, generators, pumps, condensers and evoporators. Transmission of main engine power. Steering systems. Manoeuvring procedures.

(iii) Fuel consumption and economical speeds; relationship between power, speed, displacement and consumption; estimated consumption to complete a passage. Problems involving pitch and slip. Hotel load.

(b) An understanding of marine applications of the properties of gases. Systems for the carriage of refrigerated cargoes and of liquefied gases.

(c) Algemene beginsels van afstandbeheerstelsels. Soorte kontroles en die metodes wat by pneumatiese, elektriese en hidrouliese beheerstelsels vir die hoofmasjien, pompe en kleppe gebruik word. Inligtingstelsels en beelde; data-aantekening, bybehorende alarm- en faalveilige stelsels. Brugbeheer van hoofmasjiene. Boegstutkrageenhede en ander maneuvreerhulpmiddele nie in Vraestel 5 gedek nie. Tenk- en diepgangmeters. Stabiliseerders.

(d) Brandopsporings- en -blusstelsels en prosedures: algemene beginsels en praktiese toepassing; vermoëns en beperkings van die onderskeie stelsels.

(e) Besoedeling: die voorkoming van besoedeling, en die Gesagvoerder se pligte, verpligtinge en aanspreeklikhede, met inbegrip van die hou van rekords.

KLAS 1—BEKWAAMHEIDSERTIFIKAAT: BEVARE SEEKAPTEIN

Navigasiehulpmiddels en instrumente

Vraestel 5 (drie uur skriftelik)

(a) Die bou, plasing, versorging en instandhouding van die magnetiese kompas en verwante toerusting. Oorsake van deviasie, die opstel van 'n deviasietabel. Koëffisiënte A, B, C, D en E. Die evaluering van die benaderde koëffisiënte aan die hand van gegewe data en hulle verhouding tot die deviasie. Skatting, sonder berekening, van die uitwerking van permanente magnetisme en geïnduseerde magnetisme. Beginsels van kompasstellings en praktiese stelmetodes. Hellingsfout. Gaussfout en retentiewe fout. Die uitwerking van breedtegraadverandering op deviasie.

(b) Beginsel van die tolkompas. Foute geassosieer met die tolkompas, met inbegrip van breedte-, koers- en snelheidsfout en -korreksie; ballistiese defleksie en sy verband met verandering in snelheidsfout; rolfoute en hoe dit geminimaliseer word. Die vernaamste dele van 'n tolkompas; fundamentele verskille in die bou en werking van die bekender tolkompasse.

(c) Beginsels, werking en gebruik van die tolkompas- en magnetiese sendkompasrepeteerstelsels; stuuroutomaat; projektorkompasse; draaitempoaanwysers.

(d) Radar vir navigasie en om botsings te vermy; kenmerke, gebruik, vermoëns en beperkings. Bepaling van prestasie. Sekondêre radarstelsels. Doppler-radar.

(e) Rigtingbepaling- en satellietnavigasiestelsels; Decca, Loren, Consol, Omega; die beginsel, eienskappe, toepassings, vermoëns en beperkings van elke stelsel. Die relatiewe akkuraatheid van al die tipes posisiebepalingstelsels, met inbegrip van nie-radiostelsels en -metodes. Die foute wat met die verskillende stelsels geassosieer word. Kennis van die tersaaklike Handelskeepvaartkennisgewings.

(f) Beginsel en praktiese toepassing van eggolodingstoestelle, logge en spoedwysers.

(g) 'n Oorsigtelike kennis van onlangse ontwikkelings op die gebied van navigasiehulpmiddels.

KLAS 1—BEKWAAMHEIDSERTIFIKAAT: BEVARE SEEKAPTEIN

Mondeling

(a) (i) Uitsonderlike omstandighede.

Verlies van roer en/of skroef.

Noodstuurreëlings.

Stappe wat gedoen moet word na 'n botsing of enige skade wat opgedoen is.

Stappe wat gedoen moet word wanneer 'n skip op die grond vasloop—metodes om dit weer vlot te maak, opnames na vlotmaking.

'n Skip op die strand stuur.

(ii) Stappe wat gedoen moet word wanneer 'n skip ontredderd is en in nood verkeer.

Beveiliging van passasiers en bemanning in geval van skipbreuk.

Verlating van skip; oorlewingsprosedure.

Verlating van 'n vergane skip.

Kommunikasie met die land.

Die gebruik van vuurpyle en vuurpylapparaat.

(iii) Hulp aan 'n skip, boot of vliegtuig in nood. Die gebruik van rigtingbepaling vir aanpeiling op 'n ongeval.

Redding van die passasiers en bemanning van 'n ontredderde skip of boot, of van 'n vliegtuig wat 'n noodlanding op see gemaak het. Die tewaterlating van bote in geval van ongelukke.

(iv) Maneuvers in slegte weer. Voorsorgmaatreëls wanneer voor anker en ter see.

Gebruik van olie.

Ankering en die gebruik van ankers en kabels in alle omstandighede.

Nadering van riviere en hawens en maneuvrering daarin.

Nadering van seewaartse laaipunte in oopseetoestande.

(c) General principles of remote control systems. Types of controller and the methods used in connection with pneumatic, electrical and hydraulic control systems for main engine, pumps and valves. Information systems and displays; data logging, associated alarm and fail-safe systems. Bridge control of main engines. Bow thrust units and other manoeuvring aids not covered in Paper 5. Tank and draught gauges. Stabilizers.

(d) Fire detection and extinction systems and procedures:

general principles and practical application;

capabilities and limitations of the various systems.

(e) Pollution: the prevention of pollution and the Master's duties, obligations and liabilities, including the keeping of records.

CLASS 1—CERTIFICATE OF COMPETENCY MASTER MARINER

Navigational aids and instruments

Paper 5 (three hours written)

(a) The construction, siting, care and maintenance of the magnetic compass and associated equipment. Causes of deviation, the production of a table of deviations. Co-efficients A, B, C, D and E. The evaluation of the approximate co-efficients for given data and their relationship to the deviation. An appreciation, without calculations, of the effects of permanent magnetism and induced magnetism. Principles of compass adjustment and practical methods of adjustment. Heeling Error. Gaussin error and retentive error. The effect of change of latitude on the deviation.

2. The statutory requirements and contents of M notices concerning the provision, siting, and maintenance of ship's compasses, and the siting of other equipment in the vicinity.

3. Magnetiese sendkompas en magnetiese tolkompas.

4. Die teorie van degaussering in skepe.

AANHANGSEL O

(SIEN REGULASIE 3.7)

KURSUS IN ELEKTRONIESE NAVIGASIESTELSELS

OPLEIDING IN DIE GEBRUIK VAN RADAR- EN ANDER ELEKTRONIESE NAVIGASIETOERUSTING

ALGEMEEN

Hierdie aanhangsel dek die vereistes vir opleiding in die operasionele gebruik van radar- en elektroniese navigasietoerusting, en die vereistes vir die toekenning van sertifikate.

1. Die kursus in elektroniese navigasiestelsels en die gepaardgaande eksamen vervang die kursusse vir radarwaarnemer met ingang van 1 Junie 1984.

2. Die navigasiebeheerkursus vervang die radarsimulatorkursus met ingang van 1 Junie 1984.

KURSUS IN ELEKTRONIESE NAVIGASIESTELSELS

Mikpunt

Die mikpunt van die kursus is om die leerlingoffisier toe te rus met die basiese kennis en vaardighede wat nodig is om die elektroniese navigasiestelsels waarmee S.A. skepe gewoonlik toegerus is te bedien en om gebruik te maak van die inligting wat voorsien word om die pligte van 'n brugwagoffisier by ontvangs van 'n eerste Bekwaamheidsertifikaat te onderneem.

Einddoel

Aan die einde van die opleiding moet die opleideling in staat wees om sy pligte, soos in die spesifikasie aangedui as Aanhangsel A, doeltreffend te verrig en om die inligting wat van elektroniese navigasietoerusting verkry word aan te wend vir die veilige navigasie van die skip.

Opleidingsplan

Die hele opleidingskursus bestaan uit die progressiewe stadiums wat voltooi word gedurende die twee vernaamste kollege-opleidingstydperke en die tussentydperk seediens, in die goedgekeurde opleidingskema volgens die opleidingspesifikasies aangeheg by Aanhangsel B.

Die leerplan van die ENS-kursus is geïntegreer met en aanvullend by die verwante navigasiestudies in die hoofopleidingskursus. Minstens 120 uur word gedurende die kollege-opleidingstydperke aan die ENS-kursus gewy. So nie kan die kursus in die geval van persone wat Bekwaamheidsertifikate buite die goedgekeurde beplande opleidingskemas wil verwerf, aangebied word as 'n voltydse blok wat 150 uur duur.

Leerplan

Die leerplan vir die kursus is aangeheg by Aanhangsel C.

Aanbieding van die kursus

Die onderlinge verwantskap tussen en die veilige gebruik van alle navigasiemetodes is die grondbeginsel van die kursus.

Praktiese opleiding is noodsaaklik omdat dit die student in sy rol as waghou-offisier bedrewe maak in die hantering van spesifieke toerustingitems.

In die laaste stadiums van die kursus word daar van simulasie gebruik gemaak by oefeninge wat die studente ondervinding laat opdoen van werklike radarstipwerk en die gebruik van radar vir deurlopende posisiemonitering. Sulke oefenige moet egter verband hou met die basiese begrippe van botsingvoorkomings- en navigasietegnieke, en nie met ingewikkelde oefeninge wat meer onder die navigasiebeheerkursus tuishoort nie.

Toerusting

Die toerustingspesifikasie vir die kursus is by Aanhangsel D aangeheg.

Eksamens en beoordeling

Die vordering van studente moet in elke stadium van die kursus beoordeel word en in aanmerking geneem word as deel van die finale eksamen. Die eksamen wat aan die einde van die kursus afgelê word, bestaan uit die konstruksie en vertolking van radarstippings gevolg deur 'n mondelinge/praktiese toets waarin gebruik gemaak word van toerusting wat by die kollege geïnstalleer is.

Vereistes vir die beoordeling van en toelating tot die afneem van eksamens is by Aanhangsel E aangeheg.

Sertifikate

'n Sertifikaat in Elektroniese Navigasiestelsels, uitgereik deur die Departement van Vervoer, word deur die kollege toegeken aan opleidelinge wat die volle kursus bevredigend gevolg het en in die eindeksamen geslaag het.

3. Transmitting magnetic and gyro-magnetic compasses.

4. The theory of degaussing in ships.

ANNEXURE O

(SEE REGULATION 3.7)

ELECTRONIC NAVIGATION SYSTEMS COURSE

TRAINING IN THE USE OF RADAR AND OTHER ELECTRONIC NAVIGATION EQUIPMENT

GENERAL

This annexure covers requirements for training and certification in the operational use of radar and electronic navigation equipment.

1. The Electronic Navigation Systems course and its related examination shall replace the Radar Observer courses as from 1 June 1984.

2. The Navigation Control course shall replace the Radar Simulator course as from 1 June 1984.

ELECTRONIC NAVIGATION SYSTEMS COURSE

Aim

The aim of the course shall be to equip the trainee officer with the fundamental knowledge and skills needed to operate electronic navigational systems commonly fitted in S.A. ships and to use the information presented to undertake the duties of a bridge watch-keeping officer on receipt of a first Certificate of Competency.

Objective

At the end of the training, the trainee should be able to perform competently the duties shown in the specification as Annex 'A' and use the information obtained from electronic navigation equipment for the safe navigation of the ship.

Training plan

The complete course of training has been designed in three progressive stages for completion during the two main college based phases and the intervening period of sea service in the approved training scheme in accordance with the training specification attached at Annex B.

The ENS course syllabus shall be integral with and complementary to the related navigational sudies in the main course of training. At least 120 hours shall be devoted to the ENS course during the college based phases. Alternatively, for persons seeking Certificates of Competency outside the approved schemes of planned training, the course may be run as a full time block of 150 hours duration.

Syllabus

The syllabus for the course is attached at Annex C.

Conduct of the course

The inter-relationship and safe use of all methods of navigation shall be the keynote throughout the course.

Practical training shall be an essential feature to enable the student to acquire and demonstrate proficiency in the operation of specific items of equipment in relation to his role as a watch-keeping officer.

In the latter stages of the course simulation shall be used for exercises which give students experience of real-time radar plotting and the use of radar for continuous position monitoring. Such exercises shall, however, be related to the basic concepts of collision avoidance and navigational techniques, and not to complex exercises more appropriate to the Navigation Control Course.

Equipment

The equipment specification for conduct of the course is attached at Annex D.

Examination and assessments

The progress of students shall be assessed at each stage of the course and be taken into account as part of the final examination. The examination held at the end of the course shall consist of the construction and interpretation of radar plots followed by an oral/practical test using equipment installed at the college.

Requirements for assessment and for entry to and conduct of the examination are attached at Annex E.

Certificates

A Department of Transport Electronic Navigation Systems Certificate shall be awarded by the college to trainees who satisfactorily attend the complete course and who are successful in the terminal examination.

Goedkeuring

Die kursus word aangebied ooreenkomstig die bepalings van hierdie Aanhangsel. Die personeel wat met onderrig gemoeid is, moet deur die Direkteur-generaal goedgekeur word. Die kursus en eksamen is oop vir inspeksie deur beamptes van die Departement van Vervoer ten einde te verseker dat algemene standaarde gehandhaaf word.

Approval

The course shall be conducted in accordance with the provisions of this Annexure. Staff involved in teaching shall be approved by the Director-General. The course and examination shall be open to inspection by officers of the Department of Transport to ensure that common standards are maintained.

SUBAANHANGSEL A VAN DIE ENS-LEERPLAN

Vaardigheid-/Kennisspesifikasie vir die opleiding in elektroniese navigasietoerusting

Werkvereiste	*Vaardigheid*	*Kennis*
	Die volgende paragrawe moet almal ingelui word deur die woorde: "Die offisier moet in staat wees....."	
1. Om rigtingpeilings en standlyne te verkry en aan te teken	1. om geskikte radiobakens te kies en te identifiseer; om die D/F (rigtingsoeker) op te stel en in die hand- of outomatiese modus op 'n geselekteerde radiobaken of op 'n noodfrekwensie in te skakel; om 'n peiling van 'n sendstasie te verkry en om gepaste regstellings te maak; om peilings en standlyne op 'n navigasiekaart uit te stip	1. Die basiese beginsels van radiopeilers (RDF). Beskrywing van radiopeilontvangers in gebruik ter see. Die oorsake en uitwerking van ionosfeergolwe, die halfsirkelfout, kwadrantfout en kuseffek. Kalibrering. Toepassing van halfkonvergensie. Akkuraatheid, afstand en ander beperkings van RDF. Gebruik daarvan vir aanpeiling op 'n ongeval. Doel van die Admiraliteit se lys van radioseine, Volume II.
2. om eggoloders te gebruik	2. om tipiese eggolodingstoerusting te bedien en die inligting op die vertoonterminaal korrek te vertolk	2. Die basiese beginsels van Skeepseggoloders. Tipes in gebruik ter see. Die vernaamse komponente van veeldoelnavigasie-eggolodingstoerusting. Voorsorgmaatreëls wat getref moet word by die gebruik daarvan en die akkuraatheid wat verlang word.
3. om die skip se posisie vas te stel deur van hiperboliese navigasiestelsels gebruik te maak:		3. Die basiese beginsels van hiperboliese navigasie. Die verskil tussen stelsels wat gebruik maak van die meting van tydsverskil en van faseverskil.
(a) Decca-navigator.....	(a) om die toepaslike Decca-navigatorketting te kies; om die toerusting te bedien; om die inligting op die vertoonterminaal korrek te vertolk; om regstellings en toelatings vir vaste en veranderlike foute aan te bring; om Decca-koördinate op 'n Decca-kaart uit te stip ten einde die skip se posisie te bepaal; om die verwagte akkuraatheid te bepaal	(a) Beskrywing van die Decca-navigatorstelsel en -ontvangers in gebruik aan boord skepe. Dekkingsgebiede en Decca-kaarte. Vertolking van instruksies in die Decca-handboek. Oorsprong en oorsake van foute. Die gebruik van Decca-datavelle.
(b) Loran C.....	(b) om die toepaslike Loran-ketting te kies; om die Loran-ontvanger te bedien; om die inligting op die vertoonterminaal korrek te vertolk; om foutregstellings toe te pas; om Loran-koördinate uit te stip ten einde posisie te bepaal; om verwagte akkuraatheid vas te stel	(b) Beskrywing van die Loran-stelsel en tipiese ontvanger in gebruik aan boord skepe; oorsprong en oorsake van foute; regstellings en verwagte akkuraatheid. Dekkingsgebied en Loran-kaarte.
(c) Omega.....	(c) om die toepaslike Omega-stasies te kies; om 'n Omega-ontvanger te bedien; om die inligting op die vertoonterminaal korrek te vertolk; om foutregstellings toe te pas; om Omega-data uit te stip ten einde posisie te bepaal; om die verwagte akkuraatheid te bepaal	(c) Beskrywing van die basiese Omega-stelsel en ontvangers in gebruik aan boord skepe. Oorsprong en oorsake van foute. Die gebruik van voortplantingskorreksietafels. Posisionele akkuraathede. Dekkingsgebied en Omega-kaarte.
4. om die skip se posisie te bepaal deur van satellietnavigasietoerusting gebruik te maak	4. om die ontvanger te bedien; om die posisie uit te stip; om die verwagte akkuraatheid te bepaal	4. Basiese beskrywing en beginsels van die satellietnavigasiestelsels. Tipiese ontvangers in gebruik aan boord skepe. Oorsprong en oorsake van foute. Regstellings en verwagte akkuraatheid. Dekkingsgebied.
5. om basiese radartoerusting te bedien.....	5. om kontroles aan te skakel en in te stel vir 'n optimale beeld; om die werkverrigting van toerusting na te gaan; om die kontroles te verstel ten einde 'n optimale beeld te behou; om waninstelling van die kontroles te kan raaksien; om die afstande en peilings van teikens te meet	5. Beskrywing van basiese seeradarinstallasie. Identifikasie van kontroles en die basiese beginsels van radar.
6. om die radarstel as 'n navigasiehulpmiddel te gebruik.....	6. om peilings en/of afstande te verkry en die posisie van die skip te bepaal; om parallelindekstegnieke vir deurlopende posisiemoniterings te gebruik	6. Opsporing en herkenning van teikens. Oorsprong van foute in verkreë posisies. Die gebruik van radar vir navigasie in beperkte vaarwater of kuswaters, met inbegrip van paralleleindekstegnieke.
7. om radar te gebruik om botsings te vermy	7. om 'n radarwaghoudiens in stand te hou deur inligting van die vertoonterminaal te verkry of deur van radaruitstiphulpmiddels gebruik te maak; om potensieel gevaarlike teikens te identifiseer; om 'n botsingrisiko te takseer en om die uitwerking te beoordeel van veranderings in eie en/of ander vaartuie se koers en spoed in voorgenome botsingvoorkomingsmaneuvers; om inligting te rapporteer	7. Beginsels en konstruksie van 'n radarstipping. Die gebruik van uitstiphulpmiddels. Die gebruik van 'n stipping om inligting oor teikens te verkry. Die beoordeling van 'n botsingrisiko. Die uitwerking van die verandering van koers en spoed met betrekking tot die voorkoming van 'n botsing. Radarrapporteringsprosedures. Die toepassing van die Botsingsregulasies in beperkte sig.
8. om outomatiese radaruitstiphulpmiddels te gebruik.....	8. om toerusting aan te skakel en op te stel; om die kontroles te verstel ten einde 'n optimale beeld te behou; om 'n stipping te behou deur teikens outomaties of met die hand te verkry; om inligting wat vertoon word te vertolk en reg te beoordeel; om inligting te rapporteer	8. Die beskrywing en beginsels van die werking van ARPA-toerusting. Die werkverrigting en akkuraatheid van die stelsel. Vertoonpersentasie. Kontroles, vermoëns van die stelsel en inligtingsfasiliteite.

SUB-ANNEXURE A TO ENS SYLL

Skill/Knowledge Specification for electronic navigational equipment training

Job requirement	*Skill*	*Knowledge*
	The following paragraphs should all be prefaced by the words "The officer should have the ability to....."	
1. Obtain and plot D/F bearings and position lines	1. Select and identify suitable radio beacons. Set up and tune, in manual or automatic mode, the D/F to a selected radio beacon or to a distress frequency. Obtain a bearing of a transmitting station and apply appropriate corrections. Plot bearings and position lines on a navigational chart	1. Basic principles of radio direction finders (FDF). Description of D/F receivers in use at sea. The causes and effects of sky waves, semi-circular error, quadrantal error and coast effect. Calibration. Application of half convergency. Accuracy, range and other limitations of RDF. Use for "homing on" to casualty. Purpose of the Admiralty list of radio signals Volume II.
2. Use echo sounders	2. Operate typical echo sounding equipment. Correctly interpret the information on the display	2. Basic principles of ship-born echo sounders. Types in use at sea. The principal components of general purpose navigational echo sounding equipment. Precautions to be observed in use and accuracy to be expected.
3. Obtain the ship's position using hyperbolic navigation systems:		3. Basic principles of hyperbolic navigation. The difference between systems which utilise the measurement of time difference and of phase difference.
(a) Decca navigator	(a) Select the appropriate Decca navigator chain. Operate the equipment. Interpret information shown on the display. Apply corrections and allowances for fixed and variable errors. Plot Decca co-ordinates on a Decca Chart to obtain the ship's position. Determine expected accuracy	(a) Description of the Decca navigator system and receivers in use aboard ships. Coverage areas and Decca charts. Interpretation of instruction notes in the Decca Manual. Sources and causes of errors. Use of Decca data sheets.
(b) Loran C.....	(b) Select the appropriate Loran chain. Operate Loran receiver. Interpret correctly the information on the display. Apply error corrections. Plot Loran co-ordinates to fix position. Determine expected accuracy.	(b) Description of the Loran system and typical receiver in use aboard ships; sources and causes of errors; corrections and expected accuracy. Coverage area and Loran charts.
(c) Omega.....	(c) Select the appropriate Omega stations. Operate an Omega receiver. Interpret correctly the information on the display. Apply error corrections. Plot Omega data to fix position. Determine expected accuracy	(c) Description of the basic Omega system and receivers in use aboard ships. Sources and causes of errors. Use of propagation correction tables. Positional accuracies. Coverage area and Omega charts.
4. Obtain the ship's position using satellite nagivational equipment	4. Operate the receiver. Plot the position. Determine expected accuracy	4. Basic description and principles of the satellite navigation systems. Typical receivers in use aboard ships. Sources and causes of errors. Corrections and expected accuracy. Coverage areas.
5. Operate basic radar equipment	5. Switch on and set controls for optimum display. Check performance of equipment. Adjust operational control to maintain optimum display. Recognise maladjustment. Measure ranges and bearings of targets	5. Description of basic marine radar installation. Identification of controls and basic principles of radar.
6. Use the radar set as an aid to navigation	6. Obtain bearings and/or ranges and fix position of the ship. Use parallel index techniques for continuous position monitoring	6. Detection and recognition of targets. Sources of errors in positions obtained. Use of radar for navigation in confined or coastal water including parallel index techniques.
7. Use radar for collision avoidance	7. Maintain a radar watch by obtaining information from the display or by using radar plotting devices; identify potentially dangerous targets; appraise collision risk and assess effects of alterations in own and/or other vessel's course and speed in proposed collision avoidance manoeuvres; report information	7. Principles and contruction of a radar plot. Use of plotting aids. Use of plot to obtain information about targets. Assessment of collision risk. Effect of alteration of course and speed in relation to collision avoidance. Radar reporting procedures. Application of collision regulations in restricted visibility.
8. Use automatic radar plotting aids	8. Switch on and set up equipment; adjust operational controls to maintain optimum display; maintain plot using automatic and manual acquisition of targets; interpret and appreciate information displayed; report information	8. Description and principles of operation of ARPA equipment. System performance and accuracy. Display presentation. Controls, system capabilities and information facilities.

SUBAANHANGSEL B BY ENS-KURSUSSPESIFIKASIE

Opleidingspesifikasie

Stadium A—Eerste kollegefase.

Stadium B—Tweede seefase.

Stadium C—Finale kollegefase.

Vaardigheid/Kennis Verwysing (Aanhangsel 'A')	*Stadium van opleileiding*	*Metode*
1.2.3 (a), 3 (b)	A	Prakties en teorie.
	B	Prakties ter see.
	C	Hersiening.
3 (c), 4	B	Prakties ter see.
	C	Prakties en teorie.
5	A	Teorie.
	B	Prakties ter see.
	C	Prakties en teorie.
6	B	Observasie ter see.
	Ca	Prakties en teorie.
	b	Radarsimulator oefeninge.

SUB-ANNEXURE B to ENS course specification

Training specification.

State A—First college phase.

Stage B—Second sea phase.

Stage C—Final college phase.

Skill/Knowledge Reference (Annex 'A')	*Stage of training*	*Method*
1.2.3 (a), 3 (b)	A	Practical and theory.
	B	Practice at sea.
	C	Revision.
3 (c), 4	B	Practical at sea.
	C	Practical and theory.
5	A	Theory.
	B	Practice at sea.
	C	Practical and theory.
6	B	Observation at sea.
	Ca	Practical and theory.
	b	Radar simulator exercises.

Vaardigheid/Kennis Verwysing (Aanhangsel 'A')	*Stadium van opleileiding*	*Metode*
7	B	Observasie ter see.
	C	Prakties en teorie, met inbegrip van simulator oefeninge wat betrekking het op basiese radarstipwerk en posisiemonitering.
8	B	Observasie ter see.
	C	Prakties en teorie.

SUBAANHANGSEL

C by ENS-kursusspesifikasie

KURSUS EN ELEKTRONIESE NAVIGASIESTELSELS

ALGEMENE RIGLYNE EN LEERPLAN

Opsomming

Stadium A

Die doel van hierdie stadium van die opleiding is om die leerlingoffisier bewus te maak van die basiese werkbeginsels van die elektroniese navigasietoerusting en om hom te leer hoe om hierdie toerusting te bedien sodat hy noukeurige inligting aan die brugwaghouspan kan verstrek gedurende die daaropvolgende seefase van die beplande opleidingskemas.

Stadium B

Gedurende die tydperk seediens tussen die kollegefases behoort die leerlingoffisier hom toe te spits op die konsolidering van die vaardighede en kennis wat gedurende Stadium A verwerf is, deur onder toesig gebruik te maak van al die radar- en navigasiehulptoerusting aan boord van die skip (skepe) waarop die seediens verrig word.

Stadium C

Die doel van hierdie stadium is om 'n wyer begrip van navigasiestelsels, sowel as insig in die akkuraatheid, beskikbaarheid, beperkings en die gebruik van navigasie-instrumente teen die agtergrond van algemene vereistes vir navigasie te ontwikkel.

Verwante studies

In die geval van opleidelinge wat opleidingskemas in fases volg, word die ENS-kursusleerplan gedek tesame met die verwante praktiese navigasieafdeling van die hoofstroom van die opleiding.

Let ook op dat die Afdeling Toegepaste Wetenskap van die Klas 3-leerplan, wat oor WS-teorie en die beginsels van radio handel as nuttige agtergrondmateriaal vir die studie van radiopeiling en hiperboliese stelsels dien, en dat wanneer hulle voltooi is, die twee studievelde 'n geïntegreerde geheel behoort te vorm.

Amptelike publikasies

Van opleidelinge word verwag om kennis te dra van die huidige amptelike publikasies wat betrekking het op die gebruik van radar- en ander navigasietoerusting, met inbegrip van die volgende.

(i) Die Botsingsregulasies tans van krag.

(ii) handelskeepvaartkennisgewings.

(iii) Handelskeepvaart (Navigasietoerusting)—regulasies.

(iv) Die Seeradarprestasiespesifikasie.

(v) Die ARPA-prestasiespesifikasie.

(vi) Verslae van Seehowe van Ondersoek, wat betrekking het op veilige navigasie.

Gevallestudies

Inligting oor die gebruik of misbruik van toerusting na aanleiding van werklike voorvalle verkry, dien as 'n waardevolle bron wat dwarsdeur die kursus gebruik word.

Die aandag word in hierdie verband gevestig op die *Marine Navigation Casualty Reports* wat deur die International Chamber of Shipping, 30/32 St Mary Axe, London EC 3A 8ET gepubliseer word.

Praktiese oefeninge

Praktiese oefeninge is 'n basiese kenmerk van die kursus. Hulle word so ontwerp dat die student in staat gestel word om sy vermoë te toon om die toerusting te bedien en die inligting wat verkry is korrek te gebruik soos in die spesifikasie van subaanhangsel A aangedui. In die laaste stadiums van die kursus word simulasie gebruik om studente oefening te gee in radaruitstipwerk en die gebruik van radar vir deurlopende posisiemonitering. Die leerplan van ARPA-toerusting dek, word in hierdie stadium, sover dit waghou-offisiere betref, indringend genoeg behandel en neem die student se betreklik beperkte praktiese ondervinding ter see in aanmerking.

Leerplan

Gaan van die veronderstelling uit dat al die doelwitte wat hierna volg, voorafgegaan word deur die woorde "Die verwagte resultaat van die studies is dat die student in staat moet wees tot die volgende: .....".

Skill/Knowledge Reference (Annex 'A')	*Stage of training*	*Method*
7	B	Observation at sea.
	C	Practical and theory including simulator exercises relating to basic radar plotting and position monitoring.
8	B	Observation at sea.
	C	Practical and theory.

SUB-ANNEXURE

C to ENS course specification

ELECTRONIC NAVIGATION SYSTEMS COURSE

GENERAL GUIDELINES AND SYLLABUS

Summary

Stage A

The objective of this stage of the training is to enable the trainee officer to be aware of the basic principles of operating of the various electronic navigational equipments and to operate these equipments so that he can provide accurate information to the bridge watch-keeping team during the succeeding sea phase of the planned scheme of training.

Stage B

During the period of sea service between the college-based phases the trainee officer should aim to consolidate the skills and knowledge acquired during Stage A by using, under supervision, all the radar and navigational aid equipment fitted aboard the ship(s) in which the sea service is performed.

Stage C

The objective of this stage is to develop a wider appreciation of navigational systems, together with an understanding of the accuracy, availability, limitations and use of navigational instruments in the context of overall requirements for navigation.

Related studies

For trainees following phased training schemes, the ENS course syllabus shall be covered in conjunction with the related practical navigation section of the main stream of training.

It should also be noted that the Applied Science Section of the Class 3 syllabus, concerned with AC Theory and Principles of Radio forms useful background material to the study of Radio Direction Finding and Hyperbolic Systems and when completed, the two areas of study should form an integrated whole.

Official publications

Trainees shall be expected to have a knowledge of current official publications which are related to the use of radar and other navigational equipment including the following:

(i) The Collision Regulations currently in force.

(ii) Merchant Shipping Notices.

(iii) Merchant Shipping (Navigational Equipment) Regulations.

(iv) Marine Radar Performance Specification.

(v) Automatic Radar Plotting Aids Performance Specification.

(vi) Reports of Courts of Marine Enquiry relevant to safe navigation.

Case studies

Information about the use or misuse of equipment derived from actual incidents in the form of case studies provides a valuable resource which shall be used throughout the course.

In this connection, attention is drawn to the Marine Navigation Casualty Reports published by the International Chamber of Shipping, 30/32 St Mary Axe, London EC 3A BET.

Practical exercises

Practical exercises are an essential feature of the course. They shall be designed to enable the student to demonstrate ability to operate equipment and correctly use the information obtained as indicated in the specification at Sub Annexure 'A'. In the latter stages of the course, simulation shall be used for exercises which give students experience of real-time radar plotting and the use of radar for continuous position monitoring. The depth of treatment of the syllabus covering ARPA equipment shall, at this stage, be appropriate to the role of watch-keeping officer and take account of the students relatively limited practical experience at sea.

Syllabus

It should be assumed that each of the objectives hereunder is prefaced by the words "The expected learning outcome is that the student .....".

SUB-AANHANGSEL C

Stadium A—Kollegefase

A.1 Beskryf rig-, spoed- en afstandinstrumente soos volg:

1.1 Beskryf hoe die hooftolkompas in staat is om 'n vaste rigting aan tewys.

1.2 Beskryf die tolkompas antwoordbaken en beskryf die aanvanklike instellings- en noukeurigheidstoetse.

1.3 Beskryf hoe om 'n peiling te maak om vir tolkompasfout te toets en hoe om 'n fout te benoem en toe te pas.

1.4 Beskryf hoe antwoordbakens koersinligting herlei na bruginstrumente-, radar, radiorigtingsoeker, outomatiese roerganger, rigtingaantekenaar, ensovoorts.

1.5 Beskryf uitkoersalarms.

1.6 Beskryf hoe die magnetiese kompas gestel kan word om voortdurend 'n vaste rigting aan te wys.

1.7 Beskryf hoe om 'n peiling te maak om die magnetiese kompas te toets, en hoe om die fout te benoem en toe te pas.

1.8 Beskryf 'n magnetiese sendkompas en verduidelik hoe koersinligting na bruginstrumente herlei word.

1.9 Bespreek metodes om die afstand wat gevaar is asook die snelheid deur die water te bepaal.

1.10 Beskryf die tipes sleepspoed- en onderwaterspoed- en onderwaterafstandinstrumente, met inbegrip van Doppler-tipes.

Posisiebepalingstelsel

A.2 *Lewer bewys van kennis van die basiese beginsels van hiperboliese navigasies, soos volg:*

2.1 Gee die definisie van 'n hiperbool.

2.2 Trek 'n hiperboolpatroon rondom twee fokuspunte met die basislyn verdeel in 'n eksakte getal gelyke verdelings.

2.3 Verstaan die begrippe van bane.

2.4 Toon hoe dubbelsinnigheid ontstaan wanneer die twee fokuspunte radiostasies is wat gelyktydig seine uitsend.

2.5 Verwyder dubbelsinnigheid deur die toepassing van 'n tydsvertraging.

2.6 Omskryf 'n grondlynuitbreidingsgebied.

2.7 Verklaar waarom die hiperbool/hiperbole se akkuraatheid in die grondlynuitbreidingsgebied verminder.

2.8 Kombineer twee hiperboolpatrone om die metode van posisievasstelling te illustreer.

2.9 Beskryf hoe 'n hiperboolpatroon (-bane) geproduseer kan word tussen twee stasies wat op dieselfde frekwensie uitsaai en 'n eksakte getal golflengtes uit mekaar is met die seine wat in fase begin.

2.10 Beskryf hoe faseverskille gebruik kan word om hiperboliese standlyne tussen twee volle bane vas te stel en te trek.

2.11 Beskryf hoe tydverskil gebruik kan word om intermediêre hiperboliese standlyne tussen twee volle bane vas te stel en te trek.

A.3 Lewer bewys van die vermoë om die Decca-navigator te bedien, soos volg:

3.1 Beskryf die basiese Decca-navigatorstelsel.

3.2 Meld die radiusse van dekkingsbediede.

3.3 Identifiseer die "Decca"-kaart en die bykomende inligting wat in druk daarop verskyn.

3.4 Vertolk die instruksies in die Decca-handboek.

3.5 Stel 'n Decca-ontvanger op vir 'n bekende posisie.

3.6 Stel 'n Decca-ontvanger op deur middel van baanidentifikasieseine.

3.7 Beskryf ander tipes Decca-ontvangers as dié in A.3.5 in gebruik op skepe.

3.8 Verkry Decca-koördinate van die Decca-ontvanger.

3.9 Gebruik datavelle om vastefoutkorreksies en toelating vir veranderlike foute te vind en toe te pas.

3.10 Stel die posisie vas deur data wat van die Decca-ontvanger verkry is, te stip.

3.11 Demonstreer interkettingposisiebepalingstegnieke.

3.12 Gee 'n opsomming van die inhoud van die handelskeepvaartkennisgewings wat betrekking het op die gebruik van die Decca-navigator.

A.4 Lewer bewys van die vermoë om posisiebepalings te doen deur gebruik te maak van Loran-koördinate

4.1 Beskryf die tipes Loran C-ontvangers in gebruik ter see.

4.2 Identifiseer die Loran-kaart en die bykomende inligting wat daarop verskyn.

4.3 Stel die posisie vas deur die uitstip van Lorankoördinate, met inagneming van moontlike foute soos op die Loran-kaart aangedui.

SUB-ANNEXURE C

Stage A—College Phase

A.1 *Describes heading, speed and distance instruments as follows:*

1.1 Describes how the master gyro is able to point in a fixed direction.

1.2 Describes the gyro repeater and discusses the initial setting and accuracy checks.

1.3 Describes how to take a bearing to check for gyro error and how to name and apply the error.

1.4 Describes how repeaters relay heading information to bridge instruments—radar, radio direction finder, automatic helmsmen, course recorder, etc.

1.5 Describes off-course alarms.

1.6 Describes how the magnetic compass is enabled to point constantly in a fixed direction.

1.7 Describes how to take a bearing to check the magnetic compass, and how to name and apply the error.

1.8 Describes a transmitting magnetic compass and how heading information is relayed to bridge instruments.

1.9 Discusses methods of calculating distance steamed and speed through the water.

1.10 Describes types of towed and submerged speed and distance instruments, including Doppler types.

Position fixing systems

A.2 *Demonstrates a knowledge of the basic principles of hyperbolic navigation as follows:*

2.1 States the definition of a hyperbola.

2.2 Draws a hyperbolic pattern around two foci with the base line divided into an exact number of equal divisions.

2.3 Understands the concepts of lanes.

2.4 Shows how ambiguity occurs when the two foci are radio stations transmitting simultaneous signals.

2.5 Removes ambiguity by application of a time delay.

2.6 Defines base-line extension area.

2.7 Explains why the hyperbolae/s have reduced accuracy in the base line extension area.

2.8 Combines two hyperbolic patterns to illustrate the method of ascertaining position.

2.9 Describes how a hyperbolic pattern (lanes) can be produced between two stations transmitting on the same frequency and an exact number of wave-lengths apart with the signals starting in phase.

2.10 Describes how phase difference can be used to ascertain and draw intermediate hyperbolic position lines between two whole lanes.

2.11 Describes how time difference can be used to ascertain and draw intermediate hyperbolic position lines between two whole lanes.

A.3 *Demonstrates the ability to operate the Decca Navigator as follows:*

3.1 Describes the basic Decca Navigator system.

3.2 States the radii of coverage areas.

3.3 Identifies the "Decca" chart and the additional information printed thereon.

3.4 Interprets the instructional notes in the Decca Manual.

3.5 Sets up a Decca receiver for a known position.

3.6 Sets up a Decca receiver by lane identification signals.

3.7 Describes types of Decca receivers, other than that in A.3.5 in use on ships.

3.8 Obtains Decca co-ordinates from the Decca receiver.

2.9 Uses data sheets to find and apply fixed-error corrections and allowances for variable errors.

3.10 Fixes position by plotting data obtained from the Decca receiver.

3.11 Demonstrates inter-chain fixing techniques.

3.12 Summarises the contents of the Merchant Shipping Notices relating to the use of the Decca Navigator.

A.4 *Demonstrates the ability to fix positions using Loran co-ordinates:*

4.1 Describes types of Loran C receiver in use at sea.

4.2 Identifies the "Loran" chart and the additional information presented thereon.

4.3 Fixes position by plotting Loran co-ordinates taking account of possible errors as indicated on the Loran chart.

A.5 *Toon begrip van die basiese beginsels van rigtingbepaling en toon die vermoë om radiorigtingsoekers te bedien, soos volg:*

5.1 Beskryf die basiese beginsels van radiorigtingsoekers.

5.2 Noem die voordele van 'n radiorigtingsoeker aan boord.

5.3 Beskryf die voorsiening van radiobakens oor die hele wêreld.

5.4 Beskryf hoe 'n radiorigtingsoeker gebruik word om op 'n ongeval aan te peil.

5.5 Gee die pooldiagram van die spanning wat onwikkel word in die lusantenne wanneer dit in die kragveld van 'n sender geroteer word.

5.6 Verduidelik dat die minimum sein voorkom wanneer 'n lusantenne reghoekig met die voortplantingsrigting is.

5.7 Maak 'n waarneming van die peiling van 'n sein wat deur 'n ossillator in die rigtingsoeker ingevoer word.

5.8 Gee die pooldiagram van die spannings wat in die oordantenne in die sendveld ontwikkel word.

5.9 Kombineer die pooldiagramme van die spannings wat gelyktydig in die lusantenne en die oordantenne ontwikkel word en so 'n hartvormige diagram gee.

5.10 Verduidelik hoe die minimum sein die voortplantingsrigting aandui wanneer die oordantenne in werking is.

5.11 Beskryf die Bellini-Tosi-stelsel en die werking van die soekspoel.

5.12 Maak radiopeilings (deur 'n oordantenne) van 'n nabygeleë sender of nabootssein.

5.13 Beskryf hoe foute veroorsaak word deur interaksie tussen die voortgeplante golf en heruitstraling van die skip se struktuur af.

5.14 Verduidelik hoe residu foute van 13 uitgestip word om 'n ykkromme te produseer.

5.15 Beskryf foute in die rigting van die voortgeplante sein deur oorsake buite die skip, die uitwerking van ionosfeergolf en kuseffek- en bespreek metodes om die uitwerkings van hierdie foute tot die minimum te beperk.

5.16 Beskryf die metode om die koersinligting wat deur die tolkompas aan die rigtingsoeker voorsien word in te voer en te toets.

5.17 Begryp inligting betreffende radiobakens, wat in die Admiraliteit se lys van radioseine, Volume II, voorkom.

5.18 Ontvang seine van eksterne of nagebootste radiobakens.

5.19 Maak waarnemings van die peile van spesifieke radiobakens, ekstern of nageboots.

5.20 Pas die korreksie van die ykkromme verkry toe op die relatiewe peiling.

5.21 Sit verbeterde relatiewe peiling om 'n grootsirkelpeiling.

5.22 Bespreek halfkonvergensieverbetering en pas dit toe.

5.23 Verkry mercatorpeiling.

5.24 Stip mercatorpeiling uit op die kaart.

A.6 Toon begrip van die basiese beginsels van eggoloding en toon die vermoë om 'n eggolood soos volg te bedien.

6.1 Beskryf die basiese beginsels van 'n ultrasoniese see-eggoloder.

6.2 Noem die aanvaarde waarde van die snelheid van klank in seewater en die grense waar binne die werklike waarde mag lê.

6.3 Noem die fisiese faktore wat die snelheid van klank in seewater beïnvloed.

6.4 Vergelyk die frekwensies wat in ultrasoniese eggolode gebruik word met dié van hoorbare klank.

6.5 Teken 'n blokdiagram van 'n eggolood en noem die funksies van die onderskeie komponente.

6.6 Bedien 'n tipiese eggolood, en toon die vermoë om gebruikersonderhoud uit te voer, byvoorbeeld vervang papier, verstel of vervang die stilus, ensoorts.

6.7 Onderskei tussen "afstand" en "fase" en toon bewustheid van die gevare van die gebruik van die verkeerde fase.

6.8 Onderskei tussen onnoukeurighede veroorsaak deur instrument- en skaalfout en dié wat deur "vals eggo's" veroorsaak word.

6.9 Verduidelik die oorsake van onnoukeurighede as gevolg van instrument- of skaalfout, sê hoe groot hulle moontlik kan wees en meld watter maatreëls getref kan word om hulle uit te skakel.

6.10 Herken die verskillende tipes "vals eggo's" wat aangetref word, beskryf hulle vorming en noem die moontlike optrede om hulle van die spoor af te verwyder.

Radar

A.7 *Beskryf die metode waarvolgens 'n radarinstallasie inligting versamel en dit op 'n visuele skerm vertoon, soos volg:*

7.1 Verduidelik die eggobeginsel en die toepassing daarvan op radarpulse.

7.2 Identifiseer die komponente van 'n eenvoudige blokdiagram van 'n radarinstallasie.

A.5 *Demonstrates an understanding of the basic principles of direction finding and the ability to operate Radio Direction Finders as follows:*

5.1 Describes the basic principles of radio direction finders.

5.2 States the advantages of having a radio direction finder on board.

5.3 Describes the provision of radio beacons throughout the world.

5.4 Describes the use of a radio direction finder for homing on to a casualty.

5.5 Produces the polar diagram of the voltage set up in a loop aerial when it is rotated in the force field of a transmitter.

5.6 Explains that the minimum signal occurs when a loop aerial is at right angles to the direction of propagation.

5.7 Observes the bearing of a signal fed into the direction finder by an oscillator.

5.8 Produces the polar diagram of the voltages set up in the sense aerial in the transmitter field.

5.9 Combines the polar diagrams of the voltages set up simultaneously in the loop and sense aerials to produce a cardioid diagram.

5.10 Explains how the minimum signal indicates the direction of propagation when the sense aerial is in operation.

5.11 Describes the Bellini-Tosi system and operation of the search coil.

5.12 Takes radio bearings (using sense) of an adjacent transmitter or simulated signal.

5.13 Describes how errors are caused by interaction between the propagated waves and re-radiation from the ship's structure.

5.14 Explains how residual errors from 13 are plotted to produce a calibration curve.

5.15 Describes errors produced in the direction of the propagated signal by causes external to the ship—sky wave and coastal refraction effects—and discusses methods of minimising the effects of these errors.

5.16 Describes the method of setting and checking the heading information supplied to the direction finder from the gyro compass.

5.17 Understands information regarding Radio Beacons supplied in Admiralty List of Radio Signals Volume II.

5.18 Receives signals from external or simulated radio beacons.

5.19 Observes the bearings of specific radio beacons, external or simulated.

5.20 Applies correction from calibration curve to relative bearing.

5.21 Converts corrected relative bearing to great circle bearing.

5.22 Discusses and applies half-convergency correction.

5.23 Obtains mercatorial bearing.

5.24 Plots mercatorial bearing on chart.

A.6 *Demonstrates an understanding of the basic principles of echo sounding and the ability to operate an echo sounder as follows:*

6.1 Describes the basic principles of a marine ultrasonic echo-sounder.

6.2 States the accepted value of the velocity of sound in sea water and the limits within which the true value may lie.

6.3 States the physical factors which affect the velocity of sound in sea water.

6.4 Compares the frequencies used in ultrasonic echo-sounders with the frequency of audible sound.

6.5 Draws a block diagram of an echo sounder and states the function of the various components.

6.6 Operates a typical echo-sounder, and demonstrates an ability to carry out user maintenance e.g. change paper, adjust or change stylus, etc.

6.7 Distinguishes between "range" and "phase" and demonstrates an awareness of the dangers of using the wrong phase.

6.8 Distinguishes between inaccuracies caused by instrument and scale error and those caused by "false echoes".

6.9 Explains the causes of inaccuracies due to instrument or scale error, states their likely magnitude and such measures that may be taken to eliminate them.

6.10 Recognises the various types of "false echo" that may be found, describes their formation and states the possible action to remove them from the trace.

Radar

A.7 *Describes the method by which a radar installation gathers information and presents it on a visual display as follows:*

7.1. Explains the echo principle and its application to radar pulses.

7.2 Identifies the components on a simple block diagram of a radar installation.

7.3 Beskryf die baan wat deur 'n enkele radarpuls vanaf die sender na die teiken gevolg word.

7.4 Beskryf die baan van 'n terugkerende eggo deur die ontvanger tot by die toepassing daarvan in die CRT.

7.5 Beskryf die metode waarvolgens 'n CRT 'n eggo op die korrekte afstand en peiling vertoon.

7.6 Identifiseer die radarhorison en die faktore wat die afstand van die waarnemer af beïnvloed.

7.7 Begryp die veiligheidsmaatreëls wat nodig is in die nabyheid van oop toerusting en die bestralingsgevaar naby antennes en oop golfleiers.

A.8 *Toon die vermoë om kontroles so te stel dat 'n optimale vertoning van teikens verkry word, soos volg:*

8.1 Noem die korrekte aanskakelveiligheidsmaatreëls en -prosedures.

8.2 Identifiseer 'n skip se boeg bo-, noord bo- en warebewegingvoorstelling en bring die vertoning in lyn met 'n spesifieke metode.

8.3 Toon die korrekte stelling vir helderheid, versterking en instemkontrole. Herken waninstelling.

8.4 Onderskei tussen die funksies van die seesteuringseggo- en neerslagkontroles en toon hulle korrekte instelling.

8.5 Beskryf 'n prestasiemoniteringsprosedure in breë trekke en toon hoe dit gebruik word.

8.6 Begryp die funksies van die oorblywende kontroles en demonstreer die gebruik van afstand- en peilingmetingskontroles en -rapporteringsprosedures.

8.7 Herken radareggo's en toon begrip van die faktore wat die vertolking van 'n beeld affekteer, bv. skadusektore, radar-tot-radarsteuring en ander indruiseggo's.

A.9 *Beskryf die navigasie-inligting wat deur radar verskaf word en die praktiese toepassing daarvan, soos volg:*

9.1 Identifiseer die oorsprong van foute in die akkuraatheid van radarafstande.

9.2 Identifiseer die oorsake van foute in die akkuraatheid van radarpeilings.

9.3 Toon die vermoë om die skip se posisie te bepaal deur die uitstip van afstande en/of peilings.

9.4 Vergelyk die kaart en PPI vir opvallende radarteikens.

9.5 Beskryf die voorkoms van radarbakens en radarpeilbakens op radarskerms.

9.6 Toon begrip van navigasie-parallelindekstegnieke en van die praktiese gebruik daarvan.

A.10 *Beskryf die gebruik van radar as 'n hulpmiddel om botsings te voorkom, soos volg:*

10.1 Beskryf die beginsels van relatiewe en ware radaruitstippings.

10.2 Stip 'n opeenvolging van posisiebepalings uit as 'n relatiewe stipping, lei die werklike koers en spoed van 'n teiken af en voorspel die CPA en TCPA.

10.3 Beoordeel die belangrikheid van die kennis van die voorkoms van 'n teiken.

10.4 Beskryf die voordele van die gebruik van 'n radarreflektoruitstipper.

10.5 Herken die faktore wat by doeltreffende radarwaghouding betrokke is.

Stadium B—Tweede seefase

Gedurende die seediens tussen die kollegefases, ontvang die leerlingoffisier praktiese ondervinding in die volgende toerusting waar dit geïnstalleer is:

Decca-navigator.

Loran C.

Omega.

Satellietnavigator.

Rigtingsoeker.

Eggolood.

Radar.

Outomatiese radaruitstiphulpmiddels (ARPA).

Die volgende oefeninge word uitgevoer onder toesig van een van die skip se navigasie-offisiere.

1. Die uitstip van radardata om die volgende te verkry:

(a) Die skip se posisie op die kaart;

(b) die koers, spoed, voorkoms, CPA en TCPA van 'n skip se teikens.

2. Die bediening van die skip se eggoloodtoerusting om lodings te verkry, en die vergelyking daarvan met die gekarteerde diepte van die water.

7.3 Describes the path followed by a single radar pulse from transmitter to target.

7.4 Describes the path followed by a returning echo through the receiver to its application to the CRT.

7.5 Describes the method by which a CRT displays an echo at the correct range and bearing.

7.6 Identifies the radar horizon and the factors affecting the distance from the observer.

7.7. Understands the safety precautions necessary when in the vicinity of open equipment and the radiation hazards near antennae and open waveguides.

A.8 *Demonstrates an ability to set controls to obtain an optimum display of targets as follows:*

8.1 States the correct switching-on safe-guards and procedures.

8.2 Identifies ship's Head Up, North Up and true motion presentation and aligns the display to a specific mode.

8.3 Demonstrates the correct adjustment of brilliance, gain and tuning controls. Recognises maladjustment.

8.4 Distinguishes the functions of the sea clutter and precipitation controls and demonstrates their correct adjustment.

8.5 Outlines a performance monitoring procedure and demonstrates its use.

8.6 Understands the functions of the remaining controls and demonstrates the use of range and bearing measurement controls and reporting procedures.

3. Dit moet op 'n kollegeterrein geïnstalleer wees waar daar dan van 'n videokassetopnemerstelsel gebruik gemaak word, mits—

(i) een van die radarterminale wat tydens hierdie kursus gebruik word, toegerus is met 'n videokassetopnemerstelsel wat deur die Departement van Vervoer goedgekeur is;

(ii) 'n bandbiblioteek goedgekeur deur die Departement van Vervoer beskikbaar is vir gebruik met die videokassetopnemerstelsel;

(iii) minstens een ten volle werkende marineradarstel geïnstalleer word op 'n plek wat deur die Departement van Vervoer goedgekeur is.

SUBAANHANGSEL E van ENS-kursusspesifikasie

Sertifikaat in elektroniese-navigasiestelsels

Beoordelings- en eksamenreëlings

1. *Inleiding*

1.1 Die Sertifikaat in Elektroniese Navigasiestelsels word uitgereik aan studente wat die eksamen soos voorgeskryf in paragraaf 3 na voltooiing van die kursus slaag en wat die beoordelings tydens die kursus, waarna in paragraaf 2 verwys word, bevredigend voltooi. Die resultate van hierdie beoordelings word in aanmerking geneem gedurende die finale eksamen.

1.2 Die eksamen- en beoordelingsreëlings word uitgevoer deur die lektor wat betrokke is by die onderrig van elke individuele instrument.

2. *Beoordeling van vordering.*

2.1 *Stadium A en Stadium C* (Kollegefases).

2.1.1 Die kollege beoordeel 'n student se praktiese vermoë om die individuele instrumente te bedien nadat die studie van elke besondere instrument voltooi is.

2.1.2 'n Soortgelyke beoordeling word gemaak van die standaard van die kaartwerk wat uitgevoer is terwyl posisies verkry is van koördinate wat van die onderskeie instrumente afgelei is.

2.1.3 Die beoordeling van praktiese werk word in elke stadium op die volgende wyse aangeteken:

Kursus in Elektroniese navigasiestelsels						*Stadium A/C					
	Praktiese Hantering					Stipwerk					
Instrument	A	B	C	D	E	A	B	C	D	E	Opmerkings

SLEUTEL

A— Ten volle in staat om werk op hierdie vlak te hanteer.

B— Goed in staat om werk op hierdie vlak te hanteer.

C— In staat om werk op hierdie vlak te hanteer.

D— Nouliks in staat om die werk in hierdie stadium te hanteer.

E— Nie in staat om die werk in hierdie stadium te hanteer nie.

* Skrap soos toepaslik om 'n aanduiding te gee van die stadium van opleiding waarna die beoordeling verwys.

2.1.4 Die prosedures vir praktiese beoordeling moet ter aanvulling dien van die inkursusbeoordeling van die teoretiese kennis wat vir 'n kollegetoekenning vereis word. Vir studente wat ander goedgekeurde faseopleidingskemas volg, word as vereiste gestel 'n ekwivalente beoordeling van teoretiese kennis, wat gedurende die loop van die kursus volgehou word op 'n wyse wat vir die Departement van Vervoer aanvaarbaar is.

1. At a site close to a shipping channel at the coast. The following factors shall be taken into account in determining a suitable site:

(a) In order to demonstrate to students and for students to be examined in the techniques of observing moving targets in the vicinity of own ship, particularly when such targets may be obscured by sea clutter, it is essential that the site shall be close to and afford an unobstructed view of shipping in a main shipping channel and/or the entrance to a port. The maximum distance from the shore shall be 200 metres but this distance shall only be allowable when the other requirements of this Sub-Annexure can be fully complied with;

(b) the field of view shall be not less than 160°, uninterrupted, over the sea;

(c) the height of the aerial shall be consistent with that necessary to obtain a clear view to seaward;

(d) the radar view to seaward shall be such that targets at longer range, i.e. not less than five miles, can be displayed;

(e) the radar view shall be capable of demonstrating shadow sectors e.g. from nearby buildings;

(f) visual observation of the area viewed by the radar shall be readily available so that comparison between radar and visual observation of targets can be easily made.

2. Aboard a training vessel provided it is not confined to a dock or narrow water.

3. At a college site using a Video Cassette Recorder (VCR) system provided—

(i) one of the radar displays used on this course is fited with a video cassette recorder (VCR) system which has been approved by the Department of Transport;

(ii) a library of tapes approved by the Department of Transport is available for use with the VCR system;

(iii) at least one fully operational marine radar set is installed in a location approved by the Department of Transport.

SUB-ANNEXURE E to ENS course specification

Electronic navigation systems certificate

Assessment and examination arrangements

1. *Introduction.*

1.1 The Electronic Navigation Systems Certificate shall be issued to students who pass the examination described in paragraph 3 on completion of the course and who satisfactorily complete the in-course assessments referred to in paragraph 2. The results of these assessments shall be taken into account during the final examination.

1.2 The examination and assessment arrangements shall be carried out by the lecturer involved in teaching each individual instrument.

2. *Progress assessment.*

2.1 *Stage A and Stage C* (College phases).

2.1.1 The college shall assess a student's practical ability to operate the individual instruments at the time that study of each particular instrument is completed.

2.1.2 A similar assessment shall be made of the standard of chartwork performed when obtaining positions from co-ordinates derived from the various instruments.

2.1.3 In each stage, assessment of practical work shall be recorded in the following format:

Electronic Navigational Systems Course						*Stage A/C					
	Practical operation					Plotting					
Instrument	A	B	C	D	E	A	B	C	D	E	Remarks

KEY

A—Fully able to cope with this level of work.
B—Well able to cope with this level of work.
C—Able to cope with this level of work.
D—Barely able to cope with the work at this stage.
E—Unable to cope with the work at this stage.

* Delete as appropriate to indicate the stage of training to which the assessment refers.

2.1.4 The practical assessment procedures shall complement the in-course assessment of theoretical knowledge required for a college award. For studens following other approved phased training schemes, an equivalent assessment of theoretical knowledge shall be required to be maintained during the progress of the course in a way acceptable to the Department of Transport.

2.1.5 Studente behoort te poog om enige ongunstige beoordelings gedurende Stadium A reg te stel. (Gedurende Stadium B behoort studente te poog om, terwyl hulle ter see is, hul praktiese prestasie en begrip van die gebruik van die toerusting te verbeter. 'n Aantekening oor hul vordering moet deur die skip se offisier op die beoordelingsvel gemaak word.) As daar nie bevredigende vordering is nie, moet 'n verdere poging gedurende Stadium C aangewend word om beter te vaar.

2.1.6 'n Formele eksamen word nie aan die einde van Stadium A vereis nie.

2.2 *Stadium B* (Tweede seefase van die opleidingskema).

2.2.1 Toepaslike inskrywings moet in die rekordboek vir praktiese opleiding gemaak word as bewys dat die opleideling oefeninge voltooi het in die gebruik van elektroniese navigasietoerusting, met inbegrip van posisiebepaling, radar, eggoloding en rigtingpeiling, tesame met verwante praktyk en navigasieprosedures.

2.2.2 Hierdie inskrywings moet deur die betrokke lektor nagegaan word wanneer die student terugkeer vir Stadium C.

2.3 *By voltooiing van Stadium C.*

2.3.1 By voltooiing van Stadium C moet daar 'n formele eksamen afgelê word in radar, die rigtingpeiler en minstens een ander elektroniese navigasie-instrument. (Sien par. 3.) In sommige gevalle mag dit egter nodig wees om die eksamen af te neem oor die volle reeks toerusting waarop die kursus gebaseer is; wanneer besluit word oor watter toerusting daar eksamen afgeneem moet word, moet die eksaminator elke kandidaat se beoordelingsvel nagaan om vas te stel of daar enige swakhede bestaan met betrekking tot die bediening van toerusting, of ten opsigte van die basiese kennis wat vereis word om die toerusting aan boord van 'n skip doeltreffend te gebruik.

2.4 *Modulêre kursusse.*

2.4.1 Progressiewe beoordeling van die praktiese en teoretiese kennis moet gedurende die loop van modulêre kursusse volgehou word op 'n wyse wat aanvaarbaar is vir die Departement van Vervoer.

2.4.2 By voltooiing van 'n modulêre kursus moet die eksamenprosedure dieselfde wees as dié wat aan die einde van Stadium C vereis word vir studente wat gefaseerde opleidingskemas volg.

3. *Finale eksamen en beoordeling.*

3.1 *Toelating.*

3.1.1 Daar word van alle kandidate vereis om die ENS-kursus en die vier-en-twintig maande kwalifiserende diens ter see bevredigend te voltooi het.

3.1.2 Opleidelinge wat 'n gefaseerde skema van opleiding deurloop, word geag die kursus te voltooi het waar dit geïntegreer is met verwante studies, mits minstens 120 uur gewy is aan die ENS-materiaal en die beoordeling in paragraaf 2 beskryf bevredigend voltooi is. In die geval van ander kandidate sal bevredigende bywoning van die kursus deur die kollege beoordeel word maar dit sal minstens 150 uur wees en die beoordelings in paragraaf 2 beskryf, moet dan bevredigend voltooi wees.

3.1.3 Kandidate wat nie aan die vereiste voldoen nie, mag in buitengewone omstandighede tot die eksamen toegelaat word, mits toestemming van die Departement van Vervoer in elke geval verkry is.

3.2 *Samestelling.*

3.2.1 Die eksamen bestaan uit twee dele:

Deel 1: 'n eksamen van een uur in die konstruksie en vertolking van radaruitstippings;

Deel 2: 'n praktiese/mondelike eksamen.

3.2.2 Deel 1—Konstruksie en vertolking van radaruitstippings.

Deel 1 bestaan uit oefeninge in die konstruksie en vertolking van radaruitstippings van gegewe inligting en hoogstens een uur word toegelaat vir die voltooiing daarvan. Die inligting wat die kandidaat uit die stippings moet verkry, word gekies uit die volgende:

3.2.2.1 'n Aanduiding van vaste en bewegende teikens, asook die naaste naderingspunt van teikens;

3.2.2.2 koers en spoed van bewegende teikens;

3.2.2.3 voorkoms van teikens;

3.2.2.4 snelheid en rigting van getystroom;

3.2.2.5 koersverandering wat nodig is om te vergoed vir getyrigting; en

3.2.2.6 uitwerking van koersverandering en/of waarnemingsnelheid van skip en/of teikens op CPA en TCPA.

3.2.3 Kandidate sal toegelaat word om die tipe stipwerk van hulle keuse te konstrueer. Vrae sal nie op so 'n wyse gestel word dat dit kandidate beperk tot 'n bepaalde tipe of tipes stipwerk nie.

3.3 *Praktiese eksamen.*

Die praktiese toets moet 'n kandidaat se bekwaamheid in die gebruik van toerusting ooreenkomstig die volgende riglyne bepaal:

2.1.5 Endeavour should be made by students to correct any low assessments during Stage A. (During Stage B students should make every effort to improve their practical performance and understanding of the use of the equipment while at sea. A note of their progress shall be made on the assessment sheet by the ship's officer). Failing satisfactory improvement, a further effort to upgrade assessment should be made during Stage C.

2.1.6 A formal examination at the end of Stage A shall not be required.

2.2 *Stage B* (Second sea phase of training scheme).

2.2.1 Appropriate entries shall be made in the practical training record book as evidence that the trainee has completed exercises in the use of electronic navigational equipment, including position finding, radar, echo sounding and D/F, in conjunction with related practice in navigational procedures.

2.2.2 These entries shall be scrutinised by the lecturer concerned when the student returns for Stage C.

2.3 *On completion of Stage C.*

2.3.1 On completion of Stage C there shall be a formal examination in radar, D/F and at least one other electronic navigational instrument. (See para. 3.) In some cases, however, it may be necessary to conduct the examination on the full range of equipment on which the course is based; in deciding on which equipment the examination shall be conducted, the examiner shall study each candidate's assessment sheet to determine any areas of weakness in the operation of equipment or the fundamentals of knowledge required for their competent use aboard ship.

2.4 *Modular courses.*

2.4.1 A progressive assessment of practical and theoretical knowledge shall be maintained during the progress of modular courses in a way acceptable to the Department of Transport.

2.4.2 On completion of a modular course, the procedure for examination shall be the same as that required at the end of Stage C for students following phased training schemes.

3. *Final examination and assessment.*

3.1 *Entry.*

3.1.1 All candidates shall be required to have satisfactorily completed the ENS course and 24 months of qualifying service at sea.

3.1.2 Trainees undergoing a phased scheme of training shall be deemed to have completed the course where it is integrated with related studies provided a minimum of 120 hours has been devoted to the ENS material and the assessments described in paragraph 2 have been satisfactorily completed. For other candidates satisfactory attendance of the course shall be judged by the college but it shall be for not less than 150 hours and the assessments described in paragraph 2 shall have been satisfactorily completed.

3.1.3 Candidates who do not meet the requirements may in exceptional circumstances enter the examination provided approval of the Department of Transport is obtained in each case.

3.2 *Format.*

3.2.1 The examination shall be in two parts:

Part 1: A one-houer examination in the construction and interpretation of radar plots.

Part 2: A practical/oral examination.

3.2.2 Part 1—Construction and interpretation of radar plots. Part 1 shall consist of exercises in the construction and interpretation of radar plots from given information and a maximum of one hour shall be allowed for their completion. The information which the candidate shall be required to obtain from the plots shall be chosen from the following:

3.2.2.1 An indication of fixed and moving targets, also closest point of approach of targets;

3.2.2.2 course and speed of moving targets;

3.2.2.3 aspects of targets;

3.2.2.4 rate and direction of tidal stream;

3.2.2.5 alternation of course needed to compensate for tidal set; and

3.2.2.6 effects of alteration of course and/or speed of observing ship and/or targets on CPA and TCPA.

3.2.3 Candidates shall be allowed to construct the type of plot of their choice. Questions shall not be framed in a way that restricts candidates to a particular type or types of plot.

3.3 *Practical examination.*

The practical test shall be conducted so as to determine a candidate's competence to use equipment in accordance with the following guide-lines:

3.3.1 Radar.

Die aanskakel en afskakel van toerusting volgens die korrekte prosedure; die instel van die vertoonkontroles van die radarstel in die korrekte volgorde met verwysing na die aanduidings van punte van optimale stelling, herkenning van waninstelling van stelknoppe:

— helderheids-/versterkings-/videoprosesseerkontroles;
— fokuskontroles;
— seesleurwerende kontroles;
— middelkontroles;
— reënwerende of korttydkonstantekontroles;
— handinstemkontrole;
— optimale keuse van afstandskale met inagneming van die wisselende toestande of omstandighede van verkeer, weer of nabyheid van die land;
— gebruik van vaste of veranderlike afstandsmerkers;
— akkuraatheid en nagaan vir onnoukeurighede;
— gebruik van elektroniese peilingaanduiders;
— meting van afstande en peilings vir posisiebepaling;
— perke van akkuraatheid van vasstellings;
— waarnemings om inligting te verkry om botsings te help voorkom;
— die aanstuur van inligting in 'n verstaanbare vorm;
— radarrapporteringsprosedures;
— nagaan van die prestasie van radartoerusting;
— gebruik van 'n prestasiemonitor en die behoefte aan gereelde kontrolering; en beeldinstellingskontrole;
— mondelinge vrae oor die gebruik van warebewegingsradar;
— mondelinge vrae oor die beginsels, vermoëns en beperkings van ARPA.

3.3.2 Rigtingsoekers.

Verkry 'n rigtingsoekerpeiling en pas enige nodige korreksie toe ten einde dit moontlik te maak om die peiling op 'n navigasiekaart aan te bring; sodanige peiling moet van 'n eksterne bron van radiotransmissie wees, bv. 'n nabygeleë radiobaken.

3.3.3 Elektroniese posisiebepalingstelsel.

Neem lesings van die verskillende toerustingitems nadat seker gemaak is dat die toerusting opgestel is in ooreenstemming met die instruksies wat in die toepaslike bedieningshandleidings aangegee word; stip sodanige lesings uit op 'n navigasiekaart terwyl die nodige voorsiening gemaak word vir enige regstellings wat deur die eksaminator aangedui mag word (die eksaminator kan die regstellings in hipotetiese vorm gee).

3.3.4 Eggoloders.

Bedien die toerusting volgens die instruksies aangedui in die bedieningshandleiding.

3.4 *Mondelinge eksamen.*

Die kandidaat moet vrae mondeling beantwoord oor die gebruik van enige van bogenoemde toerusting, die uitwerking van foute en waninstellings en oor enige ander onderwerpe in die leerplan, wat die eksaminator kan help om 'n oordeel te vel oor 'n kandidaat se vermoë om data op 'n bekwame wyse uit navigasietoerusting te verkry, te vertolk en te gebruik.

3.5 *Uitreiking van sertifikate.*

3.5.1 'n Kandidaat moet in albei dele van die finale eksamen slaag en die standaarde bereik wat deur die Departement van Vervoer vereis word in die inkursusbeoordelings van teoretiese kennis om vir die uitreiking van 'n Sertifikaat in Elektroniese Navigasiestelsels te kwalifiseer.

3.5.2 Sewentig persent van die beskikbare punte moet behaal word ten einde in Deel 1 te slaag. Ten einde in Deel 2 te slaag, moet 'n kandidaat die eksaminator oortuig van sy bekwaamheid om die toerusting met inagneming van die doelwitte van die kursus te gebruik. 'n Kandidaat wat druip, sal die volledige kursus moet herhaal voordat hy die eksamen weer kan aflê, tensy die hereksamen aangepak word binne 12 maande na die eerste poging.

3.5.3 Met betrekking tot vakke wat gedeeltelik geslaag word, kan eksaminators na goeddunke uitstel verleen ten opsigte van Deel 1 of Deel 2. Die uitgestelde deel moet egter binne ses maande na die eerste poging aangepak word. Uitstel kan slegs vir een deel toegelaat word en indien die kandidaat hierin druip, moet hy albei dele herhaal wanneer hy die eksamen weer aflê.

3.6 *Departement van Vervoer se goedkeuring en moderering.*

3.6.1 Progressiewe beoordeling van teoretiese kennis. In alle gevalle, d.i. vir studente wat òf kollegeskemas òf modulêre kursusse volg, moet kolleges hulle beoordelingsplan vir elke onderwerp in die leerplan gelys aan die Department van Vervoer voorlê vir goedkeuring. Die plan kan dié volg wat kragtens die kollegebeoordelingskemas aanvaar word, of in die geval van modulêre kursusse kan 'n metode gevolg word waarvolgens kort skriftelike eksamens van tyd tot tyd gedurende die kursus afgeneem word. Elke eksamen dek die onderwerpmateriaal wat gedurende die kursus tot met die aanbreek van die eksamen behandel is.

3.3.1 Radar.

Starting and stopping equipment by the correct procedure; adjustment of the display controls of the radar set in the correct sequence with reference to the indications of points of optimum setting; recognition of maladjustment of operational controls:

— brilliance/gain/video processor controls;
— focus controls;
— anti-sea clutter control;
— centre controls;
— anti-rain or fast-time constant controls;
— manual tuning control;
— optimum choice of range scales bearing in mind the varying conditions or circumstances of traffic, weather or proximity to land;
— use of fixed and variable range markers;
— accuracy and checking for inaccuracies;
— use of electronic bearing indicators;
— measurement of ranges and bearing for position fixing;
— limits of accuracy of fixes;
— observations to obtain information for aiding collision avoidance;
— passing information in an understandable form;
— radar reporting procedures;
— checking performance of radar equipment;
— use of performance monitor and need for frequent checks; and display tuning control;
— oral questions on the use of true motion radar;
— oral questions on the principles, capabilities and limitations of ARPA.

3.3.2 Direction finders.

Obtain a D/F bearing and apply any necessary corrections to enable the bearing to be laid off on a navigational chart; such bearing to be of an external source of radio transmission e.g. a nearby radio beacon.

3.3.3 Electronic position fixing systems.

Take readings from the various equipment after ensuring that the equipment has been set up according to the instructions laid down in the appropriate operating manuals; plot such readings on a navigational chart making due allowance for any corrections which may be indicated by the examiner (the corrections may be given by the examiner in hypothetical form).

3.3.4 Echo sounders.

Operate the equipment according to the instructions laid down in the operational manual.

3.4 *Oral examination.*

The candidate shall be questioned orally on the use of any of the equipment mentioned above, the effects of errors and misalignments and on any other subjects in the syllabus which may assist the examiner in judging a candidate's ability to obtain, interpret and use data from navigational equipment in a competent manner.

3.5 *Issue of certificates.*

3.5.1 A candidate must obtain a pass in both parts of the final examination and achieve the standards required by the Department of Transport in the in-course assessments of theorectical knowledge to qualify for the issue of an Electronic Navigation Systems Certificate.

3.5.2 Seventy percent of the marks available must be obtained to pass Part 1. To pass Part 2, a candidate must satisfy the examiner as to his competence to use the equipment, bearing in mind the objectives of the course. A candidate who fails shall be required to retake the complete course before again sitting for the examination unless the re-examination is attempted within twelve months of the first attempt.

3.5.3 With regard to partial passes, examiners may, at their discretion, allow a deferment in either Part 1 or Part 2. The deferred part must, however, be attempted within six months of the first attempt. Only one deferment shall be allowed and failure in this deferment shall oblige the candidate to re-take both parts of the examination at the next attempt.

3.6 Department of Transport approval and moderation.

3.6.1 Progressive assessment of theoretical knowledge. In all cases i.e. for students following either college schemes or modular courses, colleges shall submit for approval by the Department of Transport their assessment plan for each topic listed in the syllabus. The plan may follow those accepted under the college assessment schemes or in the case of modular courses, adopt a method of short written examination set at intervals during the course, each examination covering the subject matter dealt with during the course up to the point of examination.

3.6.2 Beoordeling van uitstipvaardighede.

Kolleges moet aan die Departement van Vervoer vir goedkeuring afskrifte voorlê van vraestelle wat in Deel 1 van die finale eksamen gestel gaan word (hierdie vraestelle moet wat inhoud en standaard betref, ooreenstem met dié wat goedgekeur is vir die Radarwaarnemereksamen).

3.6.3 Afneem van eksamen.

Die eksamen moet namens die Departement van Vervoer afgeneem word deur 'n eksaminator aangewys deur die kollege en goedgekeur deur die Direkteur-generaal: Met dien verstande dat die Direkteur-generaal hom die reg van sy beamptes voorbehou om te eniger tyd 'n eksamen, hetsy in sy geheel of gedeeltelik, te laat afneem.

AANHANGSEL P

NAVIGASIEBEHEERKURSUS (SIEN REGULASIE 3.7)

Doel

Om bevelsbesluitneming gebaseer op data deur navigasie-instrumente verskaf, volledige begrip van stelselfoute, deeglike begrip van die operasionele aspekte van moderne navigasiestelsels en effektiewe brugspanwerkprosedures te bevorder.

Kandidate

Offisiere met minstens 18 maande diens as gediplomeerde waghou-offisiere. Besit van 'n NB-sertifikaat is 'n voorvereiste vir die uitreiking van die Klas 2-bekwaamheidsertifikaat en 'n Bevelvoeringsendossementsertifikaat.

Mikpunt

Aan die einde van die opleiding moet die offisier in staat wees om navigasieinligting wat van alle bronne verkry is te evalueer ten einde bevelsbesluite te neem en te implementeer met die oog op botsingvoorkoming en die veilige navigasie van die skip.

Om hierdie mikpunt te bereik, brei hierdie kursus die aanwending van navigasie- en botsingvoorkomingstegnieke wat alreeds bestudeer en in die praktyk beoefen is uit, en die kursus toon die belangrikheid van hul onderlinge verband en die optimale gebruik van die navigasiedata wat normaalweg beskikbaar is vir die veilige navigasie van die skip.

Opleidingsplan

Die opleidingsplan is opgestel met die veronderstelling dat studente bekwaam is in basiese parallelindeksering, radarstipwerk en deurvaartbeplanningsprosedures.

Wanneer die NB-kursus gevolg word as deel van die kollegegebaseerde kursus ter voorbereiding van die Klas 2-bekwaamheidsertifikaat moet dit, waar moontlik, aanvullend wees tot en die kulminering wees van verwante studies in die Klas 2-leerplan wat betrekking het op praktiese navigasie en deurvaartbeplanningsprosedures.

Daar word derhalwe nie vereis dat die kursus as 'n diskrete module buite die hoofstroom van studie behandel moet word nie, maar minstens 36 uur moet gewy word aan die simulatoroefeninge wat deel van die kursus vorm.

Studente wat nie die NB-kursus as deel van die Studiekursus vir 'n volle Klas 2-sertifikaat volg nie, kan voordat met die oefeninge begin word bykomende tyd nodig hê vir die hersiening van die basiese prosedures waarna hierbo verwys is en vir sodanige studente kan die kursus aangebied word as 'n voltydse blok wat 60 uur duur.

Kursusprogram

Die kursus en oefeninge wat aangebied word, word in Subaanhangsel 'A' getoon.

Toerusting

Die lys van toerusting wat vir die kursus vereis word, word in Subaanhangsel 'B' gegee. Kolleges kan waar moontlik ander geskikte toerusting, byvoorbeeld skeepsimulators en opleidingsvaartuie, gebruik vir die aanbied van oefeninge bykomend by die voorgeskrewe simulatoroefeninge. Sulke bykomende oefeninge kan sekere aspekte van die opleiding en die bereiking van die doelstellings van die kursus verder bevorder, veral met betrekking tot instrumentloodsing- en brugspanwerkprosedures.

Toelating tot kursus

'n Student moet vir toelating tot hierdie kursus minstens 18 maande diens gelewer het as 'n gediplomeerde waghou-offisier en moet die houer wees van 'n Sertifikaat in Elektroniese Navigasiestelsels [of van sowel 'n Radarwaarnemersertifikaat as 'n Sertifikaat in Elektroniese Navigasiestelsels (Operasie)].

'n Student wat nie aan bogenoemde vereistes voldoen nie, kan tot hierdie kursus toegelaat word en 'n sertifikaat van bywoning in die goedgekeurde vorm kan na goeddunke van die Departement van Vervoer aan hom uitgereik word.

Aanbieding van kursus

Opleidingsinrigtings kan oor hulle eie gedetailleerde beplanning van kursusse en tydtafelreëlings besluit: Met dien verstande dat by die implementering van die oefeninge om gemelde mikpunte te bereik die volgende riglyne in aanmerking geneem moet word:

(i) Die oefeninge moet intensief wees en dit moet pas by die gevorderdheid en graad van die studente;

(ii) die omgewing waarin die oefeninge aangebied word, moet bevorderlik wees vir die opdoen van kennis deur deelname eerder as deur formele klaskameronderrig of lesings;

3.6.2 Assessment of plotting skills.

Colleges shall submit for approval by the Department of Transport copies of question papers to be set under Part 1 of the final examination (these papers shall be similar in contents and standards to those approved under the Radar Observer examination).

3.6.3 Conduct of examination.

The examination shall be conducted on behalf of the Department of Transport by an examiner appointed by the college and approved by the Director-General provided that the Director-General reserves the right of his officers to conduct an examination, either in whole or part, at any time.

ANNEXURE P

NAVIGATION CONTROL COURSE (SEE REGULATION 3.7)

Aim

To promote command decision-making based on data supplied by navigational instruments, a full appreciation of system errors, a thorough understanding of operational aspects of modern navigation systems and effective bridge teamwork procedures.

Candidates

Officers with a minimum of 18 months' service as certificated watchkeeping officers. Possession of a NC certificate shall be a prerequisite for issue of the Class 2 Certificate of Competency and Command Endorsement certificates.

Objective

At the end of the training, the officer should be able to evaluate navigational information derived from all sources in order to make and implement command decisions for collision avoidance and for directing the safe navigation of the ship.

To achieve this objective the course shall extend the application of navigational and collision ayoidence techniques already studied and practised; and demonstrate the importance of their inter-relationship and the optimum use of the navigational data normally available for conducting the safe navigation of the ship.

Training plan

The training plan has been drawn up on the assumption that students are proficient in basic parallel indexing, radar plotting and passage planning procedures.

When the NC course is taken as part of the college-based course of preparation for the Class 2 Certificate of Competency, it should where practicable, be complementary to and form the culmination of related studies in the Class 2 syllabus dealing with practical navigation and passage planning procedures. The course shall not therefore be required to be treated as a discrete module outside the main-stream of studies but a minimum of 36 hours shall be devoted to the simulator exercises which form part of the course.

Students who are not taking the NC course as part of a full Class 2 certificate study course may need additional time for revision of the basic procedures referred to above before commencing the exercises, and for such students the course may be run as a full-time block of 60 hours duration.

Course programme

The course and exercises to be conducted are shown at Sub-Annexure A.

Equipment

The list of equipment required for conduct of the course is given at Sub-Annexure B.

Colleges may utilise other suitable equipment where available, such as ship simulators and training vessels, for conducting exercises additional to the prescribed simulator exercises which additional exercises may further enhance certain aspects and achievement of the overall aims of the course, particularly in relation to blind pilotage and bridge teamwork procedures.

Entry to course

Students entering this course shall have a minimum of 18 months' service as a certificated watch-keeping officer and shall be in possession of an Electronic Navigation Systems Certificate [or both a Radar Observer's Certificate and an Electronic Navigational Aids (Operation) Certificate].

Students who do not comply with the above requirements may be allowed entry to this course and, at the discretion of the Department of Transport, may be issued with a Certificate of Attendance in the approved form.

Conduct of course

Training establishments may decide on their own detailed planning of courses and timetable arrangements: Provided that in implementing the exercises to meet the stated objectives, the following guide-lines shall be taken into account:

(i) The exercises shall be intensive and appropriate to the maturity and grade of the students;

(ii) the environment in which the exercises are conducted shall be conducive to learning through participation rather than formal classroom teaching or lectures;

(iii) die rol wat die studente speel, moet verteenwoordigend wees van die werklike situasie ten einde dit moontlik te maak om brugspanwerkprosedures te volg;

(iv) na elke oefening moet al die offisiere 'n algemene samespreking voer waartydens die oefening ontleed en die aksies gekritiseer moet word.

Beoordeling

Studente se prestasie en hulle begrip van die beginsels waarop die oefeninge gebaseer is, moet as 'n vorm van deurlopende beoordeling gedurende die kursus deeglik deur die instrukteurs nagegaan word, maar daar is geen formele eksamen aan die einde van die navigasiebeheerkursus nie.

Die basiese beginsels moet soos tevore formeel beoordeel word as deel van die Departement van Vervoer se skriftelike en mondelinge eksamens en die NB-kursus moet eerder as aanvullend tot die oorhoofse opleidings- en ondervindingsvereistes, as 'n doel op sigself beskou word.

Sertifikaat

'n Bywoningsertifikaat in 'n vorm wat deur die Direkteur-generaal goedgekeur is, word slegs aan offisiere uitgereik wat die kursus bygewoon en bevredigend daaraan deelgeneem het.

Goedkeuring

Die program van elke kursus moet deur die Direkteur-generaal goedgekeur word.

SUBAANHANGSEL A van die Navigasiebeheerkursusspesifikasie

KURSUSPROGRAM EN OEFENINGE WAT AANGEBIED MOET WORD

1. *Inleiding*

1.1 Die kursus sluit die program van simulatoroefeninge wat in hierdie Subaanhangsel beskryf is in, maar opleidingsinrigtings kan, ooreenkomstig die volgende riglyne, die besonderhede van hulle eie oefeninge ontwerp ten einde die doelstellings wat vir elke stadium gelys is te bereik en oor die geskikte "afspeelgebiede" en die duur van elke oefening te besluit.

2. *Ontwerp en oefeninge.*

2.1 By die ontwerp en aanbieding van oefeninge moet daar in gedagte gehou word dat—

2.1.1 die gebruik en werking van die volledige reeks navigasietoerusting, met inbegrip van radar en ARPA, reeds gedurende die ENS-kursus bestudeer is en dat sommige similatoroefeninge reeds in daardie stadium onderneem is;

2.1.2 die beginsels van die hou van 'n veilige navigasiewag, kaartwerk, deurvaartbeplanning en brugspanwerkprosedures dan reeds bestudeer sal wees as deel van die verwante vorm vir die bekwaamheidsertifikaatleerplanne. Waar 'n student die navigasiebeheerkursus volg as deel van 'n studiekursus wat tot die Klas 2-eksamen lei, moet opleiding in basiese tegnieke van, byvoorbeeld, deurvaartbeplanning en hersiening van radarstipwerk, deel vorm van daardie studiekursus. Weens die uiters praktiese en realistiese aard van die oefeninge bevorder die navigasiebeheerkursus die toepassing van die betrokke beginsels;

2.1.3 offisiere wat die navigasiebeheerkursus volg, maar nie as 'n deel van 'n studiekursus vir 'n Klas 2-sertifikaat nie, kan bykomende tyd nodig hê vir hersiening van die basiese tegnieke voordat daar met die navigasiebeheeroefeninge begin word;

2.1.4 offisiere wat nie 'n kursus in elektroniese navigasiestelsels gevolg het nie, maar wat die radarwaarnemerkursus en die kursus in elektroniese navigasiehulpmiddels (operasie) gevolg het, mag dit voor hul toetrede nodig vind om Stadium 1 van die navigasiebeheerkursus te verleng met die oog op volle dekking van paragrawe C14.17 van die ENS-kursusleerplan, wat opleiding in die gebruik van ARPAs insluit;

2.1.5 die student moet minstens agtien maande ondervinding as 'n gediplomeerde waghou-offisier ter see opgedoen het voordat hy met die kursus begin.

2.2 Ten einde genoemde doelwit van die kursus te bereik, behoort die nodige aandag geskenk te word aan—

2.2.1 die beplanning en uitvoering van vaarte in beperkte en oop waters;

2.2.2 die gebruik van radar en ARPA vir botsingvoorkoming, navigasie en instrumentloodsing;

2.2.3 die keuring en gebruik van ander navigasietoerusting en data ooreenkomstig die heersende toestande;

2.2.4 ander dienste en inligting soos weerverslae en die gebruik van radiotelefoonkommunikasie.

2.3 Doeltreffende brugspanwerkprosedures moet deurgaans in die kursus beklemtoon word.

3. *Organisasie.*

3.1 Die kursus kan nie in sy doel slaag met minder as vier studente in twee spanne van twee elk, of meer as drie studente by elke skip nie.

(iii) the roles played by the students shall be representative of the real situation to enable bridge teamwork procedures to be followed;

(iv) following every exercise there shall be a general discussion amongst all the officers, when the exercise shall be analysed and actions criticised.

Assessment

Students' performance and understanding of the basic principles on which the exercises are based shall be closely monitored by the instructors as a form of continuous assessment throughout the course, but there shall be no formal examination at the conclusion of the NC course. The basic principles shall continue to be formally assessed as part of the Department of Transport's written and oral examinations and the NC course may be seen as contributory to the overall training and experience requirements rather than an end in itself.

Certificate

A Certificate of Attendance, in a form approved by the Director-General be issued only to officers who attend and satisfactorily participate in the course.

Approval

Each course programme shall be approved by the Director-General.

SUB-ANNEXURE A to Navigation Control Course Specification

COURSE PROGRAMME AND EXERCISES TO BE CONDUCTED

1. *Introduction.*

1.1 The course shall include the programme of simulator exercises described in this Sub-Annexure but training establishments may, within the following guidelines, design the details of their own exercises to meet the objectives listed for each stage and to decide appropriate "playing areas" and duration for each exercise.

2. *Design and exercises.*

2.1 The design and conduct of exercises shall take into account that—

2.1.1 the use and operation of the full range of navigation equipment, including radar and ARPA, shall have been studied during the ENS course and some simulator exercises shall have been undertaken at that stage;

2.1.2 principles of keeping a safe navigation watch, chartwork, passage planning and bridge team work procedures shall have been studied as part of the related form for the certificate of competency syllabuses. Where a student is taking the Navigation Control (NC) Course as part of a course of study leading to the Class 2 examination, instruction in basic techniques of, for instance, passage planning and revision of radar plotting, shall form part of that course of study. The Navigation Control (NC) Course shall reinforce the application of the principles involved through the extremely practical and realistic nature of the exercises;

2.1.3. officers taking the Navigation Control (NC) Course other than as part of a Class 2 Certificate study course may need additional time for revision of the basic techniques before commencing the NC exercises;

2.1.4 officers who have not attended an Electronic Navigation Systems (ENS) Course, but who have taken the Radar Observer and Electronic Navigational Aids (Operation) Course, prior to entry may need to extend Stage 1 of the NC course to provide a full coverage of paragraphs C14.17 of the ENS course syllabus, which includes instruction in the use of ARPA's;

2.1.5 the student shall have gained at least eighteen months experience at sea as a certificated watch-keeping officer prior to entering the course.

2.2 In meeting the stated objective of the course, due regard shall be paid to—

2.2.1 planning and execution of passages in confined and open waters;

2.2.2 the use of radar and ARPA for anti-collision, navigation and blind pilotage;

2.2.3 the selection and use of other navigation equipment and data as appropriate to prevailing circumstances;

2.2.4 other services and information such as weather reports and the use of Radio Telephone Communications.

2.3 Effective bridge team-work procedures shall be emphasised throughout the course.

3. *Organisation.*

3.1 The objective of the course cannot be achieved with less than four students in two teams of two each, or more than three students at any ownship.

4. *Spanrolle.*

4.1 Die rolle moet verteenwoordigend wees van die werklike situasie ten einde dit moontlik te maak om brugspanwerkprosedures te volg. Die Gesagvoerder moet byvoorbeeld as die ontvanger/koördineerder van inligting optree en moet met die oog op die veilige verloop van die oefening oorhoofse besluite neem ooreenkomstig die pligte van 'n offisier in bevel van 'n navigasiewag, waar moontlik bygestaan deur die derde spanlid. Die spanne moet hulle eie plan vir die deurvaart wat gevolg moet word, in ooreenstemming met erkende prosedures opstel.

Geskikte publikasies, bv. Loodsboeke en Getytafels van die Admiraliteit is vir hierdie doel beskikbaar.

4.2 Gedurende die kursus moet rolle soos toepaslik omgeruil word om elke student voldoende geleentheid te bied om as bevelvoerder van die skip op te tree en om die toerusting by elke erkende posisie van die skip te bedien.

5. *Oefeninge*

5.1 By voltooiing van die eerste stadium van die kursus moet die offisier-in-bevel van die skip toegelaat word om die tegnieke wat hy verkies te gebruik by die beplanning van die voorgenome deurvaart, by die verkryging van radar- en navigasie-inligting en by die maneuvrering van sy skip.

5.2 Na afloop van elke oefening moet al die studente samesprekings voer om die handelinge wat plaasgevind het te analiseer en te kritiseer, en rekords van die oefening moet vir hierdie doel beskikbaar wees.

Besprekings kan gevolg word deur demonstrasies van die uitwerking van enige moontlike alternatiewe optrede, of optrede wat in die bespreking voorgestel is. Dit kan by geleentheid ook voordelig wees om alternatiewe tipes beeldvoorstellings te demonstreer en te vergelyk.

6. *Soort oefeninge.*

Stadium 1—Botsingvoorkomingsoefeninge

Tema: Oopwateroefeninge wat ontmoetings met een of twee teikenskepe behels en later op veelskipontmoetings uitloop.

Die aanvanklike oefening(e) moet die student bekendstel met die toerusting en hom weer eens vertroud maak met die gebruik van 'n radarstel vir botsingvoorkoming deur radar- en ARPA-tegnieke.

Doelstellings:

1. Om die opleideling se uitstip- en vertolkingsvermoëns te verfris, en om sy begrip van uitstipbeperkings en -foute te verbeter (met inbegrip van dié wat met die gebruik van ARPA-stelsels in verband staan).

2. Om, waar optrede nodig is, die nodigheid van die groot koers- en/of spoedveranderings in 'n vroeë stadium van die ontmoeting in te sien.

3. Om die moontlikheid in te sien dat stappe wat reeds gedoen word, gekanselleer moet word, veral as peilings aanvanklik stadig verander.

Omvang van oefeninge:

Die oefeninge moet voorbeelde insluit van alle kategorieë van realistiese ontmoetings wat veranderings in die skip se koers en/of spoed mag vereis. Dit is in hierdie stadium belangrik dat oefeninge en demonstrasies gerig moet wees op daardie situasies wat in gevalle van werklike botsings voorgekom het.

Stadium 2—Navigasie en botsingvoorkoming

Tema:

Oefeninge wat veelskipontmoetings insluit wanneer 'n kuslyn of ander navigasiegevaar uit oop water genader word.

Doelstellings:

Om voort te gaan met die oefen van botsingvoorkomingsmaneuvers waarby enkel- en veelskipontmoetings betrokke is, en terselfdertyd—

(i) die student se vermoë te verbeter om as deel van 'n span te werk wanneer die land genader word en in kuswater genavigeer word;

(ii) die nodigheid te illustreer om die eie skip se posisie vas te stel en sy voortgang in kuswaters te moniteer;

(iii) elke span se vermoë te toets om die skip se baan in kuswaters te moniteer en 'n doeltreffende radarwag in stand te hou.

Omvang van oefeninge:

Die oefeninge moet die volgende aspekte dek:

Posisiebepaling deur gebruik te maak van elektroniese hulpmiddels vir navigasie.

Die opstel en uitvoering van 'n navigasieplan vir die nadering van die land.

Monitering van die skip se baan in kuswaters, met inbegrip van die gebruik van parallelindekstegnieke.

Die uitwerking van getystrome, seestrome en wind op die behoud van baan.

Die probleme om grondgestabiliseerde warebewegingsradarbeelde te vertolk.

Botsingvoorkomingsmaneuvers.

Die toevallige wanfunksionering van toerusting wat in navigasie en botsingvoorkoming gebruik word.

Beperkings van ARPA in navigasierol.

4. *Team roles.*

4.1 The roles played should be representative of the real situation to enable bridge team-work procedures to be followed. For example, the Master shall act as the receiver/co-ordinator of information and shall make overall decisions for the safe conduct of the exercise appropriate to the duties of an officer in charge of a navigational watch, assisted by the third team member where available. The teams should devise their own plan for the passage to be followed, in accordance with recognised procedures.

Suitable publications e.g. Admiralty Pilot Books and Tide Tables shall be available for this purpose.

4.2 Roles should be changed as appropriate during the course to give each student ample opportunity in command of own ship and to operate equipment at each own ship position.

5. *Conduct of exercises.*

5.1 On completion of the first stage of the course, the officer in command of own ship shall be allowed to use the techniques he desires in planning the intended passage, in obtaining radar and navigational information and in manoeuvring his ship.

5.2 Discussions should be held amongst all the students following every exercise to analyse and criticise actions taken and records of the exercise shall be available for this purpose. Discussions may be followed by demonstrations of the effects of any alternative action which could have been taken or which was suggested in discussion. On occasion it may also be beneficial to demonstrate and compare alternative types of display presentation.

6. *Exercises.*

Stage 1—Collision avoidance exercises

Theme:

Open water exercises involving encounters with one or two target ships and progressing to multi-ship encounters.

The initial exercise(s) should introduce the student to the equipment and update his knowledge of the use of a radar set for collision avoidance employing radar and ARPA techniques.

Objectives:

1. To refresh the trainee's plotting and interpretation abilities, and to increase his appreciation of plotting limitations and errors (including those associated with the use of ARPA systems).

2. To recognise, where action is necessary, the need for generally making substantial alterations of course and/or speed at an early stage in the encounter.

3. To recognise the possibility of cancelling actions being taken, particularly when bearings are initially changing slowly.

Outline of excercises:

The exercises should include examples of all categories of realistic encounters which may call for alterations in own ship course and/or speed. It is important during this stage that exercises and demonstrations shall highlight those situations which have occurred in actual collision cases.

Stage 2—Navigation and collision avoidance

Theme:

Exercises involving multi-ship encounters when approaching a coastline or other navigational hazard from open waters.

Objectives:

To continue practice of collision avoidance manoeuvres involving single and multi-ship encounters and, at the same time—

(i) enhance the student's ability to work as part of a team when making landfall and navigating in coastal waters;

(ii) illustrate the need to ascertain position of own ship and to monitor its progress into coastal waters;

(iii) test each team's ability to monitor the ship's track in coastal waters and maintain an efficient radar watch.

Outline of exercises:

The exercises should cover the following points:

Position fixing using electronic aids to navigation.

The production and execution of a navigation plan for landfall.

Monitoring of the ship's track in coastal waters, including use of parallel index techniques.

The effects on track keeping of tidal streams, currents and wind.

The problems of interpreting ground stabilised true motion radar displays.

Collision avoidance manoeuvres.

The occasional malfunction of equipment used in navigation and collision avoidance.

Limitations of ARPA in the navigational role.

Stadium 3—Soek-en-reddingswerk

Tema:

Oefening(e), hetsy in oop of kuswaters, met besondere aandag aan die noodsaaklikheid om 'n soek-en-reddingsoperasie uit te voer terwyl voortgegaan word met die oefen van botsingvoorkoming en navigasietegnieke en -prosedures.

Doelwitte:

1. Die oefen, sowel in die skip as tussenskeeps, van soek-en-reddingsprosedures en -tegnieke, met besondere klem op die koördinering en beplanning van die soektog ten einde die redding in die kortste moontlike tyd af te handel terwyl die beskikbare hulpmiddels met die grootste mate van doeltreffendheid gebruik word.

2. Om die beginsel van effektiewe brugspanwerkprosedures in te skerp.

Omvang van oefening(e):

Die ongeval moet realisties beheer word deur die instrukteur en kan byvoorbeeld sink voordat reddingskepe opdaag. Elke skip, tesame met instrukteursbeheerde teikens (met inbegrip van helikopter(s)), moet betrokke wees by die reaksie op die noodoefening(e) wat die volgende insluit:

Navigasie- en botsingweringsoorwegings.

Die noodsaaklikheid daarvan dat die ongeval dit vir ander maklik moet maak om hom op te spoor.

Gebruik van D/F vir aanpeiling op 'n ongeval (wanneer dit in 'n simulator voorsien word, moet hierdie fasiliteit gebruik word om die realisme van die oefeninge te verhoog).

Koördinering en beplanning van die soektog-en-redding.

Stadium 4—Navigasie en botsingvoorkoming

Tema:

Intensiewe oefeninge wat die nadering van en deurvaart deur gebiede met swaar verkeer en navigasiebeperkings behels.

Doelstellings:

Om korrekte deurvaartbeplanning en waghouprosedures wat vir doeltreffende navigasiebeheer in beperkte waters met swaar verkeer vereis word, te konsolideer.

Omvang van oefeninge:

Die oefeninge moet die vermoë van individue en spanne tot die realistiese maksimum verhoog. Hulle moet soveel aspekte moontlik van navigasie en botsingvoorkoming insluit.

Die punte in Stadiums 1 en 2 genoem, moet waar toepaslik gebruik word en die oefening(e) moet ook die volgende insluit:

Die opstel en uitvoer van 'n deurvaartplan deur 'n gebied wat fokuspunte vir verkeer- en verkeersverdelingsones bevat.

Landbasis verkeersinligting moet ingesluit word. Nadering van loodsstasie en die aan boord neem van 'n loods.

Minstens een oefening moet lank genoeg wees om realistiese oorhandigings tussen lede van die span soos toepaslik op heersende omstandighede, moontlik te maak, bv. die aanvang van beperkte sigbaarheid.

Subaanhangsel B van Navigasiebeheerkursusspesifikasie

TOERUSTINGVEREISTES

Die volgende minimum toerusting word vir die kursus vereis:

1. 'n Seenavigasietoerustingsimulator waaraan 'n Tipetoetssertifikaat deur die Departement van Handel toegeken is en wat geïnstalleer is in akkommodasie deur die Direkteur-generaal goedgekeur.

2. Die simulator moet minstens drie skeepsposisies in werklike tyd aandryf. Elke skeepsposisie word voorsien van—

(a) 'n basiese radarterminaal met opleidelingbeheer van skeepsmaneuvrering;

(b) data van 'n Decca-navigator (Merk XXI of Merk XXX), MF/DF, en 'n eggoloder wat deur werklike, verteenwoordigende of grafiese beelde, of in alfa-numeriese vorme voorsien word;

(c) toepaslike kaarte, handstiphulpmiddels, 'n stiptafel, 'n konvooitydhouer, en kompas- en skeepsnelheidsaflesings. Daarby moet 'n gesimuleerde radiotelefoonkommunikasiestelsel van skip-tot-skip en skip-tot-land (instrukteur se posisie) voorsien word.

3. Benewens die vereistes van paragrawe 1 en 2, moet minstens een skeepsposisie voorsien word van 'n ARPA-beeld wat òf 'n integrerende deel van die radarbeeld wat in paragraaf 2 (a) vereis word, òf 'n alleenstaande fasiliteit kan wees. In albei gevalle moet die beeld met ARPA-kenmerke in verband gebring word met die simulering van die skip se posisie.

4. Die navigasiebeelde en data-uitsette in paragrawe 2 en 3 hierbo vereis, moet deur die simulatorrekenaar beheer word en in verband gebring word met die betrokke skeepsposisie, terwyl tipiese foute van hierdie beelde deur die instrukteur nagegaan moet word. Die toepaslike bedieningsaanwysings en foutkorreksiedata moet waar nodig aan die opleidelinge beskikbaar gestel word.

Stage 3—Search and rescue

Theme:

Exercise(s) in either open or coastal waters involving the need to conduct a search and rescue operation while continuing practice in collision avoidance and navigational techniques and procedures.

Objectives:

1. To practice, both in-ship and inter-ship, search and rescue procedures and techniques, emphasising the need for the search to be co-ordinated and planned to carry out a rescue in the minimum time using to maximum effect the resources available.

2. To enhance the concept of effective bridge team-work procedures.

Outline of exercise(s):

The casualty should be realistically controlled by the instructor and may, for instance, sink before rescue ships arrive on the scene. Each own ship, together with instructor-controlled targets [including helicopter(s)], should be involved in the response to the distress exercise(s) which should include—

navigation and anti-collision considerations;

the need for the casualty to assist location by others;

use of D/F for homing on (when provided on a simulator, this facility should be used to enhance the realism of the exercises);

co-ordination and planning of the search and rescue.

Stage 4—Navigation and collision avoidance

Theme:

Intensive exercises involving the approaches to and passage through areas of heavy traffic with navigational restrictions.

Objectives:

To consolidate correct passage planning and watch-keeping procedures required for effective navigation control in confined waters with heavy traffic.

Outline of exercises:

The exercises should stretch the ability of individuals and teams to the realistic maximum. They should include as many aspects as possible of navigation and collision avoidance.

Points covered in Stages 1 and 2 should be introduced as appropriate and the exercise(s) should also include the following:

The production and execution of a passage plan through an area containing focal points for traffic and traffic separation zones. Shore-based traffic information should be included.

Approach to pilot station and pilot embarkation.

At least one exercise should be of sufficient duration to enable realistic handovers to be effected between members of the team as appropriate to prevailing circumstances, e.g. the onset of restricted visibility.

Sub-Annexure B to Navigation Control Course Specification

EQUIPMENT REQUIREMENTS

The following minimum equipment shall be required for the conduct of the course:

1. A marine navigational equipment simulator which has been awarded a Certification of Type-Testing by the Department of Trade and which is installed in accommodation approved by the Director-General.

2. The simulator shall drive, in real time, at least three own ship positions. Each own ship position shall be provided with—

(a) a basic radar display with trainee control of own ship manoeuvring;

(b) data from a Decca Navigator (Mark XXI or Mark XXX), and MF/DF, and an echo sounder provided through real, representative or graphic displays, or in alphanumeric forms;

(c) appropriate charts, manual plotting aids, a plotting table, a time clock, and compass and ship's speed read-outs. Additionally a simulated radiotelephone communications system shall be provided ship-to-ship and ship-to-shore (instructor's position).

3. In addition to the requirements of paragraphs 1 and 2, at least one own ship position shall be provided with an ARPA display which may be either an integral part of the radar display required in paragraph 2 (a) above or a stand-alone facility. In either case, the display of ARPA features shall be related to the simulation of the own ship's position.

4. The navigational displays and data outputs required in paragraphs 2 and 3 above shall be controlled by the simulator computer and be related to the respective own ship position with typical errors of these displays being controlled by the instructor. Where appropriate, the relevant operating instructions and error correction data shall be made available to the trainees.

5. Elke skeepsposisie moet geakkommodeer word in 'n hokkie of kamer geskei van die ander skepe, en die hoofsimulatorrekenaar en die instrukteur se posisie moet voldoende klankdig wees.

6. Plek moet beskikbaar wees vir voorligting en ondervraging.

7. Tot tyd en wyl bestaande simulators wat nie aan bogenoemde vereistes voldoen nie, verbeter of vervang kan word, mag bestaande toerusting steeds gebruik word, mits die goedkeuring van die Direkteur-generaal in elke geval verkry is.

Opmerkings:

Simulators wat na 1 September 1981 vervaardig is, moet aan die werkverrigtingspesifikasie (1980) vir sodanige simulators, soos gepubliseer deur die Departement van Handel, voldoen.

Daar kan vereis word dat minstens twee skeepsposisies met ARPA toegerus moet wees, maar 'n besluit oor hierdie aangeleentheid word uitgestel totdat ondervinding in die aanbieding van die kursus opgedoen is. Hierdie bykomende vereiste moet in gedagte gehou word wanneer nuwe toerusting bestel word.

KURSUS IN OUTOMATIESE RADARUITSTIPHULPMIDDELS

Doelstelling:

Om opleiding te verskaf in die grondbeginsels en bediening van ARPA-toerusting en in die vertolking en ontleding van inligting met behulp van hierdie toerusting verkry.

Bedoel vir:

Gesagvoerders en Offisiere in bevel van 'n navigasiewaghoudiens, wat op skepe wat met ARPA-toerusting toegerus is, dien, of voornemens is om daarop te dien. (Opmerking: Die opleidingsprogram wat in hierdie dokument beskryf word, vorm 'n essensiële deel van die kursus in elektroniese navigasiestelsels (ENS-kursus); die besit van 'n ENS-sertifikaat moet derhalwe voldoen aan die vereistes vir offisiere wat in bevel is van 'n wag van enige skip wat oor ARPA-toerusting beskik).

Mikpunt:

Aan die einde van die kursus moet die offisier in staat wees om ARPA-toerusting doeltreffend te gebruik as 'n veilige hulpmiddel vir navigasie en botsingvoorkoming deur die vermoë om—

(1) prosedures vir die bediening van die toerusting en die behoud van die beeld te volg;

(2) die data wat voorsien word te verkry en te ontleed;

(3) op te tree soos vereis vir veilige navigasie gebaseer op korrekte vertolking en ontleding van ARPA-data.

Leerplan:

Die leerplan vir hierdie kursus is by Subaanhangsel A aangeheg.

Toerusting:

Die minimum toerusting vir hierdie kursus moet uit 'n goedgekeurde ARPA-stel bestaan wat aan die IMO-spesifikasie vir sodanige toerusting voldoen [IMO-Resolusie A422 (XI) het betrekking]. Die ARPA-insette moet voorsien word deur 'n simulator met 'n wisselwerkingsvermoë soos goedgekeur deur die Departement van Vervoer.

Toelating tot kursus:

Studente wat tot hierdie kursus toegelaat word, moet in besit wees van 'n radarwaarnemersertifikaat. Hulle moet verkieslik ook in besit wees van 'n Bywoningsertifikaat van bywoning van 'n goedgekeurde radarsimulator-kursus en moet minstens 18 maande seediens verrig het.

Van offisiere wat hierdie kursus moet volg en wat nie voorheen 'n radarsimulatorkursus bygewoon het nie, sal verwag word om 'n preliminêre intensiewe tydperk van hersiening van basiese radarstipwerk op 'n radarsimulator te volg. Die opleidingsinriging kan besluit oor die mate waarin enige sodanige preliminêre opleiding nodig is vir die bereiking van die doelstellings van die ARPA-opleiding, en of groepe studente met uiteenlopende radarondervinding tot dieselfde ARPA-kursus toegelaat moet word.

Duur en aanbieding van kursus:

Die tyd wat nodig is om die doelstellings te bereik, hang in hoë mate af van vorige ondervinding en opleiding en van die toerusting wat beskikbaar is vir die aanbieding van die kursus. In die reël moet die kursus gebaseer wees op die vereiste dat daar nie meer as vier studente, verdeel in pare, per ARPA-terminaal moet wees nie; dat elke paar minstens 9 uur moet bestee aan die gebruik van ARPA-toerusting, en dat al die studente ewe veel geleentheid moet kry om die beskikbare toerusting te bedien.

Die leerplanonderwerpe moet, waar toepaslik, gedek word deur onderrig en demonstrasies en deur intensiewe simulatoroefeninge in verband met die gebruik van ARPA. Aandag word gevestig op die nodigheid daarvan dat die opleidelinge 'n reeks werklikheidsoefeninge moet voltooi, gevolg deur 'n ondervraging en bespreking van die handelinge wat gedurende die oefeninge plaasgevind het. Aandag moet geskenk word aan—

(1) die noodsaaklikheid daarvan om te alle tye in ooreenstemming met die bepalings van die Botsingsregulasies en die Basiese Beginsels en Operasionele Gids vir die Hou van 'n Veilige Navigasiewag op te tree;

5. Each own ship position shall be accommodated in a cubicle or room separated from the other own ships, the main simulator computer and the instructor's position by adequate sound proofing.

6. A space for briefing and de-briefing shall be made available.

7. Until such time as existing simulators which do not meet the above requirements can either be updated or replaced, existing equipment may continue to be used provided the approval of the Director-General is obtained in each case.

Notes:

Simulators manufactured after 1 September 1981 shall comply with the (1980) Performance Specification for such simulators published by the Department of Trade.

There may be a requirement for at least two own ship positions to be equipped with ARPA but a decision on this matter shall be deferred until experience of operating the course has been acquired. This additional requirement shall be borne in mind when ordering new equipment.

AUTOMATIC RADAR PLOTTING AIDS COURSE

Aim:

To provide training in the fundamentals and operation of ARPA equipment and in the interpretation and analysis of information obtained from this equipment.

Intended for:

Masters and Officers in charge of a navigational watch serving or intending to serve on ships fitted with ARPA equipment. [*Note:* The training programme described in this paper forms an essential part of the Electronic Navigation Systems (ENS) Course; possession of a ENS Certificate shall, therefore, meet the requirements for officers in charge of a watch of any ship fitted with ARPA equipment].

Objective:

At the end of the course the officer should be capable of effectively using ARPA equipment as a safe aid to navigation and collision avoidance through an ability to—

(1) follow procedures for operating the equipment and maintaining the display;

(2) obtain and analyse the data provided;

(3) take action as required for the safe conduct of navigation based on correct interpretation and analysis of ARPA data.

Syllabus:

The syllabus for this course is attached at Sub-Annexure A.

Equipment:

The minimum equipment for conduct of this course shall consist of an approved ARPA set which meets the IMO specification for such equipment (IMO Resolution A422 (xi) refers). The inputs to the ARPA shall be provided by a simulator with an inter-active capability approved by the Department of Transport.

Entry to Course:

Students entering this course shall hold a Radar Observer's Certificate. They should ideally also be in possession of a Certificate of Attendance at an approved Radar Simulator Course and have a minimum of 18 months sea service.

Officers required to undertake this course who have not previously attended a Radar Simulator Course shall be required to follow a preliminary intensive period of revision of basic radar plotting on a radar simulator. The training establishment may decide on the extent of any such preliminary training needed to enable the objectives of the ARPA training to be achieved and whether to allow groups of students having a varied background of radar experience entry to the same ARPA course.

Duration and conduct of course:

The time needed to achieve the objectives shall depend to a large extent upon previous experience and training and the equipment available for the conduct of the course. As a rule, the course should be based on a requirement that there shall be no more than four students, divided into pairs, per ARPA display; that each pair shall spend a minimum of 9 hours using the ARPA equipment, and that each student shall be given equal opportunity to operate the equipment available.

The syllabus topics should be covered, as appropriate, by instruction, demonstrations, and intensive simulator exercises on the use of ARPA. Attention is drawn to the need for the trainees to undergo a series of real-time exercises followed by a de-briefing and discussion of actions taken during the exercises. Due attention must be given to—

(1) the need to act at all times in accordance with the provisions of the Collision Regulations and the Basic Principles and Operational Guidance for Keeping a Safe Navigational Watch;

(2) die gevare daaraan verbonde om te veel op ARPA-data te vertrou;

(3) die vermoëns en beperkings van die stelsel, en daardie faktore wat die stelsel se prestasie en akkuraatheid kan beïnvloed.

Sertifikate:

'n Bywoningsertifikaat in 'n vorm soos goedgekeur deur die Direkteur-generaal mag slegs uitgereik word aan offisiere wat die kursus bywoon en op 'n bevredigende wyse daaraan deelneem.

Goedkeuring van kursus:

Die fasiliteite en kursusprogram moet deur die Direkteur-generaal goedgekeur word.

SUBAANHANGSEL A van ARPA-kursusspesifikasie

OPLEIDING IN DIE OPERASIONELE GEBRUIK VAN OUTOMATIESE RADARUITSTIPHULPMIDDELS

1. *Algemeen.*

1.1 Die kursus handel oor die grondbeginsels en bediening van ARPA-toerusting en die vertolking en ontleding van inligting wat verkry is.

1.2 Benewens die formele opleiding en demonstrasies moet studente 'n reeks werklikheidsoefeninge voltooi waarin die vertoonde radarinligting òf in ARPA-formaat, òf in basiese radarformaat is. Sodanige buigsaamheid van aanbieding maak dit moontlik om realistiese oefeninge te onderneem wat aan elke groep studente die wydste verskeidenheid beeldinligting moontlik beskikbaar stel en sodoende hulle vermoë verbeter om òf basiese radarstelsels, òf ARPA-stelsels effektief te gebruik.

1.3 Die aandag word gevestig op die vereistes soos in die afdeling Duur en Aanbieding van die Kursus in die kursusspesifikasie uiteengesit, en daar word verder gewys op die behoefte aan preliminêre bykomende opleiding vir studente wat nie voorheen 'n radarsimulatorkursus gevolg het nie.

1.4 Die besonderhede van die doelwitte wat gedurende hierdie kursus bereik moet word, word in paragraaf 2 hieronder beskryf, terwyl 'n meer omvattende leerplan van vakke wat deur opleiding/demonstrasie en praktiese oefeninge gedek moet word onderskeidelik in paragrawe 3 en 4 gegee word.

2. *Doelwitte.*

By voltooiing van hierdie kursus moet studente oor die volgende beskik:

2.1 Kennis van—

2.1.1 die moontlike gevare daaraan verbonde om te veel op ARPA te vertrou.

2.1.2 die vernaamste tipes ARPA-stelsels en hulle beeldkenmerke;

2.1.3 die IMO-prestasiestandaarde vir ARPA;

2.1.4 faktore wat die prestasie en akkuraatheid van die stelsel beïnvloed;

2.1.5. volgvermoëns en beperkings van ARPA;

2.1.6 Prosesseervertragings.

2.2 Die kennis en vermoë om met behulp van goedgekeurde toerusting te demonstreer—

2.2.1 die opstel en behoud van ARPA-beelde;

2.2.2 wanneer en hoe om die operasionele waarskuwings te gebruik; hul voordele en beperkings;

2.2.3 operasionele toetse van die stelsel;

2.2.4 wanneer en hoe om inligting te verkry in sowel relatiewe as warebewegingbeeldmodusse, met inbegrip van:

— die identifikasie van kritieke eggo's;

— die gebruik van uitsluitingsgebiede in outomatiese modus;

— die spoed en rigting van teikens se relatiewe beweging;

— die tyd na en voorspelde afstand tot by die teiken se naaste naderingspunt;

— die koers en spoed van teikens;

— die opspoor van koers- en spoedveranderings van teikens, en die beperkings van sodanige inligting;

— die uitwerking van verandering in skip se koers of spoed of albei;

— die werking van die toetsmaneuver;

2.2.5 hand- en outomatiese verkryging van teikens, en hulle onderskeie beperkings;

2.2.6 wanneer en hoe om ware en relatiewe vektore en tipiese grafiese voorstelling van teikeninligting en gevaargebiede te gebruik;

2.2.7 wanneer en hoe om inligting oor verbygegane posisies van teikens wat gevolg word, te gebruik;

2.2.8 toepassing van die Internasionale Regulasies vir die Voorkoming van Botsings ter See.

3. *Leerplan—Teorie en demonstrasie.*

3.1 Die moontlike gevare daaraan verbonde om te veel op ARPA te vertrou.

(2) the dangers inherent in over-reliance on ARPA data;

(3) the capabilities and limitations of the system and those factors which can affect the system's performance and accuracy.

Certificates:

A Certificate of Attendance, in a form approved by the Director-General shall be issued only to officers who attend and satisfactorily participate in the course.

Approval of courses:

The facilities and course programme shall be approved by the Director-General.

SUB-ANNEXURE A to ARPA Course specification

TRAINING IN THE OPERATIONAL USE OF AUTOMATIC RADAR PLOTTING AIDS (ARPA)

1. *General.*

1.1 The course shall cover the fundamentals and operation of ARPA equipment and the interpretation and analysis of information obtained.

1.2 In addition to formal instruction and demonstrations, students should complete a series of real-time exercises where the displayed radar information is either in the ARPA format or in the basic radar format. Such flexibility of presentation will enable realistic exercises to be undertaken, providing for each group of students the widest range of displayed information available to the user and thus consolidating their ability to use effectively either basic radar or ARPA systems.

1.3 Attention is drawn to the requirements under the section Duration and Conduct of the Course in the course specification, and to the need for preliminary additional training for students who have not previously undertaken a Radar simulator course.

1.4 The detailed objectives to be achieved during the course are described in paragraph 2 below, while a more comprehensive syllabus of subjects to be covered by instruction/demonstration and practical exercises is given in paragraphs 3 and 4 respectively.

2. *Objectives*

On completion of the course, students should have—

2.1 knowledge of—

2.1.1 the possible risks of over-reliance on ARPA;

2.1.2 the principal types of ARPA systems and their display characteristics;

2.1.3 the IMO performance standards for ARPA;

2.1.4 factors affecting system performance and accuracy;

2.1.5 tracking capabilities and limitations of ARPA;

2.1.6 processing delays.

2.2 Knowledge and ability to demonstrate in conjunction with the use of approved equipment—

2.2.1 setting up and maintaining ARPA displays;

2.2.2 when and how to use the operational warnings, their benefits and limitations;

2.2.3 system operational tests;

2.2.4 when and how to obtain information in both relative and true motion modes of displays, including—

— identification of critical echoes;

— use of exclusion areas in automatic mode;

— speed and direction of target's relative movement;

— time to and predicted range at target's closest point of approach;

— course and speed of targets;

— detecting course and speed changes of targets and limitations of such information;

— effect of change in own ship's course or speed or both;

— operation of the trial manoeuvre;

2.2.5 manual and automatic acquisition of targets and their respective limitations;

2.2.6 when and how to use true and relative vectors and typical graphic representation of target information and danger areas;

2.2.7 when and how to use information on past positions of targets being tracked;

2.2.8 application of the International Regulations for Preventing Collisions at Sea.

3. *Syllabus—Theory and demonstration.*

3.1 The possible risks of over-reliance on ARPA.

3.1.1 Die besef dat ARPA slegs 'n navigasiehulpmiddel is en dat sy beperkings, met inbegrip van dié van sy sensors, dit gevaarlik maak om, veral wat die hou van 'n uitkykpos betref, te veel op ARPA te vertrou. Die noodsaaklikheid daarvan om te alle tye te voldoen aan die basiese beginsels en die operasionele leiding vir offisiere in bevel van 'n navigasiewag.

3.2 Die belangrikste tipes ARPA-stelsels en hulle beeldkenmerke.

3.2.1 Kennis van die belangrikste tipes ARPA-stelsels in gebruik; hul onderskeie beeldkenmerke en 'n begrip van wanneer om gebruik te maak van grond of seegestabiliseerde modusse en noord bo-, koers bo- of boeg bo- voorstellings.

3.3 IMO-prestasiestandaarde vir ARPA.

3.3.1 Begrip van die IMO-prestasiestandaarde vir ARPA, in die besonder die standaarde wat op akkuraatheid betrekking het.

3.4 Faktore wat die stelsel se prestasie en akkuraatheid beïnvloed.

3.4.1 Kennis van ARPA-sensorinsetprestasieparameters-, radar-, kompas- en spoedinsette; die uitwerking van sensorwanfunksionering op die akkuraatheid van ARPA-data.

3.4.2 Uitwerking van die beperkings van radarafstand en peilingdiskriminasie en -akkuraatheid; die beperkings van kompas- en spoedinset op die ARPA-data.

3.4.3 Kennis van faktore wat vektorakkuraatheid beïnvloed.

3.5 Volgvermoëns en -beperkings.

3.5.1 Faktore wat tot die korrekte keuse van teikens vir handverkryging aanleiding gee.

3.5.2 Uitwerking van verlore teikens en teikenvervaging op volging.

3.5.3 Omstandighede wat aanleiding gee tot teikenruiling en die uitwerking daarvan op die data wat vertoon word.

3.6 Oponthoud met prosessering.

3.6.1 Die vertragings wat inherent is aan die vertoning van geprosesseerde ARPA-inligting, veral by verkryging en herverkryging of wanneer 'n opgespoorde teiken maneuvreer.

3.7 Wanneer en hoe om die operasionele waarskuwings te gebruik, hul voordele en beperkings.

3.7.1 Begrip van die gebruike, voordele en beperkings van operasionele waarskuwings deur ARPA; korrekte instelling; om, waar moontlik, oorbodige steurings te vermy.

3.8 Operasionele toetse vir die stelsel.

3.8.1 Toetsmetodes vir die wanfunksionering van ARPA-stelsels, met inbegrip van funksionele selftoetsing.

3.8.2 Voorsorgmaatreëls wat getref moet word nadat wanfunksionering voorgekom het.

3.9 Hand- en outomatiese verkryging van teikens, en hulle onderskeie beperkings.

3.9.1 Kennis van die beperkings op beide tipes verkryging in meerteikenscenario's; uitwerking op die verkryging van teikenvervaging en teikenruiling.

3.10 Wanneer en hoe om gebruik te maak van ware en relatiewe vektore en tipiese grafiese voorstelling van teikeninligting en gevaargebiede.

3.10.1 Deeglike kennis van ware en relatiewe vektore; afleiding van die ware koerse en spoed van teikens.

3.10.2 Beoordeling van 'n bedreiging; afleiding van voorspelde naaste naderingspunt en voorspelde tyd tot by die naaste naderingspunt vanaf die voorwaartse ekstrapolering van vektore; die gebruik van die grafiese voorstelling van gevaargebiede.

3.10.3 Die uitwerking van veranderings in koers en/of spoed van die skip en/of teikens op voorspelde naaste naderingspunt en voorspelde tyd tot by die naaste naderingspunt en gevaargebiede.

3.10.4 Die uitwerking van onjuiste vektore en gevaargebiede.

3.10.5 Die voordeel van die oorskakeling van ware na relatiewe vektore.

3.11 Wanneer en hoe om die inligting oor die vorige posisie van teikens wat gevolg word, te gebruik.

3.11.1 Kennis van die afleiding van vorige posisies van teikens wat gevolg word, die erkenning van historiese data as 'n wyse om onlangse maneuvrering van teikens aan te dui en as 'n metode om die geldigheid van die ARPA se volgstelsel na te gaan.

4. *Leerplan—praktiese oefeninge.*

4.1 Die opstel en behoud van beelde.

4.1.1 Die korrekte aanvangsprosedure om die optimale beeld uit ARPA-inligting te verkry.

4.1.2 Keuse van beeldaanbieding; gestabiliseerde relatiewebewegingsbeelde en warebewegingsbeelde.

4.1.3 Korrekte instelling van alle veranderlike radarbeeldkontroles vir optimale databeelde.

3.1.1 Appreciation that ARPA is only a navigational aid and that its limitations, including those of its sensors, make over-reliance on ARPA dangerous, in particular relating to keeping a look-out.

Need to comply at all times with the basic principals and operational guidance for officers in charge of a navigational watch.

3.2 The principal types of ARPA systems and their display characteristics.

3.2.1 Knowledge of the principal types of ARPA systems in use; their various display characteristics and an understanding of when to use ground or sea stabilized modes and North-up, course-up, or head-up presentations.

3.3 IMO performance standards for ARPA.

3.3.1 An appreciation of the IMO performance standards for ARPA, in particular the standards relating to accuracy.

3.4 Factors affecting system performance and accuracy.

3.4.1 Knowledge of ARPA sensor input performance parameters—radar, compass and speed inputs; effects of sensor malfunction on the accuracy of ARPA data.

3.4.2 Effects of the limitations of radar range and bearing discrimination and accuracy; the limitations of compass and speed input on the ARPA data.

3.4.3 Knowledge of factors which influence vector accuracy.

3.5 Tracking capabilities and limitations.

3.5.1 Factors leading to the correct choice of targets for manual acquisition.

3.5.2 Effects on tracking of lost targets and target fading.

3.5.3 Circumstances causing target swop and its effects on displayed data.

3.6 Processing delays.

3.6.1 The delays inherent in the displays of processed ARPA information, particularly on acquisition and re-acquisition or when a tracked target manoeuvres.

3.7 When and how to use the operational warnings, their benefits and limitations.

3.7.1 Appreciation of the uses, benefits and limitations of ARPA operational warnings; correct setting; where applicable, to avoid superfluous interference.

3.8 System operational tests.

3.8.1 Methods of testing for malfunctions of ARPA systems including functional self-testing.

3.8.2 Precautions to be taken after a malfunction occurs.

3.9 Manual and automatic acquisition of targets and their respective limitations.

3.9.1 Knowledge of the limits imposed on both types or acquisition in multi-target scenarios, effects on acquisition of target fading and target swop.

3.10 When and how to use true and relative vectors and typical graphic representation of target information and danger areas.

3.10.1 Thorough knowledge of true and relative vectors; derivation of targets' true courses and speeds.

3.10.2 Threat assessment; derivation of predicted closest point of approach and predicted time to closest point of approach from forward extrapolation of vectors, the use of graphic representation of danger areas.

3.10.3 Effects of alterations of courses and/or speeds of own ship and/or targets on predicted closest point of approach and predicted time to closest point of approach and danger areas.

3.10.4 Effects of incorrect vectors and danger areas.

3.10.5 Benefit of switching between true and relative vectors.

3.11 When and how to use information on past position of targets being tracked.

3.11.1 Knowledge of the derivation of past positions of targets being tracked, recognition of historic data as a means of indicating recent manoeuvring of targets and as a method of checking the validity of the ARPA's tracking.

4. *Syllabus—Practical exercises.*

4.1 Setting up and maintaining displays.

4.1.1 The correct starting procedure to obtain the optimum display of ARPA information.

4.1.2 Choice of display presentation; stabilised relative motion displays and true motion displays.

4.1.3 Correct adjustment of all variable radar display controls for optimum display of data.

4.1.4 Selektering, soos toepaslik, van vereiste spoedinset vir ARPA.

4.1.5 Selektering van ARPA-uitstipkontroles, hand-/outomatiese verkryging, vektor-/grafiese beeld van data.

4.1.6 Selektering van die tydskaal van vektore/grafiese voorstellings.

4.1.7 Die gebruik van uitsluitingsgebiede wanneer outomatiese verkryging deur ARPA gebruik word.

4.1.8 Prestasiekontrolering van radar, kompas, spoedinsetsensors en ARPA.

4.2 Operasionele toetse vir die stelsel.

4.2.1 Kontrolering van stelsel en die bepaling van die data-akkuraatheid van ARPA, met inbegrip van die toetsmaneuver fasiliteit, deur dit met basiese radaruitstippings te vergelyk.

4.3 Wanneer en hoe om inligting uit 'n ARPA-beeld te verkry.

4.3.1 Toon die vermoë om inligting te verkry in sowel relatiewe- as warebewegingsbeeldmodusse, met inbegrip van—

— die identifikasie van kritieke eggo's;
— spoed en rigting van 'n teiken se relatiewe beweging;
— die tyd na 'n teiken en die voorspelde afstand tot by 'n teiken se naaste naderingspunt;
— die rigting en spoed van teikens;
— die opspoor van koers- en spoedveranderings van teikens, en die beperkings van sodanige inligting;
— die uitwerking van verandering van 'n skip se koers of spoed of albei;
— die werking van die toetsmaneuver.

4.4 Die toepassing van die Internasionale Regulasies vir die Voorkoming van Botsings ter See, 1972.

4.4.1 Die ontleding van 'n potensiële botsing aan die hand van vertone inligting en optrede in situasies op handgemeenafstand in ooreenstemming met die Internasionale Regulasies vir die Voorkoming van Botsings ter See, 1972.

4.1.4 Selection, as appropriate, of required speed input to ARPA.

4.1.5 Selection of ARPA plotting controls, manual/automatic acquisition, vector/graphic display of data.

4.1.6 Selection of the time scale of vectors/graphics.

4.1.7 Use of exclusion areas when automatic acquisition is employed by ARPA.

4.1.8 Performance checks of radar, compass, speed input sensors and ARPA.

4.2 System operational tests.

4.2.1 System checks and determining data accuracy of ARPA including the trial manoeuvre facility by checking against basic radar plot.

4.3 When and how to obtain information from ARPA display.

4.3.1 Demonstrate ability to obtain information in both relative and true motion modes of display, including—

— identification of critical echoes;
— speed and direction of target's relative movement;
— time to and predicted range of target's closest point of approach;
— course and speed of targets;
— detecting course and speed changes of targets and the limitations of such information;
— effect of changes in own ship's course or speed or both;
— operation of the trial manoeuvre.

4.4 Application of the International Regulations for Preventing Collisions at Sea, 1972.

4.4.1 Analysis of potential collision from displayed information and execution of action to a close quarter situation in accordance with International Regulations for Preventing Collisions at Sea, 1972.

DIE BLOMPLANTE VAN AFRIKA

Hierdie publikasie word uitgegee as 'n geïllustreerde reeks, baie na die aard van Curtis se "Botanical Magazine". Die doel van die werk is om die skoonheid en variasie van vorm van die flora van Afrika aan die leser bekend te stel, om belangstelling in die studie en kweek van die inheemse plante op te wek, en om plantkunde in die algemeen te bevorder.

Die meeste van die illustrasies word deur kunstenaars van die Navorsingsinstituut vir Plantkunde gemaak, dog die redakteur verwelkom geskikte bydraes van 'n wetenskaplike en kunsstandaard afkomstig van verwante inrigtings.

Onder huidige omstandighede word twee dele van die werk in een omslag gepubliseer, maar met onreëlmatige tussenpose; elke deel bevat 10 kleurplate. Intekengeld bedra R10 per uitgawe van twee dele (buitelands R10,60 per uitgawe): Vier dele per band. Vanaf band 27 is die prys per band in linne gebind R30; in moroccoleer gebind R35. (Buitelands, linne gebind R31; moroccoleer R36).

Verkrygbaar van die Direkteur, Afdeling Landbouinligting, Privaatsak X144, Pretoria.

Verkoopbelasting moet by binnelandse bestellings ingesluit word.

THE FLOWERING PLANTS OF AFRICA

This publication is issued as an illustrated serial, much on the same lines as Curtis's Botanical Magazine, and for imitating which no apology need be tendered.

The desire and object of the promoters of the publication will be achieved if it stimulates further interest in the study and cultivation of our indigenous plants.

The illustrations are prepared mainly by the artists at the Botanical Research Institute, but the Editor welcomes contributions of suitable artistic and scientific merit from kindred institutions.

Each part contains 10 plates. Two parts are published in one cover and costs R10 per issue of two parts (other countries R10,60 per issue). Two, three or four parts may be published annually, depending on the availability of illustrations. A volume consists of four parts. From Volume 27, the price per volume is: Cloth binding, R30; morocco binding, R35 (other countries, cloth binding R31; morocco binding R36).

Obtainable from the Director, Division of Agricultural Information, Private Bag X144, Pretoria.

Sales tax must accompany inland orders.

INHOUD

No.		Bladsy No.	Staatskoerant No.
	GOEWERMENTSKENNISGEWINGS		
Vervoer, Departement van			
Goewermentskennisgewings			
R. 2652	Handelskeepvaartwet (57/1951): Regulasies: Bemanning van Suid-Afrikaanse skepe	1	10026
R. 2653	do.: Eksamenregulasies vir Bekwaamheidsertifikate vir Vissermanne en Seemasjiniste, 1985.....	15	10026
R. 2654	do.: Regulasies: Bevoegdheidsertifikate, 1985.....	33	10026
R. 2655	do.: Eksamenregulasies vir Ingenieuroffisiere, 1985	48	10026
R. 2656	do.: Eksamenregulasies vir Bekwaamheidsertifikate vir Dekoffisiere, 1985	103	10026

CONTENTS

No.		Page No.	Gazette No.
	GOVERNMENT NOTICES		
Transport, Department of			
Government Notices			
R. 2652	Merchant Shipping Act (57/1951): Regulations: Manning of South African Ships	1	10026
R. 2653	do.: Examination Regulations for Certificates of Competency as Fisherman and Marine Motorman, 1985.....	15	10026
R. 2654	do.: Reegulations: Certificates of Qualifications, 1985	33	10026
R. 2655	do.: Examination Regulations for Engineer-Officers, 1985	48	10026
R. 2656	do.: Examination Regulations for Certificates of Competency for Deck Officers, 1985.....	103	10026

Gedruk deur en verkrygbaar by die Staatsdrukker, Bosmanstraat, Privaatsak X85, Pretoria, 0001

Printed by and obtainable from the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001